

“Light-seeds are planted in
the souls of God’s people,
Joy-seeds are planted
in good heart-soil.”

Psalm 97:11 (MSG)

Kopiereg ©: Ronel Strampe
Uitgewer: Ronel Strampe
E-pos: sonneblomsaadjies33@gmail.com

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Skryfaanhaalings geneem uit:

© Die Bybel (1933 vertaling) (1953 hersiening) – Met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Die Boodskap © 2002. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930.

The Message (MSG) Copyright © 1993, 1994, 1995, 1996, 2000, 2001, 2002 by Eugene H. Peterson Amplified Bible (AMP) Copyright © 2015 by The Lockman Foundation, La Habra, CA 90631.

New Life Version (NLV) Copyright © 1969 by Christian Literature International

Voorblad: Ronel Strampe
Omslagontwerp: Ronel Strampe
Taalversorging: Bernadette Botes, Mariaan van Wyk

www.sonneblomsaadjies.com

Inhoudsopgawe

Dankie.....	7
My getuienis	9
Oorsprong van die saadjies	12
Tuinier van ons hart	14
1. Gewortel in die Woord.....	19
2. Penwortel van geloof.....	27
3. 'n Boom wat vrug dra.....	35
4. Verwoesters in ons siel.....	44
5. Hoë bome met droë kerns.....	51
6. Uitnodiging na die Bruilofsfees.....	58
7. "Signed, sealed and saved.....	64
8. Bekering.....	70
9. Volgeling van Jesus.....	77
10. Net een ware Weg.....	83
11. Klippe, beproewings en versoekings.....	91
12. Jesus was ons seer voete.....	100
13. Die Bruilofskleed.....	106
14. Hoëhakskoene of kaalvoet agter Jesus?	115

15. Geestelike hongerte.....	122
16. Vrug van die bose boom.....	127
17. Misbruik van die Brood van die Lewe.....	136
18. Suurdeegbrood.....	143
19. Manna in afsondering.....	151
20. Op soek na liefde.....	161
21. Op soek na die helfte van jouself.....	165
22. Wat is ware Liefde?.....	174
23. Gebed en verhouding.....	182
24. Lewensboeke.....	193
25. "Covering" van God in tye van storms.....	200
26. Wonderbaarlike Broodbakker.....	209
27. Uitgewerpte seesterre / Liggaam van God.....	218
28. In watter toestand leef jy?.....	226
29. Boksies, kettings en vervloeking.....	235
30. Sny van bloedlynvloeke?.....	243
31. Die Lig van die Woord.....	254
32. Uit watter geslag is jy?.....	264
33. Skyn soos 'n ster.....	273
Bly in die hart van God.....	282

Dankie...

Hoe kan ek anders as om heel eerste met dankbare tranes aan Abba Vader dankie te sê dat Hy soveel geduld met my het en dat Hy my toelaat om deur Hom te skryf. Sonder die geduld, liefde en leiding van Abba Vader sou nie een bladsy of selfs sinnetjie, moontlik gewees het nie.

Dit is vir my 'n wonderlike reis waar ek duidelik die hand en die perfekte wil en beplanning van Abba Vader kan raaksien en beleef. Selfs die mense wat Abba Vader al lank reeds besluit het deel sal wees van die boeskrywe, plaas Hy op die perfekte tyd op my lewenspad, of laat ek eerder sê... Hy plaas ons op mekaar se paaie op die snaakste, maar wonderlikste maniere. Ek staan in verwondering hoe hierdie wonderlike mense in my lewe net eenvoudig die los draadjies optel en help om die volmaakte prentjie te voltooi. Ek wil graag aan hierdie wonderlike mense in my lewe dankie sê vir hulle gehoorsaamheid aan Abba Vader.

My ma, Mariaan van Wyk, stap van die begin af die pad saam met my waar sy my ervarings saam met Abba Vader op 'n manier as geskrewe stukkie vasgevang en in veilige bewaring gehou het. Sy het ook deur al die jare alles in haar Bybel gemerk dat dit lyk soos die ergste deurmekaar inkleurboek wat ek nog ooit gesien het. Baie dankie, Mamma, vir al die luister, moed inpraat en raad wat net 'n ma kan gee. Baie dankie vir al die ure wat Mamma omsit om die saadjies en boeke te merk, ek waardeer dit meer as wat Mamma kan dink.

Dierbare Bernadette, ek weet jy het jou hande vol met jou daaglikse take, maar nooit sal jy sug as jy weet daar is nuwe “werk” nie. Sonder dat ek ooit hoef te vra, is jy ene vuur en vlam om my deurmekaar werk uit te sorteer en al my spelfoute reg te maak, al moet jy ook jou eie verpligtinge vir ’n rukkie opsy skuif. Jy is die beste Juffrou wat daar is, al raak jy soms kwaai met my en al berispe jy my om eerder my werk te gaan oordoen as gevolg van al die spelfoute. Ek waardeer jou so baie in my lewe en baie dankie dat jy so baie tyd daarin sit om te sorg dat die boeke op taalkundige vlak versorg word. Ek vra onverskoning vir die foutjies wat nog inglip wanneer die boeke gedruk word - die foute is my eie skuld omdat ek op die nippertjie gou nog inligting inlas wat dan nie onder jou wakker oë en rooi pen deurgeloop het nie... Baie dankie vir jou sorgvuldigheid en deeglikheid, Bernadette! Ek waardeer jou en jou moeite ontsettend baie!

Christa Coetzee, Abba Vader het ons op mekaar se paaie geplaas deur ons gesamentlike liefde vir hondjies en vinnig het ons agtergekom daar is nog ’n liefde wat ons deel: Abba Vader! Hy het vooraf die presiese, perfekte tyd geweet en hoe het Hy ons verras! Baie dankie vir jou gehoorsaamheid; sonder jou hulp sou die eerste groep boeke nie gedruk kon word nie. Baie dankie vir al die moeite en insette wat jy lewer met die Saadjies. Ek staan verwonderd wanneer ek sien hoe Abba Vader deur jou werk.

Baie dankie ook aan al my ander vriendinne wat Abba Vader oor my pad plaas. Magriet, wat altyd daar is met ’n positiewe, bemoedigende woord, al is dit ook om my te vermaan met: “Nellie, jy moet eers kruip voor jy kan loop!” Elkeen van julle is so spesiaal op julle eie manier.

My getuienis

Ek maak vrede met die feit dat daar baie mense is wat my nie glo nie; mense wat die argument het dat 'n mens Jesus nie kan beleef en hoor nie. Dit gaan my niks help om met diegene te argumenteer nie, maar een ding is verseker: Ek gaan nie dat menslike opinies my stilmaak nie, want dit is presies wat Satan wil hê... Natuurlik wil hy nie hê die mensdom moet hoor of weet dat 'n mens wel 'n lewende verhouding met Abba Vader kan hê of dat dit moontlik is om Jesus te kan beleef en hoor nie; daarom probeer hy die kinders van God stilkry. Dit is omdat hy weet dat die mens wat in so 'n verhouding met Abba Vader is, die Lig van God sal reflekteer uit sy geeshart en dat hy (Satan) dan geen mag oor hierdie mens het nie. Daarom gebruik hy mense met duistere harte wat hy kan beheer, se negatiewe opinies en skerp tonge om diegene te probeer stilmaak wat 'n spreekbuis vir Abba Vader is. Hy probeer deur hulle die Waarheid onderdruk en dit gee my net nog meer rede om dit te versprei wat Abba Vader my leer.

Ek het grootgeword in 'n NG-Kerk en het nog altyd geglo ek is 'n bekeerde Christen, want ek het kerk toe gegaan, my Bybel gelees en met my mond bely om in Jesus te glo. Ek is as baba gedoop, het die leerstellings van die kerk geleer, is aangeneem en voorgestel deur die kerk. Ek het al die dinge "reg" gedoen volgens die wette van die kerk. Ek het geglo Jesus het gesterf vir my sonde, dat ek "veilig" is en daarom het ek geleef soos ek wou. God sou dit mos nie teen my hou nie, want Sy Seun het dan klaar in my plek gesterf. Ek het myself gesien as bekeerd en wedergebore, dat ek die Heilige Gees ontvang het, maar vandag weet ek dat ek Jesus GLAD NIE geken het

nie. Die dag toe ek die Gees van God binne my kon voel werk, het ek besef dat ek eintlik nog nooit die Heilige Gees binne my gehad het nie. Omdat ek nou vir Abba Vader ken en weet hoe dit voel, weet ek dat ek Hom daardie tyd glad nie geken het nie. Ek was vasgevang in godsdiens en tradisie soos die grootste gedeelte van die mensdom vandag nogsteeds is.

Baie jare terug, na 'n traumatiese ervaring, was ek in 'n erge depressiewe gat. Ek het Abba Vader nog nie geken nie (alhoewel ek gedink het ek ken Hom) en een nag het ek 'n droom gehad... Ek het duidelik gehoor hoe praat Abba Vader met my, dit is iets wat ek nie kan verduidelik nie... ek het net GEWEET dit is Hy wat met my praat. Hy het 'n paar goed vir my gesê en gewys waarvan een van die goed 'n boek was. Hy het my gewys dat my naam op die boek staan en gesê dat ek die boek vir Hom gaan skryf. Ek was uit die veld geslaan, want ek kon glad nie skryf nie en waarom sal ek tog in elk geval 'n boek skryf? Abba Vader het ook vir my Skrif bygegee as bevestiging en die volgende oggend het ek oombliklik die droom onthou... dit was nie soos 'n gewone droom waar ek wonder oor wat ek gedroom het nie, maar 'n glashelder droom waar ek selfs tot in die fynste besonderhede kon onthou. Ek het dadelik my Bybel nadergetrek en by die Skrif oopgemaak wat Abba Vader vir my gegee het as bevestiging en presies dit wat Hy vir my in die droom gesê het, het in daardie einste Skrif gestaan. Ek kon net in trane uitbars, want ek het besef dat iets wonderliks besig is om te gebeur en dat ek Abba Vader eintlik nog nooit geken het nie. Ek het daar en dan die keuse gemaak om my lewe totaal oor te gee aan Hom. Ek wou Hom so graag leer ken! Ek het baie Bybel gelees en vir lang tye stil geraak voor die voete van Abba Vader en na 'n paar maande (of selfs 'n jaar), het ek een oggend onder gebed die wonderlikste ervaring gehad... Ek het weer die stem van Abba Vader gehoor, baie duidelik! Dit is verseker die wonderlikste ervaring wat ek nog ooit in my lewe gehad het; dit oorskry sonder twyfel alle goeie of lekker ervarings wat ons as mens kan ervaar.

Onder gebed kon ek Jesus begin “sien”, maar dit is nie soos ons as mense mekaar sien nie; dit is ’n ander tipe sien, voel en ervaar. Dit is nie asof ’n mens Jesus se gesig met die fisiese oog kan sien om dit te skilder nie. Ek kan wel Sy hande mooi sien en voel, ek kan die letsels in Sy hande voel waar die spykers deur Sy hande geboor het. Die wonderlikste is dat ’n mens Jesus se liefde kan VOEL; ons as mens kan nie die intensiteit van die liefde van God indink of visualiseer nie; ’n mens kan dit alleenlik voel as ’n mens in Sy teenwoordigheid is.

Ek het ’n pad saam met Jesus begin stap waar Abba Vader my deur Jesus baie goed begin leer het; soms teken Jesus vir my prentjies op die sand, soms wys Hy my iets, maar elke keer nadat Hy my iets geleer het, gee Hy vir my sekere Skrifte om te gaan lees... Ek kan altyd maar net jubel oor die bevestiging wat in die Skrif staan rondom dit wat Jesus my geleer het. Die bevestigende Skrifte is by al die leringe bygeskryf, so dit is nie ek wat ’n Skrif vat en ’n storie daarrondom uitdink nie. Alles wat in hierdie boek staan, het Abba Vader my geleer deur prentjies, ’n belewenis of ’n storie en Hy bevestig en rond dit altyd af met Skrif.

... En die mense wat my nie wil glo nie? My werk is nie om enigiemand met argumente te probeer oortuig om te glo wat ek vertel nie. Ek sal die saadjies saai soos Abba Vader my lei en ek weet Hy sal die grond voorberei en Sy Lig daarop skyn soos nodig. Ek sal my saaiwerk doen, maar dit is Abba Vader wat die saadjies sal laat groei.

Oorsprong van die saadjies

Ek is bevoorreg om 'n instrument in Abba Vader se hand te wees waar Hy aan my stories vertel en dit is hierdie stories wat Hy met my deel, wat ek weer graag aan die wêreld wil uitdeel. Ek noem die stories "Saadjies" omdat Hy my deur die jarelange proses altyd herinner het aan 'n sonneblom. Abba Vader, as die Tuinier, moes eers my hartsgrond in gereedheid bring voordat Hy kon saad saai in my hartsgrond. Nadat Hy die saad gesaai het, het Hy uit genade die grond klam gehou sodat die eerste lewe van die saadjie deur die grond kon breek om te groei in 'n pragtige sonneblom. 'n Sonneblom se natuurlike reaksie is om sy kop te draai en die son ten alle tye te volg. Met sy kop omhoog, wag die sonneblom in spanning vir die son se strale om hom te tref en tot in sy diepste wese in te skyn. 'n Sonneblom kan nie groei of blom sonder die strale van die son nie; hy leer afhanklikheid van die son en later weet hy dat hy uiters afhanklik is van die son om hom vorm te gee en hom te laat blom met uitbundige, heldergeel blare.

Later vorm die sonneblom saadjies en dan gaan daar 'n tyd aanbreek wat die sonneblom nie meer so mooi vertoon nie... Sy uitbundige, heldergeel blomblare raak dof en vaal; sy blare verlep, verdroog en raak opgefrummel... Sy kop begin vooroor hang, so asof hy na die uitbundige blomtyd geleer het hoe om te kniel voor

die Tuinier. Dan lyk dit asof die sonneblom doodgaan, maar die Tuinier glimlag, want een sonneblom se saad kan nou talle sonneblomme oplewer... 'n honderdvoudige oes, want die lewe van die sonneblom is verdeel in die saadjies wat wyd en syd gaan versprei om talle plantasies sonneblomme te groei. Dit is die planting van die Here, tot Sy heerlijkheid (Jesaja 61:3). Ek buig my kop, net soos die droë sonneblom, om in nabye aanbidding voor die voete van Abba Vader te kniel en alle eer aan Hom te gee. Mag elke saadjie Abba Vader verheerlik.

Die saadjies kan apart van mekaar gelees word, maar soms het ek in 'n vorige saadjie iets vertel wat Abba Vader verduidelik het en dan kan jy dalk nie heeltemal verstaan nie. Daarom beveel ek aan om die boek van voor af deur te lees en saam met die saadjies te groei. Ek praat van God as Abba Vader, want soos ek Vader leer ken het en in 'n hegte verhouding met Hom inbeweeg het, het ek Hom vanself Abba Vader begin noem, so ek het geen verduideliking daarvoor nie. Soms praat ek van God en soms praat ek van Abba Vader, maar dis nie omdat ek Hulle verskillend ervaar nie, dit is maar net soos dit is... As ek in die saadjies sê ek "sien" Jesus wys my iets, is dit nie fisies "sien" nie. Onder gebed beleef ek dit as werklik en vanaf die begin, het Abba Vader altyd Skrif in my hart geplant terwyl Hy aan my goed geopenbaar het. Na gebed, gaan lees ek die Skrif en julle sal deur die loop van die boek sien dat Abba Vader alles wat Hy aan my openbaar, bevestig met Skrif. Daarom twyfel ek nie vir een oomblik of al die "stories" waar is nie, want Abba Vader bevestig elke "storie" met Skrif. Nogsteeds vra ek aan elkeen wat hierdie saadjies lees, om stil te gaan raak by die voete van Abba Vader dat Hy ook aan jou die Waarheid sal openbaar.

Inleiding

Tuinier van ons hart

*“Let our Gardener, God, landscape you with the Word,
making a salvation-garden of your life.”*

James 1:21 (MSG)

Onder gebed laat ervaar Abba Vader my die volgende: Ek staan in 'n groot, ryp koringland. Jesus hou ligtekleurige saad in Sy hand wat Hy in my hande wil strooi en ek hou my hande bak sodat die saadjies in my hande kan val. Ek sien hoe val die saadjies stadig in my hande, maar Abba Vader wys my daarop dat ek mooier moet fokus, want dit wat Hy my probeer wys, sien ek nie raak nie. Ek konsentreer meer intens op die saadjies wat in my hand val en skielik sien ek hier en daar val 'n swart saadjie saam met die ligtekleurige saadjies in my hand. Ek skrik toe ek die swart saad sien en besef meteens dat hierdie swart saadjies nie van Abba Vader afkomstig is nie. Ek vra Abba Vader om my asseblief wysheid te gee oor hierdie swart saadjies, waarna Hy aan my verduidelik dat dit Satan is wat dit skelm tussen die goeie saadjies laat beland. Net soos ek eers nie die swart saadjies raakgesien het nie, net so kom die mensdom nie agter dat Satan besig is om swart saad in hulle

harte te saai nie, want hy doen dit op 'n baie subtiele manier deur die sintuie van die mens. Al is ons in 'n regstaande verhouding met Abba Vader, gebruik ons nogsteeds ons fisiese oë om te kyk en ons fisiese ore om mee te luister, en op hierdie manier saai Satan swart saadjies in ons harte. Dit wat ons met die oë lees en sien, dit wat ons met die fisiese ore in die wêreld hoor, is alles saadjies wat in ons hart val om te ontkiem, groei en vrug te dra. Iets lyk en klink dalk vir ons Goddelik en heel onskuldig, maar tog is soveel van hierdie goed swart saad wat in ons hartsgrond inplof. Ons luister na verskillende leringe en soveel van hierdie leringe is deurtrek van swart saad wat gesaai word in ons hartsgrond. Saad groei om op die ou end vrug te dra - goeie saad gaan goeie vrugte dra en swart saad gaan bese vrugte dra. Ek sidder om te dink aan bome met vrot vrugte, want die woorde van Jesus weergalm in my ore:

"Die byl lê al teen die wortel van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi."

Mattheus 3:10 (Afr. 33/53)

Wanneer ons tot opregte bekering kom en waarlik ons harte en lewens aan Abba Vader offer, begin daar 'n proses binne ons plaasvind waarvan ons gewoonlik nie eers bewus is nie. Dit gebeur nie oornag nie; dit is 'n proses waar Abba Vader die grond van ons harte voorberei. Die rede waarom Abba Vader dit doen, is omdat daar onverganklike saad is wat Hy in elkeen se hart wil plant wat moet groei om Goddelike vrugte te dra wat Hom sal verheerlik. Voordat Abba Vader Sy saad in ons harte kan saai, moet ons hartsgrond skoon en onkruidvry wees. Jy gaan mos nie goeie saad saai in 'n bedding wat oortrek is van onkruid nie, want jy weet mos die goeie saad gaan nie kan groei terwyl die onkruid dit probeer smoor nie... dieselfde met die grond van ons hart! Abba Vader moet dit eers skoonmaak. As jy Mattheus 13:1-9 lees, sal jy duidelik sien hoekom ons harte eers gereinig moet word. Die saad van Abba

Vader kan nie groei as die grond nie mooi diep, vrugbare grond is nie. Saad kan ook nie groei en vrugdra op rotse, klippaaie of tussen onkruid nie. Saad groei alleenlik in goedvoorbereide grond en daarom het Abba Vader nodig om ons harte te suiwer van al die onkruid voordat Sy saad sal groei, blom en vrugdra in ons hart. Lees asseblief Mattheus 13:10-17 (Ek haal dele aan uit The Message)

Why tell stories?

“The disciples came up and asked: ‘Why do you tell stories?’ He replied: ‘You’ve been given insight into God’s kingdom. You know how it works. Not everybody has this gift, this insight; it hasn’t been given to them. Whenever someone has a READY HEART for this, the insights and understandings flow freely. But if there is no readiness, any trace of receptivity soon disappears. That’s why I tell stories: to create readiness, to nudge the people toward receptive insight. In their present state they can stare till doomsday and not see it, listen till they’re blue in the face and not get it. I don’t want Isaiah’s forecast repeated all over again: Your ears are open but you don’t hear a thing. Your eyes are awake but you don’t see a thing’...”

Matthew 13:10-15 (MSG)

Ons moet tot die besef kom hoe belangrik dit is dat ons met ’n opregte hart voor Abba Vader tot stilstand moet kom en Hom smeek vir ’n “ready heart”; ons moet ons totale lewe en alles rondom onself in Sy hand plaas en Psalm 51 met die regte motief afsmeek by Abba Vader.

“Create in me a clean heart, o God, and renew a right and steadfast spirit within me.”

Psalm 51:10 (Amplified)

As die ongewenste swart saad alreeds in ons hart ontkiem het om vrot vrugte te dra, is daar net een manier om hierdie onheilighede raak te sien en dit is deur die Lig van die Woord. Alleenlik die Woord kan 'n lig op die onkruid in ons harte skyn sodat ons dit kan raaksien en bely aan Abba Vader. Wanneer ons die keuse maak om ons rug totaal daarop te draai, sal Abba Vader ons vergewe en die onkruid verwyder uit ons harte. 1 Korinthiërs 3:9 sê ons is die akker van God. Die Amplified sê dit so mooi:

“You are God's garden and vineyard and field under cultivation”

1 Corinthians 3:9 (AMP)

Bose saad kan nie staande bly of groei waar die Lig van Abba Vader teenwoordig is nie, daarom sal die swart saad vergaan wanneer ons baie tyd in die Woord en teenwoordigheid van Abba Vader spandeer. As ons ons verhouding met Hom afskeep en nie tyd in Sy Lig spandeer nie, gaan die swart saad kan groei om van die hart 'n onkruidparadys te maak.

Net soos Abba Vader my hart moes omploeg en my help om ontslae te raak van al die onkruid, net so wil Hy elkeen van Sy kinders se harte omploeg en reinig sodat Hy skoon saad kan saai - saad van Waarheid. Julle sal sien dat ek deur die loop van die boek baie dwaalleringe teëstaan - dit is die swart saad wat Satan deur die jare in my hart kom saai het deur my sintuie, maar Abba Vader het Sy Lig op daardie swart saad geskyn sodat ek dit kan raaksien, dit kan teëstaan en die res van die mensdom daarteen te waarsku.

Hier volg die eerste 33 saadjies wat Abba Vader in my hart geplant en laat groei het tot volwasse plante of blomme wat weer saad gevorm het. Hierdie eerste 33 leringe wat Abba Vader my geleer het, het Hy oor 'n kwessie van 'n paar jaar vir my geleer. Sy Lig het die heelyd geskyn oor hierdie saadjies om my te verseker dat dit nie swart saad is nie, want swart saad kan nie in die Lig van Abba Vader groei nie.

“Julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly.”

1 Petrus 1:23 (AFR33/53)

Ek deel graag die saadjies wat Abba Vader uit genade in my hart kom plant het, met julle. Mag hierdie saadjies te lande kom in die omgeploegde grond van jou hart en ontkiem om te groei in 'n pragtige tuinrangskikking.

“Light-seeds are planted in the souls of God's people. Joy-seeds are planted in good heart-soil.”

Psalm 97:11 (MSG)

Gewortel in die Woord

“Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink Sy wet dag en nag.

Hy sal wees soos ’n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie, en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi. Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie. Want die Here ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.”

Psalm 1 (AFR33/53)

Aan die begin van my pelgrimsreis saam met Jesus, het Abba Vader my die volgende onder gebed wys: Op die seesand sien ek

'n groot, kloppende hart en om die hart staan 'n aantal bome, maar pleks dat die wortels van die bome in die sand ingroei, groei die wortels direk na die hart. Elke boom is direk gekonnekteer aan die hart en die konnektasies is nie onder die grond soos wortels nie, maar dit is duidelik sigbaar bo die grond. Ek sien duidelik die are waardeur die bloed vanaf die lewende hart na die bome pomp. Terwyl Abba Vader dit vir my wys, verduidelik Hy dat dit is hoe Sy kinders as bome gewortel moet wees in Hom. Met hierdie verduideliking en beeld, gee Hy vir my Efesiërs 3 om te gaan lees:

“May Christ through your faith dwell in your hearts. May you be rooted deep in love and founded securely on love...”

Ephesians 3:17 (AMP)

Ons kan net op een van twee plekke gewortel wees - óf ons is gewortel in die duistere wêreld, of ons is gewortel in die hart van Abba Vader. 'n Boom wat gewortel is in die grond van die wêreld, is nie stewig geanker nie, want hy groei 'n bywortelstelsel en nie 'n stewige penwortel wat hom vastigheid gee nie. Die wêreld se grond is nie lewensvatbaar nie; dit is dooie grond wat geen ewigheidswaarde vir die bome inhou nie. Dit laat my ook dink aan die dwase man in Matteus 7 wat 'n huis op die sand gebou het: Die reën het geval, die waterstrome het gekom, die winde het gewaai en teen die huis aangestorm en dit het geval. Die huis was nie stewig nie en net so is die bome in die sand van die wêreld ook nie stewig geanker nie.

“Cursed is the strong one who depends on mere humans, who thinks he can make it on muscle alone and sets God aside as dead weight. He’s like tumbleweed on the prairie, out of touch with the good earth. He lives rootless and aimless in a land where nothing grows.” Jeremiah 17:5-6 (MSG)

Hierdie Skrif sê duidelik dat mense wat in die sand van die wêreld gewortel is, vervloek is. Hulle vertrou die wêreld, sy mense en hul dinge vir sekuriteit en veiligheid, wat dit nooit aan hulle kan bied nie. Hulle wortels groei in die sand van die wêreld agter liefde, aanvaarding, erkenning, rykdom, eer, aansien en al hierdie goed wat die wêreld 'n mens kan bied, maar wat nie in die mens se geestelike behoeftes kan voorsien nie. Dit is alles van korte duur, 'n gejaag na wind en het geen betekenis nie, dus is hierdie bome onstandvastig met 'n swak, oppervlakkige wortelstelsel. Hierdie bome moet tot die besef kom dat die wêreld hulle niks kan bied wat ewigheidswaarde het nie; hulle moet die keuse maak om die self oor te gee aan Abba Vader sodat hulle ontwortel kan word uit die wêreld en naby Sy hart geplant kan word waar hulle wortels na Sy hart kan groei. Dit is die enigste manier hoe ons een kan word met Abba Vader.

“God laat nie met Hom spot nie. Dit wat jy plant, sal jy ook oes. As jy jou lewe gaan inplant op die terrein van die sonde, sal jy die dood as oes ontvang. Aan die ander kant, as jy jou lewe inplant op die terrein van die Heilige Gees, sal jy die ewige lewe as oes van Hom ontvang.”

Galasiërs 6:7 (DB)

Elkeen van ons is eers gewortel in die sand van die wêreld. Ons is almal eers verlore en ons almal soek eers geluk in die wêreld en sy dinge. Genadiglik roep Abba Vader elkeen van Sy kinders op 'n bepaalde tyd om sy rug op die wêreld te draai en sy wortels uit te stoot in die rigting van die hart van God. Dit is die begeerte van Abba Vader dat elke boom in Sy hart gewortel sal wees, maar waar begin ons? Hoe raak ons gewortel in die hart van Abba Vader? Alles begin by die Woord, ons moet eers in die Woord gewortel raak...

“Blessed is the man who trusts Me, God, the woman who sticks with God. They’re like trees replanted in Eden, putting down roots near the rivers - never a worry through the hottest of summers, never dropping a leaf, serene and calm through droughts, bearing fresh fruit every season.”

Jeremiah 17:7-8 (MSG)

Geseënd is die mens wat op die Here vertrou, wat gewortel is in die liefde van Abba Vader, want geen droogte, sterk wind, hitte, koue of enige ander natuurverskynsel kan ’n impak hê op ’n boom wat gewortel is in Hom nie. Hy word Goddelik beskerm. Om gewortel te raak in die hart van Abba Vader, is nie ’n oornag gebeurtenis nie, maar eerder ’n proses wat ’n deurloop in ons lewe moet vind; dit moet ’n lewenswyse word. Hierdie proses moet altyd begin by die besef van die mens dat hy/sy gewortel is in die sondige wêreld. Die mens moet sy trots laat staan en besef dat hy ’n verlore sondaar is, dat hy niks sonder die liefde van Abba Vader is nie en dat dit alleenlik Jesus is wat die mens tot redding kan wees.

Soos ons voed op die Woord, begin daar worteltjies groei vanuit ons diepste menswees in die Woord in. Ons begin Abba Vader leer ken vir die wonderlike Vader wat Hy is, en ons begin ’n smakie kry van Sy liefde, Sy genade en Sy barmhartigheid. Soos ons Hom leer ken, ontwikkel ons ’n intense begeerte om Hom nog beter te leer ken en begin ons soeke na Hom intensifiseer. Hoe intenser ons soek na die wil van Abba Vader deur die Woord, hoe sterker groei ons worteltjies in die Woord in, totdat dit later ’n netwerk worteltjies raak in die Woord. Ons raak dus eers gewortel in die Woord van God. Net soos ons wortels in die Woord ingroei, begin daar terselfdertyd ook worteltjies groei vanaf die Woord na ons geeshart. Hoe meer Woord ons inneem, hoe dieper groei die wortels van die Woord in ons wese in.

Die Woord is ook die Lig en soos die worteltjies van die Woord in ons wese ingroei, skyn dit 'n lig op al ons sondes, ongeregthede en onheilghede - eers net die oppervlakkige sondes, maar soos dit dieper groei, wys dit al die dieper ongeregthede van ons hart aan ons uit.

Omdat ons uit die wêreld kom, is ons van kop tot tone vol blokasies en hierdie blokasies het ontstaan as gevolg van al ons sondes, onheilghede en ongeregthede. Dit blokeer die Lig van Abba Vader om vanuit die staanspoor op ons harte te skyn, dus moet die Lig eers deur al die blokasies breek voordat dit op ons harte kan skyn om ons harte te verander. Wanneer die Lig van die Woord op ons blokasies skyn, openbaar dit aan ons ons sondes en ongeregthede en moet ons verantwoordelik genoeg wees om ons verkeerdhede vierkantig in die oë te kyk, dit aan Abba Vader te bely, die keuse te maak om dit te laat staan en vergifnis van Hom te ontvang. Dan breek die Lig dwarsdeur die blokasies en ontvang ons vergifnis. Nou kan die Lig nog dieper ons wese inskyn, oppad na ons hart, om op 'n dag op ons harte te skyn.

Deurdat die Woord ons sondes aan ons openbaar, word ons deur die Woord gereinig wanneer ons dit bely. Ons word dus gewas deur die Woord. Dit reinig ons en maak ons heilig soos Abba Vader ons wil hê. Die mens wat die Woord lees, maar nie agslaan op dit wat die Woord aan hom openbaar nie, is net 'n hoorder van die Woord en nie 'n dader nie.

“Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante Woord, wat in staat is om julle siele te red. En word daders van die Woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.”

Jakobus 1:21,22 (AFR33/53)

Die Amplified sê:

“...receive the Word (of God) which is implanted (actually rooted in your heart), which is able to save your souls.”

James 1:21 (AMP)

Die Boodskap sê dat ons ontslae moet raak van elke stukkie gemors en vuilheid wat ons geestelike lewe mag toegroei of bederf. Om ontslae te raak van hierdie blokasies, moet ons intens fokus op die Woord van God en daders van die Woord wees. Ons moenie net hoorders van die Woord wees nie, want dan flous ons net onself. Die wêreldse lewe en maniere is vir hoorders nog te lekker en daarom wil hulle nog nie afsien van sekere slegte gewoontes nie, wat beteken die Lig kan nie deur die blokasies breek nie. As die Lig nie die blokasies afbreek nie, kan die wortels van die Woord nie die persoon se geeshart bereik nie en daarom sal die hart van hoorders nie kan verander nie. Daarteenoor is 'n mens wat 'n dader van die Woord is, iemand wat daadwerklik 'n poging aanwend om die Woord te gehoorsaam en sy sondes te bely sodat die Woord deur die blokasies kan breek. Die wortels van die Woord sal 'n netwerk worteltjies groei na sy hart om hom stewig te anker en te vestig in die Woord. Op 'n dag, wanneer 'n mens dit die minste verwag, skyn die Lig van die Woord op ons klipharte wat ons harte in skerwe laat spat. Ons klipharte word bestraal met die Lig van die Woord. Job 33:30 (Afr. 33/53) is 'n duidelike bevestiging hiervan:

“...om sy siel terug te bring na die kuil, sodat hy bestraal word met die Lig van die Lewe.”

Job 33:30 (AFR33/53)

Wanneer ons Abba Vader gehoorsaam, sal ons daders van die Woord wees en die Lig toelaat om al ons blokasies oop te breek deur belydenis van sonde. Die Lig van die Woord verlig die duisternis binne ons en dit jaag die donker weg. Maleagi 4:2 van Die Boodskap stel dit baie mooi:

“Maar vir die van julle wat My liefhet en aan My gehoorsaam is, sal My verlossing soos die son wees. Wanneer dit opkom, jaag dit die donker weg en gee Lig. Daar waar die son se strale op ’n seerplek skyn, word dit vinnig gesond. So sal Ek die nuwe lewe oor julle laat kom.”

Maleagi 4:2 (DB)

Wanneer die wortels van die Lig-Woord ’n mens se geeshart bereik, gebeur daar iets wonderliks in die hart van die mens. Onthou nou, ons geesharte was nog die heelyd in dormansie en skielik skyn hierdie verblindende Lig op ons slapende harte wat dit uit die diep slaap laat ontwaak. Meteens verstaan ons die Woord van God anders; ons sien Hom uit ander oë en ons verstaan die lewe en alles daarrondom soveel anders as voorheen. Dit is omdat ons geestelike sintuie nou begin ontwaak wat daartoe lei dat ons met ons harte begin dink. Eers wanneer ons met die geeshart begin dink, kan ons onteenseglik in Abba Vader begin glo.

Wat is die verskil om te glo in Abba Vader en om onteenseglik te glo in Hom? Om met die mond te sê ons glo in God, is baie maklik; enige Jan Rap en sy maat kan met die mond bely om te glo in Hom, maar dit is totaal en al iets anders om met ’n mens se hart in God te glo. Die mens wat nie daaglik die Woord inneem nie, het geen wortelgroei in die Woord of in die hart van God nie. Hy het dus glad nie ’n verhouding met Abba Vader nie, maar nogsteeds beweer hy om te glo in God. Dit is wat godsdiens is! Hierdie

persoon is 'n boom gewortel in die sand van die wêreld wat grootgemaak is met die tradisie om kerk toe te gaan, om Sondagskool by te woon, om gedoop, aangeneem en voorgestel te word deur die kerk en om in die kerk te bely om te glo in God. Sondae het hulle "gemeenskap" met mekaar wanneer hulle kerk toe gaan, maar deur die week het hulle geen verbinding met God nie, maar nogsteeds bely hulle om te glo in God...want dit is so aan hulle geleer. Hierdie mense het geen wortelgroei in die Woord van God nie en daar is ook geen wortels wat vanaf die Woord na hulle harte toe groei nie. Die Lig van die Woord het nog nie 'n lig op hulle harte geskyn nie en daarom kan hulle nie met die hart in God glo nie. Ons kan eers onteenseglik glo in God wanneer ons so intens voed op die Woord dat die wortels ons geeshart bereik en 'n Lig op ons kliphart skyn om dit in stukke te laat spat.

Mag ons daaglik voed op die Woord van God sodat ons gewortel kan raak in die Woord en die Woord terselfertyd ook worteltjies in ons wese kan ingroei. Mag die Woord, soos 'n Lig, al ons onheilighede aan ons openbaar sodat ons dit aan God kan bely en die blokasies na ons hart kan oopbreek. Mag die Lig van die Woord op ons harte skyn om ons klipharte in skerwe te laat spat en ons onteenseglik in Abba Vader kan begin glo.

"May Christ through your faith dwell in your hearts. May you be rooted deep in love and founded securely on love..."

Penwortel van geloof

"Let your roots grow down into Him, and let your lives be built on Him. Then your faith will grow strong in the truth you were taught, and you will overflow with thankfulness."

Collosians 2:7 (NLT)

Wanneer die Lig van God op ons harte skyn sodat ons onteenseglik begin glo in Jesus en Abba Vader, begin daar weer 'n nuwe wortel vanuit ons geeshart groei. Hierdie is 'n enkele, baie sterk, stewige wortel soos 'n penwortel. Die penwortel groei ook (soos die bywortels) eers in die Woord van God in, maar hierdie wortel is so sterk dat dit dwarsdeur die Woord groei tot binne-in die hart van God in. Hierdie penwortel se naam is "Geloof" en kan alleenlik groei wanneer 'n mens onteenseglik in God begin glo; dit anker 'n mens baie diep in die hart van God. Onder gebed sê Abba Vader:

"Raak eers gewortel in die substrata en dan in die strata. Die Woord is die substrata en God is die Strata."

Ek het gaan opsoek na die betekenis van die woorde “substrata” en “strata”. Substrata is die grond waarin wortels ingroei en “strata” is die rots onder die grond! Skielik het dit alles so sin gemaak, want Abba Vader het my geleer dat ons worteltjies eers gevestig moet raak in die Woord van God - wat dan die substrata is. Soos ons gewortel raak in die Woord, groei daar worteltjies vanaf die Woord na ons geeshart om ons baie stewig te anker in die Woord van God. Wanneer die wortels van die Woord ons hart bereik, ontwaak ons geeshart uit die diepe slaap en begin ons onteenseglik glo in God. Hierdie diep, vaste geloof in God laat ’n penwortel ontstaan wat in staat is om diep in die hart van God in te groei. Hierdie geloofspenwortel is die enigste wortel wat in die Rots kan ingroei en die Rots is God. Die “Strata” is dus die Rots, wat die hart van God is. Nou verstaan ek beter hoekom Abba Vader gesê het ons moet eers in die substrata ingroei en dan kan ons in die “Strata” ingroei. Groei eers in die Woord van God in en dan in die hart van God deur middel van die geloofspenwortel. Dit is waarlik soos vers 24 van 1 Johannes 2 sê:

“Stay with what you heard from the beginning, the original message. Let it sink into your life. If what you heard from the beginning lives deeply in you, you will live deeply in both Son and Father. This is exactly what Christ promised: eternal life, real life!”

1 John 2:24 (MSG)

Die engelse vertalings sê dit vir my net soveel mooier as die Afrikaanse vertalings: “Let it ABIDE in you; let it DWELL and REMAIN in you!” Die Woord moet deel raak van ’n mens se lewe.

Net soos enige boom water, voedingstowwe en minerale benodig vir groei en oorlewing, het ons as ’n geestelike boom dit

ook nodig. Geen geestelike boom kan bestaan sonder 'n geloofspenwortel wat hom stewig anker in die hart van God nie. Dit is die enigste wortel waardeur ons as boom water en voedingstowwe kan opneem, want ons ontvang dit dan direk vanaf Abba Vader. Wanneer ons penwortel in die hart van God geanker is, neem dit die Lewe van God op waar dit dan vervoer word na ons geeshart. Geen ander wortel kan in die hart van God ingroei nie, dus kan geen ander wortel die Lewe van God opneem en ons daarmee voed nie. Alleenlik die geloofspenwortel!

Die Lewe van God wat ons deur die penwortel ontvang, bestaan uit drie goed: Die Liefde van God, die Lewende Water en die bloed van Jesus Christus. Saam vorm die drie een net soos God, Heilige Gees en Jesus drie is, maar tog ook Een. Die Drie werk saam en kan nooit van mekaar geskei word nie en net so werk die Liefde van God, die bloed van Jesus Christus en die Lewende Water altyd saam en vorm dit die Lewe wat van God af kom. Net soos God, Jesus en Heilige Gees van mekaar getuig, getuig die water, bloed en liefde van mekaar en kan hulle nie afsonderlik werk nie. Al drie moet dus teenwoordig wees in die mens - as daar een afwesig is, is daar êrens 'n fout.

Hierdie wonderbaarlike Lewe is alleenlik te kry deur gewortel te wees in die Rots. Soos ons penwortel die Lewe opneem, word dit deur die wortel vervoer na die geeshart van die mens waarvandaan dit weer deur ons hele wese versprei word deur ons geestelike are. Die Lewe van God begin ons van 'n kant af verander... Die bloed van Jesus begin in en deur 'n mens se geeshart pomp om ons te suiwer; die Lewende Water les ons geestelike dors en die Liefde van God stel ons in staat om in die boom te kan begin groei wat God beplan het ons moet wees. Dus, alleenlik wanneer ons 'n penwortel van geloof in die hart van God ingroei, sal ons die Gees van God kan ontvang wat ons baie styf aan God verbind deur die band van liefde.

“Omdat julle nou God se kinders is, het Hy die Gees van Christus na ons toe gestuur. Die Heilige Gees bind ons styf aan God vas met ’n onbreekbare band van liefde. Dit is Hy wat aanhoudend hier binne-in ons uitroep: ‘Vader, liefdevolle Vader!’”

Galasiërs 4:6 (DB)

Omdat ons nou die Lewe van God ontvang wat in en deur ons begin spoel, raak ons hart een met die hart van God. Wanneer ons een raak met God, kan ons duidelik God se hartklop vir ons lewe begin hoor, dan begin ons agterkom wat God se doel en plan met ons lewens is. Kollosense 1:28 in Die Boodskap sê dat elke mens sy Goddelike doel in sy lewe kan bereik wanneer hy in ’n intieme verhouding met Christus is. Wanneer ons so verbind is aan God, leer ken ons die ritme van God se hartklop vir ons lewe en dan begin ons hart op dieselfde ritme klop as wat God s’n vir ons klop. Dit is moontlik omdat die Lewe van God deur ons geestelike are begin pomp. Soos die Lewe van God deur ons are begin bruis, begin dit ons skoonmaak en suiwer van ’n kant af; dit begin ons genees van ’n kant af en dit laat ons groei in ’n boom wat God vooraf besluit het. Ons raak een met God! Kyk nou na die volgende Skrif... ek hoop dit het vir jou ook nuwe betekenis:

“Wie My vlees eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom!”

Johannes 6:56 (AFR33/53)

Hierdie Skrif beteken nie ons moet met menslike woorde die bloed van Jesus oor ons pleit nie! Dit beteken ons moet voed op die Woord van God en dan sal ons deur die geloofspenwortel die bloed van Jesus ontvang. Daar ontstaan ’n geestelike eenheid

tussen ons en God, en Jesus word die fokus van ons lewe. Wanneer Sy bloed deur ons liggaam pomp, weet ons Hy is deel van ons.

Op 'n dag het Abba Vader my gevra hoe weet ek dat ek in Hom glo? Dit het my nie lank gevat om Hom te antwoord nie, want hoe kan ek NIE in Hom glo nie? Ek voel dan die Liefde en Lewe van Abba Vader so duidelik binne-in my, veral wanneer ek in gebed voor Hom neerkniel, so hoe kan ek nie in Hom glo nie? Ek glo in Abba Vader, want ek kan Hom voel hier binne-in my. Met my antwoord, gee Abba Vader vir my Romeine 10 om te gaan lees en in vers 6 in die Boodskap is die bevestiging:

“As jy in God glo, weet jy dat Christus die heeltyd naby is.”
Romeine 10:6 (DB)

As daar 'n geestelike band of eenheid tussen jou en God is, neem jy die bloed van Jesus op wat deur jou are borrel! Jy sal dit voel en daarom sal jy weet dat jy waarlik glo. Jy sal weet jy is in God en God is in jou. Kyk wat het Jesus gesê in Johannes 8:

“Julle is kinders van hierdie ou aarde. In hierdie wêreld is julle wortels ingeslaan. My wortels lê egter nie in hierdie wêreld ingeslaan nie. Nee, Ek kom uit die hemel. Daarom kan Ek vir julle sê dat julle besig is om God heeltemal mis te loop. Glo in My. Glo dat Ek is wie Ek sê Ek is. Anders gaan julle sonder God sterf. Elke sonde wat julle gedoen het, sal dan teen julle tel”
Johannes 8:23,24 (DB)

Om geanker en gevestig te wees in die Rots, laat my dink aan die Skrif in Mattheus 7:24-27 oor hoe en waar die verstandige teenoor die dwase man sy huis bou.

“Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met ’n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. Die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots!”

Mattheus 7:24,25 (AFR33/53)

Wanneer ons ’n geloofspenwortel in die Rots ingroei, sal ons ’n stewige en sterk boom groei wat enige storm kan deurstaan, maar ’n dwase man wat sy huis op sand bou, is soos ’n boom gewortel in die sand van die wêreld... Daar is geen vastigheid of sekuriteit nie en wanneer die waterstrome en winde kom, sal hierdie boom, net soos die huis op sand, nie staande kan bly nie!

Om ontwortel te word uit die wêreld, het ons die Lig van die Woord van God nodig om te kan beseef waar ons gewortel is. As ons net eers tot die beseef kom dat ons in die sand van die wêreld gewortel is en ons in ’n vervloeking leef wat ons self geskep het, kan ons daarop begin let en dit aan God begin bely wat ons verseker sal help. Ons kom alleenlik tot hierdie beseef wanneer die Lig van die Woord ’n lig op ons blokasies en duistere harte begin skyn. Hoe meer ons die Woord begin inneem, hoe dieper groei ons in die Woord in totdat ons later ’n penwortel in die hart van God ingroei. Dan eers raak ons een met God deurdat Hy Sy Lewe in ons harte begin deponeer.

Opgesom, soos ons voed op die Woord van God, ontwikkel ons eers fyn worteltjies wat in die Woord ingroei. Soos ons worteltjies in die Woord ingroei, groei daar ook wortels vanuit die Woord in ons geestelike wese in. Soos die worteltjies in ons wese ingroei, openbaar dit aan ons al ons onheilighede wat ons by die voete van Abba Vader moet neerlê sodat die blokasies kan oopbreek.

Wanneer die wortels van die Woord ons hart bereik, ontwaak ons geesmens uit die diepe slaap deurdat die Lig van die Woord 'n lig skyn op ons slapende gees. Wanneer ons gees ontwaak, groei ons 'n penwortel vanuit ons geeshart deur die Woord tot binne-in die hart van God in! Die eerste fyn worteltjies wat ons in die Woord ingegroei het, verskil van die sterk, stewige penwortel, want dit is net die geloofspenwortel wat in die hart van God kan ingroei. Met ander woorde, soos ons die Woord inneem, ontwikkel ons geloof bietjies vir bietjies, totdat ons geloof so sterk is dat dit in die hart van God kan ingroei. As ons nie genoeg voed op die Woord nie, sal ons nooit genoeg geloof kan ontwikkel om gevestig te raak in die hart van God nie en as ons nie gevestig raak in die hart van God nie, kan ons nie die Lewe van God ontvang nie. Dus, al lees ons nou en dan die Woord en al bid ons nou en dan tot God, maar ons maak staat op verlossing deur kerk toe te gaan of om ander geestelike materiaal te lees of te luister, ontvang ons nie die ware Lewe nie. Om die ware Lewe te ontvang, moet ons 'n baie naby verhouding met Abba Vader bou...in stilte by Sy voete.

"Stay with what you heard from the beginning, the original message. Let it sink into your life. If what you heard from the beginning lives deeply in you, you will live deeply in both Son and Father!" 1 John 2:24 (MSG)

"You are my ROCK and my fortress; for Your name's sake
You lead me and guide me" Psalm 31:3 (AMP)

The same Good News that came to you is going out all over the world. It is bearing fruit everywhere by changing lives, just as it changed your lives from the day you first heard and understood the truth about God's wonderful grace."

Colossians 1:6 (NLT)

'n Boom wat vrug dra

"Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."

Johannes 15:4,5 (AFR33/53)

'n Boom wat gewortel is in die hart van God, is gekonnekteer aan God deur die penwortel van geloof en deur hierdie band wat ons met God het, ontvang ons die Lewe van God. Alleenlik wanneer ons die Lewe van God ontvang, ontvang ons ook die vermoë om Goddelike vrugte te begin dra. Dit is baie belangrik dat ons besef dat dit nie die mens self is wat Goddelike vrugte dra nie; dit is as gevolg van die Lewe van Jesus wat deur ons are begin bruis, wat ons in staat stel om Goddelike vrugte te begin dra. Die menslike karakter kan nooit Goddelike vrugte dra nie, met ander woorde, die boom wat nie in die hart van God geanker is nie, sal

nooit Goddelike vrugte kan dra nie. Eers wanneer die mens lewe deur die Lewe van God, is dit Jesus in en deur ons wat Goddelike vrugte dra.

Die penwortel van geloof is die enigste band wat 'n mens aan God kan verbind, dus is dit alleenlik deur hierdie band wat ons die Lewe van God kan ontvang - as daar geen penwortel is nie, is die krag en Lewe van God afwesig in ons wese en kan daar ook nie Goddelike vrugte wees nie. Met ander woorde, as 'n boom Goddelike vrugte dra, beteken dit hierdie boom is geanker in die hart van God deur 'n penwortelstelsel; hierdie persoon glo onteenseglik in Jesus en hy ontvang die Lewe van God en Jesus dra deur hom Goddelike vrugte. As 'n boom geen goeie vrugte dra nie, getuig dit van die afwesigheid van 'n penwortel asook die afwesigheid van die Lewe van God binne die persoon - Jesus leef nie in en deur hom nie. Met ander woorde, vrugte van die Gees gaan gepaard met geloof in Jesus. 'n Persoon sonder geloof in Jesus, wat nie onteenseglik in Jesus Christus glo nie, kan nie Goddelike vrugte dra nie, maar die persoon met geloof in Jesus, se Goddelike vrugte sal getuig van die Lewe van Jesus Christus binne hom.

Johannes 15 maak nou so sin wanneer ons dit lees. God is die druiweboer en Jesus die spesiale druiwestok. God bewerk die wingerd en Hy hou die takkies wat uit die druiwestok groei, baie fyn dop. Takkies wat groei, maar geen vrug dra nie, is onvrugbaar en word deur die Boer afgeknip en in die vuur gegooi. Dit is vals takkies! Vals takkies wat beweer om in die druiwestok gevestig te wees, is mense wat beweer dat hulle tot bekering gekom het; hulle getuig dus met die mond om in God te glo, maar hulle harte is glad nie betrokke by hierdie saak nie. Daar is geen penwortel nie, die Lewe van God is afwesig in hulle wese en daarom kan hulle nie Goddelike vrugte dra nie. Die wêreld is besmet met mense wat goeie werke uit die self probeer doen sodat hulle eer van die wêreld kan ontvang en bekend kan staan as die "goeie mense", maar die probleem is net dat God dieper kyk as die mens en Hy weet

wanneer ons vrugte self-gegeneerde vrugte is. God weet deur wie of deur watter krag ons vrugte probeer genereer en die afwesigheid van ware Goddelike vrugte getuig dat daar nie 'n penwortel aanwesig is nie. Dit getuig van die afwesigheid van geloof, asook die afwesigheid van die Lewe van God en dat hierdie persoon geen verhouding met Abba Vader het nie. Daarom knip God hierdie onvrugbare takkie van die wingerdstok af om plek te maak vir 'n loot wat ware vrug sal dra.

In Matteus 3 sê Johannes vir die Fariseërs (wat hulle wil laat doop) dat die bewys van hulle bekering moet lê in die vrugte wat hulle dra; hulle moet dus vrugte van bekering dra. Met ander woorde, as hulle wel tot ware bekering gekom het, sou hulle vrugte daarvan getuig het, want hulle sou 'n geloofspenwortel ontwikkel het waardeur hulle die Lewe van God sou ontvang, en die Lewe van Jesus in en deur hulle, sou Goddelike vrugte gedra het. Die Fariseërs het nie in Jesus geglo nie, en die mens wat nie in Jesus glo nie, glo ook nie in God nie, want Jesus en God is Een. Dus het hulle geen ware geloofspenwortel gehad nie, hulle het nie die Lewe van God binne hulle gehad nie en daarom het hulle geen Goddelike vrugte gedra nie (maar nogsteeds wou hulle hulle laat doop deur Johannes om veilig te speel). Hulle het staatgemaak op reëls, wette en regulasies wat onderhou moes word vir verlossing, maar dit het niks met Goddelike vrugte te doen nie en dit kan aan geen mens die vermoë gee om Goddelike vrugte te dra nie. Tradisie, reëls, wette, godsdien en selfs om kerk toe te gaan, kan geen mens Goddelike vrugte laat dra nie. Galasiërs 5:4 sê as jy probeer leef volgens godsdienstige regulasies, word jy afgesny van Jesus...

“When you attempt to live by your own religious plans and projects, you are cut off from Christ...”

Galatians 5:4: (MSG)

Vals takkies wat deur godsdiens Goddelike vrugte probeer dra, gaan faal in hulle poging en God gaan die takkies afknip en in die vuur gooi. Takkies wat wel Goddelike vrugte dra, bewys daardeur dat hulle gevestig is in die druiwestok - dus in die hart van God. Die Boer versorg die vrugbare takkies baie mooi deur hulle te snoei en skoon te maak deur die Woord van God. Ons moet baie na aan God leef, net soos 'n takkie wat vasgegroeï is aan die druiwestok, want 'n takkie wat eenkant lê kan nie vrug dra nie. Ons moet in die hart van God gewortel wees om 'n goeie vrugbare lewe te kan lei. Bome wat buite die hart van God vrugte probeer dra, probeer dit uit hulle eie krag dra en op die ou end put dit die mens uit - op die ou end gaan die mens uitbrand, want dan is hy soos die takkie wat eenkant lê en nie gevestig is in die druiwestok nie... Dit is baie belangrik dat ons dit vasmaak in ons harte dat geen mens Goddelike vrug kan dra sonder om in God gewortel te wees nie.

'n Mens se lewe is soos 'n vrugteboom: Goeie bome dra goeie vrugte en slegte bome dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie en 'n slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie. Daar wag groot probleme op alle bome wat slegte vrugte dra, want hulle word eenvoudig afgekap en in die vuur gegooi. Daar is baie mense wat maskers opsit en maak asof hulle God dien, maar wat wys hulle vrugte? Die antwoord lê in Matteus 7:19-23

'n Boom sal geken word aan sy vrugte:

“Pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtig wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie. So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. So sal

julle hulle dan aan hulle vrugte ken. Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here!' sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: 'Here, het ons nie in U naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie?' En dan sal Ek aan hulle sê: 'Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk'."

Mattheus 7:15-20 (AFR33/53)

'n Boom in die wêreldse grond, gaan vleeslike vrugte dra:

"Die werke van die vlees (vrugte van die vlees) is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die Koninkryk van God nie sal beërwe nie."

Galasiërs 5:19-22 (AFR33/53)

Wanneer ons wel ten volle gewortel is in die hart van God, sal die Gees van God ons lewe beheer en sal ons volgens die Gees leef en nie meer volgens die vlees nie. Abba Vader sal dus aan die stuur staan van alles wat ons dink, doen en sê. Die gevolg is dat die sonde ons nie meer sal onderkry nie, want dit het geen houvas meer op ons nie. Ons kan nie een dag aan ons sondige begeertes toegee en die volgende dag aan die kant van Abba Vader staan nie - ons

kan nie leef soos ons wil nie. Waar ons gewortel is, is duidelik te sien aan die vrug van die boom, want soos 'n boom wat goeie vrug oplewer, wys die mens wat in Abba Vader gewortel is, se lewe dat hulle aan Hom behoort. Hulle gee om vir ander, hulle lewe is vol vreugde, hulle ken en ervaar die vrede wat van Abba Vader af kom, hulle verdra ander mense, hulle straal van vriendelikheid en warmte, en hulle is vol deernis en ontferming. (Galasiërs 5:21-22 Die Boodskap)

“I pray that your love will overflow more and more, and that you will keep on growing in knowledge and understanding. May you always be filled with the fruit of your salvation - the righteous character produced in your life by Jesus Christ - for this will bring much glory and praise to God.”

Collosians 1:9,11 (NLT)

Waarom is dit so belangrik dat ons Goddelike vrugte dra? Sodat ons dit kan bied aan ons naaste. As ons gevul is met die Lewe van God, gaan ons deur Jesus Goddelike vrug dra en die mense om ons gaan 'n proeseltjie kry van hierdie vrugte. Een of ander tyd in hulle lewe gaan hulle 'n honger ontwikkel na meer van hierdie vrugte, dus sal die begeerte by hulle wakker word om meer van Jesus in hulle te hê. Hulle sal God begin soek met alles binne hulle en enigiemand wat God met 'n opregte hart soek, sal Hom vind. So wanneer ons Goddelike vrugte dra en aan die mense om ons bied, versprei ons die liefde van God, wat op 'n Godgegewe tyd hulle hongerte en begeerte na Jesus sal aanwakker. Ons hoef nie ons onbekeerde geliefdes toe te gooi met die Woord van God nie, want die meeste van die tyd val dit in elk geval op dowe ore en bring dit net verwydering tussen ons en hulle; ons hoef nie te ywer om hulle in te bring na die Koninkryk van God nie, want God het Sy plan met elke persoon en al wat Hy van ons wil hê, is om Sy vrugte te dra.

Hy vra nie van ons om uit te gaan en mense te red nie, God doen dit self! Ons moet net Sy vrug dra en ons hoef nie te ywer om ons geliefdes tot bekering te bring nie. Al wat ons moet doen, is om te fokus op Abba Vader en verdiep te raak in Sy liefde; hoe dieper ons in Hom ingroei, hoe voller raak ons van Hom en hoe meer vrug dra Hy deur ons.

Wanneer ons in Liefde gewortel is, verander Abba Vader met tyd ons totale karakter en kom ons nie eers agter wanneer ander mense op die Goddelike vrugte, wat Jesus deur ons dra, voed nie. Jy gaan nie eers bewus wees wat jou vrugte aan ander mense doen nie en dit is heeltemal reg, want dit moenie oor die self gaan nie. Ons fokus moenie wees op wat ons aan ander kan bied nie, ons fokus moet wees op ons verhouding met Abba Vader alleen. Ons moet fokus om dieper en dieper in Hom in te groei en God sal die res doen. As jy byvoorbeeld 'n huweliksmaat het wat nog nie tot bekering gekom het nie, raak net rustig, fokus op Abba Vader en laat jou maat oor in die hand van Abba Vader. Sit jou hoop op Abba Vader, nie op jou maat nie. Ons moet regtig leer om ons fokus reg te kry, want as ons volle fokus op Abba Vader is, sal ons die vrug begin dra wat aan ons maat 'n proeseltjie van Jesus sal gee en op Vader se tyd sal jou maat 'n honger na Abba Vader ontwikkel.

Dieselfde met ons kinders - wees verdiep in die liefde van God en Sy liefde sal oorspoel na ons kinders. Om hulle van kleins af met die Bybel oor die kop te slaan, gaan hulle 'n weersin in die Woord gee. Ons moet eerder sorg dat Jesus binne ons leef sodat ons kinders kan grootword met happies Goddelike vrugte. Ons kan op seminare en kursusse en wat ookal gaan wat ons leer hoe om ons kinders Goddelik groot te maak; ons kan soveel "tips" daar leer as wat ons wil, maar as Jesus nie binne ons leef nie, gaan ons kinders nie Jesus proe in ons nie en gaan hulle Jesus nie leer ken deur ons nie. Ons moet altyd onthou - die woorde wat by ons mond uitkom, beteken nie veel nie, dis die woorde wat uit die hart kom, die gevoel wat ons kinders voel as hulle naby ons is... dis hoe

ons ons kinders hanteer wat die verskil maak en nie een van ons kan ons kinders mooi hanteer as ons nie die Lewe en Liefde van God binne ons het nie.

Om hierdie saadjie op te som: Daar is geen manier dat ons liefde of enige ander Goddelike vrug uit onself kan ontwikkel nie. Ons ontvang slegs ware liefde uit die hart van God wanneer ons in God se hart gewortel is en wanneer ons wortels in God gevestig is. Die liefde van God verander ons van die natuurlike na die geestelike mens, dan eers is ons in staat om die vrugte van die Gees te ontwikkel deur Jesus. Wat baie belangrik is, is om te besef dat dit nie die mens is wat Goddelike vrugte genereer of dra nie, maar dat dit Jesus in en deur die mens is. Al die eer moet na God toe gaan en nie aan die self nie.

Die dade en lewenswyse van die mens verklap dus waar sy wortels begrawe is, want die mens wie se wortels gevestig is in die hart van God en wat 'n geloofspenwortel in die hart van God ingegroei het, leef deur die Liefde en Lewe van God en jy sal dit kan sien in so 'n persoon se lewe. Die Lewe van Jesus binne die persoon stel hom in staat om 'n goeie lewe te lei en gehoorsaam te wees aan Abba Vader. Die mens wat beweert om bekeerd te wees en wat dink hy is veilig gevestig in God, maar wat lewe soos hy wil, nie omgee vir ander nie en ook nie omgee om ander te kul en seer te maak nie, se dade getuig mos dat hy nie lewe deur die Lewe en Liefde van God nie. Slegte dade getuig dat Jesus nie teenwoordig is in sy hart nie wat weer daarop dui dat hy nie 'n penwortel in die hart van God gegroei het nie en as daar nie 'n penwortel in die hart van God is nie, is hierdie persoon nogsteeds in die wêreld gewortel. Dit is hoekom hy leef soos hy wil. Mense, asseblief...ons kan nie kerk toe gaan en dink ons is veilig en gered nie; ons kan nie met die "mindset" leef dat ons gered is omdat Jesus gesterf het aan die kruis en ons sondes vergewe is nie. Ons kan nie jok, kul of ander met skerp tonge bykom en dink ons is veilig omdat ons kerk toe

gaan nie. As ons hierdie lelike goed doen, moet ons selfondersoek doen oor die oorsprong van hierdie lelike vrugte...

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie." Johannes 15:5 (AFR33/53)

"Then the way you live will always honor and please the Lord, and your lives will produce every kind of good fruit. All the while, you will grow as you learn to know God better and better." Colossians 1:10 (NLT)

Verwoesters in ons siel

“Maar vir julle wat eerbied het vir my Naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale...”

Maleagi 4:2 (AFR83)

Onder gebed wys Abba Vader my 'n woud waar die bome baie na aan mekaar staan en die toppe van die bome is baie dig – so dig dat daar geen lig in die woud kan inskyn nie. Die woud is in pikdonkerte gehul. Ek sien 'n beweging tussen die bome en probeer fokus om te sien wat dit is... Tussen die bome hardloop klein, swart mannetjies vinnig rond met klein byltjies in hulle hande en soos hulle hardloop, kap hulle die bas van die bome stukkend. Dit lyk asof hulle iets probeer uitkerf op die boombas, iets soos 'n merk of 'n teken, maar wat hulle ookal doen, hulle is verseker besig om die bas van die bome te verwoes. Wanneer hulle my sien, hardloop hulle vinnig weg en kruip agter ander bome weg. Nou en dan loer hulle om die bome, so asof hulle net wag dat ek my rug moet draai sodat hulle kan aangaan met hulle verwoesting.

Abba Vader begin my verduidelik dat die toppe van die bome so dig is met die gevolg dat die Lig van God nie kan inskyn op die stamme van die bome nie, daarom is dit so donker en duister in die woud. Die stamme van die bome simboliseer die siel van die mens en die verwoesters is die werkers van Satan, dus demone. So lank as wat die siel van die mens in duisternis gehul is en God se Lig nie daar kan inskyn nie, kan die werkers van ongeregtigheid onverpoos aangaan met verwoesting in die siel van die mens.

Die digte takke simboliseer sonde en verkeerde dade van die mens wat nie bely word aan Abba Vader en afgesny word nie. Wanneer ons tot ware bekering kom en ons ons sondes vierkantig in die oë kyk om dit aan God te bely, sal Hy ons daarvoor vergewe, en soos ons deur die krag van God die sonde oorkom, sny Hy die takke oop. Die mens wat net met die mond tot bekering kom, maar sy sondes nie laat staan nie, se takke word nie oopgesny nie.

Ek stel my fokus in op die blaredak en let toe op dat die blare regtig baie mooi, diep groen en massief is. Baie blare aan 'n boom is nie 'n goeie ding nie, want dit simboliseer dooie werke – as jy 'n boom sien met mooi groot, groen blare, lyk die boom tog op die oog af baie gesond, maar is daar vrugte tussen die mooi blare teenwoordig? As jy van bo af na so 'n boom kyk, gaan jy ook nie deur die mooi blaredos die boombas kan raaksien wat so verwoes word deur die onheilswerkers nie. Moet jou nie laat flous deur 'n boom met mooi, groen blare wat gesond lyk nie, want hierdie mooi groen blare is net 'n masker sodat die res van die wêreld nie eintlik moet sien wat gaan aan in die dieper wese van die mens nie. Die toestand van die geeshart word dus weggesteek agter die pragtige blaredos. Adam en Eva het hulle geestelike sterfte probeer wegsteek deur groot vyeblare, maar God sien dwarsdeur blare en Hy sien en weet presies wat in die geesmens aangaan. Fariseërs kruip weer weg agter mooi, groen blare van godsdienstige werke, reëls en wette. Hulle vertoon aan die wêreld 'n mooi prentjie van 'n gesonde boom deur al die uiterlike dinge reg te doen, maar wat

gaan in hulle harte aan? Is daar Goddelike vrugte tussen die baie blare? Hulle werke is dooie werke of werke van eie-geregtigheid wat werke sonder vrug is en ons weet wat maak God met 'n boom sonder Goddelike vrugte. Jesus sê in Mattheus 7:

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in U Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk.”

Mattheus 7:21-23 (AFR33/53)

Omdat die blaredak so dig is, kan die Lig van God nie skyn op die boombas (die persoon se sielsdimensie) nie. Takke van sonde tesame met baie blare van dooie werke, keer die Lig van God om nie dieper die mens in te skyn nie. As God se Lig nie in ons wese inskyn nie, kan die duisternis binne ons nie verdwyn nie. 1 Johannes 1:5 sê dat God Lig is en daar waar God teenwoordig is (die Lig) vlug alle duisternis (die bouse). Vir so lank as wat die Lig van God nie deur die digte blaredak kan inskyn nie, vir so lank kan al die verwoesters aangaan met hulle verwoesting in die emosies en denke. Hoe kry ons hulle weg? Wat is die antwoord? Moet ons vir bevryding gaan? Ek glo dat daar sekere gevalle is waar mense regtig beheer word deur demoniese werking, wat eers vir bevryding moet gaan voordat hulle verder hulp kan ontvang, maar nie in alle gevalle nie. Dink gou vir jouself... die mens gaan vir bevryding voordat hy waarlik tot bekering gekom het; hy stap dus nog nie die pad saam met Jesus het. Die verwoesters word met die bevrydingsessie weggejaag uit sy siel, maar gaan hulle wegbly? Onthou net, hulle vlug alleenlik wanneer die Lig van God

permanent in ons inskyn. Omdat hierdie persoon nog nie tot ware bekering gekom het nie, het hy ook nog nie sy sonde aan God bely nie, dus is die sondetakke van die mens nog nie oopgesny nie. As die sondetakke nog nie oopgesny is nie, is die sielsdimensie van die mens nogsteeds in duisternis gehul en onheilswerkers hou van duisternis... hulle sal terugkeer na die duisternis, want Lukas 11:24-26 sê dat wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus; en as hy dit nie vind nie, sê hy: 'Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het'. Hy kom en vind dit uitgevee en versierd; dan gaan hy en neem sewe ander geeste, slegter as hyself, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste... So, dit is Satan se droom dat die mens moet gaan vir bevryding sonder dat die onvrugbare takke oopgesny is, want dan is God se Lig nog nie teenwoordig binne die mens nie en kan Satan sommer nóg demone saamstuur... hoe meer demone in die mens gehuisves is, hoe beter het Satan beheer oor die mens en sy lewe, en hoe meer gaan die mens al Satan se leuens glo wat hy die mensdom voer. Lees of luister ook asseblief die saadjie wat handel oor suurdeegbrode, want hierdie tipe bevrydingskursusse is die einste plekke waar Satan jong gelowige en naïewe mense om die bos lei en aan hulle suurdeegbrood voer. Dit is hier waar hy hulle vasvang in sy strikke en hulle lei op sy pad na die hel. Direk na 'n bevrydingskursus voel die persone baie goed en vry, maar gee tyd... as die demone hulle vesting mooi skoon vind, stroom hulle op strepe terug. Hulle het die reg om terug te keer, want die boomtoppe is nie oopgesny nie, dus is God se Lig nie aanwesig in die persoon nie. Waar die Lig van God nie skyn nie, is duisternis, en waar duisternis is, krioel die werkers van Satan

Om hierdie rede is dit baie gevaarlik om vir bevryding te gaan as jou hart nog nie ten volle aan God behoort nie of as die Lig van God nog nie ten volle in en deur jou skyn nie. Dit voel vir my mense gebruik bevryding (saam met die sny van bloedlynvloeke) as 'n kitsoplossing om beter te voel of dat dit beter met hulle moet

gaan... dan gaan dit mos oor die mens en sy eie behoeftes en glad nie oor liefde vir Abba Vader nie. Al wat verwoesters permanent laat padgee, is die ware Lig van God, want daar waar God se Lig teenwoordig is, vlug die bouse. Ons het dus nie nodig om te gaan vir 'n bevrydingskursus nie, ons het die Woord van God nodig om aan ons ons sondetakke en groot blare uit te wys. Vir die Lig van God om te skyn op ons sielsdimensie, is dit noodsaaklik dat ons eers ontslae raak van al die baie groot blare en takke van sonde en daarvoor moet ons vir God vra om ons sondes aan ons uit te wys sodat ons dit kan erken en aan Hom kan bely. Vir so lank as wat ons aangaan met vals godsdiensterke, sonde en onheilghede, sal ons nooit God se Lig op ons hart of siel ervaar nie, en dan sal ons ook nooit geestelike genesing kan ontvang van die verwoesting wat die bouse aanrig nie. Die werk van die bouse binne ons veroorsaak dat ons humeurig en frustreerd raak, dat ons soveel onvrede beleef, ongelukkigheid, twisgierigheid en ons word sommer net moeilikheid-makerig... al hierdie negatiewe optredes en gevoelens kom uit ons siel, en so lank as wat God se Lig nie skyn op hierdie verwoesters nie, sal ons nie beter kan voel nie. Vir so lank as wat God se Lig nie op ons hart en siel skyn nie, het hierdie verwoesters die volste reg om te knaag aan ons van binne af. Hulle veroorsaak oneindige skade aan die binnekamers van ons siel en hart.

1 Johannes 1 sê dat as ons ons sondes bely, God getrou is en Hy sal ons vergewe vir ons ongeregthede. As ons die keuse maak om ons rug op die sonde te draai en dit te bely aan God, snoei Hy die boomtop oop sodat Sy Lig kan val op die verwoesters van ons lewe. Dit is baie belangrik dat ons die wortel van kwaad uitroei voordat God die tak gaan afknip. Hierdie verwoesters kan die Lig van God nie verdra nie, dit verblind hulle en hulle sal vinnig 'n ander heenkome soek. Die Lig van God ontbloot dus al die werke van die onheilswerkers binne ons.

Die volgende oggend, na Abba Vader die boonste gedeelte vir my verduidelik het, gee Hy vir my Psalm 74. Kyk die mooi bevestiging:

DIE VERWOESTE HEILIGDOM

“Hef u voete op na die ewige puinhope: alles het die vyand in die heiligdom verniel; U teëstanders het binne-in U vergaderplek gebrul; hulle het hul tekens as tekens gestel. Dit lyk soos wanneer iemand BYLE omhoog hef in die DIGTE PLEK BOME, die houtsnywerk daarvan het hulle alles met BYL en HAMERS stukkend geslaan.”

Psalm 74:3-6 (AFR33/53)

Die Boodskap sê: Ons vyand het alles wat ons het, verwoes, ook U woonplek. Die vyand het met die hulp van sy werkers die heiligdom van God verwoes. Hierdie heiligdom is die tempel waarin God wil woon, en ons is die tempel waarin God wil woon, want 1 Korinthiërs 3:16 sê:

“Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?”

1 Korinthiërs 3:16 (AFR33/53)

Om hierdie saadjie op te som: Die Lig van God is ’n noodsaaklikheid wat moet skyn tot binne-in ons siel, maar ons sondes en verkeerdhede is die baie takke en blare wat keer dat God se Lig nie in ons wese kan inskyn nie. Ons moet ons sondes en verkeerdhede waarvan ons bewus is, verwerp uit ons lewe, dit voor God bely sodat Hy ons kan vergewe en dit wegsny uit ons lewens.

Dan kan God se goue, genesende strale binne ons siel inskyn. Om hierdie groot vrugtelose takke te laat afsny, is JOU besluit, jy moet die regte keuse maak en besluit om sekere dinge in jou lewe te laat vaar. Baie keer is dit mense wat ons nog (of dalk weer) moet vergewe. As jy sekere dae vreeslike buie ervaar, soos hartseer, humeurigheid, frustrasies, ensovoorts, is daar dalk klein swart mannetjies wat kap aan jou siel se bas... Jy kan vry kom daarvan. Jesus kan jou vry maak van hierdie seer. Gaan sit by Jesus se voete en praat met Hom, vertel Hom van jou seer soos jy dit aan 'n persoon sal vertel. God sal deurkom vir jou op die regte tyd. Op God se tyd sal Hy jou genees van daardie seer, maar dit gaan moeite en toewyding van jou kant af ook vat. Jy moet tyd maak vir God, vir Sy Woord, om te bid en met Hom te gesels. Soek God in die Woord en jy SAL Hom vind. Hy is die enigste Weg, Waarheid en Lewe. Hy is die enigste Geneesheer wat jou graag van die klein swart mannetjies wil bevry. Hy wag dat jy moet vra daarvoor. Hy wag dat jy jou sondes bely voor Hom... Moenie uitstel nie, dit is absoluut die moeite werd as jy eers vir God gevind het en Hom leer ken vir die liefdevolle en goeie God wat Hy is. Demoniese bevryding alleen is nie die antwoord nie. Jesus is die enigste Weg, Waarheid en Lewe. As ons bewus is van groot, groen, ongoddelike blare, ongoddelike vrugte of selfs vrugtelose, digte takke, moet ons onself verneder voor God sodat Hy ons kan reg snoei, anders staan ons die gevaar dat God ons sal afbrand met vuur. Dit kom maar net weer terug na Matteus 7:19 wat sê dat daar groot probleme wag vir bome wat slegte vrugte dra, want hulle gaan afgekap en in die ewige vuur gegooi word. Kyk ook wat sê Maleagi 4:1,2:

“Die dag kom en hy brand soos n oond. Die wat teen
God in opstand is, almal wat verkeerd doen, sal soos
kaf wees, en hulle sal verbrand word deur die dag
wat kom, sê die Here die Almagtige. Daar sal van
hulle nie 'n wortel of tak oorbly nie. Maar vir julle
wat eerbied het vir my Naam, sal die son van
redding skyn met genesing in Sy strale..”

Maleagi 4:1,2 (AFR33/53)

Hoë bome met droë kerns

“Maar die Here sê vir Samuel: Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan.”

1 Samuel 16:7 AFR33/53

In Daniël 4 het koning Nebukadnesar 'n droom gehad van 'n boom in die middel van die aarde en sy hoogte was groot. Die boom het groot en sterk geword en sy hoogte het tot aan die hemel gereik. Sy blare was mooi en sy vrugte baie, en aan hom was vir alles voedsel; onder hom het die diere van die veld skaduwee gesoek en in sy takke het die voëls van die hemel gewoon. 'n Engel het uit die hemel neergedaal en hardop geroep:

“Kap die boom om en kap sy takke af, trek sy blare af en verstrooi sy vrugte; laat die diere onder hom uit weglug en die voëls uit sy takke... Laat sy hart anders word as die van 'n mens

*en 'n dierehart aan hom gegee word, en laat sewe tydperke oor
hom heengaan.”*

Daniël 4:15,16 (AFR33/53)

Daniël was vir 'n oomblik verstom en sy gedagtes het hom verskrik, maar nogsteeds het hy die droom vir die koning uitgelê: Die hoë, groot en sterk boom wat mooi blare en baie vrugte gedra het, wat 'n woonplek en skuilplek was vir baie diere, was 'n simbool van koning Nebukadnesar. Die boom is die koning wat groot en sterk geword het, maar die koning was gewortel in die grond van die wêreld en nie in God nie. Die vrugte wat hy gedra het, kon nie Goddelike vrugte wees nie, want God sal nie 'n boom wat Goddelike vrugte deur Hom dra, afkap en in die vuur gooi nie; net bome wat ongoddelike vrugte dra. Hy het in homself geglo; hy het homself as 'n god geag en daarom het God 'n profesie oor hom gebring sodat hy na die tydperk van sewe jaar sou erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dat Hy dit gee aan wie hy wil. Daniël het die koning gewaarsku om ag te slaan op die droom en te breek met sy sondes en ongeregtighede, maar na twaalf maande het die koning gesê:

“Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?”

Daniël 4:30 (AFR33/53)

Nadat hy gewaarsku was dat alleenlik God mag het oor die koningskap, het hy homself nogsteeds verhef en aan homself die eer gegee vir sy briljante vermoë om Babel so te kon opbou! Dat 'n mens in soveel hoogmoed en trots jouself kan verheerlik as dit God was wat opgebou het... Terwyl die woorde nog in sy mond was, kom daar 'n stem uit die hemel wat die koningskap van koning

Nebukadneser ontsê. Die woord van God het in vervulling gegaan en hy is uit die mensdom verstoot; hy het plante geëet soos 'n bees en sy hare en naels het lank geword soos die van 'n arend. Na sewe jaar het Nebukadnesar sy oë na die hemel opgeslaan, sy verstand het na hom teruggekeer en hy kon die Allerhoogste loof en prys as Koning. Hy het erken dat God alleenlik die koningskap kan bevestig en dat alles uit Sy hand kom. God het koning Nebukadnesar se koningskap herstel en toe kon hy bely:

“Nou prys ek en roem en eer ek die Koning van die hemel; al Sy werke is waarheid en Sy paaie is reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel.”

Daniël 4:37 (AFR33/53)

“En al die bome van die veld sal weet dat Ek, die Here, die hoë boom verneder, die nederige boom verhoog; die groen boom laat verdroog en die droë boom laat bloei het. Ek, die Here, het dit gesprek en gedoen.”

Esegiël 17:24 (AFR33/53)

Iemand wat gewortel is in die wêreldse grond, kan 'n baie hoë “impressive” boom wees deur alles wat die wêreld hom bied. Hy kan baie groen blare dra en wanneer ons nie Goddelike onderskeidingsvermoë het nie, gaan ons nie 'n wêreldse boom kan onderskei teenoor 'n Goddelike boom nie, want die oog van die mens sien net raak wat aan die buitekant is, maar die Woord sê:

“Moenie kyk hoe hy lyk of hoe groot hy is nie... Dis nie wat 'n mens kan sien wat tel nie. Mense kyk na iemand se buitekant. Ek, die Here, kyk na 'n mens se hart!” 1 Samuel 16:7 (DB)

Dis net mense wat hoë bome belangrik ag, maar God weet wat gaan aan in die kern van die hart... net soos God ook weet wat gaan aan in die kern van my en jou hart. God kyk nie na die buitekant soos die mens nie, want God het oë wat die mens nie het nie en daarom sien God die hart raak. Hy weet wat gaan aan in die kern van elke boom...

Die penwortel van 'n geestelike boom groei vanuit sy hart na die hart van God, dus groei die penwortel uit die kern van die boom wat tog daarop dui dat die kern van die boom lewe. As daar geen lewe in die kern van die boom was nie, sou hy nie 'n wortel kon groei nie, maar die boom wie se geeshart ontwaak het deur die Lig van die Woord wat daarop geskyn het, is in staat om 'n penwortel te groei. Deur die penwortel ontvang hierdie boom nou die Lewe van God. Dit word deur die kern van die boom geabsorbeer en versprei deur die res van die boom. Die kern is dus vogtig van al die liefde, lewende water en bloed van Jesus Christus. Deur Jesus, wat in en deur hierdie boom leef, kan hierdie boom Goddelike vrugte dra. Daarteenoor is die wêreldse, hoë boom in die sonde van die wêreld gewortel. 'n Wêreldse boom se kern is nog dormant, dus kan daar geen wortels uit sy hart groei nie. Die wortels wat hom anker, groei uit sy vlees en is baie oppervlakkige wortels, daarom is wêreldse bome onstandvastig en kan 'n sterk wind hulle maklik omwaai. As daar geen penwortel uit die kern van 'n boom groei nie, beteken dit die kern is dormant; omdat hierdie boom nie die Lewe van God ontvang nie, kan hy ook nie Goddelike vrugte dra nie. Sy kern is droog en daar is geen lewe daarin nie. Jy sal ook sien dat Christene wat nog in die wêreldse sand gewortel is, se geloof baie oppervlakkig is; hulle kan nie die dieper dinge van God verstaan nie. Dit is omdat hulle geestesharte nog in dormansie is en daarom is hulle geestelike oë en ore nog geslote vir die dieper dinge van God. Hulle dink op 'n menslike, oppervlakkige, vleeslike vlak en glo net dit wat menslik verklaar kan word. 1 Korinthiërs 2:14 sê:

“Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie, want dit is vir hom dwaasheid; hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.”

Die groot gevaar van droë-kern-bome is dat God de laaste boom op aarde gaan toets met Vuur, so God toets die kerns van die bome met vuur. Bome wat in Hom gewortel is en wie se kerns vogtig is van die Lewe van God, se kerns sal nie aan die brand slaan soos 'n droë-kern-boom nie. Die boom in God se hart gaan ook nie kan uitbrand nie. Hierdie bome sal net brand soos die brandende bos waardeur God met Moses gepraat het - Die bos het gebrand, maar dit kon nie uitbrand nie. Die vlamme kon gesien word, maar nie die blare of die takke van die boom kon uitbrand en verwoes word nie en net so sal 'n Goddelike boom se takke en blare nie skroei deur die Vuur van God nie omdat die boom deurtrek is van die Liefde van God. Hierdie bome gaan ook nie rook afgee soos 'n gewone vuur nie, maar dit gaan 'n aangename reuk afgee wat God behaag. Die droë-kern-bome, daarenteen, se kerns gaan dadelik aan die brand slaan omdat die Lewe van God nie teenwoordig is in die boom se kern, takke of blare nie. Hierdie bome gaan 'n aaklige stank afgee en hulle gaan totaal uitbrand totdat daar net 'n hopie as op die grond oorbly. Esegïël 20:47-48 bevestig dit:

“So sê die Here my God: Ek gaan jou aan die brand steek. Elke groen boom en elke droë boom in jou gaan verbrand. Die vlamme sal nie geblus word nie, dit sal elke gesig skroei, van die suide van die land af tot in die noorde. Als wat leef, sal sien dat ek, die Here, die vuur aangesteek het. Dit sal nie geblus word nie.”

Esegïël 20:47,48 (AFR83)

Lees asseblief Mattheus 23 oor die Fariseërs... Hierdie hoofstuk is vir ons die perfekte voorbeeld hoe ons nie moet wees nie. Jesus sê ons moet luister na alles wat hulle sê, maar ons moenie doen wat hulle doen nie. Wat hulle sê, en wat hulle doen, is twee verskillende goed. Al wat vir hulle belangrik is, is wat mense van hulle dink en sê. Wat God van hulle dink, is nie vir hulle van belang nie en daarom is hulle nie baie bekommerd oor wat in hulle

harte aan die gang is nie... solank mense net vir hulle hande klap. Hulle is soos iemand wat nie omgee hoe vuil die binnekant van 'n skottel is nie, solank die buitekant, wat die mensoog raaksien, skoon is. Al is daar haat en allerhande lelike goed aan die broei binnekant, gee hulle net om oor dit wat die oog van die mens raaksien. Hulle soek eer van mense, pleks van die eer van God. Hulle is soos die hoë bome met baie blare waardeur die Lig van God nie kan skyn nie. Hulle doen alles in hulle vermoë om mooi te vertoon aan die buitekant. Die dooie werke, dus die baie blare, maak die boom so mooi sodat die mens net die mooi blare raaksien en omdat hulle so baie eer van mense ontvang vir hulle mooi blare, ontstaan hoogmoed, trots en arrogansie in hulle harte wat van hulle hoë bome maak. Die mensoog kan nie tot in die kern van 'n boom sien nie, maar God weet wanneer die kern van 'n boom droog of selfs dood is, en daarom tel baie blare nie vir God nie – baie blare is godsdienstige werke en dit word nie deur God raakgesien nie, maar wel die hart wat die werke voortbring. Fariseërs dra mooi, groot, groen blare van godsdienstige werke, reëls en wette. Hulle prent aan die wêreld 'n mooi prentjie uit van 'n gesonde boom deur al die uiterlike dinge reg te doen, maar wat gaan in hulle harte aan? Dit is alles werke sonder vrug, want hierdie bome is nogsteeds nie in die hart van God gewortel nie, dus is hulle kerns droog en dood.

As jy Esegïel 31 lees, sal jy sien God het 'n boom geplant en dit mooi laat groei, maar trots het ongelukkig die oorhand gekry oor hierdie boom (net soos Nebukadnesar in Daniël 4) en hy het gedink hy is beter as die ander bome. Hy het gedink hy kan sy top in die wolke indruk en daarom het God hierdie boom laat val. Dit kan so maklik met enige een van ons gebeur; ons moet op ons tone bly en elke dag die Gees van God toelaat om ons te ondersoek vir selfs die kleinste sondetjies sodat ons dit aan God kan bely en Hy ons kan skoonwas en reinig voordat daar 'n wortel van trots, hoogmoed of arrogansie in ons harte groei. God is getrou, en as dit ons hartsbegeerte is om skoon en rein voor Hom te lewe en ons Hom te hulp roep, sal Hy ons altyd help! Psalm 86:5 sê:

“U, o Here, is goed en vergewensgesind en groot van goedertierenheid vir almal wat U aanroep.”

Dit is so belangrik dat ons Abba Vader sal vra om ons te help deur die Lig van die Woord wat aan ons wys hoe ons lyk as 'n boom. Is ek en jy gewortel in die hart van Abba Vader waar ons Liefde, bloed en Lewende Water van God ontvang? Is ons 'n pragtige boom met mooi groen blare wat vrot vrugte probeer wegsteek? Of is ons blare op so 'n manier gerangskik sodat die Lig van God tot in ons diepste wese kan inskyn en aan ons elke foutiewelike ding in ons lewe uitwys? Dit is 'n saak tussen jou en Abba Vader. As jy Hom soek vir die regte redes, sal Hy jou nooit teleurstel nie en sal Hy aan jou openbaar hoe jy lyk as 'n boom.

*"Moenie kyk hoe hy lyk of hoe groot hy is
nie... Dis nie wat 'n mens kan sien wat tel nie.*

Mense kyk na iemand se buitekant. Ek, die

Here, kyk na 'n mens se hart!"

1 Samuel 16:7 (DB)

Uitnodiging na die Fees

“Die koninkryk van die hemele is soos ’n koning wat ’n bruilof vir sy seun berei het en sy diensknegte uitgestuur het om die genooies na die bruilof te roep en hulle wou nie kom nie. Weer het hy ander diensknegte uitgestuur met die boodskap: Sê vir die genooies: ‘Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof.’ Maar hulle het hul daaraan nie gesteur nie en weggegaan, een na sy eie stuk land en ’n ander na sy handelsaak. En die origes het sy diensknegte gegryp en mishandel en doodgemaak. Toe die koning dit hoor, het hy kwaad geword en sy manskappe gestuur en daardie moordenaars omgebring en hulle stad aan die brand gestee. Daarop sê hy vir sy diensknegte: ‘Die bruilof is wel gereed, maar die genooies was dit nie werd nie. Gaan dan op die kruispaaie en nooi almal wat julle mag vind, na die bruilof.’ En daardie diensknegte het uitgegaan op die paaie en almal versamel wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies, en die bruilofsaal het vol gaste geword. En toe die koning ingaan om

na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie. En hy sê vir hom: 'Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan?' En hy kon geen woord sê nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: 'Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Want baie is geroep, maar min is uitverkies.'

Mattheus 22:2-14 (DB)

Net soos die koning 'n uitnodiging stuur na die mense om hulle te nooi na die bruilof van sy seun, net so nooi God elkeen van ons ook uit om deel te wees van die bruilof van Sy Seun. God roep elkeen van ons om te kom feesvier saam met Hom, om saam met Hom aan die tafel te kom sit en te ontvang wat Hy aan ons wil gee. Hy rig alreeds uitnodigings aan elkeen van ons en Hy doen dit op verskeie maniere – soms laat gebeur Hy slegte goed in ons lewens wat ons op ons knieë dwing en besef God roep ons; soms stuur Hy iemand na ons met 'n Woord van Hom af, en soms hoor jy sommer net Sy roepstem hier diep in jou hart, maar een ding is verseker: 'n Mens weet en voel duidelik as Abba Vader jou inroep na die feesmaal... en dan is die bal in jou hande en moet jy die keuse maak of jy die bruilof van die Seun van God gaan bywoon of nie... Of is daar nog te veel dinge van die lewe wat jy wil geniet voordat jy na die bruilofsfees gaan? Die ware bruilofsfees waarheen Abba Vader ons nooi, sal wel eers werklik geskied met die voleinding van die wêreld, maar dan moes ons geestelik al by die bruilofsfees opgedaag het. Ons moet nou al gereed maak vir die fees, net soos die tien maagde in Mattheus 25. Vyf van hulle het in gereedheid gewag vir die bruidegom met hulle lampies vol olie, maar vyf

onverstandige maagde het geen olie in hulle lampies oorgehad nie. Hulle moes gou loop om olie te gaan kry en in hierdie tyd het hulle die koms van die bruidegom gemis. Hulle het te laat by die bruilofsfees opgedaag en aan die deur geklop, maar die deurwagter het hulle nie geken nie. Is ek en jy gereed vir die bruilofsfees?

Daar is net een ware Weg wat lei na die bruilofsfees! Alhoewel daar baie ander makliker paaie is wat lei na die bruilofsfees, lei nie alle paaie na die korrekte ingang van die fees nie, want jy sien, daar is net een spesifieke deur waardeur die feesgangers die fees kan binnegaan. Daar is net een ingang en dit is deur Jesus Christus. Jesus is die DEUR na die Feesmaal... Lees Johannes 10:1-21

In Johannes 10 is daar diewe en rowers wat nie deur die korrekte deur (Jesus) van die skaapstal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim. Die dief kan nie deur die deur van die skaapstal binnegaan nie, want God is die deurwagter en net soos God Sy kinders op die naam ken, ken Hy diewe ook op die naam. Daarom moet die diewe op 'n skelm manier die skaapstal binnegaan. Die dief kom net om te steel, te slag en te verwoes en daarom lei hy sommige skape op die verkeerde paaie. Selfs al sien hy die wolf naderkom, laat hy die skape staan en vlug hy; die wolf vang die skape en jaag hulle uitmekaar. Hierdie skape het die dief gevolg as hulle herder wat hulle na die verderf gelei het. Daarom is dit van uiterste belang dat skape die stem van die goeie Herder moet ken. Skape wat nie Sy stem ken nie, kan maklik om die bos gelei word deur die vals herder te volg op verkeerde paaie. Hulle is verleidelike diewe en rowers en hulle maak die pad baie maklik vir die skape om op te beweeg; hulle beloof aan die skape ewigheid, seën en verlossing, en die arme, naïewe skape glo hulle. As hierdie skape net die stem van hulle Herder geken het, sou hulle besef het dat hulle besig is om 'n vals herder te volg.

Sien julle hoekom is dit so belangrik dat ons die stem van ons Herder moet ken - alleenlik Hy lei ons op die regte pad na die bruilofsfees. Hy lei ons ook direk na die korrekte ingang van die

fees en hierdie DEUR is Jesus. Diewe en rowers gaan nie die feesmaal in deur die korrekte DEUR nie, maar hulle probeer ingaan deur skelm plekke... die groot probleem waarmee hulle te doen gaan kry, is dat 'n mens alleenlik by die korrekte DEUR geklee word met die bruielofskleed, so hulle wat deur skelm plekke ingegaan het, het nie die bruielofskleed ontvang nie en daarom sal hulle soos 'n seer oog uitstaan. Alles begin by die Herder wat ons lei en die pad wat ons volg. Die maklike paaie lei na die verkeerde ingange van die bruielofsfees. Daar is net een ware Weg wat gevolg kan word wat lei na die bruielof.

“Die pad wat na God se nuwe wêreld toe lei, is baie moeilik en ook bitter smal. Min mense loop daarop omdat dit groot opofferings vra. Aan die ander kant is die pad wat na die hel toe lei, maklik om op te loop en baie breed. Baie mense loop daarop. Span julle daarom in om op God se smal pad te bly stap.”

Mattheus 7:14 (DB)

Wanneer ons die stem van Jesus ken, sal ons alle ander stemme verwerp en nie daarna luister nie. Ons sal ook sien dat Jesus nie nodig het om deur skelm plekke in die skaapstal in te gaan nie, want die Deurwagter maak vir Hom oop en die skape luister na Sy stem; Hy roep Sy eie skape op hulle naam en lei hulle uit. Wanneer Hy Sy eie skape uitgebring het, loop Hy voor hulle uit. Die skape volg Hom, omdat hulle Sy stem ken. Jesus verduidelik aan die skare wat luister, dat Hy die deur van die skape is. Hy sê:

“Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.... Ek het gekom dat julle lewe en oorvloed kan hê. Ek is die goeie Herder.

Die goeie Herder lê Sy lewe af vir die skape. Ek is die goeie Herder, Ek ken My eie en word deur My eie geken.”

Johannes 10:9,11,14 (AFR33/53)

Daar is dus net een manier om by die bruilofsfees te kan ingaan, en dit is deur Jesus Christus. Alleenlik deur Hom ontvang ons verlossing en redding, op geen ander manier nie. Wanneer ons deur Hom beweeg, ontvang ons ook die bruilofskleed wat ons toegang verleen tot die fees. Die makliker paaie wat lei na die fees, is dwaalleringe wat hulle afkoms van die vyand het en wat verlossing vir die mens baie maklik maak. Hulle beweeg nie deur Jesus nie en ontvang dus nie die ware verlossing, redding en ewige lewe nie. Een van die maklikste paaie, wat ook seker die breedste pad is, is een wat die meeste van ons gevolg het: Ons word van kleins af geleer dat Jesus gesterf het vir ons sondes en daarom is al ons sondes vergewe. Ons word groot met die “mindset” dat ons sondes alreeds vergewe is, maak nie saak wat ons doen en hoe ons lewe nie, want ons is mos al klaar vergewe. So lank ons elke Sondag kerk toe gaan en met die mond bely om ’n Christen te wees, is ons gered. Ek is ook so grootgemaak en het ook op hierdie manier geglo, maar toe ek waarlik tot bekering gekom het en die werking van Abba Vader in my lewe kon voel, het ek besef ek het ’n leuen geglo. Dit is baie maklike verlossing en hierdie pad lei na die verkeerde ingang van die fees. Die mense wat hierdie roete volg, beweeg dus nie deur die DEUR van die feessaal nie, hulle ontvang nie die bruilofskleed nie en hulle gaan soos ’n seer oog uitstaan by die fees. Dit is omdat hulle nie die ware Weg gevolg het na die Bruilof toe nie, maar makliker paaie gekies het wat hulle op ontoelaatbare plekke die fees laat binnegaan het. Die probleem hoekom so baie mense die makliker, breë paaie volg wat lei na die bruilofsfees, is die vals motief van die hart van die mens. Die meeste mense wil graag die fees bywoon en wil graag die bruid van

Jesus wees, maar vra jouself die vraag waarom jy deel wil wees van die bruilofsfees? Is dit om seker te maak jy ontvang die ewige lewe en spring die hel vry? Dink jy dalk aan die voordele wat die bruilofsfees vir jou kan inhou? Maak nie saak wat ons rede is nie, maar as ons hooffokus nie draai om liefde vir Jesus nie, is ons motief vals en sal dit nie ongesiens verbygaan nie. As ons lewe en ons bestaan nie draai om God te behaag nie, het ons êrens 'n verwronge motief wat ons moeilikheid kan besorg. Terwyl ons op die ware Weg saam met Jesus wandel oppad na die bruilofsfees, gaan daar baie toetse en beproewinge oor ons pad kom. God toets op hierdie manier die motief van ons hart, want mense wat vir 'n geseënde lewe of vir hul eie voordele die fees wil bywoon, sal nie die toetse van God kan deurstaan nie. Dit is op hierdie pad waar God die ware bekeerdes van die vals bekeerdes skei van mekaar.

Mag ek en jy die roepstem van Abba Vader hoor en agslaan op Sy uitnodiging na die bruilofsfees van Sy kosbare Seun.

*“Toe sê hy vir my: Skryf - ‘Salig is die
wat genooi is na die bruilofmaal van die
Lam.’” Openbaring 19:9*

*Signed, sealed and
saved*

“...Mark me with your sign of love...”

Psalm 25:7 (MSG)

Onder gebed wys Abba Vader my 'n groot vertrek wat my laat dink aan 'n groot kantoor en in die middel van die vertrek staan 'n baie groot, ou, houtlessenaar. Teen die muur hang 'n groot, ronde houthorlosie. Ek hoor hoe tik-tik die sekondes af. Ek let op na die tyd en dis amper 12-uur. Iemand sit agter die lessenaar, en voor Hom op die lessenaar lê stapels en stapels papiere, asook 'n groot massiewe stempel. Hy neem 'n stapel papiere en ondersoek papier vir papier en soos ek trane beleef wat van Sy wange afrol, word sommige papiere gestempel... en ander nie. Die groot ronde stempel interesseer my en ek rek oor die lessenaar om te sien watse merk die stempel op die papiere laat - dit laat 'n groot rooi kol -

soos 'n bloedkol. Ek snak na my asem toe ek besef hierdie stempel is 'n stempel of seël van die bloed van Jesus Christus, en dan hoor ek Abba Vader helder en duidelik sê:

“Signed, sealed and saved”

Ek kyk weer na die stapels papiere wat sorteer word - diegene wat 'n seël van God ontvang, word eenkant geplaas en diegene wat nie geseël word nie, word aan die anderkant geplaas - daar is hope van hulle! Ek probeer fokus om te sien wat die verskil is tussen diegene wat wel 'n seël ontvang en diegene wat nie die seël van God ontvang nie... Elke papier of dokument word aan 'n sekere persoon gerig, want daar staan 'n naam op elke dokument en alhoewel ek nie presies kan sien wat op die dokument geskryf staan nie, kan ek wel sien dat elke dokument deur die betrokke persoon onderteken moet word. Diegene wat hul dokumente onderteken het, ontvang die seël of stempel van God en word eenkant geplaas. Dan is daar 'n hoop dokumente wat nie deur die betrokke persone onderteken is nie, dus ontvang hierdie dokumente nie die seël van God nie. Tot my verbasing is daar ook 'n derde hoop dokumente wat wel onderteken is, maar hulle ontvang ook nie die seël van God nie en hulle word ook eenkant op 'n hoop geplaas. Abba Vader gee vir my Efesiërs 1 om te gaan lees, wat 'n wonderlike bevestiging:

“It’s in Christ that you, once you heard the truth and believed it, found yourselves home free - SIGNED, SEALED, AND DELIVERED by the Holy Spirit. This signet from God is the first installment on what’s coming, a reminder that we’ll get everything God has planned for us, a praising and glorious life.”

Ephesians 1:13,14 (MSG)

Hierdie dokument wat ons moet onderteken, is die uitnodiging na die bruilof van God se Seun wat Hy aan elkeen van ons stuur. Hy roep elkeen van ons om die bruid van Jesus te wees:

“So, friends, confirm God’s INVITATION to you, His choice of you. Don’t put it off; do it now. Do this, and you’ll have your life on a firm footing, the streets paved and the way wide open into the eternal kingdom of our Master and Savior, Jesus Christ.”

2 Peter 1:10-11 (MSG)

Daar is mense wat die keuse prontuit en maklik maak om nie die bruilof by te woon nie, maar wat eerder wil aangaan met die dinge in hul eie lewe en die wêreld. Hulle steur hul glad nie aan die uitnodiging van God nie en dink nie eers daaraan om die uitnodiging te onderteken nie. Hulle kies om aan te gaan met hulle wêreldse lewe en om nie die wil van God te leef nie. Hierdie ongetekende en ongestempelde papiere word op een hoop geplaas om weggegooi te word.

Dan is daar nog ’n stapel papiere wat deur mense onderteken is, maar tot my verbasing word hierdie dokumente nie gestempel met die seël van God nie. Die dokument word ondersoek en sonder om dit te stempel, word die dokument saam met ander ongestempeldes op ’n hoop geplaas. Hulle het die uitnodiging na die Bruilof onderteken, maar ontvang nie die stempel van God nie. Ek verstaan nie... en dan verduidelik Abba Vader dat Hy die motief van elke mens se hart ken. Hierdie hoop uitnodigings is onderteken deur mense wat met ’n sekere motief in die agterkop die uitnodiging aanvaar - hulle dink dalk die fees kan vir hulle baie voordele inhou; hulle dink dat hulle ’n lewe van seën kan hê wanneer hulle die uitnodiging onderteken, dat dit met hulle goed sal gaan... en met hierdie vals motief in die agterkop, onderteken hulle die

uitnodiging. Hulle ondersoek en lees nie die uitnodiging noukeurig deur nie, maar onderteken dit haastig sodat hulle kan aangaan met hulle wêreldse genietinge. Hulle noem hulleself Christene; hulle sê hulle is bekeer en weergebore; hulle glo hulle is gered, maar nogsteeds is hulle vasgevang in die wêreld en geniet hulle dit om deel van die wêreld en sy dinge te wees.

Die mens kan dalk die res van die mensdom bluf, maar niemand kan vir God bluf nie. Hy ken elke mens se hart en Hy weet presies hoekom elke mens die uitnodiging onderteken. God weet wie die mense is wat nog nie met hulle volle hart Sy wil volg nie omdat die wêreldse lewe vir hulle nog te lekker is. Hulle wil met een voet by die fees en die ander voet in die wêreld staan. Hulle aanvaar nie die uitnodiging na die bruilof uit liefde vir Jesus nie, maar om persoonlike welvaart, alles draai weereens om die self...

As jy weer kyk na die Skrif in Mattheus 22, was daar sekere mense by die bruilofsfees wat nie korrek geklee was nie en daarom was hulle nie welkom by die fees nie. Dit is die mense wat deur die vyand mislei was; hulle het nie die stem van die ware Herder geken nie en het die verkeerde herder gevolg wat hulle gelei het om deur skelm plekke die fees te betree. Ons het gesien daar is net een ingang en dit is deur Jesus Christus. Hierdie groep mense beweeg nie deur die DEUR (wat Jesus is) nie, maar hulle klim deur vensters en ontoelaatbare plekke. Hulle het die vyand se maklike, breë paaie gevolg wat lei na verbode ingange; hulle het nie die smal pad saam met Jesus gevolg nie. Dit is die mense wat die fees wil bywoon vir eie gewin of dat hulle nie in die hel moet beland nie. Hulle het die uitnodiging met vals motiewe onderteken; dit het nooit vir hulle oor Jesus gegaan nie, maar oor die self. Dit is diegene wat hulleself in die wêreld sien "wenners"; hulle beskou hulleself as 'n oorwinnaar met 'n goue kroon, maar al die tyd soek hulle net die beste vir hulleself. God ken die motief van elkeen se hart en daarom is hulle uitnodiging nie gestempel met die bloed van Jesus nie. Omdat hulle die maklike pad gevolg het, het hulle

nie deur die korrekte ingang ingegaan nie en daarom het hulle ook nie die bruielofsgewaad ontvang nie en sal hulle soos 'n seer oog uitstaan by die bruielofsfees. Ons het in Mattheus 22 gesien wat gebeur met diegene wat nie korrek geklee is nie...

Dan is daar nog 'n groep uitnodigings wat opmekaar geplaas word en hierdie uitnodigings is onderteken, sowel as gestempel. Hierdie mense aanvaar die uitnodiging na die bruielof van God se Seun, nie uit 'n oogpunt van persoonlike welvaart nie, maar uit diepe respek en liefde vir Jesus Christus. Hulle maak die keuse om Jesus met alles in hulle te volg en om Sy voorbeeld te volg. Omdat Abba Vader weet hierdie mense se harte is opreg in hulle keuse sonder enige bymotiewe om die lewe vir hulleself lekkerder te maak, word hulle uitnodigings op 'n sekere tyd gestempel met die bloed van die Lam.

“...in wie julle ook, nadat julle die Woord van die Waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte...”

Efesiërs 1:13 (AFR33/53)

Psalm 25:7 in The Message sê dit so mooi:

“...mark me with your sign of love...”

Psalm 27:7 (MSG)

Is ek en jy bereid om ons harte en ons lewens aan God te offer? Want dit is wat ons doen wanneer ons die uitnodiging onderteken met 'n opregte hart; dan is ons waarlik bereid om ons totale lewe

en hart in die hand van God te plaas, en om God toe te laat om Sy wil te laat geskied in ons lewens. Maar diegene wat die uitnodiging onderteken met vals motiewe, sal nie bereid wees om hulle harte en lewens te oorhandig in die hande van Abba Vader nie. Hulle wil gered wees, maar op hulle eie terme.

Waar pas ek en jy in hierdie prentjie in? Het jy al die keuse gemaak om die bruilof van die Seun van God by te woon? Het jy al jou uitnodiging onderteken? As jy het, wat was jou rede of die motief van jou hart dat jy die uitnodiging onderteken het? Ek dink elkeen van ons kan in afsondering voor die voete van Abba Vader hierdie vrae vir onself gaan uitwerk...

"It's in Christ that you, once you heard the truth and believed it, found yourselves home free - signed, sealed and delivered by the Holy Spirit. This signet from God is the first installment on what's coming, a reminder that we'll get everything God has planned for us, a praising and glorious life." Ephesians 1:13,14 (MSG)

Bekering

“Maar selfs nou nog, spreek die Here, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweene en rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil; wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy ’n seën sal agterlaat — ’n spysoffer en ’n drankoffer aan die Here julle God.

Joël 2:12-14 (AFR33/53)

In Handeling 2 wou die skare mense weet wat hulle moes doen om deel te hê aan die Koninkryk van God, met ander woorde, hulle wou weet wat hulle moes doen om die bruilof van die Seun van God by te woon. Petrus antwoord hulle in vers 38:

“Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.”

Petrus het die mense geleer dat hulle tot bekering moet kom en gedoop moet word. Bekering begin by 'n keuse. Dit is 'n keuse wat ons maak om ons rug op ons ou lewenswyse, die wêreld en sonde te draai en Jesus te volg op die een ware Weg. Dit is 'n keuse wat ons maak of ons WIL breek met ons lewenswyse en ons sondes, en wanneer ons die keuse maak met die regte motief in die hart, maak ons die keuse om die uitnodiging na die bruilofsfees te onderteken of nie. Joël 2 (die Skrif is aan die begin van die saadjie) sê om tot bekering te kom, beteken ons moet ons manier van lewe totaal verander en terugdraai na God. Ons moet ware berou hê oor ons sondes en oor die mens wat ons is of was. Dit is belangrik dat hierdie berou uit ons harte sal kom en dat ons nie net volgelinge van mense is en met die mond sê ons het berou omdat dit die "regte" ding in die oë van die wêreld of kerk is nie. Dit help nie ons wil ons klere skeur en as op ons koppe gooi as teken dat ons berou toon nie, want dit is net van buite, maar ware berou kom uit die hart - die hart moet geskeur word. As ons berou opreg is, sal ons uit die diepte van ons hart regtig sleg voel oor ons verlede en sal ons regtig WIL verander. Daar sal 'n begeerte in ons hart wees om te sterf aan die self. Daarteenoor het mense met vals berou eintlik geen begeerte om te verander nie. Hulle wil tot bekering kom om Jesus te volg ten voordeel van hulleself en hulle eie lewe (en dalk om die ewige lewe te bekom), maar hulle is nie bereid om hulle ou lewe agter te laat en hulle hart en lewe aan God te offer nie. Hulle onderteken die uitnodiging na die bruilofsfees, maar sonder ware berou... As daar nie ware berou is nie, is dit ook nie ware bekering nie. Dit is die uitnodigings wat onderteken is, maar nie gestempel word nie.

As jy Mattheus 3 lees, sal jy sien Johannes sê dat ons vrugte van bekering moet dra. Mense het na hom toe gestroom waar hulle hulle sondes bely en dan gedoop is deur hom. Johannes vermaan die mense om hulle lewens radikaal te verander, want God se nuwe wêreld is op hande - BEKERING GAAN GEPAARD MET

VERANDERING. Daar het ook baie Fariseërs en Sadduseërs na hom gegaan om gedoop te word, maar hy het vir hulle gesê:

“Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? Dra dan vrugte wat by die bekering pas.”

Mattheus 3:7 (AFR33/53)

Johannes verduidelik aan die mense dat hulle eers tot bekering moet kom voordat hy hulle doop. Hulle moet eers vrugte van bekering dra, met ander woorde, bekering moet in die lewe van die mens gesien kan word. Die Fariseërs en Sadduseërs het nie waarlik tot bekering gekom nie, maar wou gedoop word om veilig te speel. Net soos in die tyd van Johannes, is dit in vandag se tyd... Daar is mense wat uit die hart tot bekering kom en wat waaragtige sondebelydenis toon, wat regtig hulle ou lewe wil agterlaat en wat dit uit hulle hart bedoel as hulle vir God vra om hulle te verander. Daarteenoor is daar mense wat net met die mond tot bekering kom om veilig te speel, om die ewige lewe te bekom of om nie in die hel te beland nie. Hulle het nie ware en opregte sondebelydenis uit hulle harte nie, maar nogsteeds stroom hulle ook na die doopwater... sonder vrugte van bekering. Hulle is nie regtig bereid om hulle ou lewe agter te laat nie en hulle gaan ook nie maklik saamwerk sodat God hulle verander nie. Hulle wil graag die bruilofsfees bywoon, maar om die verkeerde redes. Gaan hulle toegelaat word by die bruilofsfees, dus in die Koninkryk van God? Word hulle uitnodigings gestempel? Dit bring my by dit wat Jesus geleer het...

Jesus onderrig Nikodémus aangaande die wedergeboorte.

“Daar was ’n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, ’n owerste van die Jode. Hy het in die nag na Jesus

gekom en vir Hom gesê: 'Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie.' Jesus antwoord en sê vir hom: 'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.' Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? Jesus antwoord: 'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.'

Johannes 3:1-8 (AFR33/53)

Jesus leer die mense dat daar net een manier is om die Koninkryk van God binne te gaan en dit is deur wedergeboorte. Is bekering en wedergeboorte dieselfde? Glad nie! Bekering begin by 'n keuse en is dan 'n proses waar ons kies om die pad saam met Jesus te stap sodat Hy ons kan reinig en sodat ons tot wedergeboorte kan kom. Ons gaan dus eers die pad van bekering moet stap voordat ons tot wedergeboorte kom, want wedergeboorte is 'n totale afsterwe van die natuurlike, vleeslike mens en die geboorte van 'n nuwe geesmens. Die punt is, dit is 'n moeilike pad om te stap na wedergeboorte en op hierdie pad gaan Abba Vader die toestand van ons harte toets. Hy gaan toets of die motief van ons hart opreg of vals was toe ons die uitnodiging na die bruilofsfees onderteken het,

en volgens die bevinding van God, sal ons gestempel word met die Gees van God... of nie. God gaan ons toets of ons met die mond tot bekering gekom het, en of ons met die hart tot bekering gekom het. Alleenlik hulle wat met die hart tot bekering gekom het, sal gestempel word met die Gees van God.

Om die stempel van God op ons hart te ontvang, is dit nodig dat ons hart in die hand van Abba Vader moet wees en dit beteken ons moet ons hart offer aan God. Daar is baie mense wat beweer om bekeer te wees, maar nie bereid is om hulle lewe en harte aan God te offer nie. Hulle wil nog hulle eie wil volg en nie hulle wil oorhandig in die hand van Abba Vader nie. Vals bekeerlinge kom alleenlik met die mond tot bekering; hulle hart is nie deel van die proses nie, en as hulle hart nie deel is van die proses nie, hoe kan daar iets in hulle geeshart gebeur? Om jou te laat doop, is ook nie die antwoord om gestempel te word met die Gees van God nie, want daar is geen magiese werking aan die doopwater wat dit in staat stel om vir iemand die merk of die Gees van God te gee nie. Daarom glo ek nie dat elke persoon wat met water gedoop word, die Heilige Gees ontvang nie. Ons kan nie God en Sy werke in 'n boksie plaas nie, want God kan Sy Gees aan 'n mens skenk nog voor ons met water gedoop is, of eers 'n ruk nadat ons met water gedoop is, maar God skenk Sy Gees aan die mens op Sy tyd - wanneer Hy weet die tyd is reg vir die mens om Sy Gees te ontvang! God het immers nie die doopwater nodig om 'n mens te vul met Sy Gees nie. Hierdeur sê ek nie dit is verkeerd om gedoop te word nie, want ek glo dat ons gedoop moet word wanneer ons die keuse gemaak het om ons ou lewe agter te laat. Tesame met die doop, moet ons ons harte in die hand van Abba Vader plaas.

“...Gee julle hele lewe aan Hom. Julle moet lewende offers in God se Hand wees. 'n Lewe wat voltyd afgesonder is vir Hom is presies waaroor godsdiens gaan. Moenie tuis raak in hierdie wêreld met al sy boosheid nie. Nee, laat God julle van binne af

nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan weet wat Hy van julle verwag. Dan sal julle ook weet wat Sy wil is en hoe julle julle hele lewe elke dag aan Hom moet oorgee.”

Romeine 12:1-2: (DB)

Die mense van die Ou Testament het 'n dier geoffer vir die versoening van hulle sondes, maar dit kon nie aan hulle verlossing bied nie, want dit kon nie hulle manier van dink en doen verander nie. (Net so kan die doop op sy eie nie aan ons verlossing bied nie, want die doopwater kan nie ons harte of ons manier van dink en doen verander nie.) Jaar na jaar het hulle 'n onskuldige dier geoffer, maar die offer van die dier en die bloed van die dier, kon nie die mense se harte verander sodat hulle meer gehoorsaam aan Abba Vader kon wees nie. Abba Vader sê deur die mond van Samuel:

“Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffers, om te luister beter as die vet van ramme.”

1 Samuel 15:22 (AFR33/53)

Wat God van die mens wil hê, is gehoorsaamheid. Daarom het Hy die onskuldigste Lam gestuur om te sterf vir Sy kinders se sondes - sodat Sy Gees vrygestel kon word om die kinders van God tot Helper te wees om hulle sondes raak te sien (deur die Lig van die Woord) en dit aan God te bely. Dan word die mens se sondes afgewas met die bloed van die Lam. Deur die Gees van God word die mens in staat gestel om voor God sy sondes te bely en vergifnis te ontvang; ons kan ook sê dit is die Gees van God wat ons help

om gehoorsaam te wees aan God. Sonder die Gees van God kan ons God nooit behaag nie.

Opgesom, dit is baie maklik vir ons om te sê ons het tot bekering gekom, maar wat sê ons lewe? Wat sê ons daad? Dra ons vrugte van bekering? Om tot bekering te kom, beteken ons het die uitnodiging na die bruilofsfees onderteken, maar dis nie te sê die uitnodiging is gestempel met die bloed van die Lam nie. Alleenlik die ware bekeerdes, hulle wat bereid is om hulle lewe en harte aan God te offer, se harte sal gestempel word met die merk van God. Ware bekering loop hand aan hand met 'n terugblik op die mens wat ons is; om ons foute, sonde en tekortkominge te kan raaksien en neer te val voor die voete van Abba Vader... om ons sondes aan Hom te bely en Hom te smeek vir vergifnis. Ons kan tot vals bekering kom deur met die mond te getuig om in Jesus te glo, maar ware bekering gaan altyd gepaard met ware berou uit die hart; om waarlik baie sleg te voel oor die mens wat ons is en om 'n begeerte te hê om te verander. Ons moet net onthou ons kan nie onself verander nie, maar God sal met ons hart begin werk as ons bereid is om dit in Sy wonderbare hande te plaas; Hy sal ons mettertyd verander om die beeld van Sy Seun uit te straal.

Volgeling van Jesus

“My vertrouwe in die Here is nie afhanklik daarvan dat dit met my goed gaan nie. Al dra die vyeboom nie vye nie en is daar nie druiwe aan die wingerd nie; al mishuk die olyfoes en lewer die landerye geen oes op nie; of al vrek die skape en die beeskrale is leeg, sal ek die Here met n hart vol blydschap dien.”

Habakuk 3:17 (DB)

As jy Johannes 6 lees, sal jy sien 'n groot skare mense het Jesus opgesoek en Hom gevolg omdat hulle gehoor en gesien het hoe Hy siekes genees. Jesus het die honger mense jammer gekry en aan hulle wonderbrood en vis gegee. Daardie dag en nag het die woord baie vinnig versprei tussen die mense in die dorpie oor die Man van Nasaret wat aan hulle brood en vis gegee het en die volgende dag is die skare mense nog groter en begin hulle al vroegdag na Jesus soek - nog meer siek mense wat hoop op genesing, nog meer fisies honger mense wat kos soek... miskien kan Hy weer aan hulle brood gee om hierdie dag se honger te stil... miskien kan Hy hulle vandag genees... Toe Jesus sien die skare

volgeling is nog groter as die vorige dag, vra Hy hulle reguit hoekom hulle Hom volg? Hy weet hulle volg Hom nie oor wie Hy is nie, maar vir wat Hy vir hulle kan gee en doen, en daarom gee Hy daardie betrokke dag nie aan hulle wonderbrood nie, maar bied Hy Homself aan hulle as die Brood van die Lewe waarop hulle moet voed en waarin hulle moet glo...en wat het gebeur? Omtrent die hele skare mense het hulle rug op Hom gedraai en weggeloop. Skielik het Jesus nie meer so baie volgelingen gehad nie.

“Waarom doen julle al die moeite om My so te volg? Dit is definitief nie omdat julle God in My daade raakgesien het nie. Nee, julle doen dit maar net omdat Ek vir julle kos gegee en julle lekker geëet het.”

Johannes 6:26 (DB)

“You’ve come looking for Me not because you saw God in My actions but because I fed you, filled your stomachs - and for free.”

John 6:26 (MSG)

Dit is vir my baie hartseer om so daaroor te dink: Jesus is die Woord, Hy is die Brood wat uit die hemel neergedaal het aarde toe. God het Sy Seun direk uit die hemel gestuur sodat die mense aan Hom kon raak, Hom fisies kon sien, Hom fisies kon hoor... wat ’n massiewe groot voorreg het hulle nie gehad nie, maar al wanneer hulle egter bereid was om Jesus te volg, was wanneer Jesus bereid was om in hulle behoeftes te voorsien. Hulle wou nie in Hom glo as die Brood van die Lewe nie en hulle wou nie glo dat hulle moes voed op Hom nie. Nee, hulle wou net Sy wondertekens beleef as dit vir hulle iets sou beteken - as dit hulle kon genees of as dit hulle

fisiese hongerte kon voed. Hulle het Jesus net gevolg vir wat hulle daaruit kon kry... 'n spul vals volgeling.

Enige iemand kan Jesus volg, want enige iemand kan met die mond bely om 'n bekeerde volgeling van Jesus te wees. Net so maklik kan enige iemand die keuse maak om die uitnodiging na die bruilof te onderteken, maar wat is die mens se onderliggende motief? In Jesus se tyd het die skare volgeling van Jesus in 'n oogwink gegroei tot 'n massiewe skare van 'n paar duisend mense. Is dit omdat hulle in Hom geglo het? Nee, dis omdat hulle deel wou hê aan Sy wonderwerke. Die oomblik toe Hy nie wonderwerke doen nie, maar vir hulle verduidelik dat hulle in Hom moet glo, het die skare van 'n paar duisend volgeling gekrimp tot 'n skrale twaalf ware volgeling.

Hoeveel volgeling het Jesus vandag? Mense wat met die mond bely om te glo in Jesus Christus omdat hulle so geleer en so grootgemaak is; mense wat hoop dat daar in hulle fisiese behoeftes voorsien kan word; wat dalk in hulle finansies, huwelike, siekte of watter deel van hulle lewe ookal hulp nodig het en dan skielik 'n volgeling van Jesus word, in die hoop dat Hy in hulle fisiese behoeftes sal voorsien. Wat as Jesus van hulle vra om eers hulle rug op die wêreld en sonde te draai, op Hom te voed en hulle totale lewe in Sy hand te plaas? Hoeveel ware volgeling van Jesus gaan dan agterbly? Ook 'n handjie vol?

Daar is in vandag se tyd ook baie volgeling wat geen ware liefde vir Jesus het nie, maar Hom volg vir die verkeerde redes. Dit is diegene wat die uitnodiging na die bruilof onderteken met die oog op hulle eie welvaart. Hulle oog en fokus is nie op Jesus nie, maar op hulle eie behoeftes en begeertes; hulle steur hulle nie aan dit wat God van hulle vra nie. Hulle probeer Jesus afbring en Hom een maak met die self, pleks van om een met Hom te word. Ons moet eerstens in die hart van Abba Vader ingroei en nie Hy in ons in nie. Wanneer ons in Hom ingroei, sal Hy ook in ons ingroei. Ons moet met Abba Vader en Sy planne saamsmelt, Hy moenie met ons

en ons planne saamsmelt nie. Dit is so belangrik dat elkeen van ons selfondersoek doen voor die voete van Jesus en mooi besin oor die redes hoekom ons Jesus volg en hoekom ons die bruilofsfees wil bywoon...

Jesus het die skare volgelinge se geloof in Hom getoets deurdat Hy die volgende dag nie aan hulle kos voorsien of hulle genees het nie en wat het gebeur? Hulle het omgedraai en weggegaan! As Jesus nie in hulle fisiese behoeftes wou voorsien nie, wou hulle Hom ook nie verder volg nie, dus het hulle net met die mond geglo. Hy is die Seun van God vir die voordele wat hulle daaruit kon kry. Dit is verskriklik! Het hierdie mense waarlik in Jesus geglo? Geensins! Het hulle Hom gevolg vir die ware Koning wat Hy is? Glad nie! Het hulle Hom gevolg uit liefde vir Hom of uit liefde vir hulleself? G'n wonder Jesus sê geen mens kan die Koninkryk van God binnegaan as hy nie eers gesterf het aan homself nie.

As God vandag of vir 'n bepaalde tyd jou geloof toets en nie in jou fisiese behoeftes voorsien nie, gaan jy Hom nogsteeds sien as goed? Gaan jy nogsteeds in Jesus glo en Hom volg? Gaan jy nogsteeds die bruilofsfees wil bywoon? Of gaan jy maak soos die skare mense in Johannes 6 en jou rug op Hom draai en 'n beter heenkome soek? Gaan jy nogsteeds kan sê:

“My vertroue in die Here is nie afhanklik daarvan dat dit met my goed gaan nie. Al dra die vyeboom nie vye nie en is daar nie druiwe aan die wingerd nie; al misluk die olyfoes en lewer die landerye geen oes op nie; of al vrek die skape en die beeskrale is leeg, sal ek die Here met n hart vol blydskap dien.”

Habakuk 3:17 (DB)

Wanneer die mens met die mond bely om in Jesus te glo en Hom te volg, het hy die uitnodiging na die bruilof onderteken, maar die uitnodiging is nog nie gestempel met die Gees van God nie, want daar is eers 'n pad van geloof en heiligmaking om te stap saam met Jesus voordat God ons uitnodiging stempel. Diegene wat net met die mond bely om in Jesus te glo, sal nie die pad kan volhou nie, want hulle sal nie die toetse kan deurstaan nie. Alleenlik hulle wat met die hart in Jesus glo, sal Hom enduit kan volg en alleenlik hulle uitnodigings word gestempel met die Gees van God. Hulle is die ware volgelinge van Jesus wat Hom nie volg net om wondertekens te sien en te beleef nie, maar omdat hulle in Hom glo. Hulle volg Hom nie met bouse bymotiewe of om te sien hoe voorspoedig dit met hulle kan gaan nie. Hulle volg Jesus uit liefde vir Hom!

Mense wat dink hulle gaan Jesus volg vir voorspoed, maak 'n groot fout, want Jesus sê in Mattheus 16:24-28 dat dit glad nie so maklik is om 'n ware volgelinge van Hom te wees nie. As mense Hom waarlik wil volg, moet hulle hele lewe daarvan getuig en nie net 'n gedeelte van hulle lewe nie, met ander woorde, nie net Sondae wat ons in die kerk sit nie; nie net daardie kort tydies van die dag wat ons gou Bybel lees om ons gewete te sus nie... Ons moet bereid wees om ons hele lewe vir Abba Vader te gee. Dit beteken om die voorbeeld van Jesus te volg en jou kruis te dra na die plek van teregstelling. Dit beteken ons moet die spykers van die kruis uit ons sak uithaal en dit gebruik waarvoor dit aan ons gegee is. Iemand wat net vir homself wil lewe of vir Jesus wil volg vir sy eie gewin, sal sy lewe verloor en in die doderyk beland.

“Toe sê Jesus vir Sy dissipels: ‘As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind’.”

Mattheus 16:24,25 (AFR33/53)

Lees Lukas 14:25-35 (ek haal 'n gedeelte aan uit die Boodskap)

*Dit kos 'n hoë prys om 'n volgeling van Jesus te wees
“Jesus was teen daardie tyd so bekend dat 'n groot skare
agter Hom aangestap het. Op 'n dag het Hy vir hulle almal gesê:
‘Dink julle regtig dat dit so maklik is om een van My volgelinge te
wees? Wel, kom Ek sê reguit vir julle, as jy meer omgee vir jou
ouers of vir jou vrou of jou kinders of vir enigiemand anders,
moet jy nie eens probeer om agter My aan te kom nie. As jy My
wil volg, moet jy alles wat vir jou baie belangrik is, laat staan.
Stel dit tweede. So nie, bly dan weg! Ek moet die belangrikste
van alles in jou lewe wees. En dit is baie moeilik. Ja, dis so
moeilik soos om jou eie doodsvonnis te onderteken. Om My te
volg, moet jy maak soos iemand wat die doodsvonnis opgelê is:
Jy moet jou kruis optel en agter My aanstap. As jy nie daarvoor
kans sien nie, bly liever weg.”*

Lukas 14:25-27 (DB)

Jesus sê in Lukas 14 ons moet mooi dink voordat ons die keuse maak om Hom te volg, met ander woorde, ons moet mooi dink voor ons die uitnodiging na die bruilofsfees onderteken, want die regte pad na die bruilof is nie altyd so maklik nie. Ons moet regtig eers mooi dink of ons waarlik kans sien vir alles wat voorlê, want alles wat die mense aan Jesus gedoen het, sal hulle aan ons ook doen. Moenie dink dis 'n maklike pad waar jy deur almal aanvaar gaan word nie. Dan het jy die verkeerde persepsie oor die Weg van God. Lees asseblief Mattheus 10:16-42 waar Jesus Sy dissipels waarsku, want dit tel vir ons ook...

Net een ware Weg

“Jesus antwoord: Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.”

Johannes 14:6 (AFR33/53)

Daar is net een pad wat lei na die bruilofsfees van Jesus; dit is 'n baie smal paadjie en min mense vind en volg Jesus op hierdie pad, want hierdie pad is in afsondering hand aan hand met Jesus en ons weet hoe voel die wêreld oor afsondering...

“Die Pad wat na God se nuwe wêreld toe lei, is baie moeilik en ook bitter smal. Min mense loop daarop omdat dit groot opofferings vra. Aan die ander kant is die pad wat na die hel toe lei, maklik om op te loop en baie breed. Baie mense loop daarop. Span julle daarom in om op God se smal pad te bly stap.”

Mattheus 7:14 (Die Boodskap)

Ons het gesien Jesus sê in Lukas 14 en in Mattheus 10 dat dit nie maklik is om 'n volgeling van Hom te wees nie en ons moet mooi bereken wat die prys is om hierdie pad te stap. As ons in ons hart nie honderd persent bereid is om ons kruis op te tel en ons lewe totaal te oorhandig aan Abba Vader nie, moet ons dit eerder los. Hierdie pad is die pad van bekering. Wanneer ons tot bekering kom en ons rug op die wêreld draai, lei Jesus ons op hierdie pad wat lei na die kruis wat op die kop van Golgota geleë is. Dit is 'n lang pad om te stap en hierdie pad is vol leringe, teregwydings, beproewinge en baie gesprekke met die Lig van die lewe. Op hierdie pad leer ons om nie die weë te volg van die wêreld nie, maar die eerbare lewe te lei; om dinge nie soos die wêreld en sy mense te doen nie, maar om elke dingetjie tot in die fynste besonderhede op God se eerbare manier te doen en om die voorbeeld van Jesus te volg. Dit is die eerbare lewenspad waar ons deur die klippe op ons pad, gehoorsaamheid aan God leer. Niemand dra 'n goue kroon op die smal paadjie nie, alleenlik 'n doringkroon. Daar sal altyd verwerping, spottery en moddergooiery wees vanaf die toeskouers aan die kant van die pad, maar ons moet leer om dit op Jesus se manier te hanteer en die ander wang te draai. Net soos Jesus die pad na Golgota met al die vernedering, pyn en lyding moes stap, moet ons ook bereid wees om die pad te stap. Ons is nie meer spesiaal as Jesus dat ons omstandighede enigsins gaan verskil van Syne of dat die wêreld ons enigsins beter gaan behandel as wat hulle Hom behandel het nie. Jesus sê ook vir soveel wat hulle aan Hom gedoen het, sal hulle ook aan ons doen. Dit is 'n smal pad vir sondaars en siek mense, nie vir mense wat hulleself regverdig en gesond ag nie. Soos ons die pad saam met Jesus stap, genees, verander en herskep Abba Vader ons na die persoon wat Hy oorspronklik beplan het ons moet wees.

Ongelukkig is daar baie afdraaiwaardjies op die pad van God wat teruglei na die wêreld en diegene wat nie die beproewinge van die ware Weg kan deurstaan nie, sal met die afdraaiwaardjies terugkeer na die wêreld. Daar is ook hordes waardjies wat baie makliker is as

die smal pad en julle sal vorentoe in die saadjies sien dat dit hier is waar verleidelike vrugte en suurdeegbrood aan die mense voorgehou word. Ongelukkig is die mensdom geestelik blind en doof sonder onderskeidingsvermoë en besef hulle nie hoe word hulle op verkeerde paaie gelei nie.

Ons moet die vleeslikheid afsterf, dit moet gekruisig word en die kruis van Jesus Christus is alleenlik op die ware weg van God. Alleenlik wanneer ons deur die kruis van Jesus beweeg, sal ons toegang tot die bruilofsfees verkry. Die kruis van Jesus is op geen ompaaie of kortpaaie wat lei na die bruilofsfees nie, want ompaaie en kortpaaie loop nie deur Golgota nie, dus word die vlees nie gekruisig op die ompaaie nie. Daar is ook geen ware sondebelydenis op ompaaie nie en sonder opregte sondebelydenis bly ons vasgeketting in duistere boksies in die wêreld.

Baie kerke wat op ompaaie funksioneer, skep 'n goeie mikro-klimaat vir bakterieë en kieme om te vermeerder in hulle kerke, dit raak vermaaklikheidsamekomste en die mensdom is mal daaroor - hoe lekkerder die vermaak, hoe groter is die samekomste; hoe lekkerder die "worship", hoe groter groei die ledetal. Ek het 'n kerk verlaat waar 'n leraar gesê het dat hy alleenlik sal preek oor die liefde van God en as daar iemand in sy gemeente is wat wil hê hy moet vir hulle preek oor sonde en hoe verkeerd dit is, moet hulle eerder uit sy kerk uitstap en 'n ander kerk gaan soek. Hy het geweier om sonde op die naam te noem en mense te vermaan om hulle sondige lewe te laat staan, want God is 'n God van liefde wat mense vergewe vir hulle sondes. Ek stry nie dat God 'n God van Liefde is nie, Hy is vol vergifnis en genade vir ons, maar God is ook 'n heilige God en dit is Sy begeerte dat ons ook heilig sal leef soos Hy heilig is. God haat sonde, want sonde bou 'n muur tussen mens en God en dit verwyder die mens van God deurdat dit die hart van die mens verduister. Sonde moet vasgevat word. God wil hê die mens moet sy sonde vasvat en daarvoor heers. As ons nie ons sonde afsterf nie, neem ons nie ons kruis op nie en as ons nie ons kruis

opneem nie, is ons op die verkeerde pad. As jou kerk jou leer dat Jesus alreeds vir jou sondes gesterf het sodat jy gered is as jy dit glo, is ek bevrees jy is alreeds saam met daardie kerk op 'n verkeerde pad. Kerke is veronderstel om mense te lei na sondebelydenis en om 'n ware verhouding met Jesus te bou, maar die meeste lei eerder die mens om dieper in die kerk in te groei, om eerder verhouding met gemeentelede te bou as met God... Kerke is vermaaklikheidsbyeenkomste wat slaappille aan die mense bedien wat die mens in 'n heerlike beswyming hou. Hulle sus die mense aan die slaap deur hulle gerus te stel in hulle sonde. Niemand is lus om te hoor dat daar straf is vir sonde nie, maar almal hou daarvan om te hoor dat al hulle sondes alreeds vergewe is en daarom is die ledetal van hierdie gewilde vermaaklikheidsbyeenkomste so hoog. Die hartseer uiteinde van hierdie byeenkomste is die hel, want hierdie kerke lei niksvermoedende, naïewe mense reguit na die pit van die hel en die beheerder agter hierdie bouse komplot, is Satan.

Daarteenoor sal die mens op die pad van God alles in sy vermoë doen om Abba Vader te behaag, om verhouding op te bou met Abba Vader en om Hom te gehoorsaam, want al wat vir hierdie mens belangrik is, is dat God oor hom sal glimlag.

“You’re blessed when you stay on course, walking steadily on the road revealed by God. You’re blessed when you follow His directions, doing your best to find Him. That’s right - you don’t go off on your own; you walk straight along the road He set. You, God, prescribed the right way to live; now You expect us to live it...”

Psalm 119:1-8 (MSG)

Moet asseblief nie die fout maak om te dink dat die groot skare mense op die regte pad is nie, want alleenlik die breë pad is breed

genoeg vir skares om op te loop. Die pad van God is smal en daar kan nie skares op een slag daarop stap nie.

“...do not go along with the crowd, the empty-headed, mindless crowd...”

Ephesians 4:17 (MSG)

Ons is baie vinnig om onself te veroordeel deur te dink ons is verkeerd omdat almal om ons anders dink en optree as ons. Dit is 'n ingebore karaktertrek van die mens om nie stroom-op te beweeg nie, maar om eerder die skare na te boots en die oorgrote meerderheid te volg. Dit is mos baie makliker om met die stroom te beweeg as teen die stroom, maar die probleem lê in die afgronde waarheen die stroom oppad is! Die mensdom in die stroom word so besig gehou met onbenullige, wêreldse dinge dat hulle nie agterkom dat die afgronde van die hel aan die naderkom is nie...

Daar is net een ware Weg wat lei na die bruilofsfees en dit is die weg van die Waarheid en die Lewe. God verwag van ons om ons lewenswandel skoon te hou en heilig te lewe:

"Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel; en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking."

1 Petrus 2:11-12 (AFR33/53)

Dit is nie moeilik om die pad van God te volg nie, want God is ons baie genadig deurdat Hy aan ons 'n Lig bied wat die pad vir ons verlig om ons te help om nie verder in duisternis te wandel nie. Daarom is dit nie vir ons nodig om 'n leraar of 'n kerk te volg nie, maar is ons veilig wanneer ons die pad volg wat die Lig aan ons uitwys. Hiermee sê ek nie dit is verkeerd om kerk toe te gaan of na 'n leraar te luister nie, maar wat ek probeer sê is dat ons nie 'n kerk of leraar tussen ons en Abba Vader moet plaas nie. Ons moet 'n baie hegte verhouding met Abba Vader hê wat alleenlik ontwikkel in afsondering in ons binnekamers.

“U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n Lig vir my pad.”

Psalm 119:105 (AFR33/53)

“Wees gehoorsaam aan die boodskap van God wat julle goed ken. Daardie boodskap hou julle soos 'n padkaart op die regte pad en daardie pad sal julle vir altyd by God uitbring.”

Jakobus 1:21 (DB)

“Jesus het gesê: “Ek is die Lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die Lig van die lewe hê.”

Johannes 8:12 (AFR33/53)

As ons op die ware Weg is, hoef ons nooit bekommerd te wees dat ons sal verdwaal nie, want oral langs die pad is aanwysings wat God vir ons stel deur die Woord wat Hy aan ons bied. Ons moet net die keuse maak om Jesus se hand te vat en Hom te volg.

“Take me by the hand; lead me down the path of truth... He gives the rejects His hand, and leads them step-by-step. From now on every road you travel will take you to God. Follow the Covenant signs; read the charted directions.”

Psalm 25:5,9,10 (MSG)

As ons die keuse maak om Jesus se hand te vat en die pad saam met Hom aan te durf, sal Hy ons nooit alleen los nie. God sal almal wat Hom liefhet, wat Hom dien en gehoorsaam, se hande vat en help om die regte keuses te maak.

Daar is baie spotters en moddergooiers langs die pad wat ons uitjou en dink ons is baie eensaam omdat ons nie deel van die skare is nie, maar die ironie van die saak is dat hulle nie vir Jesus langs ons kan sien nie. Die moddergooiers gaan nie hou van dit wat ons sê of dit wat ons doen nie en daarom gaan hulle ons keer op keer bestook met modder. Hulle gaan nie daarvan hou as ons 'n leuen op die naam noem nie; hulle gaan nie daarvan hou dat ons hulle aanvat oor sonde nie; hulle gaan nie hou van die waarheid wat uit ons monde kom nie, want die waarheid kla hulle gewete aan en die waarheid is soms bitter in die maag. Die modder wat hulle ons mee gooi, kan in elk geval niks aan ons doen nie, want as ons die salwing van God oor ons het, kan niks aan ons vassit nie. Dit drup van ons af en daar sal geen teken van modder op ons wees nie. Ons moet leer om nie te fokus op die moddergooiers langs die pad nie en ons mag hulle nooit teruggooi met modder nie. Psalm 37 in Die Boodskap sê ons moenie eers ons energie mors om oor hulle te praat nie. Fokus net op Jesus en die goeie dinge wat jy vir ander kan doen en Abba Vader sal jou op die regte pad hou. Vers 12-14 van Psalm 37 sê dat slegte mense niks van God se kinders hou nie en dat die boosdoeners altyd sal probeer om God se kinders uit die

weg te ruim, maar God lag vir hulle, want Hy weet hulle tyd raak min. Hulle dag sal kom. Slegte mense sal altyd mense wat op die regte pad is, probeer doodmaak - nie fisies nie, maar geestelik. Saam met die moddergooiers en spotters, is daar ook baie wolwe langs die pad wat geklee is in skaapsklere - hulle is die vals profete en vals leraars wat enigiets in hulle vermoë sal probeer doen om ons te oortuig om die afdraaipaaie te kies wat ons sal teruglei na die skares. Lees Deuteronomium 13:1-5. Vers 5 in The Message staan vir my uit:

“... that prophet or visionary must be put to death. He has urged mutiny against God, your God, WHO RESCUED YOU FROM EGYPT, WHO REDEEMED YOU FROM A WORLD OF SLAVERY AND PUT YOU ON THE ROAD ON WHICH GOD, YOUR GOD, HAS COMMANDED YOU TO WALK!”

Deuteronomy 13:5 (MSG)

Verm y kortpaaie, ompaaie en breë paaie! Nie een van daardie paaie lei deur die kruis van Jesus oppad na die korrekte ingang van die bruilofsfees nie. Dit is hoekom al die ander paaie maklike paaie is om te stap - die mens hoef nie te sterf aan die self nie... maar as daar nie 'n sterfte nie, is daar ook nie 'n opstanding vir die mens deur Jesus nie. Om deur die kruis te beweeg, beteken om deur Jesus te beweeg; dit beteken om te sterf aan die self sodat Jesus in en deur ons kan leef. Nie een van die ander paaie kan dit aan ons bied nie. Hou Jesus se woorde in gedagte:

“Wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.”

Mattheus 10:38,39 (AFR33/53)

Klippe, beproewinge en versoekings

“God, your God, is testing you to find out if you totally love Him with everything you have in you. You are to follow only God, your God, hold Him in deep reverence, keep His commandments, listen obediently to what He says, serve Him - hold onto Him for dear life!”

Deuteronomy 13:4 (MSG)

"The purpose of these troubles is to test your faith as fire tests how genuine gold is. Your faith is more precious than gold, and by passing the test, it gives praise, glory and honor to God"

1 Peter 1:7 (GWT)

Op die pad wat ons saam met Jesus stap is baie klippe en elke nou en dan vermaan Jesus my om nie na die klippe in die pad te kyk nie, maar my kop omhoog te hou en my oë alleenlik op Hom gevestig te hou. Ek moes leer om nie na die klippe in die pad te kyk nie; om glad nie daarop te fokus nie. Aan die beginstadium van my wandel met Jesus, het die klippe my begin ontsenu en ek het begin wonder waar hierdie klippe vandaan kom en of dit dalk Satan is wat hierdie klippe op my pad geplaas het. Ek het met Abba Vader daarvoor begin praat, maar Hy het aan my verduidelik dat die klippe nie deur Satan op ons pad geplaas is nie, maar deur God self. Nog voor ons geboorte het God alreeds ons pad beplan en uitgelê, met elke klip presies op die plek waar Hy dit wil hê. Hierdie klippe is die beproewings wat oor ons pad kom; dit is die struikelblokke in ons lewe, die probleme en moeilike omstandighede, maar moenie mismoedig raak nie, want 1 Korintiërs 10:13 sê dat God ons nooit in die steek sal laat nie. Hy sal ons ook nie beproef bo ons kragte nie. Deur die klippe wat God op ons pad geplaas het, wil Hy ons omvorm na Sy wil - hoe kan God ons omvorm na Sy beeld deur dit altyd net goed met ons te laat gaan? Romeine 5:3-4 sê al kry ons nou baie swaar, moet dit nie ons blydschap wegvat nie, want swaarkry vorm en slyp ons om nog meer op God te vertrou. Wanneer ons onverskrokke op God vertrou, help dit ons om 'n sterk, Christelike karakter te vorm wat maak dat ons deur dik en dun glo dat God se nuwe wêreld op ons wag.

Abba Vader het my deur die tyd geleer om geensins my fokus op die klippe te plaas nie, met ander woorde, ek moes leer om nie te fokus op die probleme in my lewe nie. Die oomblik wanneer ons op ons probleme begin fokus, ontsenu dit ons en begin ons allerhande menslike plannetjies uitdink om dit op te los. Dan is dit die eie ek wat die probleem op 'n menslike vlak probeer uitsorteer en die kans is baie groot dat ons 'n groter gemors gaan maak daarvan en ons tone ten bloede teen die klippe gaan stamp. Maar wanneer ons ons oë afhaal van die klippe en alleenlik op Jesus fokus, met Hom praat oor ons probleme en die keuse maak om die

probleem aan Hom te oorhandig sodat dit opgelos kan word na Sy wil, dan sal Hy dit vir ons uitsorteer op 'n Goddelike manier wat altyd die regte manier is.

Ons bid: "Laat U wil geskied", maar laat ons regtig ons probleme en omstandighede in die hand van Abba Vader? Laat ons God regtig toe om ons probleme op Sy manier op te los? Ons vra Hom dat Sy wil moet geskied, maar tog prewel ons ook hier onderlangs wat ons graag wil hê. Ons eie wil en die wil van God stem nie altyd ooreen nie, so dit vat baie van ons om met 'n opregte hart vir God te kan sê: "Abba Vader, hier is hierdie probleem in my lewe - vir die goed of die sleg, ek sal vertrou dat dit sal geskied volgens U wil."

Die oomblik wanneer ons afkyk na die klippe in ons pad, is ons so intens op die probleem gefokus dat ons skoon van Jesus langs ons vergeet. Sommige klippe is regtig groot en ons gaan sukkel om hulle uit die pad gerol te kry. Onthou net, hierdie pad is regtig baie smal - so smal dat sommige klippe regtig die hele pad vol lê. Die mens kan nie self so 'n groot klip uit die pad uit wegrol nie, maar wanneer ons gefokus is op Jesus en Hom vertrou, sal Hy die klip uit ons pad uit wegrol voordat ons ons tone stukkend stamp daarteen. Soms faal ons en fokus ons te erg op die probleem en nie op Jesus nie; ons probeer ons eie wil afdwing op God en op die ou end stamp ons ons tone ten bloede teen die massiewe klippe. Dit gebeur met ons almal, maar Abba Vader sal ons nooit verlaat nie... Wanneer ons faal en ons tone is so stukkend, sal Jesus maar net weer ons stukkende tone heelmaak... Wat 'n wonderlike genadige God dien ons!

Kyk wat sê Jakobus 1 in Die Boodskap:

Slegte dinge in jou lewe is nie altyd sleg nie

“My liewe mede-Christene, wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word. Julle weet mos hoe goed dit vir julle geestelike lewe kan wees. Die slegte dinge wat met julle gebeur, toets of julle werklik die Here vertrou. As dit met julle sleg gaan, leer julle juis om nader aan die Here te leef. Julle moet die Here toelaat om julle deur hierdie dinge te leer wat dit beteken om altyd net op Hom te vertrou, kom wat wil. So sal julle geestelike grootmense word wat weet hoe om in elke situasie reg op te tree.”

Jakobus 1:2-4 (DB)

1 Petrus 1:6,7 sê daar gaan allerhande dinge in ons lewe gebeur wat nie vir ons lekker is nie, maar God toets ons geloof daardeur. Ons moenie dat slegte omstandighede ons van stryk bring nie. Kyk wat gebeur met goud - om die vuil en onsuiverhede uit goud te kry, word dit in 'n warm vuur geplaas om die vuil weg te smelt. Op hierdie manier moet ons geloof ook getoets en gesuiwer word en as ons geloof sterk bly deur moeilike tye, behaag ons God. God het dus 'n plan met elke dingetjie wat in ons lewe gebeur. God is nie 'n nare God wat ons aspris probeer seermaak nie. Soms ervaar ons 'n sekere situasie as onregverdig teenoor ons en raak ons kwaad vir God omdat Hy sekere dinge toelaat in ons lewens; soms is dit vir ons moeilik om te verstaan waar God is in die seer van hierdie wêreld, maar deur al die “trials and tribulations” moet ons net altyd onthou dat God ons probeer suiwer. Net soos goud gesuiwer moet word deur vuur, moet ons ook gesuiwer word.

"The purpose of these troubles is to test your faith as fire tests how genuine gold is. Your faith is more precious than gold, and by passing the test, it gives praise, glory and honor to God."

1 Peter 1:7 (GWT)

Ons almal sou beproewings wou vryspring as ons kon. Beproewings kom nie van Satan af nie, dit is ook nie oorgedra deur die sondes van ons voorouers nie. Mense wat dit glo, maak staat op die sny van bloedlynvloeke of ander snaakse goed om die beproewings vry te spring, maar as ons dit doen, word ons nooit gesuiwer van ons onsuierhede nie! Beproewings is broodnodig! Om in 'n put gegooi te word soos Josef is soms nodig! Kyk waar het dit Josef op die ou end laat uitkom... Op daardie tydstip is dit baie sleg en vra ons baie vrae aan God, want dan voel Hy so ver van ons. Dit voel asof Hy ons nie wil help nie, maar dit is glad nie die geval nie. God sal ons nooit verlaat nie, Hy laat alles gebeur met 'n doel. Dit is juis daardie moeilike tye wat ons moet leer en fokus om op God te vertrou. Hebreërs 12:5-6 leer ons ook dat ons nie moet tou opgooi as God ons tereg wys op ons foute deur soms bietjie hard op te tree teenoor ons nie. Hy doen dit omdat Hy ons liefhet, net soos ons ook ons eie kinders tuggig wanneer hulle stout is.

Die klippe op ons pad is juis daar geplaas om die vals en ware bekeerdes van mekaar te skei, want die vals bekeerdes gaan nie die klippe in die pad kan hanteer nie. Hulle het gekies om na die bruilof te gaan vir voorspoed, sodat dit met hulle goed moet gaan, om die fees te gaan geniet en feeskos te eet; hulle het nie die prys wat dit kos om die Weg van God te volg, in berekening gebring nie. Hulle gaan nie hou van die verwerping en moddergooiery nie. Hulle gaan nie daarvan hou om hulle lewe op die spel te plaas en alles oor te gee aan God nie. Hulle gaan nie hou van die probleme wat op hulle wag nie. Hulle gaan vinnig 'n afdraaipad soek wat teruglei na die makliker paaie wat lei na die fees. Sommige mense

gaan God blameer as 'n slegte God wat net die sleg in 'n mens se lewe wil laat gebeur, want hulle besef nie God wil ons suiwer van onself nie. Die klippe op die pad is ook daar geplaas om die koring en die kaf van mekaar te skei.

God doen net goed aan jou, maar gebruik tog die slegte om jou te toets

“Die Here gebruik slegte of moeilike dinge in ons lewe om te kyk of ons lojaal aan Hom gaan bly. Ware geluk is om dié toets met vlieënde vaandels te slaag. God noem sulke mense wenners in die lewe. Hy sal hulle deel van sy familie maak. Hulle sal vir altyd by God kan bly omdat hulle deur hulle optrede gewys het hoe lief hulle Hom het. Een fout moet ons egter nie maak nie. Ek kan nie sê dat God die Een is wat al die slegte dinge oor my bring net om my te toets nie. Met sulke speletjies hou God Hom nie op nie. Dit is nie asof die een of ander bouse mag God aan sulke toetse kan onderwerp of dat God mense daaraan onderwerp nie. Nee, dinge wat 'n geestelike stryd in jou lewe veroorsaak, is jou eie skuld. Die mens begin aan allerhande verkeerde dinge dink en wil dit dan net doen. Soos 'n kind wat agter 'n skoelapper aanhardloop, lok die verkeerde gedagtes die persoon al hoe dieper die moeilikheid in. Dan word jou Christenskap voor 'n toets gestel. Jy moet kies. As jy kies om op die verkeerde pad aan te gaan, sal jy later nie net oor die verkeerde dinge dink nie, maar dit ook begin doen. En hoe meer jy dit doen, hoe meer sal jy dit wil doen. So werk die sonde met 'n mens. Dit is die pad na die afgrond, die afgrond van godverlatenheid en die dood. Liewe broers en susters, moenie toelaat dat mense julle allerhande

stories hieroor vertel nie. God het niks slegs in Hom nie. Hy is ook nie die een dag in 'n goeie bui en die volgende dag in 'n slegte bui nie. Hy bly altyd dieselfde. Hy het alles gemaak, ook die sterre in die hemel. Dit is ook Hy wat goeie dinge met julle laat gebeur. As sulke mooi dinge met julle gebeur waaroor julle maar net kon droom, moet julle weet: dit kom van God af.”

Jakobus 1:12-17 (DB)

Ons kan nie sê dit is God wat ALLE slegte dinge oor ons bring nie, want baie van die slegte goed bring ons oor onself deur ons eie sonde. Wanneer ons die besluit maak om eerder ons eie wil te gehoorsaam as die wil van God, skep ons vir onself vervloekte omstandighede en dan gaan ons maai wat ons gesaai het. Dit is dan nie God wat dit oor ons bring nie, maar ons oor onself deurdat ons toegee het aan versoekings...

Daar is 'n verskil tussen beproewings en versoekings, en dit kom ook vanaf verskillende bronne. Versoekings is die goed wat Satan gebruik om die mens te lok om sonde te doen. God sal ons nooit versoek nie. Dit is die mens se verantwoordelikheid om die versoekings van Satan te kan raaksien en te kan teëstaan, maar ons kan dit alleenlik teëstaan deur die krag van God. Jesus moet in en deur ons leef en ons in staat stel om dit te kan teëstaan.

Aan die begin het Satan vir Eva versoek met 'n heerlike vrug en sy het die keuse gemaak om eerder haar eie wil te gehoorsaam, pleks van die wil van God. Dit het hulle duur te staan gekom, want dit het veroorsaak dat hulle nie meer verhouding met God kon hê en in die tuin van Eden kon woon nie. In Genesis 3 sê God vir Kain dat die sonde altyd voor sy deur sal lê en na hom sal bly loer, maar dit is sy verantwoordelikheid om daaroor te heers. Net so lê en loer die sonde altyd voor ons deur, maar dis elkeen se eie

verantwoordelikheid om deur die krag van Jesus daaroor te heers. Dit is ook die mens se eie verantwoordelikheid om 'n naby verhouding met God te hê sodat ons onderskeiding van God kan ontvang en ons die versoekings van Satan kan raaksien en teëstaan.

Satan het selfs vir Jesus versoek om sonde te doen toe Jesus uit die woestyn gekom het, maar wat het Jesus gedoen? Hy het die vyand prontuit teëgestaan met die Woord van God. Hy het nie 'n bekgeveg en 'n vreeslike oorlogsverklaring teen Satan opgedis nie. Jesus het Sy Vader so goed geken dat Hy dadelik geweet het dat Satan Hom leuens probeer voer om Hom in sy mag te kry. Wat het Jesus gedoen? Hy het Satan teëgestaan met die Waarheid uit die Woord en ons moet die voorbeeld van Jesus volg. Dit is nie vir ons nodig om Satan met vreeslike oorlogvoering teë te staan en hom weg te jaag om elke hoek en draai nie, want hy en sy werkers is in elk geval oral! Die Woord leer nie vir ons om dit te doen nie, maar wanneer hy ons versoek, kan ons die vrug wat hy aan ons probeer bied, ignoreer en weier. Daarvoor moet ons die Woord van God baie goed ken, want dan sal ons dadelik die versoekings van Satan kan raaksien. Dit is so belangrik om te kan onderskei tussen die stem van God en die versoekings van Satan, want hy is soos 'n engel van die lig wat alles van God naboots. As ons alles toets aan die Woord van God, kan ons nie verkeerd gaan nie.

Lees asseblief Hebreërs 12:1-17.

Daar is baie mense met die opinie dat daar niks in 'n mens se lewe kan foutgaan as ons op die pad van God is nie. Hierdie is 'n baie naïewe siening en dit kom nie ooreen met die Woord van God nie. Hulle sien hulleself as die heiliges waarmee niks verkeerd kan loop nie en verhef hulleself bo diegene wat teëspoed ervaar. Hulle hou glad nie in berekening dat God wel dinge in ons lewe kan laat gebeur om ons te suiwer nie. Al is ons op die pad van God, kan daar nogsteeds dinge in ons lewe skeefloop. Dink bietjie hieroor: Het dit altyd goed gegaan met Jesus? Het Hy 'n pad van uitsonderlike sukses en voorspoed gestap? Nou hoekom dink die

mens dat hy altyd 'n lewe van voorspoed en sukses gaan lei deur Jesus te volg? As ons in Jesus se voetspore volg, gaan ons dieselfde pad as Jesus stap. As daar nie beproewinge of klippe op ons pad is nie, moet ons eintlik bekommerd raak en wonder of ons wel op die pad van God is...

As God beproewinge oor ons pad bring in die vorm van klippe, wat gaan dit ons help om vir Satan die skuld gee daarvoor? As God bepaal het dat die klippe op 'n sekere plek in ons lewenspad moet wees, gaan dit ons mos niks help om oorlogvoering teen Satan toe te pas en die klippe uit ons pad te probeer "toor" nie? Dan tree ons mos teen God se wil op! God se plan is om ons te suiwer daardeur. Hy wil ons leer om elke ding, wat in ons lewe gebeur, in Sy hand te plaas en Hom te vertrou... so om beproewinge (klippe) aan te spreek in ons lewe, gee vir Satan rede om te giggel langs die pad, want hy weet as ons nie die klippe kan oorkom en leer om dit in die hand van Abba Vader te plaas nie, ons dit op die wêreld se manier gaan probeer uitsorteer... wat ook Satan se manier is. Dan kry hy maar net weer die oorhand oor die mens...

Daar is sekere sondes en maniere in elkeen van ons se lewens wat God graag wil hê ons moet oorkom; daar is sekere sondes waaroor ons moet heers deur die krag van God en dit is wat God ons probeer leer. In Hebreërs 12 sê God ook ons het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in ons stryd teen die sonde nie, met ander woorde, ons moet heers oor sonde. Om vir Satan die skuld vir alles te gee en 'n vreeslike geveg met hom op te sit, is 'n vermorsing van tyd en energie. Die tyd wat ons spandeer om oorlogvoering uit te rig teen Satan, is tyd wat ons eerder by die voete van God kon spandeer sodat Hy ons kan leer om op te staan teen die sonde in die self. God maak ons sterker deur ons voller te maak van Homself. ALLES gaan oor 'n persoonlike verhouding met Abba Vader! Hy sal ook aan ons onderskeidingsvermoë gee om te kan onderskei tussen beproewinge en versoekings.

Jesus was ons seer voete

“Petrus sê vir Hom: ‘U sal my voete in der ewigheid nie was nie.’ Jesus antwoord hom: ‘As Ek jou nie was, het jy geen deel aan My nie.’”

Johannes 13:8 (AFR33/53)

Voordat ons op die ware Weg wandel, het ons almal die breë, maklike pad gevolg. Die breë pad bestaan uit lekker sagte rooigrond met geen klippe of stof. Daarteenoor is die pad van God wit en stowwerig met baie klippe. Wanneer ons van die breë pad oorbeweeg na die pad van God, is ons voetsole nie gewoond aan die moeiliker pad nie, met die gevolg dat ons voete baie vinnig seer raak. Na ’n entjie se stap, voel ’n mens se voete so rou dat ’n mens nie verder kan stap nie.

Aan die begin van my staproete op die ware Weg, het ek op ’n dag onder gebed inmekaargesak en gehuil en gehuil en gehuil. Ek het soveel teëstand gekry, ek het al my vriende verloor, dit voel asof mense ’n mens spot en snaaks aankyk, en boonop is my voete so rou-seer dat ek nie ’n tree verder kon gee nie. Onder gebed het ek

net inmekaargesak en gesnik en gehuil. Jesus het op die pad langs my kom sit, my vertroos en my seer voete in Sy hande geneem, die stof en bloed afgewas en sagkens my voete met salf gevryf totdat al die seer weg was. Hy het aan my verduidelik dat my voetsole nog dun is, maar elke keer wanneer my voete so seer is dat dit voel ek kan nie meer aangaan nie, moet ek kom sit sodat Hy my vuil voete kan was en my seer voete sagkens kan masseer met die salf van God. Dit sal my voetsole mettertyd dikker maak sodat ek die pad vorentoe makliker sal kan aandurf. Met tyd kon ek voel my voete kon al hoe meer verdra en hoe meer tyd ek by die voete van Jesus spandeer het, hoe langer en meer wou ek tyd saam met Hom spandeer. Ek kon ook duidelik agterkom dat hoe meer tyd ek by Jesus se voete deurbring, hoe makliker word die pad, hoe meer kan ek hanteer en hoe minder word my voete seer. Dit maak nie saak hoe goed ons voete die klipperige pad kan hanteer nie, ons moet nogsteeds elke dag gaan stilsit by die voete van Jesus waar Hy die stof van ons voete afwas en ons voete salf.

As ons voete nie vol stof is nie, is ons op die verkeerde pad, want op die breë paaie is nie stof nie, alleenlik op die pad van God. Dit is ook met 'n doel dat Sy pad stowwerig is – sodat ons voete moet vuil word en ons elke dag kan gaan stilsit by die voete van Jesus sodat Hy ons kan skoonwas van die stof, asook ons sondes wat ons aan Hom bely. Die stof aan ons voete is om ons te herinner dat ons gewas moet word deur Jesus. Diegene wat dink hulle voete is skoon, wat dink hulle lewe is sonder sonde en dat hulle nie nodig het om elke dag by die voete van Jesus te kom sit sodat Hy hulle voete was nie, is duidelik nie op die pad van God nie. Hierdie mense dink hulle is die gesonde mense wat nie die Geneesheer nodig het nie (Mattheus 9:12,13), maar Jesus wag juis vir die sondaars om hulle voete te was en hulle te vergewe van hulle sondes.

*God is Lig. Hy wat in die Lig nie wandel nie, het geen
gemeenskap met Hom nie.*

*“...God is Lig, en geen duisternis is in Hom nie. As ons sê dat
ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan
lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig
wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met
mekaar; en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van
alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons
onsself en die Waarheid is nie in ons nie.”*

1Johannes 1:5-8 (AFR 33/53)

Dit is belangrik dat ons daagliks ons sondes sal raaksien en bely, dat ons elke dag voor Jesus sal gaan sit sodat Hy ons voete kan was en ons kan vergewe van ons sondes. As jy hierdie Skrif van 1 Johannes 1 baie aandagtig lees, sal jy sien dat ons sondes vergewe word AS ons in die teenwoordigheid van die Lig is. Wanneer ons in die teenwoordigheid van die Lig is, is ons op die ware Weg saam met Jesus. Jesus is nie teenwoordig op die breë paaie nie, want Hy is die Weg! Die maklike, breë paaie is in die duisternis geleë en die mense op hierdie paaie sien nie waarheen hulle oppad is nie. Jesus is nie teenwoordig op die breë paaie nie, so word die mense op breë paaie se voete gewas deur Jesus? Nee! Word hulle sondes vergewe? Nee! Baie mense gaan my veroordeel oor wat ek sê, maar dis omdat die mensdom wil lewe soos hulle wil en nogsteeds die ewige lewe daarby wil hê... Ons kan nie ons brood aan albei kante gebotter hê nie, ons kan nie deel hê aan die beker van die Here en terselfdertyd aan die beker van die bose nie. Ons moet die keuse maak! Ons moet die keuse maak op watter pad ons gaan wandel en ons moet die keuse maak om ons sondes raak te sien.

Dit is 'n keuse wat ons maak om elke dag te gaan stilsit by die voete van Jesus en Hom toe te laat om die stof van ons voete af te was en ons sondes te vergewe. Dit gebeur alleenlik op die smal paadjie wat die ware Weg is.

“Petrus sê vir Hom: ‘U sal my voete in der ewigheid nie was nie’. Jesus antwoord hom: ‘As Ek jou nie was, het jy geen deel aan My nie.’”

Johannes 13:8 (AFR33/53)

In die Engelse vertaling staan:

“If I don’t wash you, you don’t belong to Me.”

John 13:8(GWT)

'n Kort sinnetjie met baie betekenis! Mense wat nie daaglik stilsit by die voete van Jesus om gewas te word nie, behoort ook nie aan Hom nie. Hulle kom sit nie stil by Hom nie, want hulle is op die verkeerde pad. As ons nie saam met Jesus wandel nie, wandel ons nie in die Lig nie en as ons nie in die Lig wandel nie, het ons nie gemeenskap met Jesus nie. As ons nie gemeenskap het met Jesus nie, kan Sy bloed ons nie skoonwas nie en dit beteken ons sondes word nie vergewe nie. Daarteenoor, wanneer ons hand aan hand saam met Jesus op die ware Weg wandel, wandel ons in die Lig; ons het gemeenskap met Hom, Sy bloed was ons skoon en Hy verbind en maak ons seer voete heel.

Die breë pad het nie stof nie, want dis 'n lekker sagte rooigrondpad, soos 'n kleipad. As die mens afkyk op sy voete, sien hy geen vuilheid of stof nie, maar hy lig nooit sy voete op om te kyk hoe vuil sy voetsole is nie. Die klei het al so aangepak om 'n

vreeslike vuil laag onder op sy voetsole te vorm, maar die mens kies om dit nie raak te sien nie. Daar is net een manier om 'n mens se vuil voete raak te sien en dit is deur die Lig-Woord op te tel en dit toe te laat om 'n lig te skyn op die vuilheid van die voete, asook die hart... maar omdat die grootste gedeelte van die mensdom nie tyd met God en Sy Woord spandeer nie, sien hulle nie hoe vuil hulle voete en hart van sonde is nie. Omdat hulle dink hulle is gesond en skoon, sien hulle nie die nut daarvan in om elke dag by die voete van Jesus te sit om skoongewas te word nie. Dit is so hartseer en dit is die groot probleem met die bese "mindset" waarmee ons grootgeword het... Ons is mos grootgemaak met die idee dat Jesus vir ons sondes gesterf het; dat Hy alreeds al ons sondes vergewe het en dat ons alreeds vergewe is! Ons word groot dat dit in die haak is om net Sondae kerk toe te gaan, om nou en dan deur die week 'n rympiegebed op te sê... Ons is nie grootgemaak met die Waarheid dat ons 'n verhouding met Abba Vader moet hê nie. Ons is nie geleer dat ons op die een ware Weg moet wandel om vergifnis vir ons sondes te ontvang nie. Dit is nie dat ons iets moet DOEN om vergifnis te ontvang nie, dit is dat ons in 'n regstaande verhouding teenoor Jesus moet staan om vergifnis te kan ontvang. Ons moet in die Lig wandel en gemeenskap hê met Jesus, dus 'n verhouding met Jesus hê, sodat Hy ons kan skoonwas van ons sondes. (1 Johannes 1:7) Om op die breë paaie te wandel, plaas ons nie in die regte verhouding met Jesus nie, maar dit skei ons van Jesus waar Hy nooit ons voete sal was nie.

Ek kan nie genoeg klem daarop lê hoe uiters belangrik dit is dat ons elke dag tyd moet spandeer met Abba Vader nie. Dit is so belangrik dat Jesus ons voete elke dag was en self... en dan voel ek ook om vir Jesus te sê soos Petrus vir Hom gesê het:

“Here, was nie net my voete nie, maar ook my hande en my hoof.”

Johannes 13:9 (AFR33/53)

'n Wonderlike les wat ek uit die storie van Johannes 13 geleer het, is dat Jesus selfs Judas se voete gewas het. Jesus het geweet wie hom gaan verraai. Die heelyd wat Judas Hom gevolg het as 'n dissipel, het Jesus geweet hy gaan Hom verraai. Jesus het geweet Judas is nie 'n ware dissipel nie, maar 'n vals volgeling. Nogsteeds het Jesus Judas se voete gewas. Hoe sal ek en jy reageer as ons weet iemand is met ons vriende net om ons te verraai? Gaan ek en jy uit nederigheid die persoon se voete was wat ons in die rug gaan steek? Judas was van die begin af nie 'n ware dissipel van Jesus nie en al het Jesus dit geweet, het Hy hom nogsteeds dieselfde behandel. Jesus het wel Judas se voete gewas, maar dit kon nie sy hart verander nie. Daar is dus mense wat op die Weg van God wandel wie se harte nie opreg is nie. Jesus was ook hulle voete! Die verskil in die vals volgeling teenoor die opregte volgeling, is dat die opregte volgeling sal volhou op die pad van God tot by die bruilofsfees. Hulle sal al die toetse deurstaan, maar die vals volgeling sal nie al die toetse op die pad van God kan hanteer en deurstaan nie; hulle sal op een of ander stadium terugkeer na die breë pad.

Dit bly vir my wonderlik hoe God alles met 'n doel beplan – as ek dink aan die stowwerige pad... God kon dit ook seker 'n mooi, gladde pad, sonder stof gemaak het, maar met 'n doel het Hy dit baie stowwerig en vol klippe gemaak – sodat ons MOET gaan stilsit by Jesus om skoongewas en gesalf te word. Sonder die stof en die klippe in die pad, sou ons nie nodig gehad het om te gaan stilsit by Jesus nie.

Mag elkeen van julle die regte keuse maak om die breë paaie te verlaat en Jesus te volg op die ware Weg. Al raak jou voete seer, moenie moed verloor nie, want Jesus is altyd langs jou om jou moed in te praat en jou seer voete in Sy tere hande te neem waar Hy dit sagkens met helende water was.

Die bruiwofskleed

“En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie ’n bruiwofskleed aan het nie. En hy sê vir hom: ‘Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder ’n bruiwofskleed aan?’ En hy kon geen woord sê nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: ‘Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Want baie is geroep, maar min is uitverkies.”

Mattheus 22:12,13 (AFR33/53)

Die uitnodiging na die bruiwofsees wat God aan elkeen van ons stuur, het ’n gedragkode waarop ons moet let: Ons moet met die regte kleed geklee wees om deel te kan wees van die bruiwof van die Seun van God. Die Boodskap stel dit op hierdie manier:

“Toe die koning die saal inkom, val sy oog egter op iemand wat nie sulke feesklere aanhet nie. Die man wou natuurlik daar

buite nie erken dat hy die uitnodiging nie wou aanneem en vriende met die koning wou wees nie. Tog het hy skelm by die fees ingeglip. Die koning vra hom toe: ‘Ou maat, wat soek jy hier? Jy het seker gedink jy kan skelm hier inkom, want as jy saam met my helpers hiernatoe gekom het, sou hulle vir jou ook mooi klere gegee het. Toe hulle jou daar buite uitgenooi het, het jy natuurlik gemaak of jy jou nie aan hulle steur nie, nie waar nie?’ Die man was vas; hy het nie geweet wat om te sê nie.”

Mattheus 22:11.12 (DB)

Hierdie bruijofskleed, waarmee ons geklee moet wees, is die kleed van geregtigheid. Dit is ’n kosbare, duur gekoopte, hemelse kleed waarmee Jesus ons klee wanneer ons deur Hom beweeg na die bruijofsfees. Jesus is die enigste ingang na die bruijof, Hy is die enigste DEUR, Hy is ook die enigste Weg en die enigste Waarheid.

“Ek is die Deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.”

Johannes 10:9 (AFR33/53)

God is pure Lig; God skyn van heerlikheid en geregtigheid, Sy glorie omring Hom. Die kleed van geregtigheid is soos ’n stukkie van God, dit is soos ’n stukkie Lig wat ons omgehang word. Die enigste verskil is dat die nie van buite af gesien kan word nie, maar alleenlik in ons harte. Die Lig van God kan alleenlik uit ons harte skyn en DIT is die kleed van geregtigheid.

Die enigste weg na die bruijof is deur Jesus, daar is geen ander weg of manier nie; alleenlik as ons deur die kruis van Jesus

beweeg, ontvang ons die kleed van geregtigheid. Skelms en rowers probeer op skelm maniere die bruilof binnegaan deurdat hulle met ompaaie reis na die bruilof, maar ompaaie lei nie deur Jesus nie, dit beweeg nie deur die kruis van Jesus wat op Golgota geleë is nie. Hulle beweeg dus nie deur die korrekte DEUR die bruilof binne nie en daarom is hulle sonder 'n bruidsgewaad. Hierdie persoon gaan soos 'n seer oog uitstaan by die bruilof en sal dadelik uitgegooi word die hel in.

In die tyd wat Abba Vader my geleer het oor die kleed van geregtigheid, gee Hy een nag vir my die Naam van God - Jehova Tsidkenu. Toe ek wakker word, is ek nuuskierig oor die betekenis van die Naam en tot my opgewondenheid, sien ek die Naam Jehova Tsidkenu beteken: **“Lord of my righteousness”**, God van geregtigheid! Wat 'n pragtige bevestiging van die kleed van geregtigheid wat ons alleenlik kan kry by die God van geregtigheid!

“Ek is baie bly in die Here, my siel juig in my God; want Hy het my bekleed met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel - soos 'n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele.”

Jesaja 61:10 (AFR33/53)

Nou is die vraag: Hoe word ons geklee met die bruilofskleed? Voordat ons daarna kyk, moet ons net eers tot die besef kom dat ons nog geklee is met die wêreld se vyeblare en “filthy rags” en voordat ons geklee kan word met die kleed van geregtigheid, moet ons eers ontslae raak van al ons vyeblare en “filthy rags”. Kom ons gaan net eers vir 'n oomblik terug en kyk waar kom hierdie vyeblare en “filthy rags” vandaan...

“We are all infected and impure with sin. When we display our righteous deeds, they are nothing but filthy rags.”

Isaiah 64:6 (NLT)

Nadat Adam en Eva gesondig het, het hulle bewus geraak van hulle naaktheid en het hulle dit met vyeblare probeer verbloem. Vyeblare is werke van eie-geregtigheid, dit is om jou eie geregtigheid te probeer bekom. Daar is baie goeie dade wat deur Christene uitgevoer word wat hulle goed laat lyk, wat hulle soos Christene laat lyk, maar wat gaan aan in die hart van die mens? Wat is die motief agter die goeie dade? Om raakgesien te word? Om as 'n goeie mens gesien te word? As jy die saadjies gelees het wat handel oor die boom wat gewortel moet wees in God, sou jy ook gesien het dat 'n boom met baie blare gewoonlik iets probeer wegsteek. Van buite lyk so 'n boom baie gesond, maar probeer eerder kyk of daar vrugte tussen die mooi blare is... Baie blare, dus baie “werke” is nie altyd so 'n goeie teken nie. Niks wat ons DOEN kan ons in regstaande verhouding met Abba Vader bring nie, alleenlik deur aan Hom gehoorsaam te wees en baie tyd by Sy voete deur te bring. Baie blare aan 'n boom probeer die mensdom se fokus op sy mooie blare hou sodat hulle nie kan sien wat gaan aan in sy hart nie. Solank die blare sy hart verbloem, kan niemand sien dat hy eintlik nie die Lig van God, dus die kleed van geregtigheid, aanhet nie. So ons moet vir Abba Vader vra om ons te wys watse vyeblare ons onself mee probeer klee en die Lig van die Woord sal dit wel aan jou openbaar.

Die Fariseërs is weereens vir ons 'n voorbeeld van mense met vyeblare. Jesus sê in Mattheus 23:4 dat die Skrifgeleerdes en Fariseërs pakke saambind wat swaar en moeilik is om te dra. Hulle sit dit op die skouers van mense, maar self dra hulle dit nie. Hulle maak hulle gedenkseëls breed, die some van hulle klere groot en hulle hou van die voorste plekke by die maaltye. Ons moet ophou

om ons te steur aan die sogenaamde belangrike mense in die wêreld; diegene wie se gedenkseëls breed en wie se some van hulle klere groot is, want hulle is geklee met dit wat hulle belangrik laat voel en lyk in die wêreld. Die meeste van hulle lei die mens op 'n dwaalspoor. Hulle let op dit wat met die blote oog gesien kan word en nie op die opregtheid van hulle hart nie. Al hulle godsdienstige reëls, wette, feeste en rituele word deur die mens raakgesien en hierdie vals mense word deur die naïewe mensdom bewonder, maar weereens kyk God na die opregtheid van die hart en nie dade nie. Wees versigtig vir die samelewing se godsdienstige reëls, al die moets en moenies, want die Fariseërs van ons tyd gee nogsteeds vir ons swaar pakke om te dra. Gooi af al die reëls van godsdiens waarmee jy grootgeword het en laat God toe om jou te bevry, want in vandag se tyd is godsdiens die grootste en gevaarlikste boosheid wat ons van God af weg hou. Dit is vyeblare. Sommige mense dink hulle leef na aan God wanneer hulle elke nagmaal, fees of watter byeenkoms ookal bywoon, maar dis nie daardie goed wat ons klee met die kleed van geregtigheid nie, al hierdie goed klee ons net meer en meer met vyeblare.

Daar is NIKS wat ons kan DOEN om geregtigheid te verdien of te ontvang nie, daar is geen regte woorde wat ons kan spreek wat ons verlossing kan bied nie; daar is geen korrekte kerk wat ons kan bywoon wat ons geregtigheid kan bied nie; alleenlik 'n verhouding met Abba Vader wat ons verkry deur in Sy Seun te glo. In Johannes 6:28,29 vra die mense vir Jesus wat hulle moet doen om die werke van God te volbring, maar Jesus antwoord hulle dat daar niks is wat hulle kan DOEN nie. Die enigste manier is om te glo in die Een wat God gestuur het en om saam met Jesus die een ware Weg te volg na die bruilofsfees. Lees Efesiërs 4:17-32, ek haal 'n gedeelte aan uit Die Boodskap, maar lees asseblief die hele gedeelte.

Los julle ou manier van lewe - leef nuut

“Wat ek nou sê, moet julle nie ligtelik opneem nie. Dit is wat die Here self wil hê. Julle moet ophou om julle te gedra soos mense wat nie die Here ken nie. Daar is niks wat die moeite werd is in sulke mense se koppe nie. Hulle gedagtes is met onbelangrike dinge besig en hulle kan nie verder dink as wat hulle neuse lank is nie. Daarom beseef hulle nie eens dat God vir hulle ’n nuwe lewe wil gee nie. Hulle is hardkoppig en wil nie na rede of goeie raad luister nie. Daarom gaan dit so sleg met hulle. Hulle het geen gevoel meer vir wat reg of verkeerd is nie. Hulle leef nou vieslike lewens en kan nie genoeg daarvan kry nie. Julle het Christus egter nie so leer ken nie. Toe julle van Hom gehoor het, het julle Sy volgelingen geword. So het julle geleer wat die Waarheid is, want dit is alleen as jy Jesus ken dat jy by die Waarheid uitkom.

***LOS JULLE OU MANIER VAN LEWE! SOOS ’N MENS VUIL
KLERE UITTREK, MOET JULLE JULLE OU GEAARDHEID
UITTREK, WANT DIT IS VOL SONDE EN WIL NET
VERKEERDE DINGE DOEN.***

Die einde van daardie pad loop op verwoesting uit. Julle moet ’n nuwe gesindheid kry en op ’n nuwe manier oor dinge dink. Hierdie nuwe lewensstyl moet julle deel van julle lewe maak soos ’n mens nuwe klere aantrek. Ons nuwe lewe moet ons al meer soos God laat lyk: Ons moet reg lewe soos God dit wil hê en ons heeltemal aan Hom toewy.”

Efesiërs 4:17-24 (DB)

Net soos ons ontslae moet raak van die vyeblare, moet ons die “filthy rags” waarmee ons eers geklee was, uittrek. Dit beteken ons moet ons ou, sondige lewe afsterf! Ons moet ons ou geaardheid uittrek, want dit is vol sonde. Ons moet dus ons totale ou lewenswyse agterlaat en ons laat beklee met Jesus Christus.

“Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid en lankmoedigheid.”

Kollosense 3:12 (AFR33,53)

Ons moet ons beklee met Goddelike eienskappe, maar natuurlik kan ons dit nie self genereer nie; ons kan alleenlik daardie eienskappe ontwikkel met Jesus in en deur ons. Daarvoor moet ons eers ons ou lewe afsterf. Lees Kollosense 3:1-17. Ek haal ’n gedeelte aan uit The Message.

“Your old life is dead. Your new life, which is your real life - even though invisible to spectators, is with Christ in God. He is your life... That means killing off everything connected with that way of death: sexual promiscuity, impurity, lust, doing whatever you feel like whenever you feel like it, and grabbing whatever attracts your fancy. That’s a life shaped by things and feelings instead of by God.

You’re done with that old life. It’s like a filthy set of ill-fitting clothes you’ve stripped off and put in the fire. Now you’re dressed in a new wardrobe. Every item of your new way of life is custom-made by the Creator, with His label on it. All the old

fashions are now obsolete... So, chosen by God for this new life of love, DRESS IN THE WARDROBE GOD PICKED OUT FOR YOU: compassion, kindness, humility, quiet strength, discipline. Be even-tempered, content with second place, quick to forgive an offense. Forgive as quickly and completely as the Master forgave you. And regardless of what else you put on, wear love. It's your basic, all-purpose garment. Never be without it"

Collosians 3:9-11 (MSG)

Sien julle raak wat ek raaksien? Die kleed van geregtigheid is nie 'n fisiese kleed nie. Dit is 'n totale nuwe lewe, want dit is Jesus wat in en deur ons moet leef! Sonder Jesus kan ons dit nooit bekom nie! Sonder Jesus kan ons nooit die kleed van geregtigheid ontvang nie, want die kleed van geregtigheid is die Lig van God wat ons harte oorneem. Die kleed van geregtigheid is Jesus self wat ons totale harte oorneem en deur ons leef, maar voordat Jesus ons harte kan oorneem, moet ons eers die self afsterf. Dit beteken om deur die kruis van Jesus te beweeg; om die vleeslikheid af te sterf aan die kruis en om geestelik in die graf geplaas te word. Toe Jesus opgestaan het uit die dood, het die lappe eenkant in die graf gelê en net so moet ons ou, vuil klere eenkant in die graf lê. Dit verteenwoordig ons ou lewe, ons ou geaardheid, die ou mens wat ons was. In die graf verrig Abba Vader 'n hartsbesnydenis op ons waar ons Sy merk ontvang en wanneer ons die Gees van God in ons harte ontvang, is ons harte pure Lig! Dan het ons die kleed van geregtigheid ontvang. Dus ontvang ons die kleed saam met ons nuwe lewe en dit gebeur met wedergeboorte.

Daar is 'n lering dat 'n mens elke oggend die wapenrusting moet aantrek of dat ons die wapenrusting oor onself moet afdra, maar as jy al die bogenoemde Skrifte lees, sal jy sien die wapenrusting kom ooreen met die Lig van God wat ons ontvang wanneer ons sterf aan

die self en God toelaat om in te meng in ons lewens om ons 'n Goddelike leefwyse te gee. Dis nie iets wat ons fisies of met die mond kan aantrek nie, dis iets wat met ons hart moet gebeur. Om die wapenrusting elke oggend oor jouself of oor jou kinders af te pleit, gee aan die mens vals hoop en vals verlossing wat mense lei om die korter, makliker paaie te volg. Hierdie kortpaaie is ompaaie wat nie deur die kruis van Jesus beweeg nie en mense wat hierdie leringe volg, gaan met 'n skok by die bruilof opdaag en besef hulle het nie die bruidsgewaad van Jesus aan nie, maar 'n vals bruidfeskleed. Mense hou nie daarvan om te hoor dat dit wat hulle doen of dit wat hulle glo, vals is nie, want dis die vals maniere van verlossing wat maklik is! Verlossing is nie sommer net so maklik nie, dis 'n opgee en afsterwe van die self en dis nie altyd 'n maklike pad om te stap nie. Ons moet al die ou, vuil klere en vyeblare uittrek; ons moet ontslae raak van ons sondes en ons ou lewensstyl. Ons moet God toelaat om Jesus se karakter binne ons te omvorm en alleenlik deur die karakter van Jesus word ons as mens verander na die mens wat God wil hê ons moet wees. Wanneer ons die vleeslikheid afsterf en ontslae geraak het van al die ou, vuil klere, is ons op die regte plek waar Jesus ons klee met Sy kleed van geregtigheid, wat die bruidfeskleed is, en wat ons toegang verleen tot die bruilof. Vir ons om deel te hê aan die bruidfestsfees van Abba Vader se Seun, moet die beeld van Jesus dus in ons aanwesig wees, wat die Lig van God is. As ons harte sonder die Lig van God is, sal God ons opmerk en ons uitgooi...

Mag ek en jy die keuse maak om alle onnodige klere uit te trek en ontbloot te staan in die Lig van God sodat God ons harte kan verander en ons kan klee met die Lig van God.

“Ek is baie bly in die Here, my siel juig in
my God; want Hy het my beklee met die
klere van heil, my in die mantel van
geregtigheid gewikkel - soos 'n bruidegom
wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en
soos 'n bruid wat haar versier met haar
juwele.”

Jesaja 61:10 (AFR33/53)

Hoëhakskoene of kaalvoet agter Jesus?

“Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van ’n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.”

1 Petrus 3:3-4 (AFR33/53)

Op ’n dag wys Abba Vader vir my ’n ontstellende prentjie: Jesus stap met Sy volgeling op die stowwerige, klipperige, wit pad. Die vrouens het niks “fancy” aan nie en hulle voete is vol stof, maar dit pla hulle glad nie, want hulle is nie ingestel op hulleself nie, net op Jesus. Hulle klere word vuil en vol stof wanneer hulle kniel by die voete van Jesus, maar dit kan hulle ook nie pla nie. Langs die pad staan ’n paar vrouens wat uitgedos is in die beste, duurste uitrustings

met vreeslike hoë hakskoene. My fokus het op hulle skoene stilgeraak en ek het begin wonder hoe 'n mens op die pad agter Jesus kan aanstap met sulke skoene. Hulle gaan baie swaarkry op die pad, want hulle gaan OF hulle skoene moet uittrek en agterlaat, OF Jesus nie volg op Sy pad nie. Die "grand" vrouens het die kaalvoetvrouens aangevaap met hulle hande oor hulle monde van verbasing. Hulle kon nie glo hierdie kaalvoetvrouens gee nie om om so vuil te word op die stofpad nie. Maar weet julle - die stowwerige vrouens lyk maar net vir die wêreld stowwerig, maar hulle het die voorreg om elke dag te kniel voor die voete van die groot almagtige Koning. Hulle ervaar elke dag die liefde wat uit Jesus uitvloei en daarom het hulle nie nodig om te klee vir aanvaarding van die wêreld nie. Hulle weet wie hulle is en aan wie hulle behoort. Hulle het tot die besef gekom dat dit nutteloos is om opgetof langs die pad te staan op soek na komplimente en aanvaarding. Hulle het die voorreg dat Jesus elke dag hulle stowwerige voete was en hulle elke dag opnuut klee met klere uit Sy hemelkas.

Daardie dag het ek besluit ek is klaar met die modes van hierdie wêreld, ek gaan beslis nie dat modegiere en hoëhakskoene tussen my en God staan nie. Nie een van ons het mooi skoene, klere of behangsels nodig in ons lewenswandel saam met Jesus nie. Ek sê nie hoëhakskoene is 'n euwel nie, maar dis wel 'n euwel as ons weier om dit uit te trek om Jesus te volg. Dis 'n euwel as dit tussen ons en Jesus staan en dis 'n euwel as jy op jou hoëhakskoene die res van die mense uit die hoogte aanstaar en 'n hand voor jou mond hou, want "kyk hoe lyk daardie mense..."

Dit wat in ons geeshart gebeur, werk vanuit ons geeshart na ons siel, wat weer op sy beurt oorspoel na die liggaam, met ander woorde, alles wat in ons gees gebeur, spoel op sy beurt weer oor na ons siel en dan na ons liggaam. Die verandering in ons gees, sal mettertyd weerspieël in ons siel en liggaam. Net so sal ons nuwe

bekleding van ons gees, deur Jehova Tsidkenu, op sy tyd deurspoel na ons manier van dink en doen, asook ons fisiese manier van klee.

Daar is niks mee fout as ons mooi aantrek en onself versorg nie, maar waar die probleem wel inkom, is tot watter mate ons optof en ook wat die motief is daaragter... Wat is ons beweegrede? Is dit om goed of beter oor onself te voel? Is dit om gekomplimenteer te word? Is dit om eer van die wêreld te ontvang? Die ergste van alles - Is dit om aandag te trek en mense twee keer te laat kyk, veral om mans se oog te vang?

Onder gebed wys Abba Vader vir my die mooiste, sagste pienk blom en vra ek moet die blom aan Hom beskryf. Die eerste woord wat by my opgekom het, was die woord "sag". Daardie blom het vir my alles wat mooi, sagmoedig, liefdevol, vredevol en vroulik is, verteenwoordig. Abba Vader gee toe vir my 1 Petrus 3 om te gaan lees en sê Hy wil graag hê Sy vrouens op aarde moet soos hierdie blom lyk en dit verteenwoordig...

"Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God."

1 Petrus 3:3-4 (AFR33/53)

"Wanneer is 'n vrou regtig mooi? Vir 'n Christen sit skoonheid nie aan die buitekant nie, maar dit kom van binne. Moenie julle te veel daaroor bekommer of julle klere in die mode is en julle hare pragtig versorg is nie. Mooi juweliersware is ook nie nodig om julle mooi te maak nie. Nee, 'n vrou se eintlike skoonheid kom van binne af. Hoe mooi is dit nie as 'n vrou sag en vriendelik optree nie. Of 'n vrou nou oud of jonk is, hierdie soort mooiheid

kan jy nie van haar af wegvat nie. In God se oë is dit die kosbaarste juwele wat 'n vrou kan dra.” (DB)

Ek is jammer oor wat ek nou gaan sê, maar dis die reïne waarheid... Ek is ook 'n vrou, so ek wys nie vinger na ander nie, maar ek hoop dat elke vrou wat hier lees, selfondersoek sal gaan doen. Vanaf Eva se tyd is dit so maklik vir die vrou om die man te verlei - om hom agter haar aan te lei die sonde in en om haar gode te dien. Onthou net, mans verloor half kop as hy 'n mooi vrou sien, veral as sy nog sensueel geklee is daarby. Sommige mans het al mooi geleer - hulle kyk eerder weg as hulle so 'n vrou sien, maar daar is mans wat nie hulle oë in toom kan hou nie. Ongelukkig is daar te veel vrouens wat versot daarop is om mans se koppe te laat draai. Dit laat die vrou beter voel oor haarself, dit doen iets binne haar, dit voed ook seker haar honger gees, maar dit is 'n bose daad uit die pit van die hel! Mans is swak as dit by vrouens kom, want hulle sien net een ding... soveel mans loop nie agter 'n mooi vrou aan vir hoe sy lyk nie, maar vir dit wat sy hom kan bied - of dit seksueel van aard is en of sy vir hom 'n trofee is om hom beter oor homself te laat voel... Ek weet alle mans is nie so nie, daar is egter min wat uitloklike vrouens kan teëstaan en 'n doelbewuste besluit maak dat 'n vrou hom nie sal mislei nie. Daar is vrouens wat die vermoë het om mans se fokus weg te vat van God en hulle werk vir God - hierdie vrouens doen die werke van Satan! Dit is in teenstelling met wat God van ons vrouens vra! Hy vra van ons 'n sagte, stille en sagmoedige gees wat nie mans uitlok met die uiterlike nie, maar wat mooi van binne is. Ons kan dit alleenlik by Abba Vader ontvang; alleenlik Hy kan ons omvorm in die mooi, sagte, pienk blom. 'n Vrou by die voete van die Meester gaan beslis nie uitloklik aantrek nie, dit is so in teenstelling...

“...want 'n mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie.” Mattheus 7:16 (AFR33/53)

God duld nie goed wat in teenstelling met mekaar is nie, want hy duld nie lig en duisternis wat vermeng word met mekaar nie - dit is presies wat satan wil hê, nie God nie. Ek was gekonfronteer met die argument dat 'n vrou se voorkoms en die manier waarop sy aantrek, niks met haar hart te doen het nie, maar as ek die Bybel lees en ek let op dit wat Abba Vader my leer, kan ek geensins daarmee saamstem nie! 'n Boom word geken aan sy vrugte! As 'n boom gewortel is in God, gaan hy vrug dra wat God verheerlik - die vrou wat gewortel is in God, sal klee om God te verheerlik.

“Julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.”

1 Korinthiërs 6:20 (AFR33/53)

As ons hart, siel en gees aan God uitverkoop is, gaan ons klee volgens ons hart om God te behaag en nie om die mens se oë te behaag nie; ons gaan WIL lyk soos die pienk blom. Ek oordeel geen vrou oor haar kleding nie, maar deur die kleding van 'n vrou oordeel sy haarself. Ons liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees, dit huisves die Gees van God en ons liggaam behoort nie aan onself nie. As die Gees van God binne ons woonbaar is, gaan ons gewete ons aankla wanneer ons klee om die fokus op ons liggame te plaas, want dan verheerlik ons God beslis nie. Daarom moet en sal ons klee met die oog op Jesus, om Hom te verheerlik deur ons liggaam, nie om ons eie liggame te verheerlik nie. As ons beweër ons behoort aan God, maar tog uitloklik klee, is ons besig om onself te flous. As ons harte deur God verander is, as ons deur Jehova Tsidkenu die kleed van geregtigheid ontvang het, gaan ons in elk geval geen behoefte hê om te klee met die doel om koppe te laat draai nie! Ons gaan geen behoefte hê om mans te verlei nie, en as ons dit wel doen met die punt om mans te laat struikel, gaan ons moet verduidelik eendag...

As ons mooi aantrek en ons behang met versiersels met die doel om mooi te lyk aan die buitekant, wat gaan aan in ons binnekant? Ek sê weereens: Ek wys vinger na niemand, want ek het ook deur hierdie proses gegaan, so ek weet! Ons plaas die fokus op die buitekant sodat ander nie moet fokus op ons harte nie.... laat hulle eerder ons buitekant bewonder en nie loer wat aangaan in ons hart nie. As ons klee om raakgesien te word, doen ons dit om aanvaar en gekomplimenteer te word, maar niemand op aarde kan vir ons die aanvaarding gee wat ons nodig het nie. En wie se aanvaarding wil ons regtig hê? Die mens s'n, of God s'n?

Wanneer ons geestelike klere van God ontvang, gaan ons nie meer WIL klee om ander te beïndruk nie, want as ons ons harte aan die enigste Geneesheer gee en Hy dit heelmaak, gaan ons self begin fokus op wat in ons hart aangaan en nie meer fokus op ons buitekant nie. Jehova Tsidkenu maak ons so vol van binne, Hy voldoen in al ons behoeftes, soos liefde en aanvaarding, dat ons nie nodig het om dit in die wêreld te soek nie. Ons hoef nie meer onself te verkoop aan die wêreld nie, want ons is uitverkoop aan Jesus Christus en Hy verander ons van binne af buitoe. Hy klee ons met Homself wat liefde, vrede, vreugde en sagmoedigheid uitstraal - dan eers kan ons die pienk blom verteenwoordig wat God van ons verwag.

“Verder het die Here gesê: ‘Omdat die dogters van Sion trots is en loop met uitgerekte nek en met die oë lok, wegstap met trippelgang en hulle voetringe laat rinkel, daarom sal die Here die skedel van die dogters van Sion skurf maak, en die Here sal hulle skaamte ontbloot. In die dag sal die Here wegneem die sieraad van die voetringe en die sonnetjies en die maantjies; die oorversiersels en die armbande en die sluiers, die hoofversiersels en die voetkettinkies en die pronkgordels en die reuklflessies en die towermiddels; die vingerringe en die neusringe; die

feesklere en die manteltjies en die tjalies en die handsakkies; die handspieëltjies en die hemde en die tulbande en die wye mantels.

Dan sal daar in plaas van 'n balsemgeur mufheid wees, en in plaas van 'n gordel 'n tou, en in plaas van gevlegte hare kaalheid, en in plaas van 'n pronkgewaad 'n roukleed, brandmerk in plaas van skoonheid'."

Jesaja 13:16-24 (AFR33/53)

Mag ons as vrouens klee om God te verheerlik met ons liggame en nie om eer aan onself te bring nie! Mag ons kniel voor die voete van Jesus sodat Hy ons kan skoonwas van binne sodat ons nie meer ons harte sal probeer wegsteek deur die fokus te plaas op die uiterlike nie. Mag ons bereid wees om die juwele, handsakkies, reukwerk, mooi klere en hoëhakskoene eenkant te plaas sodat ons die stowwerige, wit grondpad sal aandurf saam met Jesus. Mag ons oorgee aan God dat Sy saad binne ons sal begin groei sodat ons kan begin blom na buite met 'n stille, sagmoedige gees. Mag God ons krag en sterkte gee om nie te fokus op die toeskouers wat ons met verbasing aangaap nie, maar om altyd ons fokus op Jesus te hou en om eerder te bid dat Abba Vader aan die toeskouers 'n hongerte en brandende begeerte na Hom sal gee.

"What matters is not your outer appearance - the styling of your hair, the jewelry you wear, the cut of your clothes - but your inner disposition." 1 Peter 3:3,4 (MSG)

Geestelike hongerte

"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."

Mattheus 4:4 (AFR33/53)

God het die mens geskep as liggaam, siel en gees. Ons weet die liggaam is die gedeelte wat al ons organe bevat, dit is soos die dop wat die siel en gees huisves. Die siel is die deel van ons menswees waar ons eie wil, emosies en denke gesetel is. Die gees is die diepste en belangrikste gedeelte van die mens, want dit is die deel van die mens wat met God kan konnekteer. Dit is die deel wat God gebruik om in en deur ons te leef. God het die gees van die mens geskep sodat Sy Gees daarin kan woon en as die Gees van God nie in die mens leef nie, funksioneer net die liggaam en die siel van die mens, dan is die gees van die mens in dormansie. Hierdie mens is dan nie volwaardig mens nie, maar net 'n half-funksionerende wese wat ek 'n halfmens noem. 'n Halfmens LEEF nie, want hy voer net 'n bestaan. Daarteenoor is die mens wie se hart en lewe oorgegee is aan God, se geeshart lewendig met die Lewe van God. Sy

liggaam, siel en gees funksioneer in harmonie en hierdie mens LEWE omdat die Lewe van God in hom teenwoordig is. Ek verwys na so 'n mens as heelmens.

Omdat God die mens gemaak het om te funksioneer as liggaam, siel en gees, kan die mens wat geen Lewe in sy geeshart het nie, die leemte diep in sy wese voel, maar hy besef nie die leemte kom uit sy gees nie. Hy is in der waarheid geestelik honger, maar sal dit nie verstaan of erken nie, want die meeste geestelike honger mense teer op hoogmoed en trots, so baie van hulle dink ongelukkig dat hulle nie vir God in hulle lewens nodig het nie. Hulle probeer hierdie geestelike hongerte op allerhande maniere stil, maar wat hulle nie verstaan nie, is dat die leemte in die geeshart van die mens alleenlik deur God gevul kan word, want God het die gees van die mens vir Homself geskep en alleenlik Hy kan die leemte in ons geeshart volmaak. Alleenlik God kan ons geestelike hongerte stilmaak.

Mense probeer die leemte of hongerpyne stil met goed uit die wêreld soos fisiese kos, drank, dwelms en ander verslawende middels. Ander probeer weer hierdie leemte vul deur liefde van mense te ontvang, om aanvaar te word of om erken te word. 'n Ander jaag weer sukses na - in sy werksplek, op die sportgrond of watter ander gebied ookal. Op hierdie manier hou die mens hom besig met allerhande onbenullighede in die wêreld wat hom op die ou end van die dag absoluut niks in die sak gaan bring nie... dit is vermorste tyd en energie wat aan niemand ewigheid kan bied nie. Al hierdie goed maak deel uit van wêreldse voedsel waarmee die mens sy geestelike hongerte probeer les, want ons almal voel daardie leemte diep binne ons, daardie knaende hongerte. Wêreldse voedsel kan die hongerpyne slegs vir 'n baie kort rukkie stilmaak, maar dan begin die hongerte maar net weer van voor af en moet ons weer ywer om die honger te stil. Dit raak een groot bouse kringloop waar die vyand ons met onbenullighede besig hou sodat ons nie tyd het om by die voete van Abba Vader te spandeer nie.

Ons almal het net een ding nodig om ons honger gees te stil - Die Brood van die Lewe! Jesus!

"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."

Mattheus 4:4 (AFR33/53)

Deur op wêreldse voedsel te voed, voed jy jou vlees en jou siel, nie jou gees nie, want onthou nou... God het die gees van die mens vir Hom gemaak, so jou gees kan alleenlik die liefde en lewe van God absorbeer. Jou gees kan nie gevoed word met wêreldse voedsel nie en groei dus nie tot sy volle potensiaal nie. Ons vlees en siel moet eerder honger lei sodat ons gees gevoed kan word met die Brood van die lewe en hierdeur bedoel ek nie ons moet vas soos soveel geestelike boeke 'n mens probeer leer nie. As jy probeer om jou gees te voed met voedsel uit die wêreld, voed jy eintlik net jou vlees of jou siel. As jy byvoorbeeld jou geestelike honger probeer stil deur drank, dwelms, ooreet of iets van die aard, voed en bevredig jy jou liggaam, wat weer oorspoel na jou emosies wat in jou sielsdimensie lê. Jou liggaam en siel word vir 'n baie kort rukkie gevoed, maar voor jy jou oë uitvee, is die hongerpyne maar weer terug. Jou gees word glad nie gevoed nie, net jou liggaam en siel. Wanneer die drank, dwelms of wat ookal uitgewerk is, word die emosies maar net weer negatief en weer begin ons ons liggaam en siel voed...

Daar is 'n baie interessante wisselwerking tussen die liggaam en siel. Wanneer ons die liggaam bevredig deur toe te gee aan drank, dwelms, seks of enigiets wat die liggaam bevredig, word die emosies ook vir 'n rukkie gesus. Daar is baie bewyse dat mense byvoorbeeld ooreet om beter te voel, daarom is baie mense emosionele eters - hulle voed die liggaam om die siel beter te laat voel. Net so het alles wat in die siel gebeur, weer 'n invloed op die

liggaam, byvoorbeeld: As ons konstant negatiewe gedagtes, onvergewensgesindheid, bitterheid, woede en haat koester, gaan hierdie negatieweit oorspoel na ons liggame, wat ons kan siek maak. Die brein is deel van ons liggaam, so ons gedagtes (wat in ons sielsdimensie lê), kan 'n invloed hê op ons brein, dus kan ons gedagtes die afskeiding van chemikalieë en hormone in ons brein beïnvloed wat weer lei na depressie en allerhande versteurdhede. Wanneer 'n mens diep ongelukkig of in rou is, lê die seer in die sielsdimensie, maar tog kan 'n mens in iemand se oë die hartseer sien. Wanneer ons aanvaarding of liefde by 'n persoon vind, straal ons gesigte - weereens, dit wat in ons siel gebeur, spoel oor na die liggaam. Met ander woorde, wanneer ons ons liggaam of ons siel met wêreldse kos voer, het die liggaam en siel 'n uitwerking op mekaar, maar dit kan niks aan ons geestelike hongerte doen nie.

Daarteenoor, wanneer ons ons geestelike hongerte voed met Woord en gebed; wanneer ons in 'n hegte verhouding met Abba Vader is, stil ons die diep hongerpyne. Hoe meer ons daarop voed, hoe meer gaan ons nie 'n hunkering hê na wêreldse voedsel nie. Wanneer ons gees gesond is, spoel die vrede en liefde vanaf ons gees na ons siel, wat ons emosies meer vredevol maak en wat ons meer stabiel maak. Wanneer ons emosies en denke beheer word deur ons gees, word dit dus deur Abba Vader beheer en vrede sal oor ons heers. Die vrede en liefde spoel weer vanaf ons siel na ons liggaam, wat ons meer gesonde mense kan maak. As jou gees nie gesond is nie, is jou siel en liggaam ook nie gesond nie. (Ek sê nie alle siektes ontstaan uit 'n siek gees nie)

Om hierdie saadjie op te som... 'n Halwe mens se gees is nie gevul met die Lewe van God nie. As jy die saadjies lees oor die boom wat gewortel moet wees in die hart van God, sal jy sien 'n halwe mens is dus iemand wat nie in God gewortel is nie, die persoon ontvang nie die Lewe vanaf God nie. Die mens funksioneer dus net as liggaam en siel. Hy LEWE nie, want die Lewe van God is afwesig. Halfmense voel die hongerpyne omdat

hulle gees nie gevoed word nie en hulle probeer die hongerpyne stil deur alles wat Satan die mens bied in die wêreld.

Daarteenoor funksioneer die heelmens in harmonie as liggaam, siel en gees. Sy gees LEWE; die Lewe van God spoel deur sy are, want hy is gevestig in die hart van God. Hy kan ook nou en dan die geestelike hongerte voel knaag, maar dan weet hy waarheen om te draai om sy honger te stil; hy weet dadelik wanneer hy te min tyd by die voete van Abba Vader spandeer.

In Deuteronomium sê Moses vir die volk:

"En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan."

Deuteronomium 8:3 (AFR33/53)

Ons moet altyd onthou dat NIKS uit die wêreld ooit ons geestelike honger kan stil nie. Ons geeshart is deur God ontwerp sodat niks uit die wêreld dit kan vul nie en solank as wat ons geeshart leeg is, is ons halwe mense. Ons geeshart kan alleenlik die Liefde van God absorbeer. Alleenlik die Liefde van God kan van halwe mense, heel mense maak.

"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."

Vrug van die bose boom

“Hulle het toegelaat dat die god van hierdie donker wêreld hulle blind maak. Omdat hulle nie glo nie, is hulle lewe nou pikdonker. Daarom sien hulle nie die lig wat die goeie nuus oor Christus in mense se lewe bring nie.”

2 Korinthiërs 4:4 (DB)

Satan weet presies wie aan geestelike hongerte ly, hy ken elkeen se hongerpyne asook die oorsprong van elkeen se hongerpyne... en dit is presies hoekom hy die bose boom in die wêreld kom plant het – om geestelike honger mense te voed met sy bose vrugte. Omdat die mens in die duistere wêreld ingebore word, word ons geestelik blind gebore en is dit baie maklik vir Satan om hierdie vrot, gefermenteerde vrugte van vroegs af aan die mens uit te deel. Omdat die mens daarop voed vandat hy baie jonk is, is dit vir hom niks snaaks nie; om vasgevang te wees in godsdiens, tradisie en kultuur is “reg” vir die mens en diegene wat losbreek daarvan, word gesien as buitestaanders!

Soos die Boom van die Lewe 12 maande van die jaar vrugte dra, so dra Satan se boom ook reg deur die jaar vrugte; hy is nie seisoensgebonde nie en hy het ook nie 'n voorkeur ouderdom aan wie hy die vrugte bied nie. Hy weet presies hoe honger elke mens in die gees is en hy hou die bose vrugte op 'n goue skinkbord na die mens toe uit om daarop te voed. Hoe meer die mens daarop voed, hoe meer wil hy hê - totdat obsessiewe gedragspatrone soos verslawings ontstaan. Mens dink dadelik aan goed soos drank, dwelms of seks as 'n verslawing, maar daar is ook verslawings soos soeke na liefde, erkenning, aanvaarding, eer, roem en aansien. Satan weet hoe honger elkeen se gees is en hy weet ook waar elkeen se swak punte lê. Hy weet presies wat dit is wat tussen die mens en God staan en hy sal dit altyd aan die mens voorhou om die hongerte vir 'n rukkie te stil. Die vrugte van Satan laat die mens opsetlik en bewustelik sondig en rebelleer teen God.

Die bose boom se vrugte is altyd 'n lus vir die fisiese oog, dit is soet op die tong, sag op die maag en laat nooit 'n bitter smaak in die mond nie. Hoeveel mense vergryp hulle aan die boom van goed en kwaad sonder om dit te besef? Omdat die mens nie gebore word met geestelike onderskeidingsvermoë nie, kan hulle nie die planne van Satan raaksien nie. Daarby is die bose vrugte so lekker dat die meeste mense in elk geval kies om nie die sleg daarin raak te sien nie. Die gevolg is dat Satan die mens so besig hou met allerhande nonsens sodat die mens nie tyd kry om God te soek nie; hy kry nie tyd om alleen met God te spandeer nie - dit is omdat Satan hom so besig hou met die onbenullighede van die wêreld. Dit is die mens se keuse of hy hom gaan besig hou met die dinge van Satan en of hy net vir 'n oomblik gaan terugstaan, kyk waarmee hy besig is en rekonsilieër... Is dit waarmee jy besig is, God se wil? Of is dit onbenullighede waarmee Satan jou besig hou? Hy is 'n tydrower, 'n dief! Hy weet hoe belangrik dit is dat ons tyd met God moet spandeer. Dit is presies hoekom hy alles in sy vermoë doen om ons besig te hou, veral met dinge van die self, want hoe meer ons besig is met die self, hoe verder beweeg ons van God af weg.

Gaan dink 'n bietjie watse vrugte dit is wat Satan jou voer... Dalk wêreldse kennis en insig, televisie, musiek, sport, oefening, om die self mooier te maak vir die wêreld, drank, dwelms, rykdom, eer, roem, aansien op verskeie vlakke van die lewe, vriende en mooi uitloklike vroue... Seksuele sondes is in vandag se tyd so algemeen, dis niks meer snaaks nie, dis oop en bloot op televisie, ons is almal blootgestel daaraan en ons arme kinders...

Die gevolge van die bouse vrugte is nog presies dieselfde as in die tyd van Adam en Eva... God het aan hulle al die bome in die tuin gegee om op te voed, behalwe die boom van kennis van goed en kwaad. God het hulle gewaarsku dat as hulle sou voed op die verbode boom, hulle sou sterf. God het nie bedoel dat hulle as mens fisies sou sterf nie, maar God het geweet die gevolg gaan wees dat hulle geestelik sou sterf. God het geweet die boom se vrug gaan die Lig uit hulle gees blus en as die Lig van God nie in ons gees teenwoordig is nie, LEWE ons nie waarlik nie, maar funksioneer ons net. (Ons ontvang mos die Lewe van God wanneer ons 'n penwortel in die hart van God ingroei en die Lewe en die Lig is dieselfde. Wanneer ons die Lewe van God binne ons het, skyn ons ook Sy Lig uit ons harte. Die mens wie se hart dus nie die Lig van God uitstraal nie, is ook nie gewortel in God nie en het ook nie die Lewe van God binne hulle nie.) Adam en Eva was gekonnekteer aan God, hulle het met God gewandel, so hulle het die Lewe van God binne hulle gehad, wat ook beteken die Lig van God het uit hulle harte gestraal. Hulle het GELEWE! God het geweet dat ongehoorsaamheid aan Hom die Lig uit hulle geesharte gaan blus.

Satan het die vrug van die verbode boom aan Eva voorgehou met die mening dat hulle glad nie sal sterf nie, maar eerder soos God sal word, waarop sy die keuse gemaak het om ongehoorsaam te wees aan God... wat niks anders is as sonde nie. Sonde blus die Lig uit die hart van die mens en wanneer die Lig, dus die Lewe van God, nie meer in die hart van die mens teenwoordig is nie, kan die mens nie 'n konneksie met God hê nie, kan hy dus nie 'n hegte

verhouding met God hê nie. Die daad van sonde het dus Adam en Eva se geesharte verduister deurdat hulle die Lig van God verloor het. Sonde doen dit vandag nogsteeds! Sonde hou die hart van die mens in verduistering sodat die mens nie 'n verhouding met Abba Vader kan hê nie. Wanneer ons toegee aan die versoekings van Satan, voed ons eintlik op die verbode boom se vrugte wat die geeshart van die mens in verduistering hou. Dit weerhou ons om 'n verhouding met Abba Vader te hê en dit is presies wat Satan wil hê, want hy probeer alles in sy vermoë dat ons nie gekoppel moet wees aan Abba Vader nie.

Nog 'n ding wat met Adam en Eva gebeur het, is dat hulle vleeslike oë oopgegaan het. As julle Genesis 2 en 3 lees, sal julle sien dat Adam en Eva naak was, maar dit het hulle nie gepla nie. Hulle was dus glad nie eers bewus van hulle vleeslikheid nie, hulle vleeslike oë was nog toe gewees... en toe eet hulle van die verbode vrug:

“Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is...”

Genesis 3:7 (AFR33/53)

The Message sê: “Immediately the two of them did see what’s really going on...” Met ander woorde, voor die sondige daad, was hulle vleeslike oë nog die heelyd toe en hulle geestelike oë was oop, maar sonde het die vleeslikheid van die mens laat ontwaak en hulle vleeslike oë laat oopgaan wat hulle intens bewus gemaak het van hulle vleeslike behoeftes. Dadelik het hulle vyeblare gemaak om hulle naaktheid te verbloem, so dadelik het die mens ingetree en in sy vleeslike behoeftes begin voorsien. Wanneer sonde die Lig van God uit die hart van die mens blus, verloor die mens ook sy geestelike ingesteldheid en kan hy nie meer daardie noue kontak met Abba Vader hê nie. Hy is dan geestelik blind en doof.

“...Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van die volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.”

Mattheus 13:14,15 (AFR33/53)

Ons word in die wêreld ingebore met ons vleeslike natuur wat oor ons heers. Ons word ongelukkig nie heilig gebore soos baie mense glo of hoop nie. Vanaf ons geboorte is ons geestelike oë geslote en ons vleeslike oë oop. Satan voer ons verbode vrugte vandat ons klein is sodat ons gewoon kan wees daaraan en dit vir ons half “normaal” is, dis vir ons deel van die lewe. Sy doel daarmee is om ons vleeslike oë oop te hou, want solank ons vleeslike oë wawyd oop is, is dit moeilik vir ons geestelike oë om oop te gaan. Dan is ons intens gefokus en ingestel op die self en ons vleeslike behoeftes, so erg dat ons nie eers bewus is van ons geestelike behoeftes nie. Ons voel die diepe honger binne ons, maar beseft nie dit is eintlik ons gees wat uitskree van die honger nie. So gaan ons aan om die honger te probeer stil met wêreldse voedsel (wat besevrugte is) en die gevolg is dat die besevrugte ons gees in diepe dormansie hou wat ons ook in geestelike blindheid en doofheid vasgevang hou. Mense wie se gees nog in dormansie is, lees en hoor die Woord van God met hulle vleeslike ore. Die inligting word gestuur na die menslike brein wat dit interpreteer en omsit in logiese data, dus verstaan hulle die Woord van God met die brein, maar God sê in die Woord ons moet Hom met die Gees aanbid. In hierdie geval, waar die brein van die mens al die inligting prosessee, is die gees van die mens glad nie betrokke nie. Omdat hulle geesharte nog in dormansie is, kan hierdie mense nie

met hulle harte waarlik in God glo nie. Hulle praat uit die brein wanneer hulle oor God praat, alles is vir hulle feite en daarom is daar so baie goed wat hulle nie glo of verstaan nie, want alles moet vir hulle logies en realisties wees. Die probleem lê nie by die Woord nie, dit lê by die geestelike dormansie van die mens. 1 Korinthiërs 2:14 sê:

“Temand wat net op ’n menslike vlak bly dink en net glo wat mens kan verklaar, sal nie ’n woord van God se geestelike boodskap wil aanvaar nie. Dit sal nie vir hom sin maak nie en hy sal nie kan verstaan hoe op aarde dit moontlik kan wees nie. Die fout lê by hom en nie by die dinge wat hy nie kan verstaan nie. Hy is die een wie se oë heeltemal toe is vir die geestelike dinge. Net die Heilige Gees kan hierdie dinge vir ’n mens duidelik maak.”

1 Korinthiërs 2:14 (DB)

Omdat die Woord deur die brein geïnterpreteer word, verstaan hulle die Woord verkeerd. Die Woord van God moet deur die Gees van God vir ons oopgebreek word en dit gebeur alleenlik wanneer ons harte ontwaak uit dormansie. Dan gaan die Woord wat ons lees of hoor, nie meer na ons brein nie, maar na ons geeshart waar dit omgesit word in geestelike Waarheid. Die mense van die wêreld wil nie die Waarheid hoor nie, hulle lag dit af as bogpraatjies.

“Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met die wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan

*nie, want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan
nie, omdat dit geestelik beoordeel word.”*

1 Korinthiërs 2:13-14 (AFR33/53)

Geestelike blindheid en doofheid veroorsaak dat 'n mens nie die Waarheid van die leuen kan onderskei nie; die mense is lief om dit te hoor wat die ore paai en wil glad nie hoor dat hulle hulle lewens radikaal moet verander, 'n ommekeer moet maak en hulle sondes laat staan nie. Hulle is oorgegee aan godsdiens. Bese vrugte maak ons blind en doof om God te kan beleef en om Sy stem te kan hoor.

“Hulle het toegelaat dat die god van hierdie donker wêreld hulle blind maak. Omdat hulle nie glo nie, is hulle lewe nou pikdonker. Daarom sien hulle nie die lig wat die goeie nuus oor Christus in mense se lewe bring nie.”

2 Korinthiërs 4:4 (Die Boodskap)

Na die sondeval het God vir Adam en Eva gesoek en hulle in vyblare gevind. Dadelik het Hy hulle gevra of hulle van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het en toe sê Hy vir hulle:

“VERVLOEK IS DIE AARDE OM JOU ONTWIL!

Met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.”

Genesis 3:17 (AFR33/53)

Met ander woorde, deurdat hulle gevoed het op dit wat God hulle verbied het, het hulle nie alleenlik duisternis oor hulle harte gebring nie, maar ook duisternis en vervloeking oor die aarde... God het die mens aan sy eie lot oorgelaat en hulle uit die tuin weggestuur om te gaan woon in die vervloekte wêreld wat hulle oor hulleself gebring het. Om aan te hou om te voed op die verbode vrug, is sonde in die oë van God. Dit veroorsaak vervloeking oor ons eie omgewing, wat bestaan vir onself moeiliker maak. Dit is nie God wat die mens direk straf of direk 'n vloek op die mens plaas nie - dit is deur die mens se eie toedoen dat hy in 'n vervloekte omgewing leef. God laat net die mens oor aan sy eie lot. As ons kies om te voed op die verbode vrug, moet ons ook verantwoordelikheid kan vat vir die gevolge daarvan...

Vandag oorreed Satan nogsteeds ontelbare siele om te nuttig van die verkeerde boom... Is dit nie waar 'n groot deel van die mensdom se probleme lê nie? Ons voed op alles in die wêreld wat Satan ons bied om gelukkiger, mooier en beter te wees; om meer sukses te behaal en belangriker in die oë van die wêreld te wees. Gehoorsaamheid aan ons eie wil laat ons oorgee om te voed op die bose boom wat net ons liggaam en siel kan voed, nooit ons gees nie, maar dis nie deel van God se plan vir een van ons nie. God weet dit maak ons harte duister, en dit maak Hom hartseer, want Sy oorspronklike plan was dat ons harte Lig moet wees, deurdat ons moet voed op die Boom van die Lewe.

Die vraag wat elkeen homself moet afvra, is waarop voed ons? Voed ons op dit wat God ons bied, of aanvaar ons die bose vrugte wat Satan op 'n skinkbord na ons toe uithou? Ek dink ons kan nou beter begin verstaan hoekom die grootste gedeelte van die mensdom geestelik blind en doof vir God en Sy werke is... Dit is elkeen se eie verantwoordelikheid om te sorg dat sy gees gesond is, dat sy gees gevoed word met die regte Voedsel, want Satan weet presies wie se gees honger is en hy sal altyd sy kans vat. As ons

ingee en voed op die verbode vrugte, gaan ons die prys daarvoor betaal en ongoddelike vrugte dra. Ons vrugte se saad gaan die wêreld net nog meer besmet en besoedel! Ons moet Satan teëstaan en hy sal dan van ons wegvlug. Die enigste manier hoe ons dit kan doen, is om ons eie wil te onderwerp aan God en te voed alleenlik op DIT wat Hy aan ons bied. As ons voed op dit wat God ons bied, sal ons onderskeidingsvermoë van God ontvang om Satan se vrugte te kan herken en te verwerp. Moenie trap in die slaggate wat Satan vir jou stel nie. Voed op die Woord van God sodat jy kan weet wanneer Satan jou in die versoeking probeer lei. Ons herken nie vir Satan, sy werkers of hulle werke nie, want ons ken nie die Woord van God nie!

Misbruik van die Brood van die Lewe

“Waarom doen julle al die moeite om My te volg? Dit is definitief nie omdat julle God in My dade raakgesien het nie. Nee, julle doen dit maar net omdat Ek vir julle kos gegee en julle lekker geëet het.”

Johannes 6:26 (DB)

Dink jouself die volgende scenario in asof jy deel is daarvan: Jy stap tussen die mense wat deel uitmaak van die groot skare siek en kreupeles wat van die Man van Nasaret gehoor het. Jy hoor hoe kerm en kreun die honger, siek en emosioneel afgetakelde mense om jou. Hulle het gehoor van al die wonderwerke wat die Man van Nasaret doen en dat daar soveel siek mense is wat Hy aangeraak en genees het. Die skare het gehoor dat die Man hierdie kant van die see van Galilea is en hulle is opsoek na Hom. Dan sien hulle Hom

met Sy dissipels waar hulle saamsit op 'n berg. Een vir een begin mense uit die skare vinger na Hom wys en uitroep: “Daar is die Man wat genees! Daar is die Man wat ons siektes kan wegneem!” Die woord versprei baie vinnig onder die skare mense en soos hulle in die rigting van die berg stap, word die skare mense al hoe groter. Die kreupel en siek mense word teen die berg opgehelp na die Man wat genees - almal hoop dat Hy hulle sal aanraak en genees.

Jesus kyk af na die skare mense en Sy hart krimp ineen vir hulle van jammerte, want Hy weet hoe honger hulle fisies is, maar hy weet ook hoe honger hulle geestelik is. Jesus kyk na Filippus en vra: “Waarvandaan sal ons brood koop sodat hierdie mense kan eet?” Die dissipels kyk na mekaar en skud hulle koppe, want hulle weet dit gaan baie kos om hierdie skare mense te voed en nie een van hulle het soveel geld nie. Hier is wel 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies, maar al breek hulle dit op, sal net 'n paar mense elkeen 'n proeseltjie kan kry. Nogtans sê Jesus die mense moet op die gras gaan sit. Hy neem die brood en vissies by die seuntjie, dank die Here vir die voedsel en begin wonderbaarlik die brood en vissies breek en uitdeel aan die mense. Hoe meer Hy die brood en vis breek, hoe meer word dit... Die mense kyk verbaas na mekaar en dan na Jesus, maar hulle eet en eet en eet totdat hulle versadig is. Toe almal klaar geëet het, sê Jesus aan Sy dissipels om al die brokstukke bymekaar te maak sodat niks verlore sal gaan nie. Hulle gooi al die stukke in mandjies en toe hulle klaar is, is daar twaalf mandjies gevul met brokstukke. Dis asof die realiteit by die skare mense begin insink oor wat sopas gebeur het en onder mekaar begin hulle bespiegel: Is Hy waarlik die profeet wat in die wêreld sou kom? Want as Hy is, moet hulle Hom dadelik kroon as koning! Dink hoe wonderlik kan Hy die lewe vir hulle maak... Hy kan aan hulle voedsel verskaf, Hy kan hulle siektes genees... Dink net... 'n Koning wat wonderwerke doen en die lewe vir hulle so maklik as moontlik kan maak, 'n Koning wat in hulle fisiese behoeftes kan voorsien, dit kan mos wonderlik wees! Die skare mense raak skoon opgewonde en wil Jesus met alle geweld kroon

tot koning, maar toe Jesus hoor dat hulle Hom wil kroon as koning, gaan Hy alleen die berg op...hartseer... want Hy weet die mense sien net die mens agter die wonderwerk raak, hulle sien en besef nie dat God hierdie wonderwerke deur Hom doen sodat die mense in Hom kan glo as die Seun van God nie.

Al die werke wat Jesus op aarde gedoen het, getuig dat Hy die Seun van God is en dat God direk in en deur Jesus gewerk het, dat Hulle Een is, maar die mense se geestelike oë was geslote en daarom sien hulle net die fisiese mens raak wat wonderwerke doen en die lewe vir hulle so maklik en lekker as moontlik kan maak. Jesus weet hierdie mense wil nie regtig hoor wat Hy vir hulle wil leer nie; Hy weet hulle soek Hom nie vir wie Hy IS nie; hulle soek Hom nie omdat Hy die Brood van die Lewe is en Hy aan hulle die Ewige Lewe kan gee nie; hulle soek Hom nie om hulle honger gees te voed nie... Nee, hulle soek Hom omdat hulle die wondertekens gesien het, omdat hulle gesien en gehoor het van al die siekes wat Hy genees het. Hulle soek Hom nie om eer aan Hom te gee nie, maar eerder dat Hy hulle ook genees en dalk kos kan gee.. hulle soek Hom om in hulle fisiese en vleeslike behoeftes te voorsien. Hulle soek Hom vir wat Hy vir hulle kan doen en wat Hy vir hulle kan gee, nie vir wie Hy IS nie! Hoe misbruik moes Jesus nie gevoel het nie...

Daardie dag en nag versprei die woord baie vinnig tussen die mense in die dorpie oor die Man van Nasaret wat aan hulle brood en vis gegee het en die volgende dag is die skare mense nog groter en begin hulle al vroegdag na Jesus soek - nog meer mense met siektes wat smag na genesing, nog meer mense wat fisies honger is - miskien kan Hy weer aan hulle brood gee om hierdie dag se honger te vul... miskien kan Hy hulle ook vandag genees... Hulle verwag om Hom hierdie kant van die see op te spoor, maar verbasend vind hulle Hom aan die oorkant van die see en besef Hy moes oor die waters gestap het. Hulle het Hom dadelik uitgevra hoe Hy hierdie kant gekom het, maar Jesus vra vir hulle:

“Waarom doen julle al die moeite om My te volg? Dit is definitief nie omdat julle God in My daade raakgesien het nie. Nee, julle doen dit maar net omdat Ek vir julle kos gegee en julle lekker geëet het.”

Johannes 6:26 (Die Boodskap)

“You’ve come looking for Me not because you saw God in My actions but because I fed you, filled your stomachs - and for free.”

John 6:26 (MSG)

Kan jy die hartseer van Jesus indink? Hy het vir die skare 'n wonderwerk gedoen sodat hulle God in Sy daade moes raaksien, dat hulle kon besef God werk deur Hom, maar hulle kon dit nie raaksien en besef nie. Hulle sien net die wonderwerke raak omdat dit iets aan hulle bied, hulle sien nie vir God of Jesus raak in die wonderwerke nie... en daarom is die skare mense die tweede dag nog groter... nog meer mense wat fisies honger is wat kos soek, nog meer mense wat genesing soek. Jesus weet baie goed hoekom die skare die tweede dag groter is en daarom gee Hy hierdie dag nie aan hulle wonderbrood nie. Hy probeer hulle geestelike oë oopkry deur aan hulle te verduidelik dat Hy self die Brood van Lewe is waarop hulle moet voed, waarin hulle moet glo...

“Ek is die Brood van die lewe; wie na My toe kom sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.”

Johannes 6:35 (AFR33/53)

Die skare antwoord Jesus dat hulle eers sal glo wanneer Hy vir hulle nog 'n wonderteken sal doen... die vermetelheid van die mens! Hier staan die Seun van God wat siekes genees het, wat net die vorige dag vir hulle brood en vis vermeerder het, maar hulle vereis wraggies eers nóg 'n wonderwerk voordat hulle sal glo in Hom. Hierdie mense het 'n massiewe groot probleem: Hulle het 'n probleem met selfsug en die eie ek; alles draai vir hierdie mense net om hulleself en daarom kon hulle nie in Jesus glo nie. Hulle kyk met vleeslike, fisiese oë na Jesus en al wat hulle van Hom wil hê, is om in hulle fisiese behoeftes te voorsien sodat hulle 'n lekker lewe kan hê, 'n lewe van voorspoed en gesondheid. Hulle voed nog op die verbode boom se vrugte wat hulle harte in duisternis hou en hulle geestelike oë en ore is geslote. Hulle hoor die woorde van Jesus met die fisiese ore wat deur die brein geïnterpreteer word en in logiese inligting omgesit word, maar hierdie woorde van Jesus kan nie met die brein verstaan word nie. Dit is vir hulle moeilik om te glo dat Jesus van God af kom. Hoe is dit moontlik? Hulle redeneer onder mekaar dat Hy tog die seun van Josef is, so hoe kan Hy dan sê Hy het uit die hemel neergedaal? Hoe kan Hy sê hulle moet op Hom voed?

“My vlees is waarlik spys, en My bloed is waarlik drank. Wie My vlees eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom.”

Johannes 6:55,56 (AFR33/53)

Die vleeslike mens kan hierdie woorde met sy fisiese verstand glad nie kan verstaan nie, want dit is nie logies nie - hoe moet 'n mens Jesus se vlees eet en Sy bloed drink? Die skare het onder mekaar begin murmureer en so te sê die hele skare het omgedraai en weggestap. Net Jesus se getroue dissipels het agtergebly. Jesus moes so misbruik gevoel het - om te weet hierdie groot skare mense het net om een rede agter Hom aangeloop - hulle wou iets van Hom hê! Hulle wou fisies brood gehad het, sommige wou geneesing

gehad het... maar die punt is, hulle wou hê Jesus moes in hulle vleeslike en fisiese behoeftes voorsien. Alles het net om hulleself gedraai. Hulle geestelike honger sal nooit geles word nie.

“Terwyl die ete aan die gang was, vat Jesus ‘n stuk brood. Nadat Hy vir God dankie gesê het vir die brood, breek Hy dit in stukke en gee dit vir Sy dissipels. ‘Vat dit en eet dit’ sê Hy. ‘Dit is my liggaam’. Toe vat Hy die beker met die wyn. Weer sê Hy vir God dankie daarvoor en gee dit vir Sy dissipels om te drink. ‘Drink dit, almal van julle. Dit is my bloed wat gaan vloei. Dit beteken dat baie mense se sondes as gevolg daarvan vergewe sal word. Maar dit beteken ook dat baie mense in ‘n nuwe verhouding tot God sal kan staan’.”

Mattheus 26:26,27 (AFR33/53)

Wat sou ek en jy gedoen het? Sou ons deel van die skare gewees het wat agter Jesus aanloop om iets daaruit te kry? Om ‘n wonderwerk in ons eie lewe te beleef of om te sien hoe dit in ander se lewens gebeur? Stel ek en jy voorwaardes aan God voordat ons in Hom glo? Moet Hy ook eers iets goeds in ons lewe laat gebeur voordat ons glo? Sou ons ook ons gesigte op ‘n frons trek wanneer ons hoor ons moet op Jesus voed? Of sou ons een van die ware dissipels gewees het wat waarlik in die Seun van God geglo het?

Ons harte is opreg as ons smag na Jesus omdat Hy is Wie Hy is, nie vir wat Hy vir ons kan gee of doen nie. As ons bely om in Jesus te glo sodat ons sondes vergewe kan word, is die motief van ons hart nie opreg nie. Ons moet seker maak ons hartsmotief is reg en as dit nie is nie, bely dit voor Abba Vader. Jy hoef dit nie aan ‘n mens te bely nie, maar gaan praat met Abba Vader daaroor, Hy sal jou vergewe en jou hart aanraak as dit jou hartsbegeerte is.

Suurdeegbrood

“Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.’ Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs.”

Mattheus 16:6,12 (AFR33/53)

Ons weet nou dat almal eers in die duistere wêreld ingebore word, almal se geesharte is eers in dormansie, so almal is eers geestelik honger. Almal probeer hulle geestelike hongerte stil met dinge uit die wêreld en hierdie goed waarop ons voed, is eintlik bouse vrugte wat Satan aan ons bied. Hy probeer alles in sy vermoë om die mens in die duister te hou, om die mens geestelik blind en doof te hou. Hy wil nie hê jy moet Abba Vader leer ken nie en hy keer dit deur die mense besig te hou met die wêreld se dinge. Dit is al die versoekings waarmee Satan ons versoek en dit is ons verantwoordelikheid om sterk te raak in die krag van Jesus Christus sodat ons hierdie versoekings kan raaksien en dit teëstaan. God het vir Kain gesê dat die sonde altyd voor die mens se deur sal lê en loer, maar ons moet daarvoor heers. Om daarvoor te heers, moet ons

dit eerstens kan raaksien en daarvoor het ons die Woord van God broodnodig. God bied aan ons die Brood van die Lewe waarop ons moet voed om geestelik volwasse te raak.

Ons het gesien dat Jesus Homself in Johannes 6 aan die skare gebied het as die Brood van die Lewe waarin hulle moes glo, maar hulle het eers 'n wonderwerk van Jesus versoek as voorwaarde om in Hom te glo... Dit is ongelukkig die probleem met talle jong gelowiges. Die Woord van God is nog vir ons vervelig om te lees wanneer ons tot bekering kom, maar dis omdat die Woord dan nog met die vlees geles word en nie deur die Gees nie. As jy die saadjies lees wat handel om in die hart van God gewortel te word, sal jy sien ons moet eers vir 'n lang ruk alleenlik op die Woord van God voed voordat die Lig van die Woord ons harte kan bereik en dan eers interpreteer die Gees van God die Woord aan ons sodat ons dit op God se manier kan verstaan. Dan is die Woord van God nie meer vir ons vervelig nie, maar lekker om op te voed. Jong gelowiges wat sopas tot bekering gekom het, trap baie keer in die slagat om iets meer interessants te soek om op te voed, want die Woord word nog nie deur die Gees aan hulle geïnterpreteer nie. Daarom gryp hulle meestal na allerhande interessante geestelike boeke en praatjies om hulle geestelike honger stil te maak, pleks van die suiwer Woord van God. Hulle handel onbewustelik soos die skare van Johannes 6 wat wondertekens soek as voorwaarde om in Jesus Christus te glo. Hulle wil dinge voel en sien gebeur, hulle wil nie alleenlik voed op die ware Brood nie...en juis vir hulle bak Satan ook 'n broodjie...

Abba Vader wys my twee brode in Sy hand en dadelik weet ek een brood is afkomstig van God en die ander brood is van Satan, maar altwee brode lyk op die oog af dieselfde, so hoe gaan ons weet watter een is van God en watter een is van Satan? Op watter een gaan ons voed? Albei is ewe hoog gerys en albei is dieselfde kleur. Gaan hulle dieselfde ruik en dieselfde proe? Dan breek Abba Vader die brode oop... dis nog lekker warm brode direk uit

die oond, die stoom trek nog uit die brood. Hy wys my die eerste brood en dit lyk so “fluffy”, sag en veeragtig – dit laat my dink aan outydse beskuit wat sommer so wegsmelt in ’n mens se mond. Geen botter of konfyt is nodig om hierdie brood na iets te laat smaak nie, dit lyk sommer asof dit gaan proe soos heuning. Dan breek Abba Vader die tweede brood oop... die tekstuur van die brood is glad nie so sag en veeragtig soos die eerste een nie; dit lyk asof dit met olie gebak is en dit het meer gaatjies as die eerste brood. Dit laat my dink aan iets wat baie vinnig gemaak is – soos die kitskoeke in ’n boks wat ’n mens in vandag se tyd kry – alles is klaar deur die wêreld bymekaar gegooi, alles is kits. Hierdie brood is propvol suurdeeg sodat dit vinnig kan rys en vinnig vir honger mense gevoer kan word.... maar dan waarsku Jesus ons in die Woord om weg te bly van suurdeeg af...

“Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs’. Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs”

Mattheus 16:6,12 (AFR33/53)

Satan sal altyd God en Sy werke probeer naboots. Net soos God aan ons die Brood van die Lewe gee, gee Satan ook aan die mensdom brood, maar die verskil is dat sy brood deurtrek is van gif. Hy vergiftig die jong, naïewe gelowiges in groot getalle omdat hulle nog nie onderskeidingsvermoë het nie en daarom kan hulle nie die ware Brood van die giftige brood onderskei nie. Wanneer ons as nuutgeworde gelowiges die pad saam met Jesus begin stap, ontvang ons nie onmiddellike onderskeiding soos baie mense valslik glo nie. Ons ontvang onderskeiding alleenlik van God, en dit ontwikkel diep binne ons geesharte soos ons voed op die ware Brood van die Lewe.

As ons nie geestelik grootgemaak is op die Brood van die Lewe nie, het ons geen onderskeidingsvermoë nie; ons gaan nie Satan se suurdeegbrood kan onderskei van die Brood wat God ons bied nie. Ons sien net die buitekant van die brood raak, albei brode ruik dieselfde en daarom gaan ons dink enige brood kom van God af. Selfs al word die brood oopgebreek vir ons om die tekstuur van die brood te kan sien, maar ons ken nie die Brood van God nie, gaan ons nie weet die “gate-brood” kom van Satan af nie. As ons nie die Brood van God ken nie, gaan ons ook nie weet hoe die tekstuur van die Brood van God lyk nie. Dan gaan ons ook nie weet dat daar ’n probleem is met die gate in die brood van Satan nie. As ons nie die ware Brood ken en die tekstuur daarvan ken nie, gaan ons nie die twee brode met mekaar kan vergelyk nie. Omdat ons nie voed op die Brood van die Lewe nie, het ons geen onderskeidingsvermoë nie. Die persoon wat die Brood van God ken, weet hoe sag dit op die tong is en hoe dit smelt in die mond. Hierdie persoon weet presies hoe die tekstuur van die Brood lyk en gaan onmiddellik die bouse brood van Satan uitken en verwerp. Hy weet ook dat die Brood van God sonder enige bymiddels bedien word, want God het nie botter en konfyt nodig om Sy Brood lekkerder te laat smaak nie.

Satan weet hoe honger en uitgeteer ’n jong gelowige se geeshart is; hy weet baie goed dat ’n jong gelowige op die vroeë stadium geen geestelike onderskeidingsvermoë het nie. Hy weet baie goed wie diegene is vir wie die Woord van God vervelig is om te lees en wat opsoek is na iets meer interessants as die Woord van God. Hy weet ook presies wie diegene is wat eers ’n teken wil sien voordat hulle oorgee aan God. Hy weet wie nog onvolwasse in die geloof is en hy sal hulle altyd lok na sy byeenkomste om sy giftige brood uit te deel.

“...nuwe gelowiges wat maar pas van hulle sondige verlede afgesien het, is veral die prooi van die mense. Hulle sleep die niksvermoedende gelowiges saam met hulle in die ellende in.

Hulle beloof hemel en aarde aan hierdie arme mense, maar van die beloofde vryheid kom daar net mooi niks nie, want die mense wat hierdie leë beloftes maak, is self in die kloue van die dood vasgevang.”

2 Petrus 2:18,19 (DB)

Satan weet baie goed dat jong gelowiges nie sy giftige brood sal kan onderskei van die Brood van die Lewe nie en daarom deel hy baksels en baksels brood uit wat gevul is met suurdeeg. Dit is niks anders as dwaalleringe nie. Wanneer Satan sy kitsbrode bak, gooi hy die bestanddele woens en deurmekaar by mekaar. Daar is geen orde aan hoe hy dinge doen nie; hy meet nie die bestanddele op die korrekte manier af nie en hy bied dit net so ordeloos en deurmekaar aan die mensdom.

Een van die bekendste voorbeelde is mense wat preek dat Jesus gesterf het om ALMAL se sondes te vergewe; sodat almal op die daad vergewe, gered en verlos is; met ander woorde, almal is outomaties vergewe vir al hulle sondes omdat Jesus gesterf het. Dit gee aan baie mense 'n vals siening dat hulle maar kan lewe soos hulle wil, want Jesus het mos klaar vir hulle sondes gesterf; hulle is klaar gered. Al wat hulle moet doen, is om kerk toe te gaan en met die mond bely om te glo in Jesus. Daar word nie gewaarsku dat sonde 'n muur van skeiding veroorsaak tussen die mens en God nie; die gevolge van sondes word nie uitgewys nie; die mens word nie geleer om die Woord intens te bestudeer sodat dit 'n lig op ons sondes kan skyn nie; daar word nie geleer hoe belangrik dit is dat ons ons sondes aan God moet bely nie. Die mens word nie die waarheid geleer oor bekering en wedergeboorte nie; dus glo die mens valslik dat as hy met die mond bely om in Jesus te glo en hy kerk toe gaan, hy wedergebore is.

Die Waarheid is dat as ons nie 'n totale driehonderd-en-sestig grade draai terugmaak na God toe nie, is ons nie gered en verlos nie. As ons nie wedergebore is nie, sal ons nooit die Koninkryk van God sien nie. Dit help nie jy leef soos jy wil deur die week met geen verhouding met Abba Vader, maar dink jy is gered omdat jy Sondag in die kerk sit nie. Ek gaan nie nou verder ingaan op hierdie onderwerp nie, maar doen jouself 'n guns en gaan soek in die Bybelboeke, Mattheus tot Johannes, of Jesus ooit gesê het dat Hy moet sterf sodat die mensdom se sondes op die daad vergewe moet word. Hy het nêrens so gesê nie... As jy die Woord van God fyn lees, sal jy sien dat God van ons verwag om ons sondes te laat staan en in 'n verhouding met Hom in te groei.

Nog 'n voorbeeld van 'n dwaallering is dat ons ons outoriteit in die Naam van Jesus moet opneem sodat ons Satan en sy werke kan teëstaan. Soveel mense glo dat hulle mag en outoriteit oor Satan het, maar dan het hulle nie eers behoorlik tot bekering of wedergeborte gekom nie. Alleenlik Jesus het mag oor Satan! Vir die mens om outoriteit oor Satan en sy werke te hê, moet Jesus in en deur ons leef; dan is dit nogsteeds nie die mens wat mag en outoriteit oor Satan het nie; dit is Jesus in en deur jou wat mag het oor Satan. Satan leer hierdie vals lering aan die mensdom, want dit "vergemaklik" die lewe van die mens as hy vir Satan om elke hoek en draai kan hied en gebied. Hierdie mens fokus meer op sy mag en outoriteit oor Satan as wat hy fokus op sy verhouding met Abba Vader. Hulle sal dit nooit erken nie, want hulle word verblind deur Satan en hulle glo dat dit wat hulle doen, deur God aan hulle gegee is. Hulle gebruik Skrif soos Lukus 10:19 as bevestigende Skrif, maar hierdie Skrif is nie deur die Gees van God aan die mens geïnterpreteer nie, maar deur die brein van die mens. Die mens wat nie die Lig van God in sy hart het nie, het geen mag en gesag oor Satan nie en die mens wat wel die Lig van God in sy hart het, sal nie die arrogansie hê om God te speel met woorde nie. Ek sal in diepte ingaan oor hierdie onderwerp in 'n volgende boek.

Dan is daar die lering oor die bloed van Jesus wat afgepleit moet word. Daar is sekere gevalle en getuïenisse wat ek al gehoor het waar mense wonderbare beskerming gekry het deur die bloed van Jesus te pleit, maar in die meeste gevalle, het ek al gesien en gehoor hoe die bloed van Jesus misbruik word deur mense wat nog nie wedergebore is nie en wat geen verhouding met God het nie. Sonder om Hom te ken, word die bloed van Jesus oor hulleself, hulle kinders en selfs hulle besittings gepleit. Daar is nie een Skrif in die Woord waar Abba Vader dit vir ons leer nie; daar is weereens net Skrif wat buite verband geruk word om aan hierdie vals lering goedkeuring te gee. God gaan Homself en Sy Seun se bloed nie laat misbruik nie... Om te leef soos jy wil, sonder verhouding met Abba Vader, maar Jesus se bloed te pleit wanneer jy dit nodig het, is so verkeerd; die bestanddele van hierdie brood is wraggies nie ordelik saamgevoeg nie. Hierdie leringe is ver verwyderd van die Waarheid; dit gee aan die mens vals beskerming en vals verlossing en dis presies wat Satan wil hê... solank die mens net dink hy is verlos.

Die jammerte van dit alles, is dat die gif van hierdie brode die mensdom so erg vergiftig dat dit hulle geestelike sintuie aantas, dit hou hulle blind en doof vir die Waarheid; hoe meer hulle daarop voed, hoe meer glo hulle die leuens van Satan en hulle sal selfs Skrif aanhaal om hulle leuens te verdedig, al word die Skrif verdraai om hulle stelling te pas. Die hartseer van die saak is dat die Gees van God beslis nie die betrokke Skrif vir hulle uiteengesit en verduidelik het nie. Hulle gees is ongelukkig klaar besoedel deur Satan en daarom sal hulle nie die Waarheid wil hoor nie.

“There were also lying prophets among the people then just as there will be lying religious teachers among you. They’ll smuggle in destructive divisions, pitting you against each other – biting the hand of the One who gave them a chance to have their lives back. They’ve put themselves on a fast downhill slide to

*destruction, but not before they recruit a crowd of mixed-up
followers who can't tell right from wrong"*

2 Peter 2:1,2 (MSG)

Om hierdie saadjie op te som: Geestelike onderskeidingsvermoë word deur God aan ons gegee soos ons die smaak en die tekstuur van die Brood van die Lewe leer ken. Eers wanneer ons voed en groei op die ware Brood, sal ons onderskeid kan tref tussen die Brood van God en die suurdeegbrood. Moet asseblief nie die fout maak om te dink jy gaan na 'n Goddelike byeenkoms omdat dit klink asof dit oor God gaan nie. God se naam word gebruik om die mense te lok, maar al die werkers van ongeregtheid skuil agter die Naam van God waar hulle baksels suurdeegbrood aan die mense bedien. Wanneer ons alleenlik voed op die Brood van die Lewe, sal ons die Waarheid leer ken, sal ons die tekstuur van die ware Brood leer ken en sal dit vir ons makliker wees om die suurdeegbrood uit te ken en dit te kan "expose" as leuens van die vyand. Satan probeer die mens se geestelike honger stil met sy suurdeegbrood, maar al wat gebeur, is dat die gif die gees van die mens net nog dieper laat slaap, sodat die gees van die mens nie ontwaak nie. Suurdeegbrood kan geen mens voed nie, alleenlik vergiftig. Voed en laat jou voed deur Abba Vader!

Manna in afsondering

“Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.”

2 Korinthiërs 6:17 (AFR33/53)

Onder gebed laat ervaar Abba Vader my die volgende: Al wat ek om my sien, is seesand in 'n klein sirkeltjie met brandertjies wat rustig op die sand uitspoel. Dit lyk soos 'n baie klein eilandjie waar ek met my rug teen die stam van 'n lang, dun boom sit. Ek kyk om my rond, maar hier is niks op hierdie eiland nie - nie kos nie, nie water nie, niks! Dit is net ek, die seesand, die boom en die water wat my omring. Ek kyk weer om my rond en wonder hoe ek gaan oorleef op hierdie eiland sonder kos en water, maar dan hoor ek die sagte briesie-stem van Abba Vader:

“Jy het nie kos en water nodig nie, jy moet leer om te oorleef op die Brood van die Lewe”.

Ek dink dadelik aan die Skrif in Matteus 4:4 waar Jesus sê:

*“Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke
Woord wat deur die mond van God uitgaan.”*

Mattheus 4:4 (AFR33/53)

Ek wonder hoekom Abba Vader my laat beleef dat ek op hierdie klein eilandjie is, waarop Hy my antwoord dat Hy my wil afsonder sodat ek kan leer om te voed en te leef alleenlik op die Brood van die Lewe, want daardeur sal ek die volle Waarheid leer ken. Dit wat Abba Vader my leer, moet ek woord vir woord neerpen, en Hy gee vir my Habakuk 2 om te gaan lees:

*“Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in
die verbygaan kan lees.”*

Habakuk 2:2 (Afr. 33/53)

Abba Vader verduidelik dat ek vir 'n bepaalde tyd geen ander boeke mag lees nie; ek mag geen geestelike boodskappe oor die radio of na ander mense luister nie, want daar is soveel wolwe en onheilswerkers daar buite wat God se boodskap verdraai. Ek moet in afsondering begin voed op die Woord van God. Abba Vader gee vir my 2 Korinthiërs 6 om te gaan lees en die bevestigende Skrif is vers 17:

*“Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die
Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle
aanneem.”*

2 Korinthiërs 6:17

Ek het vir baie jare my geestelike hongerte met boeke, artikels op die internet en praatjies probeer voed. Genadiglik het Abba Vader my nadergetrek en aan my die Waarheid begin leer, maar vir Hom om my die volle Waarheid van 'n kant af te begin leer, moes ek alles waarop ek probeer voed, eenkant toe skuif. Ek moes leer om te fokus op die stem van God en alleenlik voed op Sy Woord.

'n Paar oggende later, onder gebed, laat beleef Abba Vader my weer die eiland, maar hierdie keer is daar iets wat op die eiland uitgespoel het. Ek stap stadig nader om te kyk wat dit is, en sien dan iets wat lyk soos 'n oop skulpie met 'n pragtige, blink, ronde "balletjie" in wat my laat dink aan 'n pêreltjie. Ek waag nie daaraan vat nie, want ek wil nie buite die wil van God optree nie, maar toe hoor ek die pragtige stem van Jesus wat aan my verduidelik dat dit Manna is wat direk uit die hart van God kom. Jesus vat een en plaas dit in my mond - dit smelt weg soos heuning, so soet, so heerlik... Jesus verduidelik aan my dat God aan ons Manna gee om te eet op Sy tyd en dat dit ons geestelike hongerte sal stil.

“Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan. Erken dan in jou hart dat die Here jou God jou onderrig soos 'n man sy seun onderrig en hou die gebooie van die Here jou God om in Sy weë te wandel en Hom te vrees.”

Deuteronomium 8:3,5 (Afr.33/53)

Die wêreld en sy mense staan afsondering baie erg teë, maar selfs Jesus het soveel keer in afsondering inbeweeg. Nadat Hy gedoop is met die Heilige Gees, is Hy die woestyn ingelei waar Hy in afsondering gevas het vir 40 dae en nagte. In hierdie tyd het die

engele Hom Manna gevoer. As Jesus in afsondering inbeweeg het, laat ek my nie deur die wêreld vertel dat dit verkeerd is om in afsondering in te beweeg nie. In afsondering, het ek Abba Vader eers werklik leer ken; in afsondering het Abba Vader my die Waarheid begin leer en het ek al die leuens van die wêreld begin raaksien. God wil ons wegkry uit die geraas van die wêreld waar almal in ons ore raas en blaas, daar waar almal wil hê jy moet hulle waarheid en leringe glo, maar in afsondering leer ons vir Abba Vader asook Sy Waarheid ken. Dit sal vir my sinmaak dat Satan nie wil hê ons moet in afsondering inbeweeg nie, want hy weet goed ons gaan in afsondering vir Abba Vader leer ken en dat Abba Vader dan aan ons die Waarheid gaan leer en Satan sal alles in sy vermoë doen om te keer dat ons die Waarheid bekom.

Wanneer ons in afsondering by die voete van Abba Vader vernag, gee Hy aan ons Manna wat direk uit Sy hart kom. Ons het nodig om ons hartsore te spits en op Abba Vader te fokus om die Manna vanaf Hom te ontvang, want dit is Woord direk uit Sy hart uit. Ons kan dit onmoontlik nie ontvang met 'n groot geraas in ons ore nie, maar ons ontvang dit alleenlik wanneer ons tyd voor die voete van Abba Vader spandeer.

Die stem van God is nie hoorbaar in storms, weerligstrale of in stormwinde nie, maar die stem van God is hoorbaar in die sagte briesie wat Hy deur jou hart laat waai. Wanneer Sy stem deur jou hart ritsel, is dit soos 'n sagte briesie wat al die deurmekaar blare in jou hartsgrond bymekaar waai en dit op een netjiese hoop kom neersit sodat die lewe en alles daaromtrent net meer sinmaak. Wanneer God se stem deur jou hart beweeg, is dit soos 'n sagte briesie wat selfs jou maag laat draai en 'n duisend skoenlappers loslaat in die diepte van jou maag wat jy nie geweet het bestaan nie. Julle weet mos hoe voel daardie verlief gevoel... As jy die man van jou drome sien, is daar 'n skoenlappergeveg aan die gang in jou maag... dis daardie gevoel wat jy voel in jou maag wanneer God Sy stem deur jou hart laat beweeg... Hy laat 'n Woord of twee vry

binne jou, dis die lekkerste gevoel ooit en dit voed jou van diep binne. God wil hê elkeen van ons moet Sy stem hoor, want Hy weet hoe goed dit is vir ons - dit voed ons gees, wat weer oorspoel na ons siel en liggaam. Dit kan ons genees van allerhande kwale, maar die belangrikste is dat wanneer ons so na aan God leef, bou ons verhouding met Hom en herstel dit die God-mens-verhouding deurdat daar 'n oop kommunikasiekanaal gevorm word.

Jy sal self weet hoeveel tyd jy met die Woord van God bestee teenoor tyd wat jy aan geestelike boeke of geestelike praatjies bestee. Dis regtig tyd dat ons almal eers daardie geestelike dinge opsy skuif en tyd maak vir Abba Vader - net jy en Hy! Dan sal Hy jou ook met Woord uit Sy hart bedien - Manna! Dan leer ken ons die volle Waarheid en die Waarheid sal ons vrymaak, veral van al die dwaalleringe wat ons lei na die hel, sonder dat ons dit besef. Elkeen is dit aan homself verskuldig. Beweeg in afsondering waar daar geen wêreldse brood is nie; druk toe jou ore vir die wêreld en hul praatjies en fokus om te voed op die Brood van die Lewe en om die stem van God te leer ken. Verwerp die brood van die wêreld en jy sal ontvang die Brood uit die hand van God.

“Doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante Woord, wat in staat is om julle siele te red. Word daders van die Woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.”

(Jakobus 1:21,22)

Wat is ware vas?

Jesus het na Sy doop vir 40 dae en nagte in afsondering in die woestyn gevas. As ons dink aan die tyd waarin Jesus grootgeword het, sal ons sien dat die Fariseërs, met al hulle skewe reëls, wette en rituele, aan die orde van die dag was. Jesus was, soos alle Joodse seuntjies, grootgemaak met die godsdienstige reëls, maar toe Jesus na Sy afsonderingsperiode terugkeer het na die wêreld, het Hy al hierdie godsdienstighede van die Fariseërs teëgestaan en geweier om dit na te kom. Jesus het dus in Sy afsonderingstyd geleer dat dit wat die Fariseërs verkondig, suurdeegbrood is en dat dit nie van God afkomstig is nie, daarom het Hy dit teëgestaan. Jesus het in Sy afsonderingsperiode die Waarheid by Sy Vader geleer en eers nadat God Hom met Manna gevoed het, het Jesus se bediening in die wêreld begin. In afsondering leer ken ons die Waarheid! In afsondering ontvang ons Manna vanaf God. Niemand kan 'n bediening begin sonder om eers afgesonder te wees by die voete van Jesus nie, want die kans is so groot dat die persoon nog nie gereinig is van suurdeeg nie... en dit is dalk hoekom die wêreld so besmet is met vals leringe... mense wat 'n bediening begin sonder om die Waarheid by Abba Vader te ontvang.

Jesus het in Sy vastingsperiode geleer dat ons nie moet voed op die brood van die wêreld nie, veral nie op suurdeegbrood nie, maar dat ons moet leef op elke Woord uit God se mond. Jesus het gevas - nie alleenlik van fisiese kos nie, maar ook van die geestelike suurdeegbrode wat deur die Fariseërs uitgedeel is in Sy tyd. Hy het dus vir 'n bepaalde tyd gevas van al die wêreldse voedsel, en omdat Hy dit opsy geskuif het, kon God aan Hom die Waarheid leer en kon Hy met Sy terugkeer na die wêreld, die leuens van die wêreld teëstaan. Ons moet die voorbeeld van Jesus volg. Ons weet nou dat ons in die wêreld geestelik baie honger is en ons probeer ons geestelike honger buike vul en volkry met alles wat Satan ons op 'n goue skinkbord aanbied. Ons weet nou dat hierdie vrot vrugte van

die wêreld waarop ons voed, nie ons geestelike honger kan stil nie, maar dat dit ons eerder laat sondig en rebelleer teen God, wat lei na geestelike blindheid en doofheid vir die Waarheid van God. Satan se doel is om ons geestelik aan die slaap te hou sodat ons nie die Waarheid sal raaksien nie en julle het gesien hoe meer ons voed op bouse vrugte en suurdeegbrood, hoe meer word ons geestelike harte verduister. Dit is alles pogings van Satan om ons in sy mag te hou.

Soveel jong gelowiges voed op suurdeegbrood wanneer hulle tot bekering kom (sonder dat hulle dit besef). Eers wanneer ons vas van alles wat afkomstig is uit die wêreld, sal ons agterkom dat ons wel gevoed het op suurdeegbrood. Eers wanneer Abba Vader ons die Waarheid leer, sal ons besef hoe besoedeld ons al die tyd was van al die giftige suurdeeg. Ons almal het nodig om te vas van suurdeegbrood, want ons almal het dit ingekry! Ons almal was vergiftig, maar ons wil dit nie besef en glo nie. Ons sal dit eers besef wanneer ons ons daarvan weerhou sodat die gif wat nog binne ons is, kan begin uitwerk. Eers wanneer ons die Waarheid begin leer, sien ons die suurdeegbrood raak wat ons vergiftig het. Die Waarheid maak ons vry, selfs van suurdeegbrood.

Ons moet Abba Vader vra om aan ons al die “goed” te openbaar wat ons probeer gebruik om ons geestelike hongerte te stil en ons moet vir ’n bepaalde tyd vas van al hierdie goed sodat dit uit ons sisteem kan uitwerk. Wanneer die gif daarvan begin uitwerk en ons voed op die ware Brood, sal ons geestelike sintuie begin ontwaak en sal ons die Waarheid begin raaksien. Daarom is dit so belangrik dat ons in ons afsonderingstydperk alleenlik moet voed op die Woord van God. Ons moet die smaak en tekstuur van die Brood van die Lewe waarlik leer ken en al hoe ons dit kan leer ken, is om daarop te voed. Soos ons die Waarheid leer ken, sal ons die suurdeegbrood en vrot vrugte waarop ons gevoed het, begin raaksien in ons lewens. Ons sal die leuen van die Waarheid kan begin onderskei. Dit is wat ware VAS beteken! Ons moet vas van die gif van die wêreld dat dit uit ons sisteem kan uitwerk sodat die

Waarheid ons kan oorneem. Ons moet die vas wat die wêreld ons leer, ook eers eenkant toe skuif, want die wêreld se manier van vas, word nêrens in die Woord vir ons geleer nie. Kom ons loer net gou wat leer die wêreld ons van vas...

Soveel mense misbruik die ritueel van vas. Jesaja 58 is baie duidelik oor vas. Daar is niks mee fout as mense vir 'n sekere tyd hulle onthou van kos om hulle tyd aan God te wy nie, maar weereens moet ons let op die motief van die hart. Om watter rede vas mense? As die rede is om nader aan God te beweeg, om Hom beter te leer ken of om nader aan Hom te groei, is daar niks mee fout nie, maar soveel mense vas om verkeerde redes. Sommige leringe leer ons dat ons moet vas vir ander mense sodat hulle harte verander kan word en hulle tot bekering kan kom, maar waar in die Woord van God leer Hy ons om dit te doen? God alleen red! Niks wat 'n mens doen, kan 'n ander een red nie. Ons moet aanvaar dat Abba Vader al lankal die perfekte tyd gekies het om met elke persoon te werk; Abba Vader het vooraf 'n tyd gekies wat Hy elke kind van Hom roep en nader trek na Hom. Geen mens kan tot bekering kom as God hom nie trek nie! (Johannes 6:45) Hoe gaan ons nou vir God oorreed om 'n ander na Hom toe te trek deurdat ons weier om ons mond aan kos te sit? Dit is absurd. God het klaar besluit en ons moet dit aanvaar. Hoe gaan ons 'n ander persoon se gees wakker kry deur op te hou eet? God kan ons wel gebruik in 'n ander se lewe, maar ons kan nie omstandighede skep of verander deur te vas nie. Ons kan nie vir God om ons pinkie draai deur op te hou eet nie. Ek kry 'n rilling deur my liggaam as ek daaraan dink, want dit voel vir my ons probeer toor as ons sulke dinge doen. Nêrens in die Woord leer God ons om vir sulke redes te vas nie. Die ergste is wanneer ons vas sodat God iets in ons lewens moet doen, met ander woorde, dit gaan weereens oor onself en nie oor God nie; dit gaan om in ons eie fisiese behoeftes te voorsien en glad nie oor God nie. Dan is dit weer daardie Goddelike misbruik wat insluip, en net soos ons selfondersoek moet doen waarom ons Jesus volg, net so moet ons ook selfondersoek doen oor die redes

waarom ons vas. Is dit om iets uit die hand van God te ontvang?
Of is dit om in 'n hegte verhouding met Hom te wees?

Ek het ook voorheen geestelike boeke gelees om my geestelike honger te les, maar ek het alles gebêre en vir 'n tydperk van 'n paar jaar in afsondering inbeweeg. Ek het op Jesus se manier gevas van suurdeegbrood en alleenlik God toegelaat om my te leer. My geestelike oë het al hoe meer oopgegaan en ek het die Waarheid begin raaksien soos God dit aan my geleer het. Ek was geskok oor die baie leuens van die wêreld wat ek geglo het. Ek was geskok oor al die suurdeegbrood wat ek tevore ingeneem het. Ek was naïef en het alles geglo omdat dit “geestelik” klink, maar in afsondering, leer Abba Vader 'n mens dat nie alles wat mooi, goed en geestelik klink, van Hom afkomstig is nie, maar baie van hierdie sogenaamde geestelike “kennis” is uitgedink deur die beheerder van die duistere wêreld om te klink asof dit van God af kom. Die Here gee Deuteronomium 13 om te bestudeer...

In die wêreld is baie vals profete en leraars wat die mensdom probeer wegrokkel van God om hulle gode te dien. Moenie so naïef wees om te dink jy gaan hulle gode uitken aan hulle name nie, want hulle noem hulle afgod ook god! Die manier waarop hulle hulle god dien, is nie vir ons uitgestip in die Woord nie en daarom is dit van uiterste belang dat ons die Woord van God regtig goed moet ken en God moet toelaat om vir ons Sy Woord te leer en verduidelik soos Hy dit bedoel het. Hulle verkondig byvoorbeeld 'n tipe verlossing wat redding maklik vir die mens maak, maar hulle tipe verlossing is nêrens in die Woord te vind nie. Ons het almal nodig om vir 'n bepaalde tyd af te sonder van dit waarmee ons ons geestelike hongerte probeer stil en dit kan selfs jou kerk wees. In afsondering maak God ons geestelike oë en ore oop sodat ons die vrot vrugte en suurdeegbrood van Satan kan raaksien en dit kan teëstaan. Dit is natuurlik die rede hoekom Satan nie wil hê ons moet in afsondering inbeweeg nie en hoekom hy aan die wêreld verkondig dat ons nie mag afsonder nie. Hy weet baie goed dat ons

in afsondering Manna gaan ontvang wat ons die Waarheid leer sodat ons sy leuens kan raaksien. Dit is ook baie belangrik dat ons beseft dat niemand 'n bediening kan begin as hy nie eers in afsondering by die voete van Abba Vader vernag het nie. Ons moet eers die Waarheid by die ware Bron van Waarheid ontvang. Ons moet die voorbeeld van Jesus volg.

Ons het nodig om in stilte voor die voete van Abba Vader baie tyd te spandeer en alleenlik te voed op dit wat God ons bied. Dan sal ons kan raaksien wie die vals profete om ons is...

“Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.”

2 Korinthiërs 6:17 (Afr.33/53)

Ons het nie die brood en
water van die wêreld
nodig om te kan oorleef nie;
ons het alleenlik die
Brood van God nodig!

Op soek na liefde

“As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat die sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.”

Johannes 7:37-39 (AFR33/53)

Lees Johannes 4:1-18. Jesus knoop 'n gesprek aan met 'n vrou uit Sigem deurdat Hy vir haar vra om vir Hom water uit die put te gee om te drink. Sy kon nie verstaan dat 'n Jood met haar praat nie, want die Jode wou niks met die Samaritane te doen hê nie. Jesus antwoord haar dat as sy geweet het wat God vir die mense wou gee en wie dit is wat vir haar water vra, sou sy nie verder vrae gevra het nie. Sy sou dan eerder vir Hom water gevra het en Hy sou vir haar Lewende Water gegee het. Sy was seker baie verbaas oor Jesus se antwoord, want sy kon nie ten volle verstaan wat Jesus vir haar sê nie. Sy het dit in menslike terme verstaan en daarom vra sy vir Jesus waar Hy hierdie lewende water vandaan gaan kry, want Hy het nie

eers 'n emmer en 'n tou by Hom nie. Hy is tog sekerlik nie beter as hulle voorvader, Jakob, wat hierdie put gesink het nie, so waar gaan Hy hierdie wonderlike lewende water vandaan kry? Jesus antwoord haar dat enige iemand wat van hierdie fisiese put se water drink, maar net weer sal dorskry, maar die persoon wat drink van die Lewende Water wat Hy bied, sal nooit in der ewigheid weer dors kry nie. Daar sal iets binne die persoon gebeur... Die water wat Jesus 'n persoon gee, sal sy diepste dors les deur 'n fontein binne-in hom en hierdie borrelende, Lewende Water sal maak dat die mens vir ewig lewe. Dadelik vra die vrou of Jesus vir haar ook van hierdie "wonderwater" sal gee, want die vrou verstaan dit wat Jesus aan haar gesê het, nogsteeds op menslike vlak, maar Jesus het dit op 'n geestelike vlak bedoel. Sy dink dalk aan die gemak van die lewe as sy nooit weer fisies dors sal kry nie en dan nooit weer nodig sal hê om in die hitte van die warm son uit hierdie put te kom water haal nie - dit klink wonderlik! Jesus sê vir die vrou om haar man te gaan haal, maar sy antwoord dat sy nie 'n man het nie. Jesus korrigeer haar deur te sê dat die man saam met wie sy nou bly, ook nie haar man is nie, en dat sy al vyf keer getroud was. Die vrou moes geskok gewees het! Hoe weet hierdie Man dit?

Jesus het geweet die vrou is geestelik dors; Hy het geweet daar is 'n tekort aan Lewende Water binne haar. Wanneer 'n mens 'n tekort aan Lewende Water het, het hy/sy 'n tekort aan ware Liefde. Dit is die rede hoekom die vrou van Sigem al vier mans gehad het, en die man saam met wie sy op daardie stadium gebly het, was nie haar man nie. Sy was op soek na liefde, sy het haar diep innerlike honger en dors probeer les met die liefde van mans, maar die probleem was (en is) dat geen mensliefde die diepe dors binne enige mens kan les nie. Dit is vandag nogsteeds die probleem... Saam met die vrou van Sigem, voel ons hierdie leemte, hierdie dors, en omdat ons sulke emosionele wesens is, soek ons liefde by 'n mens om hierdie leemte te vul. Die liefde van mans kon duidelik nie die leemte van die vrou van Sigem vul nie en kan ook geen mens s'n vandag vul nie. Menslike liefde kan dalk ons leemte vir 'n

kort rukkie beter laat voel, maar geen mens kan 'n ander permanent voorsien van liefde nie. Op 'n stadium gaan die menslike liefdesvoorsiening min raak, die vrou se dors na liefde gaan weer terugkeer en sy gaan maar net weer na iets soek om die leemte te vul. Dink bietjie rasideel hieroor: Hoekom voel ons vrouens baie dae asof ons mans ons nie meer liefhet nie? Ons blameer hulle vir ons gevoel van liefdeloosheid en leegheid. Ons blameer dus ons mans vir ons eie tekort aan liefde... is dit nie onregverdig nie? Ons mans is nie putte vol liefde wat getap kan word omdat ons harte leë putte is nie. Die liefde wat ons diep binne ons benodig, kan nooit deur 'n man gevul word nie! Alleenlik deur die Lewende Water van God.

As ons baie menslike aanvaarding, erkenning en liefde soek, kan dit 'n teken wees dat ons vanuit ons diepste wese nog nie gevul is met die Lewende Water nie. Dit kan daarop dui dat ons verhouding met Abba Vader nie op standaard is nie en daarom is dit baie onregverdig om die gevoel van liefdeloosheid op 'n mens te blameer. Ons moet daarteen waak om water of liefde by mensgemaakte putte te soek, maar eerder fokus op ons verhouding met Abba Vader. Daar is wel 'n Put waar ons verniet Lewende Water kan ontvang wat ons gevoel van liefdeloosheid vir altyd sal laat verdwyn. Hierdie Lewende Water is ook die Liefde van God en dit word verniet aan ons gegee wanneer ons ons harte aan Abba Vader oorhandig om volgemaak te word.

God het ons geeshart op so 'n manier ontwerp dat dit alleenlik die Liefde van Jesus kan absorbeer, dit kan nie mensliefde absorbeer nie. Alleenlik ons liggaam en siel kan mensliefde absorbeer, ons geesharte kan nie. Ons geeshart het die liefde van God nodig. Die liefde van Jesus is dus die enigste liefde wat ons kan heelmaak, die enigste liefde wat ons kan genees en die enigste liefde wat ons leemtes kan vul. As ons nie gevul is met die liefde van Jesus nie, is ons leë mense en 1 Korintiërs 13 sê sonder liefde, is ons leë, klinkende simbole. Met ander woorde, ons is leë mense sonder die

liefde van Jesus! Ons is soos 'n put sonder water, en as die put van ons hart leeg is, kan ons ook aan niemand ware liefde uitdeel nie; dan deel ons vals liefde uit 'n leë put en ons doen dit deur leë woorde uit te deel, komplimente wat ons nie regtig bedoel nie of vriendelikheid met die doel om 'n ander te manipuleer. Om vals liefde uit te deel, maak 'n mens moeg, want ons moet ywer om dit uit te deel, dit kom nie natuurlik nie. Liefde wat nie spontaan uit ons geeshart kom nie, is vals liefde en is van korte duur. Geen mens op aarde kan 'n ander onvoorwaardelik liefhê as sy hartspuit nie vol Lewende Water is nie. Ons kan alleenlik onvoorwaardelik en opreg liefhê wanneer ons harte gevul is met die liefde van Jesus.

As Liefde binne 'n mens leef, is die put van die mens gevul met Lewende Water en het hierdie persoon nie nodig om ander mense uit te put vir liefde nie. Hierdie persoon kan eerder die liefde van Jesus uitdeel en op so 'n manier Jesus aan ander voorstel. Ons moet daarteen waak om liefde in 'n mens te soek, want geen mens kan ons liefdesputte volmaak nie. Die enigste manier hoe ons liefdesputte vol kan wees, is om gekoppel te wees aan die een ware Wateraar; alleenlik dan kan ons dors geles word en ons liefdesput volgemaak word. Vra Abba Vader om jou te help om die bodem van jou put oop te breek sodat jy direk gekonnekteer kan wees met die ware Wateraar wat aan ons Lewende Water verskaf. Dan het ons nie nodig om water by ander putte te gaan haal nie en kan ons eerder Lewende Water aan ander bied.

Om terug te kom na die vrou van Sigem... Jesus het met haar gepraat, maar sy het nie Sy stem herken nie. Sy het Jesus nie geken nie. Haar hart was nie gevul met die Lewende Water nie en daarom het sy liefde op ander plekke gesoek. As Jesus uit die bloute hier langs ons moet kom staan en ons vra vir water, gaan ons Sy stem herken? Of ywer ons ook om water by ander putte te gaan haal?

Opsoek na die helfte van jouself...

Die mens het 'n verkeerde begrip van die woord "LIEFDE", want Satan het die woord gevat, vir die mens iets anders daaruit gemaak en 'n stempel daarop geplaas, genaamd "Liefde". Ons lees in boeke en sien op televisie iets wat uitgebeeld word as liefde, maar dit is Satan wat die mens flous, want dit wat ons in die media sien, is nie waarlik liefde nie. Meisies en vrouens kyk en lees liefdesverhale wat hulle 'n verkeerde begrip van liefde gee. Ons glo in feeverhaal-liefde waar 'n prins op 'n wit perd ons sal red en hy ons vir ewig op die hande sal dra. Menslik gesproke is dit onmoontlik en daar is so baie jong huwelike wat op die rotse beland as gevolg van hierdie verkeerde persepsie wat vrouens het oor liefde en die huwelik! Die enigste prins op die wit perd wat ons kan red, is Jesus!

Wellus is 'n vieslike ding wat Satan gemaak het uit die woord "Liefde"! Hy het liefde gevat, dit omgesit in wellus en die hele wêreld word geflous deurdat 'n mens nie kan onderskei tussen liefde en wellus nie. Wanneer 'n mens 'n sekere emosie voel, dink hy dit is liefde, maar ware liefde is iets wat alleenlik in die gees van

die mens kan gebeur. Wellus is 'n vieslike ding wat in die siel en in die liggaam van die mens plaasvind. Die wêreldse mens, wat geen Goddelike onderskeiding het nie, kan nie ware liefde en wellus van mekaar onderskei nie. Hierdie mens beskryf die goeie gevoel of emosie wat hy ondervind as liefde, maar al die tyd is dit wellus. Wellus kan 'n mens beheer en dit kan ook veroorsaak dat twee mense nie sonder mekaar kan lewe nie - al veg hulle soos kat en hond. Ek glo dat wellus ook 'n demoniese besetting kan wees, maar deur die Liefde van Jesus binne die mens, kan enige besetting oorkom word.

Het jy al die spreukwoord gehoor: "Ons soek ons anderhalf"? Dis presies wat dit is! 'n Halwe mens is op soek na die ander helfte van homself! Mense sonder die Lewe van God in hulle geesharte, is halwe mense. Hulle geesharte is dus nog in dormansie, dit is leeg. Hulle voel die leemte diep in hulle binneste wat eintlik dui op geestelike hongerte. Behalwe dat die mens sy geestelike hongerte op allerhande maniere probeer voed, begin hy op 'n stadium ook soek na die ander helfte van homself. Baie mense probeer die leemte in hulle geeshart vul met 'n huweliksmaat, maar die meeste van die tyd vind hulle 'n lewensmaat wat ook 'n halwe mens is en wat ook opsoek is na sy anderhelfte. Dink net gou bietjie of hierdie scenario kan werk – twee halwe mense wat saamsmelt, maar albei se kerngedeeltes is leeg... Hoe gaan twee leë helftes mekaar kan volmaak as albei se kerns leeg is? Die twee doppe gaan saamsmelt om 'n dubbele, deurmekaar dop te vorm, maar die deurmekaar dop gaan 'n dubbele grootte leë kern hê... so sien julle 'n man of 'n vrou kan NOOIT ons anderhelfte wees nie, want 'n man of vrou kan NOOIT die leemte van ons hart vul nie. Omdat ons geeshart deur God geskep is, kan alleenlik Jesus van 'n half funksionerende mens 'n volwaardige mens maak - 'n halfmens na 'n heelmens.

Halfmense se denke, emosies en eie wil is nog wêreldse; hulle is geneig om tradisie, kultuur en godsdiens te volg en het ook nog die waardes, beginsels en persepsies van die wêreld en nie van God

nie. Wanneer ons diep in God gewortel raak, ontvang ons die Lewe van God wat in ons geeshart gedeponeer word. Dan begin ons geeshart lewe met die Lewe van God en die halfmens begin meer vervuld voel; hy kan voel hy het die ander helfte van homself gevind. Die Lewe van God spoel oor na ons sielsdimensie en dit is wat ons as mens begin verander. Skielik begin ons uit ander oë na die wêreld kyk, ons persepsies en waardes begin verander en ons doen net nie meer dinge soos die wêreld nie. Ons begin 'n oorhand oor ons emosies ontwikkel en soms kan selfs ons persoonlikhede verander. Dit is nie die mens wat self verander nie, dit is die Lewe van God wat die mens omskep in die mens wat God oorspronklik bepaal het hy of sy moet wees. Dit is die halfmens wat verander na 'n heelmens.

Kom ons kyk na huwelike... Oor die algemeen is die meeste in 'n gemors gedompel en staan so baie huwelike op die drumpel van 'n egskeiding! Nou kan ons beter verstaan hoekom... dit is twee halwe mense wat gedink het hulle het hulle "soulmate" gevind; hulle het gedink dat die pot sy deksel gevind het; hulle het gedink dat hulle hul anderhelfte gevind het. Aan die begin het die twee halwe mense vervuld gevoel deur die ander een se liefde, maar na 'n rukkie keer alles weer terug na normaal en begin die soeke weer van voor af. Met ander woorde, nie een van die twee se leë geestelike helftes is gevul of bevredig nie, alleenlik die siel en die liggaam is vir 'n kort rukkie bevredig. Mensliefde kan nie deur geesharte geabsorbeer word nie, so mensliefde kan niks aan ons honger gees doen nie; alleenlik die liefde van Jesus kan ons geestelike hongerte stil. Die twee halwe mense het gedink dat hulle liefde gevind het, maar hulle is so mislei...

Halwe mense se kerns is leeg, dit is dormant, want Jesus is nie teenwoordig in hulle harte nie. Twee halwe mense kan nooit waarlik een word nie, hulle kan nooit as 'n eenheid saamsmelt nie, want hoe smelt twee leë kerns saam? Hulle leë kerns is nou net 'n dubbele leë kern. Met ander woorde, as die Lewe van God afwesig

is in een van die twee mense, kan die twee mense nooit as 'n eenheid funksioneer nie. Ons funksioneer nie uit die liggaam of siel as een nie, maar uit die gees, en as ons geeshart nie lewe nie, kan dit ook nie met 'n ander versmelt nie. Mense leef met die illusie dat wanneer hulle verbind is in die eg, hulle een is, maar in werklikheid is hulle net een in liggaam en siel wat net 'n wêreldse verbinding is en wat deur twee fisiese ringe bevestig word. Eenheid ontstaan alleenlik deur die gees; ons moet eers een raak met ons huweliksmat deur die gees en nie deur liggaam en siel nie. Ons gees sal altyd die belangrikste deel van die mens wees. Om te kan versmelt in die gees, beteken ons geesharte moet lewendig wees met die Lewe van God, met ander woorde, ons moet heelmense wees en nie meer halwe mense nie.

Daar is baie min paartjies wat op hul huweliksdag in die gees een word, want daar is baie min jongmense wat opreg tot wedergeboorte gekom het voordat hulle die keuse gemaak het om te trou. 'n Huwelikspaartjie is gewoonlik onder die vals illusie dat liefde hulle een gemaak het, maar al die tyd is hulle geesharte nog in dormansie en is ware Liefde nie eers teenwoordig in hierdie verhouding nie (want ware Liefde is Jesus). Mense wat net in liggaam en siel verbind is, is verbind deur die giftige gom van wellus, maar die wêreld ken nie die verskil tussen liefde en wellus nie. So baie mense glo hulle het liefde gevind, net om later uit te vind dat ware Liefde (wat Jesus is) toe nooit teenwoordig was in die verhouding nie en dit is hoekom die twee mense so sukkel om oor die weg te kom. 'n Huwelik sal nooit vredevol en gelukkig wees sonder Jesus nie. Wellus, 'n giftige gom wat twee halfmense liggaam en siel aan mekaar verkleef, kan nie die gees van die mense een maak nie; alleenlik Jesus kan twee mense se geesharte laat saamsmelt.

Ongelukkig werk alles so verkeerd in die wêreld, want in die wêreld smelt twee mense eers saam in die liggaam deur seks. Hulle is dus een in liggaam en word aan mekaar verkleef deur die bese

gom, wellus. Hierdie bouse gom probeer dan ook om die twee halfmense se sielsdimensies een te maak, maar onthou nou dat halfmense se sielsdimensies nog nie deur God verander is nie. Elke persoon het nog sy eie wêreldse waardes, persepsies en beginsels waarmee hy grootgeword het en almal het verskillend grootgeword. Nou probeer twee halfmense, wie se manier van dink en doen totaal van mekaar verskil, versmelt raak in die siel en dit veroorsaak een verskriklike groot, deurmekaar gemors. Hierdie verhouding bestaan uit konflik en argumente, want hulle sukkel om mekaar te verstaan; hulle sukkel om mekaar se waardes en sienings te respekteer en aanvaar, en as daar kinders in hierdie huwelik gebore word, gaan die arme kinders nie weet wie se waardes en persepsies om aan te neem nie. Wellus, die bouse gom wat die twee mense verkleeft, maak dat hulle nie sonder mekaar kan lewe nie, al wil hulle mekaar vermorsel en doodmaak.

Om die bogenoemde reguit op te som: Die mens wat nog nie tot ware wedergeboorte gekom het nie, wat nog nie verander is deur die Lewe van God nie; die mens wat nog leef volgens die beginsels van die wêreld, is nog 'n halwe mens wat tien teen een gaan trou met 'n ander halwe mens. Die mense glo valslik dat hulle as 'n eenheid funksioneer wanneer hulle trou, maar halfmense wat trou, kan nie deur die gees as 'n eenheid funksioneer nie. Dit is net wellus wat hulle aan mekaar koppel, nie die Liefde van God nie en dit is hoekom hulle nie in vrede kan leef nie. Hulle is net vleeslik een, nie in die gees nie. Met ander woorde, het God hierdie twee mense aan mekaar verbind? Nee, Hy het nie, want Hy is nie teenwoordig in een van die twee halfmense se harte nie, dus was God nie deel van die huweliksverbond nie. Al het ons in 'n kerk getrou en 'n plegtige eed afgelê aan mekaar... as die Lewe van God nie in die mens se hart teenwoordig is nie, is die aanwesigheid van God ook nie teenwoordig in hierdie huwelik nie.

Nou gebeur dit in baie gevalle dat een van die twee halfmense op 'n stadium in hulle lewe tot ware bekering en wedergeboorte

kom. Dit kan 'n moeilike situasie raak, want soos ons gesien het, begin die Lewe van God 'n mens verander soos ons gewortel raak in Hom en die "anderhelfte" gaan dalk nie van hierdie verandering in sy maat hou nie. Die wedergebore persoon begin sy/haar lewe anders lewe, alles rondom die persoon gaan begin verander en dit kan gebeur dat 'n mens net al hoe verder van mekaar verwyderd raak. Die grootste fout wat ons kan maak, is om die halfmens toe te gooi met die Woord, vir hulle te preek of om hulle te probeer saamsleep na geestelike praatjies. In die meeste gevalle, stoot ons die ander een weg van ons af en ook weg van God af. Gee hom/haar net oor in die hand van Abba Vader en fokus jy op jou verhouding met Abba Vader. God sal op Sy bepaalde tyd die halfmens nader trek. Sorg jy net dat jy elke dag opnuut gevul raak met die Liefde van God sodat jy weer ware Jesusliefde aan jou huweliksmaat en kinders kan uitdeel.

“As daar 'n man is wat nie na die Woord van God wil luister nie, moet die manier waarop jy as vrou leef, hom oortuig dat dit waarin jy glo, die waarheid is. Jou lewe praat baie harder as jou woorde. Dit is eintlik nie eens nodig om baie met jou man oor God te praat as jy leef soos Hy wil hê nie. So sal jy vir jou man wys hoe wonderlik God is.”

1 Petrus 3:1,2 (DB)

As jou maat God verag, kan dit regtig in 'n moeilike situasie ontaard, want as jy gevul raak met Jesus, kan dit gebeur dat hy jou ook in 'n mate gaan begin verag. Dit kan dus gebeur dat jou maat nie gaan hou van die verandering binne jou nie, maar hier moet ons sterk staan en nie ingee nie! Ons kan nie weer terug verander na die beeld van die wêreld nie. As ons kan sterk staan in hierdie saak en nie ons Goddelike waardes en beginsels prysgee nie, kan dit gebeur dat ons maat besluit om ons sienings te respekteer en dalk

kan hy later ook die keuse maak om sy hand in Abba Vader se hand te plaas.

“Oor wat verwag word van ’n Christen wat met ’n nie-Christen getroud is, het die Here nie destyds met ons gepraat toe Hy op aarde was nie. Laat ek vir julle sê wat ek dink: As die nie-Christen gewillig is om met die Christen getroud te bly, moet hulle nie skei nie (As hy die volmens se waardes kan respekteer). As ’n nie-Christen met ’n Christen getrou is, beteken dit nie dat die Here daardie huisgesin verwerp nie. Dit sou mos beteken dat Hy die kinders van die huisgesin ook verwerp. Dit doen die Here nie. Die Here aanvaar daardie huisgesin en daardie kinders behoort aan Hom. Maar as die nie-Christen wil skei, laat hy dit doen. Die Christen hoef in so ’n geval nie te voel hy doen iets verkeerd as die nie-Christen sy goed vat en loop nie. Dit is beter so as om in onmin saam te leef, want God wil hê sy kinders moet in vrede leef. As jy sê dat jy in onvrede getroud wil bly om so jou ongelowige huweliksmat ’n Christen te probeer maak, waag jy ’n goot kans. Hoe weet jy of jou plan sal uitwerk?”

1 Korinthiërs 7:12-15 (DB)

Hierdie kan regtig ’n baie moeilike situasie raak, want dit wat God in die gees saamgebind het, mag ’n mens nie verbreek nie. Met ander woorde, twee mense wat in die gees verbind is en nie net vleeslik nie, mag nie skei nie, want hulle is een in God. Twee heelmense wat in die gees verbind is, sal in vrede leef, want albei is gekonnekteer aan die ware Liefde. Die Lewe van God sou albei se sielsdimensies verander het sodat albei God se waardes, persepsies en beginsels begin aanneem. Hulle dink en voel dieselfde oor die

meeste kwessies, dus sal daar nie baie konflik wees nie. Laastens word die twee heelmense ook een in vlees. Met ander woorde, alleenlik twee heelmense wat gekonnekteer is aan die ware Liefde, en wat die Lewe van God ontvang, kan saamselt in die gees. Dit is omdat die Lewe in hulle harte vanaf dieselfde Bron afkomstig is en dit vorm 'n eenheid in Jesus Christus. Maar 'n heelmens en 'n halfmens kan nie in die gees saamsmelt nie, want die een se geeshart is gevul met die Liefde van God en die ander een se geeshart is dolleeg. 'n Leemte kan nie versmelt met gevuldheid nie, daar sal altyd 'n leemte bly.

Nou is daar dalk 'n heelmens wat verlief raak op 'n halfmens en dalk met hom/haar wil trou, maar kyk wat sê die Woord rondom hierdie kwessie:

“Don’t become partners with those who reject God. How can you make a partnership out of right and wrong? That’s not partnership; that’s war. Is light best friends with dark? Do Christ go strolling with the devil? Do trust and mistrust hold hands? Who would think of setting up pagan idols in God’s holy Temple? But that is exactly what we are, each of us a temple in whom God lives. God himself put it this way: ‘I’ll live in them, move into them; I’ll be their God and they’ll be my people. So leave the corruption and compromise; leave it for good’, says God. ‘Don’t link up with those who will pollute you. I want you all for myself. I’ll be a Father to you; you’ll be sons and daughters to Me’.”

2 Corintiërs 6:14-18 (MSG)

Dit help nie 'n mens kom met die argument dat ons die halwe mense sal help om God te vind nie, want as die halwe mens God verag, kan dit so maklik gebeur dat hy/sy die gelowige ook gaan verag. As die halfmens nie bereid is om sy hart aan Abba Vader te gee nie, kan die heelmens 'n baie alleen mens in die huwelik raak, want die heelmens is geneig om die ware persoon wat hy/sy is, half weg te steek van die halwe mens in 'n poging om nie verwerp te word nie. Hier ontstaan dan 'n baie oppervlakkige verhouding tussen halfmens en heelmens omdat 'n mens nie jou hart met die halfmens kan deel nie. Die halfmens leer ken dus nie die heelmens vir die ware mens wat hy/sy is nie en dit is 'n baie hartseer saak. En wat as daar kinders gebore word in so huwelik? Die een ouer glo in God en wil graag die kind grootmaak volgens God se beginsels en waardes, maar die ongelowige gee nie om oor goeie beginsels en waardes nie en leer weer die kind die teendeel. Die kinders ontvang dus lering uit twee totaal verskillende oorde en dit is natuurlik dat die kind op 'n stadium gaan stilstaan en wonder wie om te glo? Gaan hy die beginsels en waardes van die gelowige aanneem, of gaan hy die beginsels en waardes van die ongelowige ouer aanneem en uitleef? Ek dink nie ons as ouers verstaan die groot verantwoordelikheid as dit by ons kinders kom nie...en jongmense verstaan ook nie hoe belangrik dit is wanneer hulle 'n keuse moet maak oor 'n lewensmaat nie.

Die mens wat waarlik wedergebore is voordat hy 'n huweliksmaat kies, is geseënd. As hierdie persoon waarlik aan God behoort, sal hy/sy nie trou met 'n halwe mense wat nie die Lewe van God in Sy hart het nie. Soort soek soort! 'n Wedergebore heelmens sal 'n wedergebore heelmens soek as sy huweliksmaat en ek bid dat elkeen wat hierdie saadjie lees, dit sal uitdeel aan 'n jongmens dat die jongmens nie die leuens van die wêreld sal aanhang in verband met die huwelik nie, maar dat die jongmens sal besef hoe belangrik dit is om Jesus eerste as sy/haar "anderhalf" te ontvang. Jesus moet ons eerste Liefde wees en dan sal Hy aan ons elkeen 'n huweliksmaat gee volgens Sy plan.

Soek die anderhelfte van jouself in Jesus en nooit in 'n mens nie. Al is jy alreeds getroud, vind die ander stuk van jou, in Jesus. Moenie fokus op jou man of jou huwelik nie, maar rig jou oë op die enigste Lewegewer. Moet asseblief nie jou maat probeer verander nie, dis die grootste fout wat ons kan maak. Plaas jou huwelik, jou maat en jou hele lewe in die hand van God sodat Hy die uitsorteerwerk kan doen. Ons moet vertrou op God om die werk te doen en nie op ons eie vermoëns nie.

Wat is ware Liefde?

*“Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet:
WANNEER ONS GOD LIEFHET EN SY GEBOOIE BEWAAR!”*

1 Johannes 5:2 (AFR33/53)

Weet ons regtig wat dit beteken om waarlik lief te hê? Weet ons regtig wat liefde is? Die mens se emosies en gevoelens kan so misleidend wees... kan ons regtig ons menslike emosies vertrou? Kan ons aan iemand ons liefde verklaar terwyl ons gevoelens sommer oornag kan verander? Ons kan so maklik ons harte toemaak vir iemand waarvoor ons kwansuis lief was... dan was dit mos nie ware liefde nie. God het die grootste daad van liefde aan die mens gedemonstreer deurdat Hy Sy Seun aarde toe gestuur het om Sy Woord te kom vestig en vir ons 'n pad oop te maak om terug te keer na God. Alleenlik God kan ons leer wat ware liefde is! Elke keer wanneer ek met Abba Vader praat oor die liefde, verwys Hy my na die boek van 1 Johannes.

As jy dink aan liefde, waaraan dink jy eerste? Dink jy aan jou gevoel vir jou man, kinders, familie, vriende of dink jy aan liefde as

'n goeie daad wat jy aan mense verrig? Eintlik is ons veronderstel om net aan een ding te dink as ons die woord liefde hoor en dit is JESUS! Sonder Jesus is ons niks, is ons liefdeloos en kan ons nie liefde gee of uitdeel nie. Al is ons ook hoe “geestelik”, al praat of bid ons in tale, maar daar is nie Liefde in ons hart nie, beteken dit niks en klink die persoon vir God soos 'n leë, klinkende simbaal wat net 'n geraas maak. 'n Mens kan al die kennis van die Bybel of teologie hê, die dinge en geheimenisse van God verstaan, maar as Liefde in die hart van die mens afwesig is, is al daardie kennis niksseggend. (1 Korinthiërs 13)

Sonder Jesus in ons hart, verstaan ons die woord “Liefde” totaal verkeerd en gebruik ons die woord vir iets wat Satan geskep het - soos wellus, dooie werke of brabbertaal. Hoe vinnig sê ons nie vir iemand ons is lief vir hom/haar nie? Hoeveel keer bedoel ons dit uit die dieptes van ons wese? Is dit nie 'n manier om iemand te probeer manipuleer nie? Is dit waarlik liefde? Ek lees in 1 Johannes 2 dat wanneer ons sê dat ons in die Lig van God wandel, maar ons haat ons naaste, dan lieg ons en wandel ons nie in die Lig van God nie, want as ons waarlik in die Lig van God wandel, sal ons Liefde in ons hart hê - ook vir ons vyande.

“Ek skryf aan julle 'n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en die waaragtige Lig skyn alreeds. Hy wat sê dat hy in die Lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe. Wie sy broeder liefhet, bly in die Lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie. Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.”

1 Johannes 2:8-11 (AFR33/53)

Hierdie vers het my baie laat dink oor die woord “Liefde”, want die teenoorgestelde van liefde is haat, en hoe maklik is ons nie in staat om iemand te haat nie... as ons haat, wandel ons in die duisternis! Dit is onmoontlik om van almal om ons te hou; daar is ongelukkig mense wat nie soos ons dink of voel nie en baie keer kan ons nie help om nie van ’n persoon te hou nie. Beteken dit ons haat daardie persoon? Hoe moet ons liefde voel teenoor ’n mens waarvan ons nie hou nie? Hier het Abba Vader ingetree en my geleer dat liefde nie ’n gevoel is nie, maar ’n keuse! Dis ook nie heeltemal reg om te sê dit is ’n keuse nie, maar tog begin alles met ’n keuse...

Eerstens moet ons die keuse maak om Jesus te volg; dit is ’n keuse om jou rug op die wêreld te draai en Jesus se hand te vat; dit is ’n keuse om jou hart totaal oor te gee aan die Lewegewer. Om waarlik lief te kan hê, moet Jesus binne ons lewe. Geen mens kan op God se manier liefhê sonder Jesus binne hom nie, so dis nie uit die staanspoor ’n keuse wat die mens maak om ’n ander lief te hê nie, maar die mens moet eerstens die keuse maak om Jesus te volg, om Hom te dien en wanneer Hy in en deur ons lewe, kan ons begin om ander lief te hê... nie deur onself nie, maar deur Jesus in ons! Alles begin by Jesus - om Hom te soek, om Hom lief te hê, om so na as moontlik aan Hom in die hart van God te staan en om die hartklop van Jesus te leer ken. Dan eers sal ons voel en leer wat ware liefde is en dan eers sal ons ander kan liefhê met die liefde van God. Met ander woorde, ons kan niemand waarlik liefhê as ons liefdesput nie gevul is met die Lewende Water nie, want dan eers ontvang ons ware liefde en kan ons ook ander op God se manier liefhê!

Kom ons kyk net eers na haat... Is daar ’n persoon in jou lewe waarvan jy so min hou, iemand wat jou dalk so ’n erge onreg aangedoen het, dat jy nie sal omgee om daardie persoon in die hel te sien brand nie? As daar wel so ’n persoon in jou lewe is, stel ek

voor jy raak stil by God oor hierdie persoon, want dan het jy erge onvergewinsgesindheid teenoor daardie persoon. Onvergewinsgesindheid sit om in bitterheid en haat, wat 'n baie gevaarlike ding is - dit vorm 'n bouse, bitter wortel wat binne die mens begin groei; dit dra baie lelike vrugte en kan die mens se hart pikswart maak; so haat is wanneer jy nie omgee om 'n persoon in pyn en lyding te sien nie. Dan geld die Skrif van 1 Johannes 2 wat sê dat as ons beweer om in die Lig van God te wandel, maar ons haat 'n broeder, dan lieg ons, want ons wandel dan glad nie in die Lig van God nie. 'n Persoon wat haatdraend is, is nie op die regte pad nie en wandel nie in die Lig van God nie. As die liefde van Jesus binne die mens gevestig is, sal ons dit maklik vind om iemand te vergewe en daardie persoon te seën en vir hom te bid - pleks van vervloek. Daar is baie mense wat ons almal al te na gekom het, daar sal altyd mense wees wat ons te na sal kom, maar hoe ons die saak hanteer en oplos, is die belangrikste.

Nou bly die vraag nogsteeds: Hoe weet ek of ek waarlik iemand liefhet en wat is ware liefde? Hoe moet ons ons naaste liefhê? Liefde gehoorsaam die wil van God, pleks van die wil van die mens. Op 'n dag gee Abba Vader my die Skrif wat al my vrae rondom "Liefde" verduidelik:

*"Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet:
WANNEER ONS GOD LIEFHET EN SY GEBOOIE BEWAAR!"*

1 Johannes 5:2 (AFR33/53)

"...The reality test on whether or not we love God's children is this: Do we love God? Do we keep His commands? The proof that we love God comes when we keep His commandments..."

1 John 5:2 (MSG)

“If you love Me, show it by doing what I’ve told you...”

John 14:15 (MSG)

Met ander woorde, as ons God liefhet, sal ons doen wat Hy van ons vra, dus sal ons Sy gebooie gehoorsaam! Dit is ’n leuen dat die gebooie van God verval het en dat dit nie meer belangrik is nie. Jesus het nie gesterf aan die kruis sodat die gebooie moet verval nie. Doen jouself ’n guns en maak ’n studie van die Woord van God van al Jesus se woorde waar Hy oor die gebooie gepraat het.

Om te bepaal of ons mense liefhet, moet ons eers bepaal of ons God liefhet. Natuurlik gaan ons almal ’n onmiddellike antwoord kan gee en sê: “Ja, ons het God lief!” Maar voor ons so ’n vinnige antwoord kan gee, moet ons net eers ons harte deursoek, want wat sê ons daade? Getuig die woorde uit ons mond en ons daade van mekaar? Getuig ons vrugte en ons liefde vir Abba Vader van mekaar? Dit vat ons weer na ’n ander vraag: **“Gehoorsaam ons God se gebooie?”** 1 Johannes 5:2 kom daarop neer dat ons sal weet ons het ander lief eers wanneer ons God liefhet en ons Sy gebooie gehoorsaam. Om te bepaal of ons God liefhet, moet ons bepaal of ons Sy gebooie nakom en daaruit sal ons weet of ons God liefhet, en dan eers sal ons kan bepaal of ons die kinders van God liefhet...

“Hieraan weet ons dat ons Hom ken: AS ONS SY GEBOOIE BEWAAR! Hy wat sê: Ek ken Hom - en Sy gebooie nie bewaar nie - is ’n leuenaar en in hom is die Waarheid (Jesus) nie. Maar elkeen wat Sy Woord bewaar, in hom het die Liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.”

1 Johannes 2:3-5 (AFR33/53)

Wanneer ons beweer om God te ken, sal ons Jesus asook die Gees van God ken, want die werkinge van God, Jesus en die Gees van God loop altyd hand aan hand. Ons leer Abba Vader alleenlik ken wanneer ons gewortel is in Sy hart en wanneer ons leef op Sy liefde. Dan leef ons in God en God in ons en dan sal ons nie meer in sonde leef nie:

“No one who is born of God [deliberately, knowingly, and habitually] practices sin, because God’s seed [His principle of life, the essence of His righteous character] remains [permanently] in him [who is born again—who is reborn from above—spiritually transformed, renewed, and set apart for His purpose]; and he [who is born again] cannot habitually [live a life characterized by] sin, because he is born of God and longs to please Him.”

1 John 3:9 (AMP)

In die tyd wat Jesus op aarde gewandel het, het Hy sondeloos in gehoorsaamheid aan die wil van God gewandel. Wanneer ons wedergebore is en Jesus in en deur ons leef, is dit Jesus in ons wat God gehoorsaam - dit is nie die mens wat dit self regkry nie. Dan sal ons God waarlik liefhê, want weereens, dit is deur Jesus wat in en deur ons woon. Die persoon wat nie omgee om in die sonde te baljaar nie, wat nie sy foute wil of kan herken en erken nie, wys met sy lewe dat hy God nie ken nie. Sy dade getuig dat Jesus nie in en deur hom leef nie. 1 Johannes 3:6 van die AMP sê:

“No one who abides in Him [who remains united in fellowship with Him—deliberately, knowingly, and habitually] practices sin. No one who habitually sins has seen Him or known Him.”

Hierdie persoon sal tien teen een met sy mond bely om God lief te hê, om God te ken en om gevul te wees met die Gees van God, maar ongehoorsaamheid aan God bewys die teendeel.

“Dear children, don’t let anyone deceive you about this: When people do what is right, it shows that they are righteous, even as Christ is righteous. But when people keep on sinning, it shows that they belong to the devil, who has been sinning since the beginning... Those who have been born into God’s family do not make a practice of sinning, because God’s life is in them. So they can’t keep on sinning, because they are children of God. So now we can tell who are children of God and who are children of the devil. Anyone who does not live righteously and does not love other believers does not belong to God.”

1 John 3:7-8 (GWT)

Dus, as ons wedergebore is en Jesus leef in en deur ons, stel Hy ons in staat om God te gehoorsaam en as ons God gehoorsaam, getuig dit van ons liefde vir Hom. Wanneer ons God liefhet, kan ons ook die kinders van God liefhê. Weereens is dit nie ons wat ander liefhet nie, maar is dit Jesus in en deur ons wat ons in staat stel om ander lief te hê. As jy gaan kyk na die gebooie, sal jy sien die eerste paar gebooie gaan oor om God lief te hê; om nie ander afgode te aanbid nie; om die Sabbat na te kom en om nie die Naam van God te misbruik nie. Die ander ses gebooie handel daarvoor om jou moeder en vader te eer, om nie moord te pleeg nie, nie egbreek te pleeg nie, om nie te steel nie, om nie vals getuienis teen ’n ander te spreek nie en om nie iets van jou naaste te begeer nie. Met ander woorde, die res van die gebooie gaan eintlik daarvoor om nie jou naaste leed aan te doen nie. Gaan kyk weer

wat sê 1 Johannes 5:2! Ons sal weet ons het die kinders van God lief wanneer ons die gebooië van God gehoorsaam!

As ons ons naaste nie leed aandoen nie, getuig dit van ons liefde vir God, asook vir ons medemens. Sien julle hoekom sê ek liefde vir ons naaste is nie 'n gevoel nie? Dit is gehoorsaamheid aan God. Ons kan alleenlik gehoorsaam wees aan God wanneer Jesus in en deur ons leef en ons kan alleenlik ons naaste liefhê wanneer Jesus in en deur ons leef. Sonder Jesus is gehoorsaamheid aan God onmoontlik. Sonder Jesus, is liefde vir ons naaste onmoontlik... So ware liefde begin altyd by Jesus... Ons hoef nie te fokus op liefde vir mense nie, ons hoef nie onself te dwing om 'n gevoel vir iemand te hê nie, ons moet net fokus op Jesus en ons verhouding met Hom, want ons kan alleenlik liefhê met Jesus binne ons.

*"Hieraan weet ons dat ons die kinders van God
liefhet: Wanneer ons God liefhet en Sy gebooië
bewaar."*

1 Johannes 5:2 (AFR33/53)

Gebed en verhouding

“Call to me and I will answer you. I’ll tell you marvelous and wondrous things that you could never figure out on your own.”

Jeremiah 33:3 (The Message)

As jy ’n goeie verhouding met iemand het, gaan daar aanvanklik baie kommunikasie wees tussen julle. Later van tyd, wanneer julle mekaar regtig goed ken, gaan daar ook stil tye wees tussen julle, maar dit sal ’n gemaklike stilte wees omdat julle mekaar so goed ken. Om iemand goed te ken, moet daar aanvanklik baie kommunikasie wees, want hoe gaan jy agterkom hoe die ander een se hart werk as jy hom nie goed ken nie? Wat maak die situasie anders met God?

Die wêreld is baie krities oor mense wat die stem van God ervaar omdat dit nie realisties en logies verklaarbaar is nie, maar wat hulle nie verstaan nie, is dat ’n mens nie die stem van God kan hoor met jou vleeslike ore nie, alleenlik met die ore van jou hart. Wêreldmense wil alles vleeslik met ’n logiese en realistiese brein ontleed en verklaar, maar geestelike gebeure kan nie met die brein

verklaar of uitredeneer word nie. Hulle weier om dit te glo, lag die ware volgelingen van Jesus af en plaas 'n blose stempel op diegene wat wel die pad met Jesus wandel. Dis baie interessant dat die Fariseërs in Jesus se tyd 'n blose stempel op die werke van Jesus ook geplaas het...

Wat is gebed? Gebed is niks anders as 'n gesprek met Abba Vader nie, maar 'n gesprek is nie 'n gesprek as daar net een is wat versoeke rig en praat terwyl die ander een in stilswye verkeer nie. Dan is daar êrens 'n kinkel in die kabel, 'n fout in die kommunikasie; dalk is die gehoorbuis teen die mens se verkeerde oor vasgedruk en daarom hoor die mens nie die wonderbaarlike stem van Abba Vader wat terug fluister nie... Dalk het ons net nodig om met die regte tipe ore te begin luister, maar die belangrikste is dat ons ons hartsmotief in orde moet kry sodat ons woorde aan Abba Vader uit 'n opregte hart sal kom.

Kom ons dink net eers vir 'n oomblik op 'n logiese en menslike vlak hieraan... Hoe gaan jy voel as jy graag 'n goeie verhouding met jou maat wil hê, maar die kommunikasie ontbreek geheel en al? 'n Verhouding kan nie gebou wees op leë woorde en ongemaklike stiltes nie. Hoe gaan jy voel as jou maat 'n boek in die hande kry waaruit hy leer hoe om met jou te kommunikeer? Hy/sy neem dele uit die boek en lees dit vir jou hardop en dit is sy deel van kommunikasie met jou... Jy gaan baie goed weet dat die woorde wat hy vir jou uit daardie boek gelees het, nie uit sy hart uit kom nie, maar dat dit leë woorde is wat hy met die mond gespreek het net om jou tevrede te stel dat hy wel met jou gepraat het. Al bely hy sy liefde vir jou met die mooiste woorde wat daar is, maar dit kom nie uit sy hart uit nie (maar vanaf 'n stuk papier) gaan dit jou nie beïndruk nie. Dit gaan jou eerder seermaak, want jy gaan weet dit is vals; jy gaan mos weet dit is nie uit sy hart uit nie. Jy gaan weet hy lees daardie woorde vir jou om dalk iets te kry, om jou te manipuleer, of wat ookal...

Is dit nie wat die mens met God doen nie? Probeer die mens dalk God manipuleer met mooi woorde om iets te kan kry? Dit is verseker nie waaroor 'n verhouding met Abba Vader gaan nie. Alles draai om verhouding met Abba Vader en 'n verhouding gaan oor kommunikasie! Kommunikasie met Abba Vader moet uit jou hart uit kom, nie uit 'n boek of uit jou menslike brein nie. Wanneer dit uit die brein kom, kom dit uit die liggaam en siel en dit is nie wat God wil hê nie, want God sê ons moet Hom aanbid in Waarheid en in Gees. Om 'n ander se woorde te vat, dit joune te maak en dit te gebruik om met God te kommunikeer, is vals woorde wat nie uit jou eie hart kan kom nie. Om 'n rympiegebed agter die leraar aan te bid, kom ook nie uit die hart nie, want dit is nie spontaan of oorspronklik nie. Daar moet spontane, oorspronklike woorde uit ons hart kom wanneer ons met God praat; dit moet woorde uit ons eie hart wees en dan sal God dit aanneem, want dan aanbid ons God soos Hy wil hê: in Waarheid en in Gees.

Toe ek op laerskool was, was daar 'n onderwyser wat met ons gepraat het oor gebed en hy het ons geleer om te bid volgens ons vingers. Begin by jou duim: Wie is die naaste mense aan jou? Jou familie. Goed, bid eerstens vir jou familie en sê ook vir God dankie vir hulle. Tweede vinger is iets - ek kan nie eers meer onthou wat dit was nie, maar so het hy aangegaan met elke vinger - sommige was vir kos vir die dag, 'n ander vir die regering totdat hy by die pinkie gekom het wat oor jouself kon handel. Dan mag jy eers iets oor jouself vra of versoek of wat ookal... Vir soveel jare het ek op daardie manier gebid, met ander woorde, ek het uit my kop uit gebid, want ek het in my agterkop my vingers onthou en so by so het ek elke dag dieselfde gebed gebid. Wanneer ons op hierdie manier bid, praat ons met God vanuit die brein en aanbid ons Vader nie in die Gees nie, maar met leë woorde uit die liggaam. Hoe "boring" moet dit nie vir Abba Vader wees om elke dag na dieselfde ou rympie of versoeke te luister nie! Met alle respek gesê - ek wonder of God ooit nog na 'n mens luister as Hy weet ons gaan elke dag dieselfde versoeke aan Hom rig. Maar kan jy nou dink as

jy elke dag op verskillende tye voor Hom neerkniel uit diepe eerbied en respek en jou hart voor Hom uitpak - alles wat in jou gedagtes is, alles wat jou pla, alles wat jou bekommer en die beste van alles - as jy Hom uit 'n opregte hart vertel hoe lief jy Hom het en dat jy weet jy is niks sonder Hom nie; dat jy weet jy kan nie sonder Hom leef nie en dat jy in elkgeval weier om sonder Hom te leef. Ons moet fokus daarop om nie elke dag alleenlik versoeke aan God te rig nie. Elke dag se gebed moet 'n verrassing vir God wees - ek kan net dink hoe opgewonde Hy sal luister as Hy weet dis nie elke dag dieselfde ou "boring" gebed en versoeke nie, maar iets nuuts wat op 'n mens se hart is. Ek weet God sal luister en intree wanneer ons ons harte waarlik oopmaak teenoor Hom sonder om skynheilig te wees en sonder om 'n gebed van 'n blaadjie af te lees. Op hierdie manier begin ons verhouding met God bou en op 'n dag wanneer jy dit die minste verwag, sal jy 'n stem met jou hoor terugpraat. Dis die lekkerste lekker wat bestaan! Ons kan nie die stem van God met fisiese ore hoor nie, want ons fisiese sintuie het niks daarmee te doen nie; dit gaan oor ons geestelike sintuie... Is jou geestelike oë en ore oop? Is jou geeshart al wakker uit dormansie?

As jy die vorige saadjies gelees het, sal jy teen die tyd weet dat ons gewortel moet wees in die hart van God en op 'n dag sal God se Lig op ons harte skyn om dit wakker te maak uit die diepe slaap. Wanneer ons geesharte ontwaak, ontwaak ons geestelike oë en ore ook en met tyd sal jy God geestelik begin beleef. Alles draai maar net weereens om die tyd wat ons in die teenwoordigheid van Abba Vader spandeer; om jou hele hart en lewe in Sy hande oor te gee dat Hy jou begin verander. Ons moet ophou fokus op die self en ons eie behoeftes; ons moet begin fokus op God en wat Hy deur ons wil doen. Ons moet daarna streef om dieselfde verhouding met God te hê as wat Moses, Elia, Abraham, Dawid en so baie ander met Hom gehad het. Hulle was mense wat gewandel het met God, wat nie 'n Bybel gehad het wat hulle gelei het nie. Hulle moes wag op die stem van God om leiding te kry en God het hulle nie

teleurgestel nie. Keer op keer het Hy met hulle gepraat. God verander nie; dis net die mens wat verander. Die God van Abraham, is ook ons God! Net soos God met Abraham en al die ander gepraat het, wil Hy met my en jou ook praat. Dit is vir my so mooi waar die Woord sê dat God met Moses gespreek het soos 'n man met sy vriend. Dit is nie beperk tot Moses nie, want ons kan ook so 'n verhouding met Abba Vader hê, Hy wil met al Sy kinders op so 'n manier spreek, maar daarvoor het ons nodig dat ons ore ingestel moet wees op die stem van God. Eers gaan dit wees soos 'n draadloos waar ons sukkel om die stasie op te vang - daar gaan dalk 'n groot geraas wees of 'n algehele stilte, maar later sal die mooiste, wonderbaarlikste stem saggies deur die stilte breek in 'n fluistering... Jou voorkop sal vertrek in 'n plooi, want jy weet jy het iets gehoor, maar kan dit regtig wees? Of jou oë sal skielik oopskiet en jy gaan dink: Wat was dit? En so begin dit...hoe meer jy jou hart uitpak en Abba Vader aanroep uit 'n opregte hart en met die regte motiewe, hoe meer sal jy lewende, ware gesprekke met Abba Vader hê - en jy sal Hom hoor terugpraat.

“Call to me and I will answer you. I’ll tell you marvelous and wondrous things that you could never figure out on your own.”

Jeremiah 33:3 (The Message)

Elkeen van ons moet selfondersoek doen oor die motief van ons gebede. Probeer jou gebede neerpen en gaan kyk met 'n eerlike hart wat die motief van jou gebede is. Gaan jou gebede oor jouself en om jou fisiese lewe te verbeter? Om JOU beter te laat voel? Sommer pleinweg gestel... Oor wie gaan jou gebede? Gaan dit oor jou en jou omstandighede of gaan dit oor God? Gaan kniel jy voor God met 'n hart vol liefde vir Hom en is jou rede tot gebed om vir God te vertel hoe lief jy Hom het? Om net in Sy rusvolle teenwoordigheid te wees? Of begin jy jou gebed met lofprijsing omdat jy dink lofprijsing gaan die pad vir jou oopmaak sodat God

na jou sal luister en in jou versoeke voldoen? Hoeveel van daardie lofprysing en eerbetoning aan God is dan regtig opreg uit die hart? Probeer ons nie dalk vir God manipuleer deur Hom te prys om iets daaruit te kry nie? Dis harde woorde wat ek hier skryf, ek weet, want dis goed waarmee God my direk ook al mee gekonfronteer het en as ons ernstig is oor ons verhouding met God, sal ons hierdie goed wil uitsorteer in ons lewens. As ons nie 'n hegte verhouding met God het nie, waar val ons op die grafiek van koud tot warm? Ons almal weet wat God gaan doen met diegene wat lou is en dit is die rede hoekom ek hierdie moet skryf, want daar is te veel lou mense daar buite wat rympiegebede opsê, mense wat geen verhouding met God het nie, maar nogsteeds aanneem of dink hulle is gered. Daar is mense wat hulleself sien as "prayer warriors", wat glo hulle is besig om die wêreld te verander met hulle gebede en wat dink hulle is gered omdat hulle volgens 'n sekere boek bid. Soveel leuens word versprei in die wêreld en die ergste is dat die mense dit opeet vir soetkoek. Daar is net een rede hoekom die mense hierdie leuens so maklik glo - dit is 'n maklike manier om verlossing te bekom; dit is verlossing sonder om jou kruis op te tel en te sterf aan die self, dit is hoekom. Maar dit is nie verlossing nie - dis om met die een voet in die hel en die een voet in die hemel te probeer staan; dis om met die een voet in die wêreld met al sy leuens en met die ander voet in die Lig van God te probeer staan. Dit kan nie so werk nie. God is 'n jaloerse God wat dit nie gaan duld nie. Hy soek ons onverdeelde aandag; Hy soek ons volle gehoorsaamheid - nie net hier en daar nie, maar ten volle! Hy sê in Sy Woord ons moet heilig leef, want Hy is heilig. Hy soek 'n noue, lewende verhouding met elkeen van ons.

'n Vreemde vuur wat al lank reeds posgevat het oor die wêreld, maar wat nou weer in 'n nuwe vlam teruggekeer het, is een oor gebed. Ek sê nie vir een oomblik gebed is nie kragtig nie, ek weet God luister as ons met Hom praat, maar nou moet ons net mooi hierdie saak met die self uitmaak... Die mense wat die nuutste neiging glo om dinge in die geestelike realm te laat gebeur deur dit

wat hy spreek of bid... wie dink hierdie mens is hy? God? Hulle bid gebede wat hulle leer vanaf iemand wat dit kwansuis van die Here gehoor het, maar waar is die bewys in die Woord van God, met ander woorde, waar leer God dit vir jou en my in Sy Woord? Dit voel vir my die mens probeer God manipuleer; die mens wil dinge in die geestelike realm laat gebeur met woorde wat hy spreek, want hy spreek dit mos in die Naam van Jesus. Die mens wil sy eie, asook ander, se omstandighede op hierdie manier probeer verander; hy wil mense se harte probeer verander deur lewe te spreek, maar waar leer God dit vir ons? Die ding is net: God het elkeen van ons se lewens bepaal nog voor ons geboorte; Hy het alles bepaal wat in ons lewens gaan gebeur en dit opgeskryf in elkeen se lewensboek. God het toe al bepaal watter beproewings Hy op ons pad gaan plaas om ons te toets en te help groei. Dit is vir geen mens lekker as daar klippe op ons pad kom nie, maar ons moet dit aanvaar as God se manier om van ons skoner "vessels" te maak. Daar is baie mense wat glo dat God nie beproewings op ons pad sal plaas nie en dat alles wat verkeerd loop in hulle lewe, die werk van Satan is. Dit óók staan nêrens in die Woord van God nie, maar gaan kyk weer al die Skrif in die saadjie: "Klippe, beproewings en versoekings" hoekom laat God hierdie goed toe in ons lewens. Ek gaan nie nou verder in diepte gaan oor hierdie saak nie; daar is 'n boek wat gaan uitkom waarin ek dit mooi uiteengesit het soos Abba Vader my geleer het. Daar is wel gevalle waar ons vervloeking oor ons eie lewe kan bring en daar dan dinge in ons lewe kan gebeur wat nie deur God bepaal is nie, maar dan is dit deur ons eie toedoen. Hoe kan ons hierdie slegte goed in ons lewe dan probeer wegtuur deur sekere woorde te spreek? Hoe kan ons tot God bid om dan ons omstandighede te verander as ons self die outeur van die vervloeking was? Aan die ander kant weer... as God 'n sekere beproewing oor jou lewe bepaal het, is dit regtig regverdig om vir God te vra om die beproewing totaal weg te vat uit jou lewe? Ons probeer in der waarheid vir God 'n uitveër gee sodat Hy ons lewe beter moet beplan... Wie weet die beste? Die mens of God? Die mens raak so arrogant dat hy God probeer voorskryf, want dit is

presies wat die mens doen wanneer hy dinge in die geestelike realm probeer verander deur kragtige woorde of Skrif. Ons probeer dit wat God alreeds bepaal het, verander. Ons probeer God se arm draai om Sy eie planne te verander, of as ek deesdae die dinge in die wêreld so luister, probeer die mens nie eers meer God se arm draai om die omstandighede te verander nie; die mens probeer sommer met gesproke woorde om self die omstandighede te verander. Gee God regtig vir ons die outoriteit om Sy planne te verander? Om dit te verander wat Hy alreeds bepaal het? Jesus was die Seun van God en nie eers Hy het die planne van God probeer verander of vir God gevra om Sy planne te verander nie. Al was Sy gemoed met tye so swaar, al het Hy bloeddruppels gesweet omdat Hy geweet het wat lê en wag vir Hom en al het Hy nie geweet wat om te bid nie, het Hy nogsteeds God eerste gestel en vir God gesê: "Laat U wil geskied sodat mense kan sien hoe groot U is!"

"Op die oomblik is My gemoed beswaard. Ek weet nie mooi wat om te bid nie. Sal Ek bid: 'Vader, maak 'n ander plan sodat Ek nie hoef te sterf nie?' Dit kan Ek tog nie bid nie. Ek het dan juis gekom om te sterf en op te staan. Ek kan nou net een gebed bid: 'Vader, doen wat nodig is sodat mense kan sien hoe groot en belangrik U is!'"

Johannes 12:27,28 (AFR33/53)

Wanneer ons vir die self leef, dus wanneer ons nog leef om die eie wil te gehoorsaam, skryf ons ons eie lewensboeke. Ons leef dit wat ons self bepaal oor ons lewe en ons lewe nie volgens die plan wat God vir ons lank reeds opgestel het nie. Ons ore is nog nie ingestel om te luister na die stem van God nie en alles wat ons doen, doen ons om die vlees te bevredig. Wanneer ons nie na God luister en Sy wil leef nie, is dit niks anders as rebellie teen God nie en rebellie veroorsaak 'n vervloeking oor ons omgewing. Die

duiwel kan dan letterlik los wees in ons lewe, want ons gee hom die reg deur ons ongehoorsaamheid. Omdat ons nie in die Lig van God leef nie, het die duiwel toegang tot ons lewe en kan hy eintlik doen wat hy wil. Gaan dit nou die mens help om oorlogvoering teen Satan te doen? Natuurlik nie! Hy lag die mens uit wat oorlogvoering probeer doen, maar nogsteeds in sy speelveld baljaar. Dit is baie belangrik dat ons moet besef dat dit ons eie verantwoordelikheid is om pad te gee uit die wêreldse toestand en in die Lig van God in te beweeg. Dit is die mens se verantwoordelikheid om die pen in sy hand neer te sit en die wil van God te begin volg. Wat ek eintlik met 'n ompad probeer sê, is dat die mens wat nog verdiep en gewortel is in die wêreld en oorgegee is aan die lewenswyse en die sonde van die wêreld, oorgegee is aan die mag van Satan en die persoon kan oorlogvoering doen en gebede bid totdat hy blou in die gesig is, Satan gaan maar net weer toeslaan. Ons het die Lig van God in ons harte nodig, want die vyand haat die Lig van God en waar die Lig skyn, het hy geen toegang nie. Dit beteken nie daar gaan nooit slegte goed in ons lewens gebeur nie, want die vyand sal ons altyd versoek. Wanneer ons wel in die strik van Satan trap en eet van sy bouse vrugte, is een van die gevolge vervloeking oor ons eie lewe of omgewing. Die gevolg van die bouse vrug lê altyd vir ons en wag in die toekoms en wanneer dit sy opwagting maak, kan ons skielik nie verstaan hoekom loop soveel dinge in ons lewe skeef nie, maar die mens dink nie terug aan die bouse vrug waarop hy gevoed het in die verlede nie... Hy besef nie dat hy hierdie slegte omstandighede oor homself gebring het nie. Nou wil die mens met gebed, oorlogvoering en Skrif hierdie slegte omstandighede uit sy lewe "weg toor", maar wie het die omstandighede geskep? Niemand anders as hyself nie! Die ongehoorsaamheid van die mens! Ons gaan ongelukkig maai wat ons saai. Al vergewe God ons vir ons sondes, gaan ons nogsteeds maai. Sien julle die nutteloosheid daarvan om nou met Satan 'n bekgeveg op te sit? Dit gaan niks help nie, want ons is in hierdie benarde posisie as gevolg van ons eie rebellie en sonde. As ons net ons onskuld opsy wil plaas en ons

foute wil begin raaksien en dit aan God bely, sal Hy ons help uit hierdie situasie, maar dit vat baie moed van 'n mens om sy foute te herken en dit te bely. Wanneer ons wel op die punt kom om dit te kan doen, sal God ons vergewe en ons help.

Ons het gesien beproewings is klippe op ons pad wat God daar geplaas het om ons te leer om op Hom te vertrou en wat ook ons geloof toets. Al het ons 'n hegte verhouding met God, beteken dit nie ons pad gaan sonder enige slegte goed wees nie, want daar sal altyd hier en daar 'n klip in ons pad wees. Wanneer ons 'n beproewing in die oë staar, hoe kan ons tot God bid of in die gees bid om hierdie beproewing in die niet te laat verdwyn? As ons nie leer om dit te oorkom deur die krag en hulp van God nie, groei ons nie. Sien julle hoe nutteloos is dit om al die sleg te probeer weg bid uit ons lewens? As God vir ons die beproewing daar geplaas het vir 'n baie goeie rede, hoe kan ons nou vir God smee om dit weg te vat? Ons moet dit aanvaar as God se plan en ons moet sorg dat ons stewig geanker is in God sodat die storm ons nie verwoes nie. Ons moet eerder hand aan hand saam met God deur hierdie storm in ons lewe beweeg. Baie mense wil Satan die skuld gee vir beproewings en verjaag hom dan uit hulle huis, doen vreeslike oorlogvoering, maar al die tyd is dit nie eers hy wat die beproewing in die mens se huis ingebring het nie. Sien julle hoe lagwekkend is dit eintlik? En daarom is dit baie belangrik dat ons moet kan onderskei tussen versoekings en beproewings; ons moet kan onderskei wanneer dit Satan is wat ons in die versoeking probeer lei om te sondig en dan moet ons hom eenvoudig kan teëstaan en teruggaan na die Woord van God. Hoe kan ons versoekings weerstaan as ons nie die Woord van God ken nie? En hoe sal ons weet om die beproewing te oorkom as ons nie verhouding met God het nie? As ons 'n naby verhouding met God het, sal ons ook weet of die beproewing 'n toets van God af is om jou liefde vir Hom te toets.

In die tyd wat Abba Vader hierdie met my deurgewerk het, word ek een oggend wakker met Jesaja 1. Gaan lees dit asseblief op jou eie tyd, ek haal hier en daar sekere gedeeltes aan uit die Boodskap.

Die Here spreek die mense van Israel aan deur monde van Jesaja. Dit gaan sleg met die mense, hulle is siek na liggaam en gees; van kop tot tone is daar nie meer 'n gesonde plek aan hulle nie. Hulle is die ene kneusplekke, slaanmerke en rou wonde. Hulle land is verwoes, stede is afgebrand. Hoekom? Want die mense het in opstand gekom teen die Here. 'n Dier soos 'n bees ken sy baas se stem en selfs 'n donkie weet goed waarheen om te gaan om kos te kry, maar die volk van Israel wou nie luister na God nie; hulle het God verwerp, die neus vir Hom opgetrek... Maak nie saak wat die Here doen nie, hulle het hulle rug op Hom gedraai en hulle eie rigting ingeslaan. Tog het hulle nogsteeds vir God offers gebring; hulle het die tempel bygewoon vir feeste en sabbatsvieringe; hulle het hulle hande uitgesteek na God in gebed. (aangehaal uit die Boodskap) Sien julle hoe teenstrydig is dit? Hierdie mense luister nie na God nie, hulle steur hulle in hulle lewensloop nie aan God nie, maar nogsteeds bid hulle tot Hom, bring vir Hom offers, en daarom sê die Here vir hulle:

“Ek haat julle rusdae en feeste. Ek is moeg daarvoor, Ek kan dit nie meer verdra nie. Al steek julle julle hande uit na My toe as julle bid, EK KYK NIE EENS NA JULLE NIE! JULLE KAN SOVEEL BID AS WAT JULLE WIL, EK SAL NIE NA JULLE LUISTER NIE, WANT JULLE IS ALMAL MOORDENAARS. Gaan kry eers julle lewens reg. Hou op om al hierdie verkeerde goed te doen. Los die slegte goed waarmee julle besig is.”

Jesaja 1:14-16 (DB)

Opgesom, ons moet selfondersoek doen oor ons hart en ook ons gebede. Vra jouself die vraag met watse motief jy tot God bid? As dit is omdat jy soveel liefde in jou hart vir Hom het, is jou motief reg en sal jy van die Here hoor, maar as jou motief is om dinge in die gees te verander met die oog op die self, is jy op 'n verkeerde pad. Dink 'n bietjie eerlik aan jou gebede - is dit gebede of is dit 'n gesprek met God? Dit voel so vir my gebede is net 'n gesmeek - die mens rig net heeltyd versoeke aan God, die een na die ander... dit is mos nie 'n gesprek met God nie? Dan probeer ons God misbruik. Ons moet daarop let om nie te bid met die doel om versoeke aan God te rig nie, want Hy is nie hier om ons bevele uit te voer nie, Hy het ons nie geskep sodat ons Hom kan hied en gebied soos ons voel nie. Ons is geskep om Hom lief te hê en Hom te gehoorsaam.

Lewensboeke

“U oë het my ongevormde klomp gesien; en in U boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.”

Psalm 139:16 (AFR33/53)

In vandag se tyd is mense so vinnig om God die blaam te gee vir alles wat in die wêreld en in hulle lewens skeefloop, maar is dit regverdig om God die skuld te gee? Om vinger na God te wys? Is dit regtig God wat vir jou en my die sleg beplan het? God sê tog deur die mond van Jeremia dat Hy vir ons 'n toekoms van voorspoed beplan, Hy beplan vir ons die mooi en niks slegs nie. Maar dan moet ons ook na Hom toe draai; ons kan nie aanleef in ons sonde en dink dit sal goedgaan met ons nie, want as ons leef in die duistere toestand en onself oorgee aan versoekings en sonde, gaan God ons oorgee aan ons sondige natuur en gaan ons in ons eie vervloekte omgewing woon wat ons deur ons eie sondige lewenswyse skep...

Onder gebed stap ek af in 'n lang wit gang met deure aan weerskante. Ek kom te staan voor 'n massiewe groot, donker houtdeur en sien 'n naambordjie op die deur. Ek probeer fokus om te sien wie se naam op die deur staan en sien toe dit is my naam. Ek draai die groot, goue, ronde deurknop oop en soos die deur stadig oopgaan, stap ek na binne. Ek bevind my in 'n baie klein vierkantige kamertjie met rakke teen elke muur van bo na onder. Twee van die vier mure se rakke is van bo na onder gevul met boeke. As gevolg van my liefde vir boeke is ek nuuskierig om te weet watter boeke dit is en ek begin hier en daar 'n boek uit 'n rak uithaal en deurblaai. Aan die rugkant, sowel as voorop, staan 'n datum op elke boek wat die begin- en eindtyd van die boek aandui; die een boek volg op die volgende boek. Soos ek deur die boeke blaai, lees ek hier en daar 'n sinnetjie of 'n paragraaf en kom ek tot die skokkende besef dat my lewe in hierdie boeke opgeteken is - al my doen en late. Die boeke strek vanaf die begin van my lewe op aarde en soos my lewe aangestap het, is die boeke mooi netjies langsmekaar ingepak op die rakke. Wat my opval van die boeke, is die verskillende kleurskakerings: Die begin van my lewe se boeke begin met mooi ligte kleur skakerings, maar soos die tyd aanstap, verander dit na meer uitspattiger kleure. Hier en daar is 'n skokkende, swart boek... dan 'n hele paar swaar, grys kleurige boeke, maar later word die boeke mooi silwer en goue kleure....

Abba Vader begin aan my verduidelik dat elke tree van my lewe opgeteken is in hierdie boeke. Die mooi sagte kleur boeke dui die tyd aan toe ek nog 'n klein, onskuldige dogtertjie was. Soos die tyd aangestap het, het ek my eie wil begin ontwikkel en daardie willetjie het my boeke begin inkleur met meer uitspattige kleure. Ek het self besluit dat ek nie meer die onskuldige dogtertjie wou wees met sagte kleur boeke nie, so ek het self besluit om te verander in wie ek graag wou wees. Die helder oranje-pienk boeke verander sommer oombliklik in swaar gryskleurige boeke en my moed wil-wil in my skoene sak. Ek vermoed dit moes my tienerjare gewees het... en toe ek kyk na die datums op die boeke, was ek reg. Aan

die begin van daardie jaar is my broer weermag toe, vyf maande daarna is my pa skielik op 'n baie vroeë ouderdom oorlede aan 'n hartaanval. Dit het gevoel my wêreld stort ineen en ek was hartseer en alleen. Ek was nog 'n kind wat nie die Here geken het nie; ek het effe rebels geraak, ek het mense seergemaak en al daardie goed is opgeskryf in hierdie lelike kleur boeke. Ek voel so bitter sleg oor al daardie boeke, oor daardie tyd van my lewe, ek wil nie eers daaraan vat nie, wat nog te sê lees...

Na die spul lelike grys kleur boeke op die rak, begin die boeke stadig maar seker weer 'n mooi kleur kry soos die tyd aangestap het. Die kleure begin weer ophelder en toe ek let op die datums van die boeke, is dit die tyd wat ek my man ontmoet het, 'n tyd wat ek mensliefde ontdek het. Die mooi helder boeke volg op mekaar soos ons drie seuns geskenk is van God. 'n Mooi boek wat 'n meer goue skakering wil-wil kry, volg, en ek weet instinktief dit is die jaar wat ek God begin soek het, die tyd toe ek my hart oorgegee het, 'n wonderlike tyd wat ek liefde in God ontdek het. Maar dan volg daar nie nog goue skakering boeke nie, maar eerder 'n ry vol swaar, donker, swart boeke, somer verskillende skakerings van swart. Toe ek dit sien, weet ek onmiddellik watse tydperk dit aandui en het ek snikkend neergesak op my knieë. Dit is nog te seer om daardie boeke te sien, soveel haat en woede wat in daardie boeke opgeteken is. Hoe ironies is dit ... net toe ek die Here in my lewe begin soek en my hart begin oorhandig het aan Hom, is dit asof ons 'n wolweden ingestap het. Die wolwe het ons omring en ons as gesin uitmekaar probeer skeur. Ek sou kon moor in daardie tyd... Dit was moeilike paar jare wat daarna gevolg het, maar uiteindelik begin die swart boeke weer omsit in mooi, silwer boeke wat later selfs begin blink het. Hier en daar is ook 'n goue boek... Dit is toe ek God in my seer gevind het!

'n Paar maande nadat Abba Vader my geskrewe lewensboeke aan my gewys het, vat Hy my op 'n dag weer na die kamertjie met my lewensboeke, maar hierdie keer is daar 'n klein ronde tafeltjie in

die middel van die kamer met 'n baie groot, dik boek op die tafeltjie wat nie die vorige keer in die kamer was nie (of ek het dit nie gesien nie). Dit lyk asof die boek in 'n leeromhulsel is, maar tog blink dit en die blaaie skyn goud en silwer. Ek stap nader na die boek en wil-wil dit optel, maar dit lyk te swaar om op te tel. Dan sien ek my naam voorop die boek gegraveer - nie my wêreldse naam nie, maar die naam wat Abba Vader my noem. Ek is so verbaas om hierdie boek te sien, want dit lyk so anders as die boeke teen die muur - dis baie groter en blinker. Stadig maak ek die boek oop en op die eerste blaaie staan:

*“Before I formed you in the womb, I knew you.
Before you were born, I set you apart for my holy purpose.”*

Jeremiah 1:5 (GWT)

My mong hang oop van verbasing en die trane rol van my wange af toe ek die boek begin deurblaai - volgens die Skrif is hierdie boek oor my lewe deur God geskryf lank voor my geboorte. Dus, nog voor ons geboorte beplan God al ons lewe vir ons vooruit...

“U oë het my ongevormde klomp gesien; en in U boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.”

Psalms 139:16 (AFR33/53)

Lank voor ek en jy die Here gesoek het, het Hy alreeds vooruit bepaal wat ons doel op aarde sal wees. God het alreeds besluit wat elke kind van Hom vir Hom sal doen op aarde. Lank vooruit het God al beplan watter Goddelike gawes Hy aan elkeen sal skenk wanneer die tyd reg is sodat ons Sy werk op aarde kan doen tot Sy

eer. Soos ek die boek deurblaai, sien ek oral Skrif opgeteken wat op my lewe van toepassing is. Alles wat God vooruit beplan het vir jou en my, is opgeskryf in Sy boek oor ons lewens.

Soos ek die boek deurblaai, begin ek agterkom dat baie van die goed wat in my lewe gebeur het, opgeteken is in hierdie boek, maar baie van die slegte goed wat in my lewe gebeur het, is nie hierin opgeteken nie. Baie van die mense wat deel uitmaak van my lewe, se name word genoem in God se boek, maar dan is daar mense wat my erge leed aangedoen het wie se name glad nie in hierdie boek staan nie. Ek verstaan dit nie... Hoekom is al die slegte gebeure van my lewe opgeteken in die boeke wat ingepak is op die rakke, maar al daardie slegte goed is nie in God se boek opgeteken nie? Hoekom is die mense wat my erge leed aangedoen het, se name in my boeke op die rakke opgeteken, maar nie in God se boek nie? En Abba Vader antwoord my:

“Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ’n hoopvolle toekoms te gee.”

Jeremia 29:11 (AfR33/53)

Dan verduidelik Abba Vader aan my: Toe God ons lewensboeke geskryf het, het Hy nooit vooraf beplan dat daar slegte of bouse goed in ons lewens moet gebeur nie. Alleenlik dit wat Hy vir ons beplan het, is in hierdie boek opgeskryf. Elke klip op ons pad is ook in God se boek oor ons lewe opgeskryf en hier moet ons nou kophou en verstaan... God bedoel nie om ons leed aan te doen met dit wat Hy in ons lewens ingeskryf het nie. Hy plaas beproewings op ons pad om ons te leer, om ons te dissiplineer, om ons te help om die vuil klere uit te trek en die mens te word wat God vooruit bepaal het ons moet wees. Alles wat God vir ons lewe bepaal het, is vir ons eie beswil. Wanneer ons by probleme in ons lewens te staan

kom, ervaar ons dit baie keer as slegte omstandighede en kan ons nie verstaan hoekom sulke goed in ons lewe moet gebeur nie, maar as ons deur die krag van God die klippe oorkom en ons kyk later terug op ons lewe, is ons dankbaar vir elke klip wat God op ons pad geplaas het, want dan kan ons verstaan hoekom God dit vir ons beplan het en kan ons Hom loof en prys daarvoor.

Daar is slegte goed wat in my lewe gebeur het wat nie opgeskryf is in die boek van God nie... Baie dinge het in my lewe skeefgeloop omdat ek my eie wil gevolg het en daardie slegte goed is nie opgeskryf in die boek van God nie, dus het Hy dit nie vir my beplan nie, maar ek het dit self veroorsaak deur my eie swak besluite en sonde, daarom moes ek die gevolge daarvan dra. Dan wys Abba Vader my daarop dat daar mense is wat my erge leed aangedoen het, maar hulle name is ook nie opgeskryf in God se boek oor my lewe nie, met ander woorde, God het nie daardie mense op my pad geplaas nie; dit was nie deel van God se plan dat ek met daardie mense deurmekaar moes raak nie, dit was weereens deur my eie swak keuses en besluite.

Ons lewens was al lankal deur God opgeskryf in Sy boek, maar as ons nie verhouding met Abba Vader het nie, ken ons Hom nie en word ons nie gelei deur Hom nie, dus leef ons nie die lewe wat Hy oor ons geskryf het nie. Ons werk so verkeerd, so dom! Ons wil ons eie besluite neem sonder om God te raadpleeg en as ons klaar besluite het, vra ons Hom nogal om ons besluit te seën! Ons probeer God en Sy seën in ons eie geskrewe boeke inskryf, maar dit werk nie so nie! Al die keuses wat ons in die lewe moet maak, moet ons in die hand van God plaas en Hom toelaat om die besluit vir ons te neem. Ons moenie God in ons lewens probeer inskryf nie; ons moet ons lewens in Sy hande plaas en dit begin leef wat Hy oor ons geskryf het!

Die verskillende kleur boeke op die rakke teen die muur, is boeke oor hoe ek my eie lewensstorie probeer skryf het - sonder God! Die meeste daarvan het ek geskryf sonder om God te

raadpleeg, dus het ek my eie wil gevolg en keuses op my eie gemaak sonder God. Ek was nie op die pad van God nie! Soveel van die slegte gebeure wat ek oor myself gebring het, het die Here nie oor my gedroom nie. Dis as gevolg van ons eie wil dat daar soveel seer opgeteken is in ons eie geskrewe boeke...

Baie keer skep ons ons eie slegte omstandighede waarin ons moet leef. Ons maak keuses om die self te bevoordeel sonder om God te raadpleeg. Kom ons kyk net weer na Adam en Eva en leer by hulle: Toe hulle gevoed het op die verbode boom, het hulle nie die wil van God gehoorsaam nie, maar hulle eie wil. Hulle ongehoorsaamheid het vervloeking oor die natuur gebring en God het hulle uit die tuin uit weggestuur om te gaan woon in die vervloekte wêreld wat deur hulle eie toedoen vervloek is. Elke keer wanneer ons optree en keuses maak om die eie wil te gehoorsaam pleks van die wil van God, veroorsaak ons vervloeking oor ons eie omgewing waarin ons dan moet oorleef. Die mens bepaal in 'n groot mate sy eie toekoms en sy eie ondergang deur sonde en ongehoorsaamheid, deur nie die wil van God te soek en te volg nie, maar wanneer ons leef volgens dit wat God vir ons bepaal het en ons dus die wil van God gehoorsaam, sal God vooruit beweeg en die toekoms vir ons uitsorteer.

Mag ek en jy die potlood of pen van ons eie lewe neersit; ons lewens oorgee in die hand van God en Hom toelaat om ons te lei om die lewe te leef wat Hy vir ons vooruit bepaal het. Ons dien 'n wonderlike God! Hy is werd om geloof, geprys en geëer te word. Mag ons God liefhê met ons hele hart, ons hele siel en ons hele verstand.

"God rewrote the text of my life when I opened the book of my heart to His eyes." Psalm 18:24 (MSG)

“Covering” van God in tye van storms

“Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was, en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die Here berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart. En die Here sê: ‘Ek sal die mens wat Ek geskep het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het.’ Maar Noag het genade gevind in die oë van die Here.”

Genesis 6:5-8 (AFR33/53)

God was so teleurgesteld met die mensdom dat Hy besluit het om hulle weg te vee van die aarde af, maar Noag het guns gevind in die oë van die Here. God het aan Noag ’n opdrag gegee om ’n

veilige skuiling te bou wat hom, sy geliefdes asook die diere sou beskerm teen die toorn wat God oor die mensdom wou uitstort. Noag was gehoorsaam en het die ark gebou ten spyte van al die gespot van die mense. Net soos in die tyd van Noag, is dit in vandag se tyd: Die ongehoorsaamheid van die mensdom veroorsaak vervloeking oor die aarde wat lei na natuurrampe, maar God sal ook vandag aan Sy kinders (wat guns gevind het in Sy oë) 'n skuiling bied teen die gevare van die wêreld. Hierdie skuiling is die "covering" van God. Dit is nie iets wat die mens sommer net kry nie, dit is iets wat gebou moet word net soos Noag die ark gebou het. Net soos Noag dag na dag die ark moes bou terwyl mense hom uitgejou het, moet ons dag na dag bou aan ons verhouding met God, want dit is ons verhouding met God wat aan ons die "covering" van God bied. Psalm 91 sê:

“Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.”

Psalm 91:1 (AFR33/53)

Let mooi op, voordat God praat van beskerming, sê Hy:

“DIE PERSOON WAT IN DIE SKUILPLEK VAN DIE ALLERHOOGSTE SIT...”

Die Engelse vertaling sê dit vir my so mooi:

“He that dwelleth in the secret place of the most High shall abide under the shadow of the Almighty.”

Psalm 91:1 (KJV)

Met ander woorde, dit is nie die mens wat homself 'n Christen noem wat Goddelike beskerming kry nie; dit is die persoon wat in die teenwoordigheid van Abba Vader sit, wat verhouding met Abba Vader het, wat Goddelike beskerming kry. Dit is nie die vals bekeerdes nie, maar die mense wat Hom uit 'n opregte hart soek, wat Jesus volg vir die regte redes en nie om die self te bevoordeel nie.

Wanneer ons gewortel is in die hart van Abba Vader en ons ontvang die Lewe van God, neem Jesus ons harte en lewens oor en leef Hy in en deur ons. Dan eers het ons die "covering" van God. Jesus is ook die Lig, en wanneer Hy in en deur ons leef, skyn die Lig van God geestelik uit ons wese en bedek dit ons vir die vyand en sy werke. Hierdie "covering" wat God aan ons bied wanneer ons in die regte verhouding met Hom staan, is Sy Goddelike beskerming teen die storms van die wêreld, maar veral beskerming teen die bose en al die planne wat Satan teen ons smee. Wanneer ons nie in die regte verhouding met God staan nie, het ons Jesus nie in ons hart nie en het ons geen "covering" nie. Ons het dan absoluut geen Goddelike beskerming teen die storms en die bose se werke nie; as ons funksioneer in die duistere toestand van die wêreld, bevind ons onself nie onder die "covering" van God nie.

Daar is baie mense wat funksioneer in die duistere toestand, wat leef vir die wêreld en al sy genietinge, maar wat vir beskerming Psalm 91 aanhaal en glo hulle word beskerm... dit is misbruik van die Woord van God. Daar is ook baie vals leringe wat mense leer om hulle huise te salf en daarmee saam Psalm 91 hardop uit te spreek. Hulle glo Satan en sy werkers sal vlug as hulle dit doen, maar Satan vlug alleenlik wanneer 'n mens die "covering" van God het - dit is die Lig van God wat straal uit ons harte. As ons Satan en sy werkers alleenlik met salwing en Woord uit ons huise wil wegjaag, flous ons net onself, want hy vlug alleenlik waar God teenwoordig is. As ons in die regte verhouding met God leef, is daar geen fout daarmee om ons huise te salf nie, maar die misbruik

sluip in wanneer 'n mens kies om in die duistere toestand te leef en alleenlik uit vrees vir die bose of vir ongeluk of wat ookal, die Woord aan te haal en te spreek. Ons kan nie albei hê nie! Ons kan nie Goddelike beskerming hê, maar ons aan die kant van die wêreld skaar nie. Daar is 'n keuse om te maak: of ons is, soos Noag, besig om aan die ark van die verbond te bou, of ons is besig om die Noags van vandag uit te jou. Die "covering" is dus nie iets wat ons outomaties ontvang omdat Jesus vir ons gesterf het nie, maar die "covering" van God is iets waaraan ons ook moet werk, net soos Noag aan die ark moes werk. Noag moes opofferings maak en hy was gespot deur die wêreld, maar nogsteeds het hy geluister na die stem van God en die ark gebou. Net so moet ons opofferings maak en hard werk aan ons verhouding met Abba Vader. Hoe kan daar 'n verhouding wees as ons geen tyd met Hom spandeer nie? Dit vat baie van 'n mens om eerder tyd te spandeer in die Woord van God as om iets lekkers te gaan doen, byvoorbeeld, om saam met vriende te gaan kuier of om iets op die televisie te kyk, maar ons moet onthou dat al hierdie opofferings wat ons maak om 'n verhouding met Jesus te bou, ons "covering" vorm. Nou moet ons weer versigtig wees om nie opofferings te maak net om Goddelike beskerming te kry nie, want God deursoek daaglik elkeen se hart en Hy ken die motief van die hart.

Nog 'n man van die Woord wat hierdie "covering" van God gehad het, was Job. Hy was 'n Godvresende man; hy was vroom en opreg en het altyd afgewyk van die kwaad. Satan het aan God gesê dat Job Hom gehoorsaam net omdat hy die seën van God wil ontvang. God het geweet dit is nie waar nie; Hy het geweet Job is uit sy hart opreg lief vir Hom en dat hy nie God misbruik vir seëninge nie. Nogsteeds het God Satan toegelaat om Job se liefde en opregtheid teenoor Hom te toets. Job het die toets deurstaan deur selfs in die moeilikste tye God nie te blameer en sy rug op God te draai nie. Net so kan ons ook getoets word deur die storms van die lewe...

“Partymaal beland mense in groot gevaar op die see. Hulle klim in klein skepies om handel te gaan dryf. Hulle sien dan wat die Here doen. Hulle beseft watter wonderlike dinge Hy ver van die land aflaai gebeur. Daar in die diepsee sê Hy net een woord, dan kom daar ’n groot storm op. Die water slaan meters hoog bokant hulle ou skepies. Eers skiet die golwe die ou skepies hoog in die lug in op. Hulle vlieg byna tot by die wolke. Dan laat val Hy hulle tot op die bodem van die see. Die mense word baie bang. Hulle word seesiek. Soos dronk mense word hulle heen en weer geslinger. Hulle kan nie eens dink wat om te doen nie. Almal is deurmekaar. Hulle is baie bang. In hulle nood het hulle die Here gevra om te help. Hy het hulle uit daardie moeilikheid gehelp. Hy het die storm stilgemaak. ’n Mens kan die klank van stilte hoor. Al die hoë golwe het gaan lê.”

Psalm 107:23-29 (DB)

Wie skep storms en wie maak storms stil?

Dit is duidelik in Psalm 107:23-29 dat God die natuur beheer. As jy Psalm 104 lees, sal jy ook sien dat wanneer God die natuur aanspreek, die natuur altyd die stem van God gehoorsaam. Dit is meer as wat God van die mens kan sê! God het die mens met ’n eie wil gemaak, maar aan die natuur het God nie ’n eie wil gegee nie en daarom is die natuur so gehoorsaam aan God. Die mens se eie wil is seker die gevaarlikste ding waarmee God hom toevertrou het, want dis die eie wil van die mens wat hom laat rebelleer teen God. Om die wil van God te gehoorsaam, moet ons eers ons eie wil afsterf. Ons moet word soos die natuur (sonder ’n eie wil) voordat ons God kan gehoorsaam.

Die wêreld word aanhoudend getref met storms as gevolg van die ongehoorsaamheid van die mensdom, maar dan is daar ook storms in elkeen van ons se lewens waarmee God ons harte toets net soos Hy Job getoets het. Elke persoon maak die keuse of hy in die ark van die verbond van God skuiling gaan vind teen die storms van die lewe, en of hy buite die ark gaan probeer oorleef. Die mens maak dus die keuse of hy die storms en die stormwaters sonder God gaan probeer aandurf, en of Hy God gaan gehoorsaam en bou aan sy "covering" wat hom Goddelike beskerming sal gee soos die ark wat aan Noag beskerming gebied het.

Die waters van die wêreld is 'n lelike plek waar die een belangriker as die volgende een probeer wees en niemand mekaar iets gun nie. Elkeen bou sy eie oorlewingsbootjie sonder Jesus en roei en stoei in 'n poging om bo te bly. Die toestand binne ons hart is 'n refleksie van waar ons onself bevind - is ons in die ark van die verbond saam met Jesus waar ons rus en vrede vind vir ons siel en gees, of is ons gedompel in rowwe waters waar ons ons eie oorlewingsbootjie aanmekaar slaan in 'n poging om te oorleef? As dit stormagtig binne jou voel, is dit een van twee dinge:

Lees asseblief Markus 4:35-41... Wanneer die storm om ons losbars, raak ons so intens gefokus op die sterk wind en die hoë golwe dat ang en vrees ons maklik oorweldig. Wanneer dit gebeur, neem die ang beheer oor ons en dan kan ons nie vir Jesus sien, beleef of voel in die midde van die storm nie. Dit voel asof Jesus nie daar is om ons te help nie. Dit voel asof ons alleen gelaat is om hierdie verskriklike storm te oorkom. Sommige mense blameer vir God vir die storms in hulle lewens en bevraagteken dan die werke en weë van God. Wat die mens nie raaksien nie, is dat Jesus reg voor hom staan om hom te help, maar die mens is so gefokus op die storm dat hy glad nie vir Jesus kan sien of beleef nie. Dalk voel dit vir jou Jesus lê en slaap deur die storms van jou lewe; dat Hy nie bewus is waardeur jy gaan nie, maar Jesus sê:

“Het julle geen vertrouwe in My nie? Sê My, as julle REGTIG in My glo, waarvoor is julle dan so bang? Dink julle julle sal ooit kan ondergaan as Ek by julle is?”

Mattheus 8:26 (DB)

Solank as wat ons gewortel is in die hart van God en Jesus in en deur ons leef, het ons die “covering” van God. Die “covering” kan ons ook sien as die ark en wanneer ons in die veilige beskerming van die ark van die verbond is, hoef ons nie bekommerd te wees oor die storms van die lewe wat binne-in of rondom ons woed nie. Ons moet leer om te fokus op Jesus en nie op die storm nie. Niemand se lewe gaan sonder storms wees nie, ons moet net leer hoe om storms te hanteer. Haal af jou oë van die storm en vestig jou oog alleenlik op Jesus en Hy sal die storm stilmaak. Ons moet leer om ons omstandighede in God se hand te plaas en nie self die storm probeer stilmaak nie - dalk het God self die storm gestuur, so hoe kan ons teen die wil van God optree...

Ons mag onder geen omstandighede die storms in ons lewens aanspreek soos soveel dwaalleringe die mens leer nie. Dit is 'n baie gevaarlike speletjie, want wanneer ons dit doen, probeer ons uit ons eie krag op die water loop. Ons probeer God wees! Ons gaan verseker sink en verdrink. As Jesus nie in en deur ons harte heers nie, maar ons probeer sake in die geestelike realm aanspreek, probeer ons God speel! Alleenlik God het mag oor die natuur, so wie is ons om die natuur en storms aan te spreek? Die mens word deur dwaalleringe geleer dat Jesus aan ons krag en outoriteit gegee het en dat ons alles kan doen wat Jesus gedoen het, maar vir die soveelste keer wil ek graag weer hierdie konsep verduidelik: Dit is nie dat God aan die mens mag en outoriteit oor Satan en sy werke GEE omdat Jesus gesterf het aan die kruis nie... Nee, Jesus het gesterf sodat Sy Gees vrygestel kon word. Hy moes sterf sodat Sy Gees in God se kinders se harte kan begin leef en wanneer die Gees

van God ons harte oorneem, is dit Jesus in en deur ons wat die outoriteit oor Satan en sy werke het - nie die mens nie! Die mens aanvaar te maklik dat hy die Gees van God in hom het, maar die mens wat nog nie gesterf het aan die self nie, die mens wat nie versoekings kan weerstaan nie, die mens wat nie 'n lewende verhouding met God het nie... hierdie mens het nie die Gees van God in sy hart nie en hy het absoluut geen mag en outoriteit oor Satan, omstandighede of die natuur nie. Hy het geen "covering" of beskerming teen die bose nie. Ons moet streef na 'n hartsverandering sodat Jesus in ons harte kan leef. Dan sal ons Goddelike beskerming hê! Ons moet leer om nie op die storm te fokus nie, maar alleenlik op Jesus.

Dit gebeur ook dat sommige mense wegdwaal van die ark van God af - hulle voel dat die lewe nie opwindend genoeg is in die ark van God nie en daarom verlaat hulle die ark van God en gaan toets hulle die waters vir meer opwinding in die lewe. Wat gaan met hierdie mense gebeur wanneer die storm losbreek? Dan het hierdie mense absoluut geen beskerming nie en gaan hy hard veg om nie te verdrink terwyl die woeste golwe oor sy kop breek nie. Dalk het hulle die veilige hawe van die ark van God verlaat op soek na 'n ander ark of bootjie waar die genietinge van die wêreld, asook die beskerming van Jesus is, maar.... Jesus en wêreldse genot loop nie hand aan hand nie, daardie ark of bootjie sal nêrens te vinde wees nie.

“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele, want My juk is sag en My las is lig.”

Mattheus 11:28 (AFR33/53)

Nie een van ons gaan die storms van die lewe kan vryspring nie. Dit beteken nie dat wanneer daar 'n storm losbreek in jou hart of in jou lewe, God nie met jou is nie. Dit beteken ook nie altyd dat Satan nou skielik jou lewe beheer nie. God stuur storms na ieder en elkeen van ons om ons geloof in Hom te toets en ons te versterk, want die ware mens kom altyd te voorskyn in die storms van die lewe. Dan gooi die mens vinnig die beeld wat hy aan die wêreld wil voorhou eenkant, sy ware kleure kom uit en dan sal jy sy ware vrugte sien wat hy dra. Wanneer dit altyd net goedgaan in iemand se lewe, is dit maklik vir die persoon om mooi vrugte te dra deur 'n masker op te sit wat straal van vriendelikheid. Die probleem is dat hierdie straling nie altyd uit die hart uit kom nie, maar vanuit die stralende masker. Gaan hierdie persoon nogsteeds straal van liefde wanneer hy in moeilike omstandighede gedompel word? Of gaan hy angstig raak en omstandighede in eie hande probeer neem? Die vrugte van 'n boom word vinnig ontbloot wanneer die boom 'n bietjie geskud word en van die blare begin afval...

Die ding wat my die meeste bekommer, is die dag wat God weer genoeg gehad het van die vals mensdom en Sy toorn weer gaan losbars... Gaan ek en jy genoeg genade vind in die oë van God sodat Hy ons ook in 'n ark sal plaas? Is ons verhouding met Abba Vader van so 'n aard dat ons onder Sy "covering" van beskerming kan skuil? Of pleit jy die bloed van Jesus as beskerming en "covering" in 'n duistere boksie in die duistere wêreld...

"He that dwelleth in the secret place of the most High shall abide under the shadow of the Almighty." Psalm 91:1 (KJV)

Wonderbaarlike Broodbakker

“In a well-furnished kitchen there are not only crystal goblets and silver platters, but waste cans and compost buckets - some containers used to serve fine meals, others to take out the garbage. Become the kind of container God can use to present any and every kind of gift to His guests for their blessing.”

2 Timothy 2:20-21 (MSG)

God het nog voor ons geboorte 'n plan met elkeen van ons se lewens gehad en Hy het toe alreeds bepaal wat Hy deur elkeen van Sy kinders gaan doen op aarde. Hy wil Sy werk tot uitvoer bring deur ons, maar God werk net deur skoon “vessels”, deur skoon en bruikbare instrument wat Sy Lig kan reflekteer. God gebruik nie 'n mens wie se hart nog vol onkruid is en vrot vrugte aan die wêreld

kan uitdeel nie. God sal alleenlik werk deur 'n mens wat die vleeslikheid afgesterf het, wat waarlik bereid is om die pad van God te stap, maak nie saak hoe swaar dit soms is nie; 'n mens wat waarlik bereid is om sy hele lewe in die hand van God te plaas en sy hart te offer aan God. Om 'n bruikbare instrument in die hand van God te wees, moet ons harte eers deur God gesuiwer word van binne af.

“God hasn’t invited us into a disorderly, unkempt life but into something holy and beautiful - as beautiful on the inside as the outside.”

1 Thessalonians 4:7 (The Message)

Die rede hoekom ons hart en hande eers skoon moet wees, is omdat God Brood in ons hande wil plaas wat Hy deur my en jou wil uitdeel aan die wêreld...

"And the Lord replied, "A faithful, sensible servant is one to whom the master can give the responsibility of managing his other household servants and FEEDING them. If the master returns and finds that the servant has done a good job, there will be a reward. I tell you the truth, the master will put that servant in charge of all he owns."

Luke 12:42-44 (NLT)

Net soos Jesus brood geneem en aan sy dissipels gegee het om uit te deel aan die honger mense, wil God vir my en jou ook Brood gee om uit te deel, maar God moet ons eers kan vertrou om die Boodskap so suiwer as moontlik uit te deel, met ander woorde,

sonder enige suurdeeg. Daarom sal Abba Vader ons eers in diens stel wanneer Hy weet dat Hy ons kan vertrou. Die Skrif wat Abba Vader saam met hierdie lering gegee het, is 1 Korintiërs 4.

“So moet ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God. En verder word van die bedienaars vereis dat hulle getrou bevind moet word.”

1 Korinthiërs 4:1,2 (AFR33/53)

God ken ons harte beter as wat ons dit self ken en Hy weet wie betroubaar is en wie nie. Niemand kan homself aanstel as 'n leraar, apostel, profeet of watter werker van die Here ookal nie; geen wêreldse institusie kan die mens oplei om die werk van God te doen nie, want die mens kan alleenlik die werk van God doen wanneer Jesus in en deur hom leef en daar is nie een instelling of institusie wat Jesus kan laat lewe binne die mens nie. Alleenlik Abba Vader kan die mens oprig vir die werk wat Hy lank reeds beplan het, want alleenlik Hy weet wat ons Goddelike roeping is. Die mens kan nie self besluit wat sy Goddelike roeping en geestelike gawes is nie - dit kom alleenlik van God. Die mens sal eers beseef wat Sy Goddelike roeping en gawes is wanneer hy in 'n lewende verhouding met Abba Vader staan. Met ander woorde, dit is alleenlik moontlik vir die mens om sy Goddelike doel te kan bereik wanneer hy in 'n intieme verhouding met Abba Vader staan, want dan sal Vader hom omvorm na Sy wil.

“Before I shaped you in the womb, I knew all about you. Before you saw the light of day, I had holy plans for you...”

Jeremiah 1:5 (MSG)

Daar is nie een mens wat homself kan suiwer en heilig nie. Ons kan nie die heiligmakingsproses op ons eie ondergaan en besluit ons is reg en gereed vir die werk van God nie. Baie doen dit, maar is dit nie dalk die rede waarom ons mensdom so besoedeld is met dwaalleringe nie? Die grootste gros mense oor die wêreld is “contaminated” - hulle is geestelik siek en hulle deel weer hierdie kieme uit aan die res van die wêreld. Die mens moet seker maak hy is volwasse in die geloof en nuutgemaak deur Abba Vader voordat hy hierdie groot Goddelike taak aanpak, want die mens gaan vir elke woord wat hy versprei, verantwoordelik gehou word. Die mens moet seker maak hy versprei die Waarheid en dat hy nie ’n woord uitlos of aanlas nie.

“Concentrate on doing your best for God, work you won’t be ashamed of, laying out the truth plain and simple. Stay clear of pious talk that is only talk. Words are not mere words, you know. If they’re not backed by a godly life, they accumulate as poison in the soul.”

2 Timothy 2:15 (MSG)

Dit is so belangrik dat enigiemand wat beweer om deur God gebruik te word, eers in afsondering by die voete van Abba Vader baie tyd moes spandeer sodat Abba Vader hom kon reinig van suurdeeg. Die mens wat nie gereinig is van suurdeeg nie, gaan die Boodskap of die Brood uitdeel om homself te pas. Die Boodskap sê in 1 Tessalonisense 2:3 dat God die mense uitsoek vir Sy roeping en dat Hy dan die evangelie in hulle hande plaas, maar let wel, God plaas dit alleenlik in die mens wie se hande skoon is; die mens wat die pad van beproewing saam met Jesus gestap en die toets deurstaan het. God is nie naardat Hy ons toets nie, maar Hy moet die motief van ons hart toets sodat ons nie met bymotiewe Brood uitdeel nie. The Message sê dit so:

“God tested us thoroughly to make sure we were qualified to be trusted with this Message. Be assured that when we speak to you we’re not after crowd approval - only God approval. Since we’ve been put through that battery of tests, you’re guaranteed that both we and the Message are free of error, mixed motives, or hidden agendas.”

1 Thessalonians 2:3 (MSG)

Net soos God die Pottebakker is wat die klei kan vorm en maak soos Hy wil, net so is God ook die Broodbakker. Hy het die Brood van die Lewe, wat ook die Woord is, gevorm en geskep vir ons om op te voed sodat ons kan besef ons het nie die brood van die wêreld nodig om op te voed nie, maar alleenlik die Brood van die Lewe! Dit waarop ons voed, is dit waarmee ons een word. As ons voed op die suurdeegbrood van die wêreld, gaan ons een word met die gifbrode van die wêreld en dit uitdeel aan die wêreld, maar as ons voed op die Brood van die Lewe, word ons een met God en deel ons die ware Brood uit. Voordat ons kan Brood uitdeel, moet God eers ons harte omvorm in brood sonder suurdeeg. Dit gebeur wanneer ons in afsondering by die voete van Abba Vader sit, nadat ons die keuse gemaak het om ons lewe en hart ten volle in Sy hande te plaas.

Wanneer ons in afsondering inbeweeg en ons leer om te voed op die Woord van God, offer ons op ’n sekere stadium ons hart aan God wat dan ’n bol deeg in Sy hande raak. Ons word soos klei in die hand van ons Vader...

“U is tog ons Vader, Here. Ons is die klei waaraan U ’n vorm gegee het. U hande het ons almal gemaak.” Jesaja 64:8 (DB)

Sommige mense se harte is soos baie stywe deeg; ander se tekstuur is weer te slap, maar soos Abba Vader ons hart in Sy groot, sterk hande begin werk en knie, kan Hy aan die tekstuur van die deeg voel wat ons kortkom. Dit wat ons kortkom, voeg Hy as ekstra bestanddele by, waarvan die grootste bestanddeel sekerlik liefde is. God neem elke bol deeg afsonderlik in Sy wonderbare hande, Hy knie en stoei met die bol deeg om die tekstuur van ons hart na Sy wil te omvorm. Soos Hy ons harte knie en sekere bestanddele byvoeg, sing Hy 'n lied oor elkeen en die woorde wat Hy sing, word geabsorbeer deur die bol deeg. Abba Vader het 'n spesiale lied en spesiale Woord vir elke bol deeg, want net Hy weet wat elke bol deeg kortkom en benodig. God gebruik geen suurdeeg nie; Hy gebruik alleenlik Sy Woord wat ons laat rys wanneer Hy ons in Sy oond plaas. Ons rys dus deur die krag en die Woord van God en nie deur suurdeeg nie. Hierdie Woord wat God in ons hart inspreek, is die Manna wat Hy aan elkeen wil bied, maar die mens kan dit alleenlik ontvang in afsondering met sy hart in die hand van Abba Vader. Abba Vader is so gelukkig met elkeen wat sy hart in Sy hand plaas; Hy juig oor elkeen wat die leeuemoed het om dit te doen en die Skrif wat Abba Vader saam met hierdie prentjie gegee het, is Sefanja 3:17

“Die Here jou God is by jou. ’n Held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydschap; Hy swyg in Sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel.”

Sefanja 3:17 (AFR33/53)

Daarna neem God elke bol deeg en plaas dit in Sy Lig. As daar nog suurdeeg teenwoordig is in ons harte, sal die bol deeg vinnig rys in die hitte van God se Lig (dit is die suurdeeg wat dit vinnig laat rys). Soos God se Lig op ons harte val, gee Hy aan ons 'n bewustheid van die suurdeeg in ons harte sodat ons die suurdeeg

kan raaksien, dit aan Hom kan bely en dit verwerp. Dan leer Abba Vader ons die Waarheid in die plek van die suurdeeg; die Waarheid vervang dan die suurdeeg en die Waarheid maak ons vry. Die Lig van God wys ook aan ons waar ons gehoorsaam is aan ons eie wil en wanneer ons dit besef en dit ook bely aan God, maak God ons sterk en gewillig om ons eie wil te verwerp en alleenlik die wil van God te gehoorsaam. Op hierdie manier knie God die gerysde bol deeg weer af, want dit is nie Sy wil dat ons rys deur suurdeeg en ons eie wil nie.

Hierdie knieproses in ons lewens is nie altyd so lekker en maklik nie, maar tog is dit baie bevrydend. God maak ons regtig bewus van selfs die kleinste sondetjie in ons lewe; goed wat die mensdom as vanselfsprekend aanvaar, maar wat nie aanvaarbaar is in die oë van God nie, want Hy wil hê ons lewe moet regtig skoon wees. Hy maak ons bewus van hierdie onheilighede dat dit ons so pla dat ons nie waardig voel om in Sy teenwoordigheid te wees nie. Dit is hier waar God die struikelblokke in ons pad gebruik - goed wat vir ons soos 'n straf lyk, maar God bedoel dit goed om ons te leer soos 'n vader sy seun leer. God wil hê ons moet daardie onheilighede afsterf...

Soos God al ons verkeerdhede aan ons openbaar sodat ons dit kan bely en aflê, word die bol deeg in Sy hande al hoe meer die gewensste tekstuur. Dit is dus al die verkeerde goed in ons harte wat veroorsaak dat ons harte nie die regte tekstuur is nie, maar wanneer ons dit aan God bely, is Hy getrou en vergewe Hy ons daarvoor. Wanneer Hy ons afgeknie het tot 'n klein bolletjie deeg, spreek Hy weer Woord oor die deeg en sing Hy weer 'n lied oor die deeg waarna Hy die bol deeg weer in die Lig plaas. Die Woord wat God spreek wat in ons harte inval, verander ons na die mens wat God vooruit beplan het ons moet wees. Dit verander ons denke, ons persepsies en ons waardes. As God Woord oor ons harte spreek, kan ons nie weer die ou persoon wees wat ons was nie. Deur hierdie proses suiwer God ons van al die verkeerdhede in ons

lewe en die Woord wat Hy spreek oor ons lewens begin ons hart een maak met Hom. Hy bestee baie tyd en moeite aan ons voordat Hy die deeg in 'n voorafgekeuse vorm giet om gebak te word. Hy maak seker die deeg het nie meer suurdeeg in nie, en ook dat die bol deeg se wil oorgegee is aan Sy wil voordat Hy ons bak in Sy warm oond. God wil hierdie brood oopbreek en aan die wêreld bied, maar daarvoor moet dit uiters suiwer wees.

Deur hierdie lang en tydsame broodbakproses van God, maak God ons harte een met Hom en wanneer ons een met Hom raak, beteken dit ons raak ook een met die Brood van die Lewe. Wanneer ons een raak met die Brood van die Lewe, beteken dit God het ons hart omskep in 'n broodjie - God het ons dan omskep in bedienaars van die Woord van God wat Hy uitstuur om Brood te gaan uitdeel aan die wêreld, maar dis baie belangrik dat ons eers een moet wees met die Brood van die Lewe; wanneer ons op hierdie manier een raak met God, maak ons 'n deeltjie uit van die Liggaam van God. Kan julle sien voordat God ons toelaat om bedienaars van die Woord te wees, ons eers 'n broodjie moet wees wat gebak is deur die Woord en krag van God en nie deur suurdeeg nie? Hy vra dat elkeen van ons ons hart in Sy hande sal plaas waar Hy dit begin knie en sagmaak en waar Hy Woord in ons hart kan inspreek wat ons sal omvorm na Sy wil.

Nou is die vraag: Watse broodjie is ek en jy? Dit begin by die keuse wat die mens maak! Dit is die keuse van die mens waar hy sy wysheid vandaan gaan kry. Dit is die keuse van die mens of hy in afsondering gaan voed op die Brood van die Lewe of op suurdeegbrode; dit is die keuse van die mens of hy God gaan stel bo die dinge van die wêreld en dit is die keuse van die mens hoeveel tyd hy by die voete van God spandeer. Dit is 'n keuse van die mens om die pen in sy hand neer te sit waarmee hy sy eie lewensboeke skryf, daardie boeke toe te maak en alleenlik te fokus op dit wat God oor hom geskryf het, dit wat God oor die mens bepaal het. Dan eers sal ons ons ware roeping in Abba Vader kan

vind. Ons moet waak daarteen om ons eie Goddelike roeping te bepaal en neer te skryf en ons moet fokus daarop om God se roeping vir ons te vind, dit wat Hy al lankal in ons Lewensboek geskryf het.

Die hoeveelheid tyd wat die mens by die voete van God spandeer, is die hoeveelheid tyd wat die mens sy hart in God se hande plaas sodat God dit kan knie en Woord daarin kan spreek. Die tyd wat jy dus vir God gee, bepaal die tyd wat Hy beskikbaar het om jou hart te omvorm in 'n ongesuurde broodjie om deel te wees van die Liggaam van God...en om Brood te gaan bedien aan geestelike honger mense.

Maar in 'n groot huis is daar nie allcen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en erdewerk; en sommige tot eer, maar ander tot oncer. As iemand hom dus hiervan deeglik reinig, sal hy 'n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk. Maar vlug vir die begierlikhede van die jonkheid en jaag na geregtigheid, geloof, liefde, vrede, saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep. 2 Timotheus 2:20-22

Uitgewerpte seesterre & Liggaam van God

“Mag hulle harte vertroos word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en totale rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God die Vader en van Christus.”

Kollosense 2:2 (AFR33/53)

Vandat ons klein is, word ons geleer dat kerkgangers die Liggaam van God is. Ons word geleer dat die kerk die bruid van Jesus is, maar alles word so ‘n titseltjie verdraai en is ver verwyderd van die Waarheid. Soveel kerke is sinagoges van Satan en versprei dwaalleringe wat die blinde en dowe mensdom nog meer verblind en verdoof. Die gevolg is dat die grootste getal mense vandag nie onderskeid kan tref tussen die Waarheid en leuens nie. Die

Waarheid is dat God Sy Kerk oprig in die Gees, die Liggaam van God is nie die fisiese kerke nie...

Onder gebed beleef ek hoe stap ek op die strand. Ek sien Jesus wat ook op die strand stap en Hy tel iets op. Soos ek in Sy arms inhardloop, kan ek voel hoe vul Sy liefde my van kop tot tone. Ek kyk in Sy hande om te sien wat Hy optel, en al wat ek sien, is uitgedroogte seesterre... Seesterre wat uitgespoel en in die son gelê en uitdroog het - hulle is naby aan dood. Soos Jesus die uitgedroogte seesterre optel, druk Hy hulle een vir een teen Sy bors vas. Dit is asof hulle nuwe lewe kry en elke seester swel op van die liefde van Jesus. Ek kan sommer voel hoe swel my hart ook van die liefde van Jesus wanneer ek sien hoe elke seester van binne af opswel. Dan neem Jesus seester vir seester (wat gevul is met Sy Liefde) en hang hulle aan 'n lyntjie deurdat hy 'n lint deur elke seester ryg. Al die seesterre is nou aanmekaar vasgeweef deur Jesus. Dadelik gee Abba Vader vir my Kollosense 2 om te gaan lees. Kyk die wonderlike bevestiging:

*“For my concern is that their hearts may be braced as they are
KNIT TOGETHER IN LOVE....”*

Collosians 2:2 (AMPC)

*“I want you woven into a tapestry of love, in touch with
everything there is to know of God.”*

Collosians 2:2 (MSG)

Hierdie seesterre word deur die draad van Liefde aan mekaar vasgeweef! Ek was dadelik so opgewonde, want hierdie Skrif verduidelik presies wat Jesus besig is om met hierdie uitgespoelde seesterre te doen. Hy het hulle opgetel, waar hulle deur die see van

die wêreld uitgespoel en na aan die dood was... Hy het hulle weer lewendig gemaak met Sy liefde en toe het Hy hulle aanmekaar geweef deur Sy Liefde!

Die daaropvolgende paar dae verduidelik Abba Vader: Hierdie seesterre is God se kinders wat geleef het in die see van die wêreld. Hulle het die beginsels, reëls en wette van die wêreld gevolg wat hulle opgelê was vandat hulle verstand gekry het - hulle het daarmee grootgeword en dit aanvaar as deel van die lewe. Hulle was deur die golwe rondgeslinger van die een kant na die ander kant; hulle was verdwaal en het nie geweet watter slim leraar, boek of profeet om te glo nie, want daar is so klomp verskillendes en almal het 'n ander storie. Van êrens het die seesterre 'n roepstem gehoor wat hulle op die naam roep... Soos hulle die keuse gemaak het om die Woord te begin inneem, het die Lig van die Waarheid op hulle harte begin skyn sodat hulle die Waarheid van die leuen kon begin onderskei. Hulle het die Waarheid begin soek; hulle het begin beseef daar is "iets" groters en meer belangrik as die wêreld; hulle het hulle rug op die wêreld met al sy reëls en godsdienste begin draai en die Lig begin volg wat aan hulle rigting gegee het. Hulle wou nie meer deel hê aan die dinge van die wêreld nie; hulle wou nie meer dinge doen soos die natuurlike mens dit doen nie; hulle wou God se manier van doen begin volg. God het hulle geestelike oë oopgemaak en daarom kon hulle al die onregverdigede, leuens, vernedering, die afbreek en die lelik van die wêreld en sy mense begin raaksien en dit teëstaan. Later het hulle dit openlik begin teëstaan en daarom het die wêreldlinge hulle begin verwerp. Mense van die wêreld hou nie daarvan dat hulle duistere dade aan die lig gestel moet word nie; hulle weier om hulle eie foute raak te sien. Dit is intendeel vir hulle makliker om altyd vinger na ander te wys en om diegene wat wel die Waarheid begin raaksien, te verneder en te verwerp. Satan en die wêreld met al sy mensgemaakte kultuur, tradisies en reëls hou nie van mense wat nie volgens hulle pype wil dans nie en daarom word hierdie seesterre een vir een uitgewerp uit die samelewing...

Hierdie seesterre het die vaste besluit gemaak om nie langer te leef soos die res van die wêreld nie. Hulle het die keuse gemaak om hulle rug op die wêreld te draai en nie langer te voed op suurdeegbrood of heerlike vrot vrugte wat die wêreld aan die mens bied nie. Hulle word uitgespoel waar hulle dan vir 'n ruk in die son uitdroog. Gewoonlik is dit 'n pynlike proses, want dit is nie altyd lekker om verwerp te word nie. Soos die sterre in die son lê, begin die ou, menslike natuur binne die ster uitdroog en sterf. Hulle sterf in hulleself, maar het die geloof dat hulle gered sal word deur Jesus Christus. Wanneer hulle uitgedroog is, tel Jesus hulle op en druk hulle styf teen Sy bors vas. Hy vul hulle harte van voor af op met die regte liefde, die enigste liefde wat ons waarlik kan laat leef en hulle ontvang nuwe Lewe. Nooit weer sal hierdie sterre die water van die wêreld nodig hê nie; hulle kan nou lewe in uiterste droogtes en toestande, want hulle is gevul met Lewende Water, met God se liefde, wat ook Jesus se bloed is. God kan hulle nou begin gebruik tot eer van Sy Naam; Hy kan nou deur hulle begin werk, maar so lank as wat hulle vasgevang is in die wêreld, kan God nie deur hulle werk nie. Jesus begin al die seesterre vasbind aan mekaar en God rus hulle toe deur aan hulle geskenke van die Gees te skenk - God maak van sommiges apostels, ander profete, ander evangeliste, ander herders en ander leraars, en saam bou God hulle op in die Liggaam van God. Hulle harte is nou vertrous deurdadig hulle saamgevoeg is in die Liefde (Kollosense 2:2)

*“Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is,
Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met
hande gemaak nie.”*

Handelinge 17:24 (AFR33/53)

God woon in harte wat gesuiwer is deur Hom; Hy woon alleenlik daar waar Hy welkom is. Wanneer God Sy woning binne

'n mens gemaak het, raak die mens een met God, dan leer die mens wat 'n ware verhouding met God is en dan maak die mens deel uit van die Liggaam van God. Om deel te wees van die Liggaam van God, beteken om eerstens 'n baie hegte verhouding met God te hê. Ons word een met God en almal wat so 'n verhouding met God het, word saamgebind in die Liefde om die Liggaam van God te vorm. Die Liggaam van God bestaan dus uit verwerpte, uitgespoelde seesterre wat die keuse gemaak het om nie te leef soos die wêreld nie. Hulle het deur die krag van God losgebreek van al die tradisie, reëls en wette van die samelewing, waarna hulle verwerp is deur die samelewing. Wanneer hulle uitgedroog in die son lê, het hulle gesterf aan die self, dus het hulle nou plek gemaak in hulle harte vir Jesus Christus om hulle oor te neem en in hulle te leef. Hulle begin leef deur die liefde van Jesus en hulle streef daarna om in 'n lewende verhouding met God te staan en om alles wat hulle doen, te doen tot eer van Sy Naam. Seesterre offer baie dinge in die wêreld op om tyd te maak vir God in hulle lewens. As enigiemand regtig belangstel om in 'n lewende verhouding met God te staan, SAL dit gebeur, want God sê in Sy Woord as ons tot Hom nader, sal Hy tot ons nader... en God lieg nie. Maar as daar nog wêreldse dingetjies is wat jy verkies om te doen bo tyd saam met God, gaan jy sukkel om 'n lewende verhouding met God te bou. Daar is net sekere dinge in ons lewe wat ons eenkant toe moet skuif om tyd te maak vir God.

“Don’t love the world and what it offers. Those who love the world don’t have the Father’s love in them. Not everything that the world offers – physical gratification, greed, and extravagant lifestyles – comes from the Father. It comes from the world, and the world and its evil desires are passing away. But the person who does what God wants lives forever.

1 John 2:15 (GWT)

Hierdie verwerping en uitwerping is nie altyd lekker nie, want dit gaan gewoonlik gepaard met emosionele, fisiese of geestelike seer. God laat toe dat ons gelouter word omdat Hy ons graag van voor af wil omvorm in die persoon wat Hy nog voor ons geboorte bepaal het ons moet wees. Ons moet leeg raak van onself sodat ons gevul kan word met die liefde en lewe van Jesus. So lank as wat ons nog vol van onself is, is daar nie in ons hart plek vir God nie. Dan verstaan mens hoekom ons eers moet sterf aan die self. Ons moet ongelukkig afgebreek word. As ek dink aan my eie afbreekproses waardeur God my laat gaan het... In daardie tyd kon ek nie verstaan waar is die Here nie; ek het so verlate en so alleen gevoel, verwerp deur die samelewing, geskok oor alles wat ek begin raaksien het in mense. Ek was emosioneel uitgeput, opgefommel en uitgespuug deur die see van die lewe. Dit het regtig vir my gevoel dit sou beter wees om dood te wees, want daar was niks meer van my lewe oor nie. Ek het soveel verloor en ek was 'n nul in die oë van die wêreld. God het in die tyd my trots, hoogmoed, eie eer en aansien tot op die grond platgeslaan en hoe nodig was dit nie! Na 'n paar jaar het Abba Vader my 'n terugblik op my lewe gegee en toe besef ek met 'n skok dat ek in daardie tyd wat ek so ver van God gevoel het, eintlik in Jesus se arms was waar Hy my gedra het! Hy het my gedra soos 'n pa sy klein dogtertjie sal dra - opgekrul in 'n bondeltjie in Sy arms, snikkend oor wat die wêreld en sy mense 'n mens kan aandoen. Sonder dat ek dit op daardie tydstip besef het, het Jesus my vertroos en my styf vasgehou met my oor styf teen Sy hart sodat die ritmiese geklop van Sy hart my sou troos en sus. Vandag besef ek dit was in daardie moeilike tyd wat ek 'n uitgespoelde seester was wat Jesus my opgetel en teen Sy hart vasgedruk het. Jesus kyk elke dag uit vir verwerpte, uitgespoelde seesterre sodat Hy hulle kan optel en nuwe lewe kan gee.

'n Ruk nadat Abba Vader my geleer het oor die seesterre wat uitspoel, gee Hy my 'n beeld waar ek op 'n rots by die see sit en uitkyk oor die see. Ek kan Jesus styf langs my voel. Ons weet Jesus

is nie net op een plek op 'n slag soos die menslike brein werk nie; Hy kan met my en jou en soveel ander saam op een slag wees, en soos ek in die beeld om my rondkyk, sien ek soveel mense en elkeen stap hand aan hand met Jesus, elkeen in 'n diep gesprek met Jesus, dus, elke een van hierdie mense het gemeenskap met Jesus. My hart juig, want skielik besef ek DIT is wat God bedoel met gemeenskap van die gelowiges! Eerstens wil God hê dat elkeen van ons so 'n hegte verhouding met Jesus moet hê. Ons moet eerstens gemeenskap met Jesus hê en diegene wat gemeenskap het met Jesus, vorm dan 'n eenheid met God. Ons moet elkeen eers sy eie verhouding met Jesus bou, elkeen word dus eers Een met Jesus Christus en dan bind God (deur Sy Gees) ons almal saam om die liggaam van God te vorm. Dis baie belangrik dat elke lid van die Liggaam van God eers in verhouding met God moet staan. Diegene wat nie in verhouding met Hom staan nie, kan nie deel uitmaak van die Liggaam van God nie en diegene wat nie gemeenskap met God het nie, kan ook nie gemeenskap met die heiliges hê nie, want God kom eerste!

“Ek vermaan julle... om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewende om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. Dit is een Liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal in julle almal is”

Efesiërs 4:1-6 (AFR33/53)

Die band van vrede wat die lede van die Liggaam van God aan mekaar verbind, is die koord van liefde wat die sterre aan mekaar

verbind, en hierdie koord van liefde is Jesus self! Die goue koord van Liefde! Ons harte moet deurwerk wees met hierdie goue koord en so heg Jesus deur Sy liefde elke deeltjie van die Liggaam aan mekaar vas. Omdat Jesus die koord van Liefde is wat ons elkeen se harte omsoom, sal dit vir ons moontlik wees om in liefde en vrede saam te werk, want dieselfde koord omsoom almal - Jesus! Alleenlik deur Jesus kan vrede en liefde heers. Die liefde van Jesus in ons, gee aan elkeen vrede en liefde wat ons in staat stel om nederig, sagmoedig en lankmoedig te kan optree teenoor die ander lede van die Liggaam. Elke deeltjie van die liggaam word geroep met die roeping wat God beplan het voor die grondlegging van die aarde en God skenk aan ons elkeen sy eie gawes wanneer ons in die Liggaam ingewerk word. Sommiges kry die gawe om die boodskap van God op ander plekke te gaan verkondig, terwyl ander weer die gawe kry om spesiale boodskappe van God aan die mensdom te verkondig. Ander ontvang weer die gawe om die Woord mooi te kan verduidelik en om ander mense te help en hulle te lei as hulle hulp nodig het. Al hierdie mense werk saam om die Liggaam van God op te bou. Op hierdie manier sal die lede nader na mekaar beweeg en al hoe meer 'n eenheid vorm. Die Liggaam sal in harmonie begin saambeweeg en saam sal al die skyndende sterre 'n konstellasie vorm in die naam van Jesus. Saam sal ons 'n stralende getuienis vir God op aarde wees.

Kom ons gaan terug na die stelling wat ek aan die begin gemaak het: Die kerke van die wêreld vorm nie die Liggaam van God nie. Kerke (en eintlik alle gelowiges) deel die siening dat ons gemeenskap moet hê met die heiliges en daarom moet ons kerk toe gaan... ek hoop julle dink nou dieper oor daardie stelling...

Dit sal vir seesterre en wêreldse mense baie moeilik wees om saam te werk, want daar is geen eenheid tussen hulle nie. Wêreldmense kan nie ware gemeenskap met Jesus hê nie, daarom kan hulle en seesterre ook nie gemeenskap met mekaar hê nie - hulle gaan mekaar glad nie verstaan nie, want hulle dink glad nie

dieselfde nie. Hulle kan nie in die Gees saamstem nie, want die goue koord van liefde wat hulle aanmekaar heg, ontbreek. Wêreldmense het nodig om eers uitgewerpte seesterre te word.

In watter toestand leef jy?

“Christus Jesus het die dood wat so ’n houvas op ons almal gehad het, se mag kom breek. Hy het die pad na die ware lewe vir ons oopgemaak sodat ons geestelik vir ewig kan lewe.”

2 Timoteus 1:10 (DB)

Die lering oor die twee verskillende toestande het Abba Vader my geleer deur vir my ’n baie lang, reguit lyn op papier te wys wat van links na regs strek. Reg in die middel van die lyn is ’n kruis wat die skeiding aandui tussen die regter- en linkerkant; daar is ’n baie groot verskil tussen die twee kante! Die totale gedeelte aan die linkerkant van die kruis is swart en in duisternis gehul, waarteenoor die totale gedeelte aan die regterkant van die kruis, lig en helderkleurig is soos die kleure van ’n reënboog. Abba Vader sê daar is twee verskillende toestande en die mens maak die keuse in watter toestand hy homself bevind. Daar is dus ’n toestand aan die linkerkant van die kruis, wat die duistere toestand voorstel, en ’n toestand aan die regterkant van die kruis, wat die Ligtoestand van God voorstel. Dit is geestelike toestande wat nie met die blote oog

gesien kan word nie en elke mens maak onbewustelik die keuse in watter toestand hy kies om te funksioneer.

Die gedeelte aan die linkerkant van die kruis dui op die toestand vanaf die sondeval tot voor Jesus se kruisiging. Dit is die enigste toestand wat bestaan het na die sondeval. Daar was net geestelike duisternis, daar was geen ander toestand waarin die mens kon leef nie. Romeine 5:12 van die Boodskap sê dat die wêreld in so 'n groot gemors is as gevolg van die sonde van Adam. Omdat hy nie na God geluister het nie, het hy die hele wêreld saam met hom in die sonde en die dood ingesleep. God se reaksie op die sonde van Adam was kort en kragtig: 'n Doodsvonnis vir die ganse wêreld. Vanaf die sonde van Adam en Eva, was almal vasgevang in die duistere toestand; dood en sonde het geheers oor al die mense en hulle kon nie verhouding met God hê nie. Hou in gedagte dat die Gees van God eers vrygestel is na die opstanding van Jesus, so in die tydperk voor Jesus se kruisiging was die Gees van God nie teenwoordig as 'n hulp vir die mens nie. Daar was natuurlik uitsonderings soos Moses, Noag, Abraham en die profete wat wel 'n verhouding met God gehad het, wat die stem van God kon hoor en die boodskappe van God kon oordra aan die mense. Ek glo hulle was direk gestuur van God as boodskappers om die mensdom te help.

Genadiglik het Abba Vader nie die wêreld in hierdie chaotiese duisternis gelos nie, maar het Hy Sy Seun gestuur om te sterf sodat die Gees van God vrygestel kon word. Deur die gehoorsaamheid van Jesus, het Hy die kruis geplant as 'n deurgang wat dit vir die mens moontlik maak om vanaf die duistere toestand te beweeg na die Ligtoestand van God. Voor die kruisiging van Jesus was daar geen deurgang nie, so Jesus en die kruis is die enigste deurgang vanaf duisternis na Lig. Galasiërs 1:4 van die Boodskap sê dat Jesus Sy lewe vir ons opgeoffer het sodat ons sondes nie meer soos 'n muur tussen ons en God staan nie. Jesus het dit vir ons gedoen om ons uit die kloue van die sondige wêreld te bevry.

“Christus Jesus het die dood wat so ’n houvas op ons almal gehad het, se mag kom breek. Hy het die pad na die ware lewe vir ons oopgemaak sodat ons geestelik vir ewig kan lewe.”

2 Timoteus 1:10 (DB)

Nou moet ons asseblief nie die fout maak om te dink alleenlik die Ou Testamentiese mense was vasgevang in die duistere toestand, en dat ons die gelukkiges is wat leef in die Ligtoestand omdat Jesus vir ons sondes kom sterf het nie. Die waarheid is dat die grootste gedeelte van die mensdom vandag nogsteeds vasgevang is in hierdie duistere toestand, alhoewel die meeste Christene dink hulle is gered en verlos... Inderwaarheid beoefen hulle net godsdiens wat ’n mens geen verhouding met God besorg nie. Godsdiens kan jou nie verbind aan God om ’n verhouding met Hom te hê nie, alleenlik die Gees van God kan jou aan Hom verbind. Hoe kan ek sommer net prontuit so sê? Want ek was ook daar! Ek het ook elke Sondag in die kerk gesit, my tiende gegee, gedink ek is gered, gedink ek ken God, maar die dag toe Abba Vader my aan my hand uit die stormwaters uitgeruk en teen Sy bors vasgedruk het, het ek besef dat ek Hom eintlik nooit geken het nie. Ek was naïef en ek het die leuens van die wêreld geglo. Een groot leuen wat die laaste tyd weer kop uitgesteek het, is leraars wat verkondig dat daar Ou Testamentiese Christene was, maar dat ons almal nou Nuwe Testamentiese Christene is. Waar op dees aarde kom hulle aan sulke nonsens? Daar bestaan nie so iets nie, daar is wel kinders van God of kinders van die duiwel. Die sogenaamde Nuwe Testamentiese Christene wat die Ou Testament eenkant toe skuif en verkondig dat ons ons nie meer hoef te steur aan die Ou Testament of aan die geboorte van God nie, sit toe al die tyd nogsteeds vasgeketting in hierdie duistere toestand. Niemand ontvang outomatiese verlossing omdat Jesus gesterf het aan die kruis

nie! Jesus se sondevergifnis kan nie sommer net deur die mens opgeslurp word en skielik is almal gered nie. Selfs nie elkeen wat met die mond bely om in Jesus te glo, is gered nie! God weet wat gaan in elkeen se hart aan, Hy weet wie Hom liefhet en wie Hom en Sy Seun se kruisdood net wil misbruik.

Jesus se sterfte het nie die duistere toestand uitgekanselleer nie. Inteendeel, Jesus se gehoorsaamheid het 'n deurgang bewerk na die Lig van God. Jesus het ook nie gesterf sodat almal wat gebore word na die kruisiging, in die Ligtoestand van God ingebore word nie. Nee, die mens word nogsteeds in die duistere wêreld ingebore! Dit is hoekom Jesus gesê het die mens moet weer gebore word! Alle mense word in die duistere toestand ingebore en moet geestelik weer gebore word om in die Ligtoestand van God te kan inbeweeg. Romeine 3:9-20 sê ons almal is in die greep van die sonde vasgevang, of ons nou Jode is of nie. Niemand op aarde leef reg nie, niemand probeer om volgens God se wil te leef nie. Almal het die spoor byster geraak en het in sonde verval. Niemand doen goed nie, nie 'n enkele een nie. Dus word ons almal eers in die duistere toestand ingebore deur ons vleeslike ouers. Efesiërs 2:1-3 is ook 'n bewys dat ons in die duistere toestand ingebore word:

“You were once dead because of your failures and sins. You followed the ways of this present world and its spiritual ruler. The spiritual ruler continues to work in people who refuse to obey God. All of us once lived among these people, and followed the desires of our corrupt nature. We did what our corrupt desire and thoughts wanted us to do.”

Ephesians 2:1-3 (GWT)

Romeine 8:5-9 wys ook vir ons daar is twee verskillende toestande waarin mense kan funksioneer. Die mense in die duistere

toestand laat toe dat die sonde oor hulle heers en daarom is hulle heelyd besig met sonde. Hulle denke en daade is in die greep van die sonde vasgevang en hulle leef in die dood. Dan is daar weer aan die ander kant mense wat toelaat dat die Gees van God hulle lewens beheer en hulle koppe is heelyd besig met dinge wat vir God belangrik is. Hulle denke en daade is in die greep van die Gees van God vasgevang en hulle ken die ware lewe en vrede. Hier is duidelik twee tipes mense in twee verskillende toestande. Die engelse vertaling stel dit so:

“Those who live by the CORRUPT NATURE have the corrupt nature’s attitude. But those who live by the SPIRITUAL NATURE have the spiritual nature’s attitude. The corrupt nature’s attitude leads to death. But the spritual nature’s attitude leads to life and peace. This is so because the corrupt nature has a hostile attitude toward God. It refuses to place itself under the authority of God’s standards because it can’t. Those who are under the control of the corrupt nature can’t please God. But if God’s Spirit lives in you, you are under the control of your spiritual nature, not your corrupt nature.”

Romans 8:5-9 (GWT)

Die voorreg wat ons dus in vandag se tyd het bo die Ou Testamentiese mense, is dat ons nou ’n deurgang vanaf die duisternis na die Lig het. Die deurgang is die kruis van Jesus. God gee aan ons ’n kans om deur die kruis van Jesus te beweeg na Sy Ligtoestand, maar dan moet ons eers saam met Jesus sterf aan die kruis om weer gebore te kan word in die Ligtoestand van God.

Hoe lyk die duistere toestand?

Daar hang iets oor die totale gedeelte van die duistere toestand wat lyk soos 'n massiewe, swart wolk. Daar is geen lig in hierdie gedeelte nie, want God, wat die enigste ware Lig is, heers nie oor hierdie gedeelte nie. Hierdie deel word geskei van God deur die swart wolk; dus, die mens wat funksioneer in hierdie gedeelte, word geskei van God deur hierdie swart afskorting wat lyk soos 'n swart wolk wat laag oor die mense se koppe hang. Romeine 8:1-2 in "The Message" bevestig hierdie swart wolk:

"...Those who enter into Christ's being-here-for-us no longer have to live under a continuous, LOW-LYING BLACK CLOUD..."

Romans 8:1,2 (MSG)

Mense in die duistere toestand voer 'n bestaan onder hierdie laagliggende swart wolkekombers; hulle het geen verhouding met God nie; hulle het nie die Lig van God binne hulle nie en daarom is hulle geestelik dood. Hulle kan ook nie die seën van God ontvang nie, want die swart wolk keer dit af soos 'n sambreel die reën afkeer. Baie van hulle beweër wel om bekeer te wees of deesdae praat hulle van Nuwe Testamentiese Christene, maar al die tyd funksioneer hulle nogsteeds in die duisternis. 1 Johannes 2:11 sê dat 'n mens wat in die duisternis funksioneer, nie omgee vir sy medemens nie; hy is soos iemand wat in die donker voortstropel. Hy het geen idee waarheen hy oppad is of waar hy gaan uitkom nie; hy loop soos 'n blinde man rond. Dit bewys aan ons dat die duistere toestand nie uitgekanselleer is nie, maar die duistere toestand bestaan vandag nogsteeds. Die bestaanswyse van die mens in die duistere toestand kan opgesom word om selfgesentreerdheid, selfverhewenheid, self, self, self... alles hier gaan oor die self en om in die self se vleeslike behoeftes te

voorsien. Hulle beoefen selfs godsdiens sodat die “self” voordeel kan trek daaruit. Besluite word geneem op grond van emosies en begeertes, nie volgens die wil van God nie. Wanneer die mens leef net om die eie wil te bevredig, word die korrupte natuur gehoorsaam en dra die mens ongoddelike vrugte...

“The effects of the corrupt nature are obvious: illicit sex, perversion, promiscuity, idolatry, drug use, hatred, rivalry, jealousy, angry outbursts, selfish ambition, conflict, factions, envy, drunkenness, wild partying, and similar things. I’ve told you in the past and I’m telling you again that people who do these kinds of things WILL NOT INHERET THE KINGDOM OF GOD!”

Galatians 5:19 (GWT)

Die Woord sê uitdruklik dat diegene wat leef volgens hulle korrupte natuur, (dus in die duistere toestand) nie die Koninkryk van God sal beërwe nie. Hulle plaas hulle emosies en behoeftes bo die wil van God en dink nie daaraan hoe hulle lyk in die oë van God nie. Al wat vir hulle belangrik is, is dat hulle moet goed lyk in die oë van die wêreld en dat hulle behoeftes bevredig moet word... soos Esau wat sy eersgeboortereg verkoop het vir ’n pot lensiesop... dit was vir hom belangriker om in sy vleeslike behoeftes te voorsien as om te dink aan die seën van die eersgeborene...

“Make sure that no one commits sexual sin or is as concerned about earthly things as Esau was. He sold his rights as the firstborn son for a single meal. You know that afterwards, when he wanted to receive the blessing that the firstborn son was to receive, he was rejected. Even though he begged and cried for

the blessing, he couldn't do anything to change what had happened.”

Hebrew 12:16 (GWT)

Ons moet versigtig wees dat ons nie ons ewigheid opgee vir 'n pot lensiesop nie... ons moet versigtig wees om nie ons eie behoeftes te stel bo die ewigheid nie.

“Dear friends, since you are foreigners and temporary residents in the world, I'm encouraging you to keep away from the desires of your corrupt nature. These desires constantly attack you.”

1 Peter 2:11 (GWT)

Die Ligtoestand is lig, helderkleurig en gevul met vreugde, vrede en liefde. Die Lig van God maak hierdie gedeelte lig en elke persoon wat deur die kruis van Jesus in hierdie toestand inbeweeg, ontvang die Lig van God in sy hart en straal weer 'n lig uit sy hart uit. Hierdie mens het tot wedergeboorte gekom en het die Gees van God ontvang. Hierdie mense leef direk onder die hand van God, dus ontvang hulle Goddelike seën en beskerming. Hulle word beheer deur die Gees van God, hulle leef dus volgens hulle geestelike natuur en nie volgens hulle vleeslike natuur nie. Omdat hulle verbind is aan Abba Vader, kan hulle Goddelike vrugte dra en God gehoorsaam. Ons almal moet streef om oor te beweeg na hierdie toestand en hier voor die voete van Abba Vader vernag.

Die kruis is die enigste deurgang vanaf die wêreldse, duistere toestand na God se Ligtoestand, waar ons Lewe ontvang. Dit is geestelik geleë op die kop van Golgota; dis 'n moeilike pad om geestelik te stap tot by die kruis, maar genadiglik kan ons dit

geestelik saam met Jesus stap wat dit vir ons makliker maak. Hy alleen ken die pad na die kruis op Golgota waar ons ons vleeslikheid moet afsterf om weer gebore te word in die Lig van God. As ons sterf saam met Jesus, sal ons ook lewe saam met Jesus. Dood vir die sonde, maar lewend met God. 'n Splinternuwe lewe! Voor die kruis van Jesus moet ons tot 'n diepe besef kom wat Jesus regtig vir ons gedoen het. Hy het nie 'n lekker of 'n wonderlike lewe gehad op aarde nie; Hy moes soveel verwerping en misbruik in die oë staan. Hy het nie voldoen aan die vereistes van die wêreld nie; Hy het nie deelgeneem aan die genietinge van die wêreld nie, maar eerder die mense berispe daarvoor. Hy het in alles wat Hy gedoen het, Sy Vader verheerlik en gehoorsaam. Sonder Jesus en die kruis sou ons vir ewig vasgevang gewees het in die duisternis en sou ons nooit kon beweeg vanaf die duistere wêreld na die ewigheid nie.

“Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uitgaan en weiding kry.”

Johannes 10:9 (AFR33/53)

Sonder Jesus en die kruis is daar ook vir ons geen lewe nie. Lewe en Lig loop hand aan hand - wanneer ons die vlees kruisig en saam met Jesus deurbeweeg na die Ligtoestand van God, ontvang ons die Lewe van God en dan eers kan ons begin lewe deur die Gees. Jesus leef dan in en deur ons en dan eers LEWE die mens waarlik teenoor die mens wat geestelik dood is en aanstropel in die duisternis... hy voer net 'n bestaan.

“The Life-Light was the real thing - every person entering LIFE, He brings into LIGHT.”

John 1:9 (MSG)

Boksies, kettings en vervloeking

“Vroeëer was julle, soos julle voorouers, mense wat in ’n geestelike tronk gesit het. Soos mense vasgevang agter tralies het julle ’n doellose en leë lewe gelei. Toe het Jesus die boete kom betaal wat die geestelike tronkdeure vir julle laat oopswaai het. Julle kon weer regtig begin lewe. Hy het nie die boete met goud of sakke vol geld betaal nie, want sulke goed sal later hulle waarde verloor. Nee, Hy het met Sy eie bloed betaal, en wat ’n groot prys was dit nie!”

1 Petrus 1:18-19 (DB)

Die wêreld is in chaos gedompel en die mensdom sien dit nie raak nie, want hulle is blind as gevolg van die vrugte van die bose

boom wat hulle in 'n blinde beswyming in die duisternis hou. In die duistere toestand word daagliks derduisende boksies aanmekaar geslaan deur die beheerder van die wêreldse mense. Daar is boksies van verskillende vorms en verskillende kleure - enigiets waaraan jy kan dink. Die binnekant is met lekker sagte materiaal uitgevoer om dit so lekker en gemaklik as moontlik te maak vir die boksiebewoners. Dit is die mens se "comfort zone" en ons weet mos hoe gemaklik is ons in ons spasie en dat dit nie altyd so lekker of maklik is om ons gemaklike "comfort zone" te verlaat nie. Daar is soveel verskillende boksies en in elke boksie woon 'n sekere groep mense - daar is 'n vriendeboksie, kerkboksie, skoolboksie, kulturboksie, tradisieboksie en dan die gevaarlikste een - die godsdienstboksie! En so kan ons aangaan en aangaan met die klomp verskillende boksies...daar is selfs soveel verskillende kerkboksies en elke persoon vind 'n boksie waarin hy/sy die gemaklikste voel, daar waar hy aanvaar en geliefd voel deur die res van die boksiebewoners. Kyk al die oorloë en gemors wat aangaan oor die wêreld - die meeste daarvan is as gevolg van verskillende boksies van mense wat weier om die ander boksies te respekteer en te aanvaar en sodoende staan die een boksie teen die ander boksie op. Die een nasie staan op teen 'n ander; die een kerk staan op teen 'n ander kerk... en Satan lag lekker agter die skerms, want hy het die verskillende boksies van gelowe, tradisie en kultuur geskep en dit vir die mens so lekker en gemaklik as moontlik gemaak om in hierdie boksies te woon. Omdat die een boksie mense nie die volgende boksie kan respekteer nie, begin hulle oorlog voer teen mekaar - dit laat my dink aan 'n spul bliksoldaatjies.

Binne die boksies lyk dit oral dieselfde en dis 'n baie hartseer gesig, want elke persoon in die boksie se arms en bene is vasgeboei aan toue en kettings wat beheer word deur 'n sentrale beheerpunt. Elke mens word dus beheer soos 'n blinde marionetpop wat nie vir homself kan dink en besluit nie. 2 Timoteus 2:26 sê dat Satan die mense vasboei en hulle geestelik dwing om te doen wat hy wil hê hulle moet doen. Hy dwing dus die mens om sy eie wil te

gehoorsaam, pleks van die wil van God en hy slaag in sy plan deur goed te gebruik soos godsdiens, tradisie, rassisme en verskeie sondes wat die mens vasketting in die duistere boksies. Kettingings en bande van godsdiens, wette en reëls is sekerlik die sterkste kettings wat die mens gevange hou en weerhou om 'n lewende verhouding met God te kan hê, want deur wette, reëls en godsdiens word kinders om die bos gelei en geleer om God te dien met die mond en nie met die hart nie. Hulle is onder die indruk dat hulle verlos is, maar hulle is alles behalwe, want hulle dien God op grond van reëls en regulasies en nie omdat hulle uit die hart in Hom glo nie.

“The Lord says: “These people worship Me with their mouths and honor Me with their lips. But their hearts are far from Me, and their worship of Me is based on rules made by humans’.”

Isaiah 29:13 (GWT)

Tradisie is ook 'n ketting van onheil wat deur die mens uitgedink is en oorgelewer word van geslag tot geslag; dit grens aan die aanbidding van voorvadergeeste en is 'n baie sterk band wat die mens vasketting aan al die sondes van sy voorouers omdat hy aangaan met die sonde en nie daarmee breek nie. Kollosense 2:8 sê ons moet versigtig wees dat ons nie in die verkeerde rigting gelei word deur teorieë en argumente wat deur mense uitgedink is nie, want dit kom in der waarheid van die onsigbare magte wat in die wêreld aan die werk is. Dit word oorvertel van die een geslag na die volgende geslag en later glo almal dit. Wees versigtig om nie tradisie aan te hang en te volg nie, pleks daarvan om God te volg.

“Be careful not to let anyone rob you of this faith, through a shallow and misleading philosophy. Such a person follows

human traditions and the world's way of doing things rather than following Christ."

Colossions 2:8 (GWT)

Kettings kan ook sonde van verskeie aard wees. Dit kan sonde wees wat ons in ons ouerhuise aangeleer het, met ander woorde, sonde wat vanaf die voorouers aan ons geleer word, maar dit kan ook ons eie sondes wees wat ons weghou van God af. Sonde heers dan oor ons en ons is 'n slaaf van die sonde. Satan is die beheerder van ons lewe.

Ons word ongelukkig ingebore in 'n boksie deur ons vleeslike familie. Kollosense 1:13 sê ons was almal eers in die donker mag van God se vyand vasgevang, wat nog 'n bevestiging is dat ons in die duistere toestand ingebore word. God kies vir elkeen van ons 'n ouerpaar en ons word deur hierdie ouerpaar in die boksie grootgemaak waar ons vleeslike karakter gevorm en gebuig word deur ons ouers. Al die godsdienstige reëls en lewenswette waarmee ons ouers grootgemaak was, word weer oorgedra aan ons en omdat ons grootword daarmee, aanvaar ons dit as reg en kan ons nie fout sien daarmee nie. Ons waardes, persepsies en beginsels word dus vasgelê deur ons ouers in die boksies. Ons word as't ware gebreinspoel om te dink soos ons ouers en sodoende kry ons dieselfde "mindset" as hulle, wat weer die "mindset" by hulle ouers gekry het. Die gevolg is dat ons min of meer gaan dink en doen soos ons ouers en ons gaan dit weer oordra aan ons eie kinders - dit word 'n ellelange kringloop wat goed of sleg kan wees. Dit kan vir ons tot seën wees as ons Godvresende ouers gehad het wat ons reg geleer het, maar dit kan ook lei tot 'n vervloeking as ons ouers ongehoorsaam aan God was en ons op hul ongehoorsame pad gelei het...

Daar is baie mense wat glo dat ons nie in 'n vervloeking kan leef nie omdat Jesus gesterf het vir die mensdom se sondes. Hulle glo dat almal outomaties gered en verlos is en dat daar geen vloeke op 'n mens se lewe kan wees nie. Hulle glo dat wanneer 'n mens met die mond bely om in Jesus te glo, hy gered en verlos is, maar nou het ons gesien dat die meeste mense wat bely om in God te glo, alleenlik met die mond bely en nie met die hart nie. Omdat hulle nie in Jesus glo met die hart nie, is dit vals belydenis wat hulle net nog sterker vasketting in die duisternis. Hierdie mense is uiters naïef. Hulle glo God is 'n God van liefde wat aan ons net goed wil doen, en ek stem saam... God is 'n God van Liefde, maar God is ook 'n jaloerse God en Hy deursoek elke persoon se hart - Hy weet of die persoon glo met die mond en of hy glo met die hart.

Ons het gesien dat Jesus se sterfte nie die duistere toestand uitgekanselleer het nie, maar Sy sterfte het vir die mensdom 'n deurgang geskep sodat die mens wat sterf aan die self, kan deurbeweeg na die Ligtoestand van God. Alleenlik hier kan die mens 'n ware verhouding met God hê. Met Jesus se sterfte, is Sy Gees ook vrygestel om die mens wat opreg is van hart, in staat te kan stel om te beweeg na die Ligtoestand van God. Die mens wat nog nie deur die kruis beweeg het na die Ligtoestand van God nie, is nog nie gered of verlos van die sonde, die dood of die bose nie. Hulle funksioneer nogsteeds in die duisternis met 'n vloek wat oor hulle lewens baasspeel deurdad hulle aangaan met die godsdien, reëls en sondes van hulle voorouers en nie daarmee breek nie.

DIE MENS ONTVANG NIE OUTOMATIESE VERLOSSING VAN DIE KETTINGS, BANDE, VERVLOEING, DOOD EN BOSE OMDAT JESUS GESTERF HET AAN DIE KRUIS NIE!

Waarom anders sou Jesus so klem gelê het op die feit dat enigiemand wat agter Hom wil aankom, homself moet verloën, weer gebore moet word, sy kruis moet optel en Hom moet volg... Jesus sou nie so klem daarop gelê het as ons sommer net outomaties verlossing ontvang het deur Sy dood nie.

Ons almal weet dat God vir Adam verbied het om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. Adam moes dit oordra aan Eva, maar sy het gekies om haar eie wil te gehoorsaam en nie die wil van God nie en dit het gelei na die eerste sonde op aarde. Na die sondeval het God vir Adam en Eva gesoek en hulle in vyeblare gevind. Dadelik het Hy hulle gevra of hulle van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het, en toe sê God vir hulle:

“VERVLOEK IS DIE AARDE OM JOU ONTWIL! Met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.”

Genesis 3:17 (AFR33/53)

Met ander woorde, ongehoorsaamheid aan God (sonde) het die aarde vervloek! Dit is nie God wat 'n vloek op die mens plaas nie; dit is die mens se eie swak keuses, rebellie en sonde wat die omgewing om hom vervloek wat weer lei tot moeiliker bestaanswyses en sodoende vervloek die mens sy eie omgewing. Dit is geensins anders in vandag se tyd nie... ons sondes veroorsaak 'n vervloeking oor onself en ons lewe. God sê in Romeine 1:24 in Die Boodskap dat Hy Sy Naam nie deur die modder sal laat sleep nie, daarom het Hy besluit om die mense vir hulle sonde te straf deur hulle aan hulle eie lot oor te laat. Wanneer die mens aan sy eie lot oorgelaat word, moet hy woon in die vervloeking wat hy self geskep het. Ongelukkig het ons voorouers se sondes en rebellie teen God alreeds 'n vervloekte atmosfeer geskep in die boksie waarin ons gebore en grootgemaak word, daarom is dit belangrik dat ons moet besef ons is vasgevang in bande en kettings en dat ons in 'n vervloeking leef. Wanneer ons dit besef, is dit uiters belangrik dat ons moet breek met die sondes van ons voorouers in 'n poging

om te ontsnap uit die vervloekte omgewing. Kyk die woorde van Deuteronomium 28:1,2 oor seëninge en vloeke:

“As jy dan goed luister na die stem van die Here jou God om sorgvuldig te hou al Sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die Here jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. Hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die Here jou God.”

Lees gerus die lys seëninge wat volg in Deuteronomium 28 wat oor ons sal kom wanneer ons God gehoorsaam. Net so sal ons 'n vervloeking smaak as ons ons nie steur aan God nie:

“As jy nie luister na die stem van die Here jou God, om sorgvuldig te hou al Sy gebooie en Sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal...”

Deuteronomium 28:15 (AFR33/53)

Lees gerus self die lys van vloeke wat jy oor jouself sal bring deur ongehoorsaamheid. Dan sê Eksodus 15:26 ook die volgende:

“As jy getrou na die stem van die Here jou God luister en doen wat reg is in Sy oë, en luister na Sy gebooie en al Sy insettinge hou, sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie, want Ek is die Here wat jou gesond maak.” Eksodus 15:26 (AFR33/53)

Ons word dus vasgeketting in boksies deur godsdiens, reëls, tradisie (wat sekere rituele insluit), die sondes van ons voorouers (waarmee ons aangaan) en dan ook nog ons eie sondes. Satan beheer ons deur hierdie kettings. Ons skep ons eie vervloekte omgewing waarin ons moet funksioneer deur ons eie sondes asook die sondes van ons voorouers wat ons aan die lewe hou en nie mee breek nie. So lank as wat ons in die boksies funksioneer, so lank gaan ons nooit in oorwinning kan leef nie. Hoe word ons bevry van hierdie boksies? Hoe word ons bevry van al hierdie kettings wat ons gevangene hou? So lank as wat die kettings daar is, bly ons 'n gevangene van die duistere, vervloekte wêreld. Ons moet op 'n manier breek met hierdie kettings om te kan ontsnap uit die vervloekte boksie, maar hoe?

Nou kom die wêreld en leer aan die mens om bloedlynvloeke te sny en dat dit kwansuis die mens uit sy penarie sal verlos. Lees asseblief die volgende saadjies om meer te leer oor die valsheid agter die sny van bloedlynvloeke. Om met rympies en woorde die kettings te probeer breek, is nie die antwoord nie. Die enigste antwoord lê in Jesus Christus, wat die Lig is wat op ons harte moet skyn in die duisternis.

*"...waarmee die opgaande Lig uit die hoogte ons
besoek het, om te skyn oor die wat in duisternis en
doodskaduwce sit, om ons voete na die pad van vrede
te rig." Lukas 1:79 (AFR33/53)*

Sny van bloedlynvloeke?

“As julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenwandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ’n lam sonder gebrek en vlekkeloos...”

1 Petrus 1:17-19 (AFR33/53)

Die mense wat die lering versprei oor die sny van bloedlynvloeke, sien die sondes van die voorouers as ’n tipe vloek wat oor die kinders se lewens kom hang. Dit veroorsaak onheil in die mens se lewe en soveel goed loop verkeerd, soos huwelike wat verbrokkel, siektes, onvrugbaarheid, finansiële probleme, allerhande verslawings en ook goed soos woede, ang, depressie en so meer. Met ander woorde, die lering oor die sny van bloedlynvloeke leer die mens dat wanneer iemand slegte

omstandighede ondervind, hulle vervloeking beleef as gevolg van die sondes van hulle voorouers. Die Skrif wat die mense gebruik om hierdie lering te staaf, is Eksodus 20:5 en 6:

“Jy mag jou voor hulle (gesnede beeld) nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is ’n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooi onderhou”

Eksodus 20:5,6 (AFR33/53)

Hulle glo dus dat die sondes van die voorouers ’n vervloeking op die nageslag plaas sonder dat die nageslag dit verdien. Nou word die mense geleer om bloedlyn- of generasievloeke te sny deur hulle voorouers se sondes te identifiseer, ’n rymple en ’n gebed op te sê en dan is die mens kwansuis losgesny van die vloek wat sy voorgeslagte se sondes op hom gelê het...

Ek het ook hierdie leuen geglo totdat Abba Vader ingegryp en my die Waarheid kom leer het. Dat daar ’n vervloeking op ’n mens se lewe kan wees, is sonder twyfel, maar daar is altyd ’n rede hoekom daar ’n vloek op iemand se lewe rus. Hiermee sê ek nie dat daar nie so iets soos vloeke bestaan nie; die Bybel is ook baie duidelik oor hierdie saak, maar wat ek wel sê, is dat die manier waarop die wêreld die vloeke wil breek, nie Bybels is nie. Nêrens in die Woord noem God vloeke bloedlynvloeke of generasievloeke nie, maar as jy dit wil sien as bloedlynvloeke, sien dit dan so, die kwessie is nie of daar so iets bestaan of nie, want ons almal leef op ’n stadium in die duisternis in ’n vervloeking; die kwessie is hoe om hierdie kettings gebreek te kry.

Lees asseblief Esegïël 18. Jy sal sien hierdie hoofstuk lyk asof dit in teenstelling is met Eksodus 20:5 en 6. Esegïël 18 is vir ons baie duideliker uiteengesit as Eksodus 20, veral vers 20 wat sê:

“Die siel wat sondig, die moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees.”

Esegïël 18:20 (AFR33/53)

Ek voel mense vat die vers in Eksodus 20 en interpreteer dit soos hulle wil. Hier is hoe Abba Vader Eksodus 20:5 en 6 aan my verduidelik het...

God besoek die misdaad van die ouers tot aan die derde en vierde geslag van die wat Hom haat... Let wel: VAN DIE WAT HOM HAAT! Om God te haat, is die teenoorgestelde om God lief te hê en die Woord sê as ons God liefhet, sal ons Hom gehoorsaam, dus sal ons Sy gebooie gehoorsaam. Dus, om God te haat, beteken om aan God ongehoorsaam te wees en om nie Sy Woord en Sy gebooie na te kom nie. Daar is 'n groot verskil in die waardes, persepsies en beginsels van mense wat aan God gehoorsaam is en die wat nie aan God gehoorsaam is nie. Die wat ongehoorsaam is aan God, gaan nie fout sien met klein sondetjies in hulle lewens nie en hulle gaan dieselfde waardes, beginsels en persepsies oordra aan hulle kinders. Met ander woorde, as daar in die voorgeslagte 'n voorouer was wat God nie gehoorsaam het nie, is dit 'n bewys van afwesigheid van liefde vir God (God sien dit as haat) en dan het hierdie voorouer sy kinders grootgemaak met dieselfde waardes en persepsies as hyself. Die kinders word dus groot met dieselfde “mindset” as die ouers en hulle sal ook niks met ongehoorsaamheid

en sondes verkeerd kan sien nie. Hulle sal dalk wel elke Sondag in die kerk sit en godsdien beoefen wat klink asof hulle God dien, maar sonder gehoorsaamheid aan God asook verhouding met God, beteken dit niks. Hulle sal tien teen een in die voetspore van hulle ouers volg, ongehoorsaam wees aan God en ook hierdie “mindset”, godsdien en reëls weer aan hulle kinders leer. Omdat hulle dan van geslag tot geslag vasgeketting sit in boksies, leef hulle van geslag tot geslag in ’n vervloeking, want as ons vasgeketting is in boksies, leef ons in ’n vervloeking. Dus vorm dit ’n bouse kringloop waar hierdie geslag tot in die soveelste geslag vervloek sal wees - dis nie God wat hulle vervloek nie, dis die mens se ongehoorsaamheid wat vir homself en sy kinders ’n vervloeking skep. Dit is ook nie die kinders wat direk gestraf word omdat hulle voorouers ongehoorsaam was nie; daar rus dus nie direk ’n vloek op die kinders as gevolg van die ouers se ongehoorsaamheid nie, want elke mens word aanspreeklik gehou vir sy eie dade. (Esegiël 18) Ongelukkig word die meeste van ons grootgemaak in ’n vervloekte omgewing waar ons ouers se voorbeeld van waardes, persepsies en beginsels gaan volg. Ons gaan dus aan met die godsdien, tradisie en al die ander goed wat ons geleer is en as ons nie daarmee breek nie, gaan ons dit weer oordra aan ons eie kinders; op so ’n manier gee ons aan die vervloeking ’n deurloop in ons familie.

Nou leer die wêreld ons om hierdie bloedlynvloeke met woorde te breek, maar is dit regtig die antwoord? Ek het al soveel mense gesien waarmee dit sleggaan, wat bloedlynvloeke breek met die hoop dat dit beter met hulle sal gaan, maar hulle omstandighede verander net nooit... Is dit nie dalk net ’n maklike uitkoms nie?

“Hy het die dorstige siel versadig en die hongerige siel met die goeie vervul. Die wat in duisternis en doodskaduwee gesit het, gevang in ellende en yster OMDAT hulle wederstewig was teen die woorde van God en die raad van die Allerhoogste verwerp

het, het Hy hulle hart deur moeite verneder; hulle het gestruikel, en daar was geen helper nie. Toe het hulle die Here aangeroop in hulle benoudheid; uit hul angste het Hy hulle verlos. Hy het hulle uit duisternis en doodskaduwee laat uitgaan en hulle bande verbreek.”

Psalm 107:9-14 (AFR33/53)

Uit hierdie Skrif is dit duidelik dat mense in duisternis vasgekluiser is OMDAT hulle wederstrewig is teen die Woord van God en omdat hulle die raad van Abba Vader verwerp en hulle eie wil gehoorsaam, met ander woorde, mense wat ongehoorsaam is aan God. Hulle is nie vasgeketting in die duisternis as gevolg van hulle voorouers se sondes wat 'n vervloeking oor hulle lewe geplaas het nie; hulle is vasgeketting in die duisternis omdat hulle die voorbeeld van hulle ouers volg en aangaan met dieselfde sondes as die ouers. Hulle is ongelukkig grootgemaak met dieselfde, verkeerde “mindset” as hulle ouers en dit is hierdie “mindset” wat moet verander. Solank as wat hulle gaan vasklou aan die maniere van die voorouers, so lank gaan hulle in vervloeking bly leef. Die mens moet tot die besef kom dat dit nie gaan help om die skuld vir die gemors in sy lewe op sy ouers of voorouers te pak en sommer net bloedlynvloeke te sny nie. Dit is die mens wat moet verander! Die mens moet sy eie sondes laat staan! Dit is die “mindset” van die mens self wat oorgegee moet word in die hande van Abba Vader.

Om bloedlynvloeke te breek, gaan ons nie help nie. Dit is tyd dat elke mens verantwoordelikheid vat vir sy eie lewe; ons moet breek met ons eie sondes en dit sluit in die sondes wat ons by ons ouers aangeleer het. Die probleem is dat ons gewoonlik sukkel om die spesifieke sondes en verkeerde leefwyses (soos byvoorbeeld godsdiens) raak te sien in ons lewens. Dit is omdat ons

grootgeword het daarmee en half gewoon is daaraan dat ons dit nie sien as sonde nie. Dit is net Abba Vader wat ons kan oortuig van ons sondes en verkeerde leefwyse deur die Woord en gebed.

Die enigste manier om los te breek van hierdie kettings en bande, is om die keuse te maak om jou eie lewe in perspektief te neem, om voor die voete van Abba Vader selfondersoek te doen, verantwoordelikheid te begin vat vir jou eie lewe en daade, en die keuse te maak om jou rug op sondes en ongeregthede te draai en jou te bekeer daarvan. Jy moet sterf daaraan. Dan ontvang jy vergifnis van God daarvoor. Dit is die mens se eie verantwoordelikheid om die sondes van sy voorouers waarmee hy aangaan, raak te kan sien en totaal daarmee te breek. Ons moet deur Jesus heers oor ons sondes en dan eers sal die persoon nie verder in 'n vervloeking leef nie, want dan het die persoon die lewe gekies. Alles in ons lewe draai om keuses...

“Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag...”

Deuteronomium 30:19 (AFR33/53)

Mense leef dus in 'n vervloeking omdat hulle nie hulle rug op die sondes van hulle ouers draai nie, maar aangaan daarmee, hulle hou daardie sonde as't ware lewendig. Dit moet afgesterf word en dit is die mens se eie verantwoordelikheid om die Waarheid teenoor die leuens (of sonde) raak te sien, en die keuse te maak om daarmee te breek deur Jesus Christus. Solank as wat ons aangaan daarmee en nie breek met hierdie sondes nie, sal dit 'n effek op ons lewens hê en sal ons in 'n vervloeking leef.

Hoe maklik is dit om die skuld vir jou vervloekte lewe op jou voorgeslagte te pak en hulle verantwoordelik te hou vir alles wat

verkeerd loop in jou lewe... Hoe maklik is dit om 'n paar woorde te uiter en die vloeke is gebreek sodat dit van nou af goed kan gaan in jou lewe... Dit is teenstrydig met Esegïël 18 wat duidelik sê die kinders sal nie betaal vir die ouers se sondes nie en die ouers sal ook nie betaal vir die kinders se sondes nie, maar elkeen sal gestraf word vir sy eie ongeregthede, dus moet die kinders seker maak hulle gaan nie aan met hulle ouers se sondes nie.

Kom ons dink net vir 'n oomblik openhartig en eerlik oor hierdie saak... Wat is die grootste rede hoekom mense bloedlynvloeke sny? Dalk gaan dit moeilik in hulle lewe... dalk is daar siektes, huweliksprobleme, finansiële probleme of wat ookal. Nou hoor hulle hierdie "wonderlike" lering dat hulle bloedlynvloeke moet sny om te verseker dat dit beter in hulle lewens gaan... so wat is die hooffokus van hierdie mens? Is die fokus ingestel op die self en 'n beter (meer geseënde) lewe? Of is die fokus om nader aan God te leef? Die meeste mense se diep innerlike motief is vals en verkeerd in die oë van die Here, want die sny van bloedlynvloeke is vir hulle 'n kitsoplossing om nie net verlossing te ontvang nie, maar ook om 'n geseënde lewe te kan lei! Nêrens in die Woord van God leer Abba Vader ons om bloedlynvloeke te sny nie. Wat God wel deur die Woord aan ons leer, is dat ons Hom met alles in ons moet liefhê en gehoorsaam - dan sal dit met ons goed gaan. Dit is tyd dat ons verantwoordelikheid vat vir ons eie lewe, dit onder 'n vergrootglas sal plaas en Abba Vader vra om ons sondes aan ons uit te wys. Vir die meeste mense is dit baie makliker om nie verantwoordelikheid vir hulle eie dade te vat nie, maar eerder die skuld op die voorouers se sondes te blameer en hulle die skuld te gee vir die vervloeking in hulle lewens. As daar voorouers was wat omgegaan het met waarsêery en toordery en die kind gaan ook daarmee aan deur mense te vervloek, leef hierdie kind in dieselfde vervloeking as die voorouer. Dis nie die voorouer wat 'n vervloeking op die kind geplaas het nie, maar dis die kind wat in dieselfde voetspore van die voorouer volg en daarom sal hierdie kind in dieselfde vervloeking leef as die voorouer. Ons moet breek met die gewoontes van ons

voorouers en ophou om in hulle voetspore te volg; ons moet eerder in die voetspore van Jesus begin volg. Kom ons kyk net eers gou weer na Adam en Eva...

Hulle was die eerste geslag, hulle was direk van God, dus was daar geen bloedlynvloeke en sulke snaakse goed op hulle lewens nie. Al was hulle deel van God se Lig, het Satan hulle nogsteeds versoek om te eet van die verbode vrug. Eva het ongelukkig nie die regte keuse gemaak nie en het haar eie wil gehoorsaam deur te eet van die aanloklike vrug. Sy kon nie haar voorgeslagte vir haar swakheid blameer en sê sy kon dit nie help nie, want daar was geen menslike voorgeslagte nie en daar was beslis geen swakheid in God nie. Sy het wel probeer om die slang te blameer, maar as sy eerlik was, kon sy maar net haarself blameer omdat sy haar eie wil gehoorsaam en die verbode vrug genuttig het. Verwydering van God, asook vervloeking, het ingetree... Dalk moet ons ophou vinger wys na ons voorouers en die fout by onself begin soek.

In die tyd wat Abba Vader my die waarheid kom leer het oor bloedlynvloeke en dat dit nie Sy wil is dat ons dit links en regs moet sny nie, het ek Hom gesmeek vir 'n antwoord uit die Woord en hierdie Skrif het Hy vir my gegee:

“As julle Hom as Vader aanroep, wat sonder aanneming van die persoon oordeel VOLGENS ELKEEN SE WERK, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos!”

1 Petrus 1:17,18 (AFR33/53)

God oordeel elkeen volgens sy eie werke! Ons word nie deur verganklike dinge losgekoop nie, dus word ons nie bevry deur menslike woorde in 'n poging om bloedlynvloeke te sny nie. Ons word alleenlik losgekoop deur die bloed van die Lam! Daar is geen kortpaaie na verlossing van hierdie kettings en bande nie. Daar is net een manier en dit is deur Jesus Christus.

“Don’t look for shortcuts to God. The market is flooded with surefire, easy-going formulas for a successful life that can be practiced in your spare time. Don’t fall for that stuff, even though crowds of people do. The way to life - to God - is vigorous and requires total attention.”

Matthew 7:13-14 (MSG)

Bestudeer asseblief Titus 1, veral vanaf vers 10-16. Die Boodskap sit dit baie mooi uiteen, ek haal dele aan:

“Daar is baie mense wat in opstand is teen die gesag van die Here. Dis veral diegene wat vroeër aan die Joodse geloof behoort het wat nou die grootste klomp kaf praat. Boonop beïnvloed hulle baie ander mense om dit te glo. Julle moet hulle so gou as moontlik stilmaak en hulle leuens stopsit, want hulle keer omtrent al wat huis is met hulle vals praatjies om. Hulle doen dit om onskuldige mense se geld in die hande te kry. Daardie mense wat die goeie nuus verdraai, moet jy asseblief vasvat. Sê hard en duidelik vir hulle dat hulle op die verkeerde pad is. Dalk maak dit hulle oë oop sodat hulle reg in God kan begin glo. Hulle moet al daardie Joodse bygelowe en storietjies van hulle laat staan. Hulle hou hulle nog altyd besig met

mensgemaakte reëls en wette wat glad nie die waarheid is nie.

AS DIE HERE 'N MENS VRYGEMAAK HET, HOEF JY NIE MEER AL DIE WETTE EN REËLS VAN DAARDIE MENSE TE GEHOORSAAM NIE. Hierdie mense en ander ongelowiges is die gevangenes van hulle selfgemaakte godsdiens. Hulle kom dit nie eers agter nie, want hulle gedagtes is in die mag van die sonde.

Hulle maak asof hulle God ken, maar hulle lieg..."

Titus 1:10-16 (DB)

Hierdie nuwe "wet" om bloedlynvloeke te sny, is 'n mensgemaakte reël en wet wat deur mense uitgedink is. As dit van God af kom, sou dit vir ons in die Woord ook gestaan het. Die mense wat hierdie leringe uitgedink het en verkondig, is gevangenes van hulle eie selfgemaakte godsdiens. Ons moet onthou dat Satan enigiets in sy vermoë sal doen om ons vryheid en geloof in Jesus weg te vat en daarom sal hy ons altyd slawe probeer maak van wette en reëls, want solank ons wette en reëls volg vir verlossing, verwerp ons die genade van God.

"Hierdie spul vals mense het die kerk skelm-skelm binnegeskuipt om te kom kyk of ons al die reëls en wette van die Jode nakom. Hulle wou die vryheid waarmee Jesus Christus ons vrygemaak het, van ons af wegvat en ons weer van voor af slawe van al hulle wette en reëls maak."

Galasiërs 2:4 (DB)

"Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vrypraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry. Christus is die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word."

Romeine 10:3,4 (AFR33/53)

Die Lig van die Woord

“Hy het die dorstige siel versadig en die hongerige siel met die goeie vervul. Die wat in duisternis en doodskaduwee gesit het, gevang in ellende en yster OMDAT hulle wederstewig was teen die woorde van God en die raad van die Allerhoogste verwerp het, het Hy hulle hart deur moeite verneder; hulle het gestruikel, en daar was geen helper nie. Toe het hulle die Here aangeroop in hulle benoudheid; uit hul angste het Hy hulle verlos. Hy het hulle uit duisternis en doodskaduwee laat uitgaan en hulle bande verbreek.”

Psalm 107:9-14 (AFR33/53)

“Hy het koperdeure verbreek en ystergrendels stukkend geslaan!”

Jesaja 45:2 (AFR33/53)

Abba Vader laat ervaar my die volgende onder gebed: Ek is verdwaald in 'n baie donker woud en ek weet nie watter kant toe nie; ek het geen kompas by my om rigting te vind nie, maar al het ek 'n kompas by my gehad, sou dit my nie gehelp het nie, want ek het geen aanwysings nie. Ek kyk om my rond: Die woud bestaan uit 'n groot aantal hoë, massiewe bome waarvan die toppe van die bome so dig is dat daar geen sonlig deur die blare skyn nie. Die droë blare kraak onder my voete soos ek deur die woud stap op soek na die regte pad. Dan sien ek 'n boek wat vasgespyker is teen 'n boom. Ek hardloop na die boek met die hoop dat ek aanwysings hierin sal kry wat my sal help om die regte pad uit die donker woud te vind. Ek gaan sit onder 'n boom en lees vinnig die boek deur, maar wanneer ek die boek klaar gelees het, voel ek nogsteeds verdwaald en verlore. Ek staan op en begin verder soek na die regte pad. Dan sien ek nog 'n boek teen 'n boom vasgespyker en hardloop om daardie boek ook te lees in die hoop om aanwysings in daardie boek te vind... So hardloop ek soos 'n verdwaalde deur die woud van boom na boom en lees al die boeke wat vasgespyker is teen die bome, maar nie een van hierdie boeke help my om die pad te vind uit die donker woud nie; nie een van hierdie boeke lei my na die ware Weg nie; nie een van hierdie boeke gee vir my hoop en vrede nie. Hierdie boeke het my intendeel net nog verder laat verdwaal, want dit het my goed geleer soos die sny van bloedlynvloeke, om die bloed van Jesus te pleit en die verkeerde verstaan van die wapenrusting. Nie een van hierdie leringe leer my die korrekte rigting of pad uit die duistere woud nie, maar lei my eerder net dieper die donker woud in om verder te verdwaal.

Dan sien ek gedaantes in swart wat pyle op die bome uitkap om rigting aan te dui, maar soos ek die pyle volg, kom ek agter die pyle lei my al in die rondte. Ek begin die boeke en pyle ignoreer en begin die teenoorgestelde rigting daarvan loop en skielik sien ek êrens uit die donker woud 'n flou liggie wat skyn. Ek stap in die rigting van die liggie en soos ek soontoe stap, raak die flou liggie al hoe helderder. Die liggie lei my na die middel van die woud en

dan sien ek waar die lig vandaan kom... Dit skyn uit 'n pragtige, goue Boek wat op 'n afgekapte boomstomp lê. Die Boek is vol stof, maar ek tel die Boek op, blaas die stof daarvan af en gaan sit in verwondering plat, met gekruisde bene, langs die afgekapte boom met die goue Boek in my hande. Ek maak die boek oop en dis asof die blaaië en woorde daarin begin lewe. Ek begin die lewende woorde lees, en soos ek dit lees, kan ek voel dit doen iets aan die binnekamers van my hart. Later begin ek die woorde van die Boek verslind en hoe meer ek voed op hierdie wonderlike Boek, hoe meer lig raak dit om my, hoe meer kettings begin ek raaksien wat my gevange hou en hoe meer aanwysings begin ek raaksien wat my uit die donker woud kan uitlei. Ek kan voel hoe die woorde van die Boek lewendig raak binne my soos ek die woorde lees en inneem.

“Julle leen julle ore uit aan ‘n klomp mense wat die goeie nuus oor Christus heeltemal verdraai. Dit lyk my hulle het julle kop behoorlik deurmekaar gepraat. As mense ‘n ander weergawe van die goeie nuus oor Christus verkondig, sal God hulle verskriklik straf.”

Galasiërs 1:7,8 (DB)

Een manier waarop Satan soekende mense in duisternis maklik verlei, is deur dwaalleringe wat mense verder vasvang in godsdienstige orgies! In my soeke na God, het ek geestelike boeke begin lees wat ek teen die bome in die digte woud gevind het - hierdie boeke was uit die duisternis! Daar was geen Waarheid daarin te vinde nie, alhoewel hulle die Naam van God gebruik, of laat ek eerder sê, misbruik. Die aanwysings daarin laat die mens net nog dieper die woud in verdwaal en dit lei die mens op paaie wat God nie vir ons uitgelê of beplan het nie. Dit lei ons intendeel dieper die woud in pleks om ons rigting uit die woud te gee. Dit is die werk van Satan om ons in die duister te hou, want hy probeer

enigiets in sy vermoë sodat ons nie die pad van God vind wat ons uit die duisternis sal uitlei nie. Hierdie boeke lei naïewe mense op die verkeerde spoor met redenasies wat slim klink, maar eintlik is dit met leuens deurtrek (Kollosense 2:4). Baie van hierdie idees het die mense sommer self uitgedink en dit kom van die onsigbare magte wat in die wêreld aan die werk is. Nie een van hulle idees stem ooreen met dit wat Christus sê nie, en dit staan ook nie vir ons opgeskryf in die Woord nie. Deur hierdie leringe, ketting Satan die mens net nog stywer vas in geestelike tronke deur middel van 'n spul leuens en veral godsdiens! Abba Vader het my uitdruklik vermaan om al hierdie geestelike boeke in my besit teen die kruis vas te spyker, om alles te verwerp wat ek daarin gelees het en my van voor af deur die Woord van God te laat leer:

“Die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos die julle geleer het, so moet julle in Hom bly.”

1 Johannes 2:27 (AFR33/53)

“n Pad ten lewe is hy wat die tug in ag neem; maar hy wat die teregewysing verontagsaam, raak VERDWAALD.”

Spreuke 10:17 (AFR33/53)

As God ons al hierdie snaakse goed wou leer wat in sogenaamde geestelike boeke staan, sou dit in die Bybel vir ons opgeskryf gewees het, want die hele Skrif is deur God gegee aan mense om neer te pen tot lering, weerlegging, teregwysing en onderwysing in die geregtigheid (2 Timoteus 3:16). God het die Woord aan Sy profete en aan Sy dienaars gegee; Hy het elke Woord in hulle harte

gefluister sodat hulle wat Sy stem kon hoor, elke Woord kon neerpen vir die mensdom. 2 Petrus 1:19 sê die profetiese Woord is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in die mens se hart... DIT is presies wat ons nodig het! Die môrester moet opgaan in ons harte, die Lig van God moet begin skyn vanuit ons harte. Duisternis oor ons hart moet verbreek word! Maar daarvoor het ons nodig om eerstens die Lig van die Woord van God te vind in die middel van die donker woud; ons het nodig om ons rug te draai op die dinge van die wêreld waarmee ons ons so besig hou en ons tyd te wy aan die Woord van God.

Jesus het gesterf sodat Sy Lig vrygestel kon word en die Lig is ook die Gees van God. Die Lig kan in die duistere boksies ingaan om mense te help wat vooraf gekies is deur God. Voor die kruisiging, was die Lig van God nog nie vrygestel nie en daarom was daar eers geen hulp vir die mense nie. Daar was ook nog nie 'n deurgang vanaf die duistere toestand na die Ligtoestand van God nie, maar Jesus se sterfte het die aarde laat bewe, die voorhangsel laat skeur en 'n deurgang bewerk na die Ligtoestand van God. Jesus het die Weg kom baan wat lei na die Ligtoestand. Die gehoorsame sterfte van Jesus het Sy Lig vrygestel om 'n hulp vir die mense in gevangenis te wees. Nou kan die mens met die hulp van die Lig begin sien wat aangaan in die duisternis, die Lig kan aan die mens al die kettings en bande openbaar wat hom in gevangenis hou en die Lig kan die mens lei in die rigting van die kruis waar opregte sondebelydenis moet plaasvind. Ons moet net mooi verstaan dat wanneer ons die Lig-Woord vind en ons dit begin lees, ons nog nie deurdrenk is met die Lig van God nie, maar die Lig word aan ons geskenk om ons rigting te gee uit die donker woud na die kruis van Jesus.

“U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.”

Psalm 119:105 (AFR33/53)

Soos ons tyd met die Woord begin spandeer, skyn die Woord 'n lig op al die kettings en bande van sondes wat ons gevange hou - sondes in ons eie lewe asook sondes van ons voorouers wat ons aan die lewe hou, met ander woorde, sondes van ons voorouers waarmee ons nog nie gebreek het nie, maar waarmee ons aangaan omdat ons grootgeword het daarmee en dink dit is reg. Ons moet die Woord toelaat om 'n lig te skyn op elke dingetjie in ons lewe en dan sal God deur Sy Woord aan ons elke onheil in ons lewe openbaar waarmee ons moet breek en aan Hom bely sodat ons vergifnis kan ontvang daarvoor. Die Lig van die Woord skyn ook op die leuens wat ons in allerhande "geestelike" boeke gelees en geglo het. Dit is 'n keuse van 'n volwaardige volwassene om die Lig-Woord op te tel en sy foute, tekortkominge en sonde daardeur raak te sien. Dis 'n keuse wat die mens maak om homself eenkant te plaas, sy trots te laat staan en sy eie foute raak te sien en te erken. Erkenning en belydenis is die beginpunt van verlossing! As die mens net vir 'n ruk van sy troontjie wil afklim en kies om sy eie swakhede raak te sien... As ons nie die keuse maak om te breek met ons sondes en dit aan God te bely nie, kan ons nie vergifnis ontvang nie en as ons nie vergifnis ontvang nie, word die kettings om ons nie afgebreek nie en strompel ons voort in die duisternis in kettings...

"Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is Lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. Maar as ons in die Lig lewe soos Hy in die Lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons

nie. Maar as ons ons sondes bely — Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is Sy woord nie in ons nie.”

1 Johannes 1:5-10 (AFR33/53)

Lees asseblief Efesiërs 5:8-20. Ek haal aan uit Die Boodskap:

“Moenie iets wegsteek nie, maar leef openlik vir God. Julle was ook eens op ’n tyd soos mense wat in die donker geleef het. Nou dien julle die Here en leef dus soos mense wat in die lig kan sien wat hulle doel is. Leef dus soos mense wat niks wil wegsteek nie, maar wat alles oop en bloot in die lig doen. (Iemand wat so leef, is goed vir ander, tree op soos God van hom verwag en staan by die waarheid.) As julle iets doen, vra of die Here daarmee tevrede sal wees. Bly weg van mense wat in die donker konkel. Niks goeds of blywends kan uit die gekonkel gebore word nie. Waarsku liewer ander mense daarteen deur vir hulle te wys hoe verkeerd hierdie gekonkel is. Die dinge wat die ongehoorsame mense so in die donker aanvang, is so vieslik dat ek dit nie eens hier wil noem nie. As die lig van Jesus egter daarop val, sal almal kan sien hoe sleg hierdie dinge werklik is. In die lig kan ’n mens mos niks wegsteek nie en as dit eers in die lig is, is dit daar vir almal om te sien. Dit is daarom dat die Skrif sê: ‘Word wakker, jou slaper; word lewendig uit die dood, en Christus sal sy lig oor jou laat val.’ Wees baie versigtig hoe julle leef. Leef soos mense wat weet wat God van ’n sinvolle lewe verwag en nie soos mense wat niks daarvan weet nie. Moenie

jou tyd mors nie. Maak die beste gebruik van elke geleentheid wat jy kry, want ons leef in moeilike en slegte tye. Moenie julle lewens mors deur sonder 'n doel te leef nie, maar maak seker hoe die Here wil hê julle moet leef. Moenie te veel wyn drink nie, want dan verloor 'n mens beheer oor jouself. Laat jou hele lewe eerder deur die Gees beheer word. Sing en leer mekaar met liedere wat uit die Psalms kom of ander mooi geestelike liedere. Sing met julle hele hart vir die Here. Moenie vergeet om altyd vir God, die Vader, baie dankie te sê vir alles nie. Doen dit omdat julle aan Jesus Christus behoort en Hy julle in staat gestel het om dit te doen.”

Efesiërs 5:8-20 (DB)

Lees ook die wonderlike bevestiging in 2 Korinthiërs 4:1-6. Ek haal sekere dele aan uit Die Boodskap:

Die goeie nuus bring lig en lewe

“As dit wat ek oor Christus sê vir party mense onverstaanbaar is, is dit net hulle eie skuld. Dit is omdat hulle op pad is na die doderyk toe. Hulle het toegelaat dat die god van hierdie donker wêreld hulle blind maak. Omdat hulle nie glo nie, is hulle lewe nou pikdonker. Daarom sien hulle nie die lig wat die goeie nuus oor Christus in mense se lewe bring nie. Hierdie goeie nuus handel oor Christus, Hy wat so vol glorie en heerlijkheid is. Christus is ook die ewebeeld van God. Hy wys vir ons wie God regtig is. God het heel aan die begin gesê: ‘Laat daar lig wees;

laat die donker verdwyn.’ Dieselfde God wat dit gesê het, het ook op ’n dag my lewe nuut gemaak. Hy het met Sy helder Lig in my donker lewe kom skyn. Toe het ek vir die eerste maal beseef hoe groot en vol heerlijkheid Hy is. Dit het natuurlik gebeur toe ek van aangesig tot aangesig met Jesus Christus te staan gekom het.”

2 Korinthiërs 4:1-6 (DB)

Dit is ’n keuse van die mens om allerhande “geestelike boeke” neer te sit en eerder die Lig-Woord op te tel sodat dit ’n lig kan skyn op al die leuens, kettings en bande wat ons omring. Ons moet die Lig-Woord waarlik bestudeer en dan is dit ons verantwoordelikheid om eerlik met onself en God te wees oor ons eie sondes asook die sondes van ons voorouers wat ons aan die lewe hou en moet ons die keuse maak om te WIL breek daarmee. Die Lig wys duidelik aan ons wat sonde is en gee aan ons rigting en leiding na die kruis van Jesus, die enigste plek waar ware belydenis van sonde kan plaasvind. Die Lig-Woord stel ons ook voor aan Jesus Christus sodat ons Hom kan leer ken - daar is geen ander manier hoe ons Jesus kan leer ken nie en om in Hom te GLO, moet ons Hom eers leer ken wat alleenlik deur die Woord kan geskied. Ek sê weer: Die sny van bloedlynvloeke kan aan niemand verlossing of redding bied nie; alleenlik opregte sondebelydenis by die kruis en geloof in Jesus Christus. Johannes 8:12 van Die Boodskap sê:

“Wat die Lig beteken vir iemand wat in die pikdonker sit, beteken Ek vir mense op geestelike gebied. Daarom sal iemand wat My volg se lewe nie sinloos wees soos die van iemand wat in die donker rondstropel nie. Hy sal sy lewe sinvol kan leef omdat hy sal kan sien wat om te doen om God tevrede te stel.”

“Once you lived in the dark, but now the Lord has filled you with light. Live as children who have light. Light produces everything that is good, that has God’s approval, and that is true. Determine which things please the Lord. Have nothing to do with the useless works that darkness produces. Instead, expose them for what they are. It is shameful to talk about what some people do in secret. Light exposes the true character of everything because light makes everything easy to see. That’s why it says: ‘Wake up, sleeper. Rise from the dead, and Christ will shine on you!’”

Ephesians 5:8-14 (GWT)

Alles gaan oor keuses wat ons maak! Dit is ’n keuse wat ons maak om die Lig-Woord te vind, die stof daarvan af te blaas en dit waarlik te begin bestudeer. Dit is ’n keuse wat ons maak om die Lig-Woord toe te laat om aan ons die kettings en bande te openbaar wat ons gevange hou. Weereens is dit ’n keuse wat ons maak om ons trots eenkant toe te skuif en al ons foute, tekortkominge en sondes wat die Woord aan ons openbaar, te erken en ware berou daarvoor te hê. Gaan ons die keuse maak om die sondes in ons lewe aan Abba Vader te erken en te bely en om dan die sonde te verwerp en ons rug daarop te draai? Of gaan ons ons oë toedruk en aangaan met hierdie sondes wat so lekker is?

“... There’s nothing like the written Word of God for showing you the way to salvation through faith in Christ Jesus. Every part of Scripture is God-breathed and useful one way or another - showing us truth, exposing our rebellion, correcting our mistakes, training us to live God’s way...”

2 Timothy 3:16 (MSG)

Uit watter geslag is jy?

“As julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.”

Galasiërs 3:29 (AFR33/53)

In my soeke na rigting uit die duisternis, het ek “geestelike” boeke gelees wat handel het oor die sny van bloedlynvloeke. Ek het selfs ’n beradingskursus gedoen wat grotendeels daaroor handel het. Die genade van die Here was vir my baie groot en ek het altyd ’n ongemaklikheid gehad oor die gedeelte wat handel het oor die sny van bloedlynvloeke. Ek het die kursus net vir ’n paar maande gedoen voordat Abba Vader met my begin praat en Hy my duidelik vermaan het om die kursus te staak en in die plek daarvan alles te begin neerskryf wat Hy my leer.

Ek was al ’n geruime tyd besig om te skryf toe Abba Vader my een oggend onder gebed, uit die bloute vra of ek die leuen glo oor die sny van bloedlynvloeke en hoekom mense dit doen? Ek maak toe my hart oop teenoor Abba Vader en verduidelik vir Hom hoe ek nog altyd gevoel het oor die breek van bloedlynvloeke - ek was

altyd ongemaklik daarmee, want iets het nie vir my reg gevoel nie - dit het vir my so half onnatuurlik gevoel, al kon ek nie my vinger op die ongemak plaas nie. Wanneer ek met Abba Vader in gesprek is, kan ek VOEL Hy is by my, maar die tyd wat ek opgelees en geleer was deur die wêreld oor bloedlynvloeke en ek dit "in die gees" gebreek het, het ek glad nie die teenwoordigheid van Abba Vader gevoel soos vandag nie. Dit het so doelloos en so leeg gevoel, so asof ek dit uit myself probeer doen het sonder God. Tog het ek geglo dat die mense wat hierdie boeke geskryf of die kursusse daarvoor aangebied het, dit van God gehoor het en daarom het ek die leuens geglo. Ek was so naïef...

Na ek aan Abba Vader my hart uitgepak het oor die sny van bloedlynvloeke, vra Hy my:

"Uit watter geslag is jy, My kind? Is jy uit die geslag van die vlees of is jy uit die geslag van Abraham, Isak en Jakob?"

Ek het met 'n diep frons op my gesig voor Abba Vader gesit, want ek kon nie verstaan hoekom Hy dit vir my vra nie, waarna Hy verder verduidelik het:

"As die mens uit die geslag van Abraham is, hoekom sny hy dan bloedlynvloeke? Iemand gebore uit die geslag van Abraham, is vry! Hy kan geen bloedlynvloeke op hom dra nie, want Jesus het klaargemaak daarmee aan die kruis. As jy deel is van die geslag van Abraham, is daar geen bloedlynvloeke om te breek nie."

Abba Vader verduidelik dus dat daar geen bloedlynvloeke op die geslag van Abraham kan wees nie, want as jy uit die geslag van Abraham is, is jy uit die geslag van God! Jy is dus weer gebore uit God en daar kan geen bloedlynvloeke op die geslag van God wees nie, want Jesus het alreeds alle magte aan die kruis oorwin! Alle vloeke is gekanselleer deur Jesus se kruisdood, so as jy weergebore en oorgegee is aan God, is al die vloeke gekanselleer. Die vyand kan ons dan met geen meer kettings vashou nie. Met hierdie

woorde en verduideliking deur Abba Vader gee Hy my Galasiërs 3 om te lees. Ek het behoorlik na my asem gesnak toe ek hierdie hoofstuk lees en veral vers 29:

“As julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.”

Galasiërs 3:29 (AFR33/53)

“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ’n vloek te word - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ’n hout hang!”

Galasiërs 3:13 (AFR33/53)

“Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.”

Galasiërs 3:7 (AFR33/53)

Die geslag van God lewe in die Lig van God; hulle is weergebore en skoongewas deur die bloed van die Lam. Daarteenoor funksioneer die geslag van die boksies in die duisternis en gehoorsaam hulle die wil van die vyand; hulle leef in sonde en weerstaan die wil van God. Satan beheer hulle en hy het ’n houvas op hulle deur die bande en kettings van die boksie, maar hulle besef dit nie en wil dit ook nie glo nie.

God bied Sy Lig-Woord aan almal, maar dit bly die keuse van die mens... Gaan ons die Lig van die Woord toelaat om ons in die Waarheid te lei? Die Woord skyn ’n lig op al die leuens

waarvolgens ons leef, maar die mens maak die keuse of hy dit wil erken of nie. Ons kan vryheid bekom deur ons sondes en tekortkominge met 'n opregte hart aan God te bely sodat Hy ons vergewe en verlos, maar as ons ons nie steur aan die Woord van God nie, luister ons nie na God nie. Dan is ons net 'n hoorder van die Woord en doen ons nie wat God van ons verwag nie. As ons nie na God luister nie, is daar net een ander een na wie ons luister en dit is Satan. Kyk wat sê Jesus vir die Fariseërs in Johannes 8:44:

“Die duiwel is julle pa. Al wat julle wil doen is om na julle pa te luister. Wat hy sê, doen julle. Die duiwel stel net daarin belang om mense se lewe te vernietig en hulle dood te maak. Hy was mos altyd so. Hy gee niks om vir die waarheid nie. Al waarin hy belangstel, is om te lieg en te bedrieg. Dit is hoe hy is. As hy sy mond oopmaak, lieg hy. 'n Mens kan niks glo wat hy sê nie....Julle wil nie na My luister nie, wat maar net kan beteken dat julle nie kinders van God is nie.”

Johannes 8:44 (DB)

Volgens Johannes 8 is 'n persoon wat nie luister na God nie, ook nie 'n kind van God nie, maar van Satan, met ander woorde, hierdie persoon is dan nie uit die geslag van Abraham nie, maar uit die vleeslike geslag van die wêreld. Hy is nog vasgeketting in die duisternis. Kinders van God gehoorsaam Sy gebooië - nie uit hulle eie nie, maar deurdadig Jesus in en deur hulle heers en aan hulle die vermoë gee om gehoorsaam aan God te wees (dit is Jesus in hulle wat God gehoorsaam). Wanneer hulle nuut gebore word uit die geslag van Abraham, kan daar geen bloedlynvloeke op hulle wees nie, want hulle is nou uit God gebore.

Lees asseblief Johannes 8:31-47. Ons moet daarteen waak om nie so verwaand en selfvoldaan te wees soos die Fariseërs nie. Hulle was vas oortuig dat hulle kinders van God is, maar volgens Jesus se woorde aan hulle, is hulle kinders van die een aan wie hulle gehoorsaam is - die duiwel. Ons kan onself daaraan meet as ons die Lig-Woord optel en bestudeer, as ons kies om eerlik na ons eie lewe en dade te kyk. Waarvan getuig ons dade? Na wie luister ons? Na Satan of na God? Jesus sê vir die Fariseërs hulle is gevangenis en dat die Waarheid alleen hulle vry kan maak. Hulle is geskok oor die Man wat vir hulle sê hulle sit in gevangenis, want hulle reken hulle was nog altyd vry. Hulle roem in hulle vryheid omdat hulle vleeslik uit die nageslag van Abraham is, maar wat hulle nie verstaan nie, is dat niemand wat vleeslik uit die nageslag van Abraham is, daarop kan roem om kinders van God te wees nie, want Romeine 9:7,8 sê:

“Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar in Isak sal jou nageslag genoem word. Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag!”

Romeine 9:7,8 (AFR33/53)

The Message stel hierdie Skrif so:

“Not all Israelites of the flesh were Israelites of the spirit. It wasn't Abraham's sperm that gave identity here, but God's promise. Israelite identity was never racially determined by sexual transmission, but it was God-determined by promise.”

Romans 9:7,8 (MSG)

Die Fariseërs het op hulle vleeslike afkoms geroem en daarom geglo hulle is vry en kinders van God. Hulle het geglo hulle is vry omdat hulle al hulle eie wette gehoorsaam. Hulle het geglo hulle is uit die geslag van God, maar hoe kan iemand wat uit die geslag van God is, nie die Seun van God herken nie? Hoe kan iemand wat uit die geslag van God is, nie die woorde van God herken en aanvaar nie? So 'n persoon is geestelik doof en geen woord van God kan insink in so 'n persoon se hart nie. Hulle wou Jesus eerder doodmaak en dit wys mos duidelik wie hulle geestelike vader is, want die duiwel is 'n leuenaar en 'n moordenaar van die begin af. Hy kan nie omgee vir die Waarheid nie, want al wat hy kan doen, is lieg en bedrieg, en sy kinders doen dieselfde. Jesus spreek woorde van Waarheid en daarom wou die Fariseërs Hom doodmaak en so doen Satan en sy saad in vandag se tyd nogsteeds - hulle probeer nogsteeds om God se kinders geestelik dood te maak wat die Waarheid praat. Ons moet onself die vraag afvra: Wie is ons geestelike vader? Aan wie is ons gehoorsaam? Na wie luister ons?

Net soos die Fariseërs, roem vandag se mense dat hulle vry en gered is. Hulle dink so omdat hulle kerk toe gaan, maar in der waarheid beoefen hulle net godsdiens waar hulle God dien met die mond en lippe; dit het niks met hulle harte te doen nie. Sonder dat hulle dit besef, sit hulle nogsteeds in gevangenis in duistere boksies terwyl hulle al die godsdienstige wette, reëls en ander regulasies van hulle voorouers volg. Hulle is nogsteeds deel van die boksiegeslag en al die vloeke wat deur sonde veroorsaak word, is van toepassing op hulle lewens. Niemand kan sê dat Jesus gesterf het vir sy sondes en daarom is hy/sy deel van God se geslag nie. Om deel van God se geslag te wees, moet ons ons vleeslike natuur afsterf en moet ons geestelik weer gebore word. Om elke Sondag kerk toe te gaan of met die mond te sê jy glo in God, beteken nie jy is weergebore nie.

Hoe word ons deel van die geslag van Abraham?

Lees Johannes 3:1-10. Ons word deel van die geslag van Abraham wanneer ons weer gebore word, want wanneer ons deel word van die geslag van Abraham, word ons deel van die geslag van God. Om weer gebore te word, moet ons sondige natuur eers sterf, want hoe kan ons weer gebore word terwyl ons sondige natuur nog lewe? Ons moet die self afsterf soos Jesus aan die kruis gesterf het en ons moet weer opgewek word deur die krag van God soos Jesus opgewek is uit die dood. Dan is ons weer gebore deur God en dan leef Jesus in en deur ons. Dit is nie sommer net 'n keuse wat ons maak en nou is ons weergebore nie; dit is 'n lang proses, 'n pad wat ons moet stap, hand aan hand met Jesus, waar die Waarheid ons eers moet suiwer en vrymaak van onself. Sonder hierdie proses sal ons nooit kan behoort aan die geslag van Abraham, dus, aan die geslag van God nie. Om met water gedoopte te word, beteken ook nie die mens is wedergebore en uit God nie.

Dit het die Fariseërs nie verlossing gebied deur vleeslik te behoort aan die nageslag van Abraham nie en net so vandag het ons vleeslike afkoms niks te make met ons verlossing nie en daarom help dit ons niks om bloedlynvloeke te sny nie. Al sny of breek ons bloedlynvloeke met menswoorde, bly ons nogsteeds in die boksie, want ons het vleeslik nie gesterf nie. Om bloedlynvloeke te sny soos die wêreld ons leer, is oppervlakkig, want dit het niks met ons gees te doen nie. Daarom kan dit ook nie aan ons 'n plek in God se geestelike familie gee nie. Die enigste antwoord lê daarin om van nuuts af ingebore te word in die familie van God in. Johannes 12:24 sê as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, kan dit nie vrug dra nie, wat ook beteken ons het nodig om ons vleeslikheid af te sterf sodat ons geestelik weer gebore kan word.

Die meeste van ons is nie vleeslik uit die nageslag van Abraham nie, maar deur die Here se genade het Hy dit nou vir ons moontlik

gemaak om geestelik deel te word van die geslag van Abraham en dit is al wat tel. Die Israeliëte het op hulle eie werke en dae staatgemaak vir verlossing; hulle het die genade van God verwerp en hulle het nie geglo in die lewende God nie. Hulle wou nie die sterfte van Jesus, en dit wat Hy vir die mensdom aan die kruis gedoen het, aanvaar nie. Hulle wou eerder op hulle eie werke staatmaak vir verlossing. Hulle was baie toegewyd in hulle godsdienste, maar op die ou end het dit hulle niks gehelp nie. Hulle het baie ywer, maar hulle het geen kennis van hoe God waarlik werk nie (Romeine 10:1-4). Hulle het hulle nie aan God se plan van verlossing onderwerp nie en dit het veroorsaak dat hulle die vrypraak van God misgeloop het. Net so moet ons versigtig wees wanneer ons al ons fokus plaas op die sny van bloedlynvloeke, die pleit van Jesus se bloed en nog so baie ander dwaalleringe... Raak ons nie ook toegewyd in godsdienste nie? Ywer ons nie ook te hard, maar mis die merk nie? Ons moet versigtig wees dat ons nie so vasgevang raak in godsdienstige rituele dat ons ook die vrypraak van God misloop omdat ons al ons vertrouwe op menswoorde plaas en sodoende ons geloof in Jesus Christus verloor nie. Alles gaan oor ons geloof in Abba Vader en of ons waarlik glo wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het. Ons moet dit wat Jesus vir ons gedoen het, "embrace".

Om die gedeelte op te som: Kan daar vloeke op ons wees? Ja, verseker! As ons nog volgens ons voorouers se tradisie, reëls en godsdienste lewe, is ons nogsteeds vasgevang in vervloeking en duistere boksies. As ons die sondes van ons voorouers nogsteeds aan die lewe hou, hang daar 'n vervloeking oor ons lewe. As ons ons nie steur aan God en Sy Woord nie, leef ons in 'n vervloeking. As ons nie 'n hegte verhouding met God het nie, is vervloeking ons voorland. Dit is Godslasterlik om te beweer dat ons outomaties vrygekoop is van vloeke omdat Jesus gesterf het. Die persoon wat hierdie uitlatings maak, ken nie die Woord van God nie en leef 'n leuen. Jesus sê baie duidelik dat ons moet sterf aan die self en weer gebore moet word om deel van die koninkryk van God te kan wees.

Om deel van 'n kerk of 'n selgroep te wees, beteken nie jy is weergebore nie. Omdat jy gedoop is as baba, beteken nie jy is weergebore nie. Om met die mond te bely om in God te glo en dat Hy 'n God van liefde is, beteken nie jy is weergebore nie. Wedergeboorte is iets wat met die hart gebeur en die bewys daarvan sal in jou daade gesien word. God sien alles wat ons doen; Hy ken elkeen se hart en Hy alleen weet of jou hart opreg is of nie. Hy weet wanneer ons mense in die stilligheid, of selfs in die openbaar veroordeel of vervloek, Hy sien al ons daade en motiewe raak, ons kan niks vir Hom wegsteek nie. Alleenlik wanneer ons die vleeslikheid afgesterf en weer gebore is in die Lig van God, word ons verlos van al die kettings en bande. Alleenlik dan tel die kruisiging van Jesus vir ons en is dit van toepassing op ons, maar die mens in duisternis kan nie die kruisiging van Jesus vir homself opeis en beweer hy is verlos nie. Dis gewoonlik hulle wat dan lewe net soos hulle wil. Die bewys sal lê in die vrug wat ons dra.

“...Wat moet ons doen, broers? En Petrus sê vir hulle: ‘Bekker julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang...’ En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: ‘Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag.’”

Handelinge 2:37-40 (AFR33/53)

Skyn soos 'n ster

“...al bly julle tussen mense wat korrup en sonder gewete is... juis tussen hulle moet julle soos helder ligte in 'n donker wêreld skyn. Vir hierdie mense in die geestelike donker moet julle van Christus vertel sodat hulle ook die ware lewe kan kry.”

Filippense 2:15 (DB)

Op 'n tyd het Abba Vader vir my 'n ontstellende visioen gewys wat my baie hartseer gemaak het: Onder gebed het Abba Vader my op 'n tipe platform laat staan wat baie hoog in die hemelruim was en dis asof ek kon afkyk op die aarde. Die aarde was swart en chaoties en daar was baie bloed wat gevloei het oor die aarde soos die mense mekaar fisies en emosioneel vermoor. Dit het my laat dink aan 'n miernes soos die mense krioel en ywer vir hulleself. Wat my opgeval het, is dat daar sterretjies was - nie baie nie, maar die paar helder sterretjies, wat wel daar was, het rustig rondbeweeg. Hulle beweeg dan na flouer sterretjies en probeer hulle flou vlammetjies weer aan die gang kry sodat hulle soos helder sterretjies kan skitter en blink. Wanneer die flou sterretjie weer

helder skyn, gaan hy weer op sy beurt om ander flou sterretjies te help skyn. Wat hartseer is, is dat sommige flou sterretjies, wat besoek word deur 'n helder ster, die keuse maak om weg te beweeg en dan word sy skynsel nog flouer. Dan sien ek twee groot vingers wat hierdie flou ster se liggie uitdoof en die uitgedoofde ster val op 'n hoop ander uitgedoofde sterre. Oral op die aarde is massiewe hope uitgedoofde sterre - dit is 'n droewige gesig. Abba Vader sê ek moet let op die kerke en ek fokus toe op al die plekke met kerktorings - baie mooi en indrukwekkende plekke, maar daar is baie min kerke waar ek sterretjies sien skyn; intendeel, daar is eerder grys-swart rook wat vanuit die meeste kerke opstyg. Abba Vader gee Jeremia 13 om te gaan lees.

“...Then I said, listen. Listen carefully: ‘Don’t stay stuck in your ways! It’s God’s Message we’re dealing with here. LET YOUR LIVES GLOW BRIGHT BEFORE GOD BEFORE HE TURNS OUT THE LIGHTS, before you trip and fall on the dark mountain paths. THE LIGHT YOU TOOK FOR GRANTED WILL GO OUT AND THE WORLD WILL TURN BLACK! If you people won’t listen, I’ll go off by myself and weep over you, weep because of your stubborn arrogance, bitter, bitter tears, rivers of tears from My eyes...”

Jeremiah 13:15,16 (MSG)

“Die lig van die slegte mense sal doodgaan. Hulle vlammetjies sal nie meer brand nie...”

Job 18:5 (DB)

Ek kyk weer na die hope uitgedoofde sterre en vra hartseer vir Abba Vader of ons nie hierdie uitgedoofde sterre mag help nie? Hy antwoord dat ons onder geen omstandighede die uitgedoofde sterre weer aan die brand mag probeer steek nie. Ek verstaan nie, want Jesus het dan op aarde na die sondaars gegaan en hulle gered, maar Abba Vader antwoord streng: “Julle is nie Jesus nie! Laat die dooies die dooies begrawe!” Ons mag alleenlik na die flou liggies beweeg, hulle bemoedig en probeer help, maar as ons gestuur word na mense wie se liggies besig is om uit te brand en hulle wil nie luister of ag gee nie, draai om en skud die stof van jou voete af.

“As iemand julle nie ontvang nie en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af. Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad.”

Mattheus 10:14 (AFR33/53)

Diegene wat die keuse maak om hulle rug op die Waarheid te draai, is die liggies wat God totaal en al gaan uitdoof. Dit is liggies wat uit hulle eie hart 'n lig probeer skyn, met ander woorde, hulle wat deur dooie werke of eie-geregtigheid verlossing probeer bekom en nie die verlossing wat Jesus ons gee, aanvaar nie. Hulle vlammetjies is kunsmatig - kunsmatige, godsdienstige, flou vlammetjies. Hulle skyn nie vanuit hulle harte nie, alleenlik hulle dop is aan die brand. Hierdie sterre is nie in die wentelbaan waar God hulle geplaas het nie...

“...maar verdwaalde sterre vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word.”

“...they are lost stars in outer space on their way to the black hole.”

Judas 1:13

God hou nie van 'n vermenging van lig en duisternis nie, veral nie in ons harte nie. Duisternis in die hart word veroorsaak deur sonde en kan van 'n eens helder skynende ster 'n baie flou sterretjie maak totdat die lig totaal uitgedoof word en die eens skynende ster op die hoop uitgedoofde sterre beland. God kan van die helder skynende sterre na die flou sterretjies stuur om hulle bewus te maak van die duisternis wat besig is om hulle oor te neem, en wanneer die flou sterretjie sy sonde raaksien, dit bely aan Abba Vader en sy rug daarop draai, kan die sterretjie weer 'n gesonde gloed ontwikkel. Trots en hoogmoed is ongelukkig een van die grootste redes dat flou sterre nie die duisternis in hulleself raaksien nie, dat hulle nie hul sondes aan God bely nie en later totaal uitgedoof word. In Openbaring 2:2-5 sê God dat Hy raaksien al die werke wat die mens doen, maar tog het die mense hulle eerste Liefde verlaat. Hulle is nie meer so lojaal en liefdevol teenoor Abba Vader nie. God waarsku dat as die mens nie sy gesindheid en optrede gaan verander nie, gaan God sy liggie uitdoof!

“Skyn soos ligte in die wêreld deurdat julle die Woord van die lewe vashou!”

Filippense 2:15,16 (AFR33/53)

“U is die Bron van die Lewe; deur U Lig lewe ons.”

Psalm 36:10 (AFR83)

Abba Vader wil dus hê ons moet skyn en skitter soos 'n ster, maar hoe kom ons daarby uit? Hoe kan ons skyn en skitter as ons harte donker en van klip is? Geen mens wat in die wêreld vasgevang is, kan skyn met die glorie van God nie. Ons kan alleenlik skyn wanneer ons teenwoordig is in die Lig van God. Ons kan alleenlik skyn en skitter soos 'n ster as ons harte aan die brand is, met ander woorde, as die Vuur van God binne ons brand. Ons ontvang hierdie Vuur van God, alleenlik vanaf Abba Vader wat ons doop met Vuur.

“Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat na my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met Vuur.”

Mattheus 3:11 (AFR33/53)

Sonder doping met die Vuur van God, sal ons nooit soos 'n ster kan skyn nie. Dis nie 'n besluit wat die mens kan maak nie, dis 'n besluit wat Abba Vader maak. Abba Vader alleen weet wanneer elkeen se hart ontvanklik is vir Sy Vuur! Die keuse wat die mens wel moet maak, is om sy lewe af te lê en sy totale lewe en hart in afsondering aan Abba Vader te offer. Abba Vader is 'n “gentleman” en Hy staan voor ieder en elkeen met Sy hande uitgestrek. Hy vra dat ek en jy ons hart in Sy hande moet plaas. Hy gaan nie net 'n mens se hart in besit neem soos Hy wil nie; Hy wag dat ons die keuse maak om in afsondering in te beweeg en ons hart in Sy hande te plaas.

Die grootste probleem waarmee ons sit, is dat wanneer ons uit die duistere boksies kom, ons nog donker harte van klip het; 'n hart van klip kan niks absorbeer of 'n skynsel reflekteer nie. Net so min as wat 'n fisiese klip aan die brand kan slaan, kan 'n persoon met 'n kliphart se hart aan die brand slaan, met ander woorde, ons het eers nodig dat ons klipharte omgesit word in 'n hart van vlees voordat

ons 'n skynende ster in die hand van God kan wees. Klip kan niks absorbeer soos 'n spons nie, dus kan hy ook nie die Liefde van God absorbeer nie en as 'n mens nie die Liefde van God kan absorbeer nie, kan ons ook nie ware liefde uitdeel nie. Daarom is klipharte emosieloos, sonder empatie en gee hulle nie om om 'n ander seer te maak nie. Klippe kan nie liefhê nie, dus kan hulle nie God se gebooie nakom nie, want God se grootste gebod is om Hom lief te hê met ons hele wese en tweedens, om ons naaste lief te hê soos onself. 'n Kliphart is gefokus net op die self en sy eie behoeftes en kan dus net homself liefhê.

Daarteenoor kan 'n vleeshart die Liefde van God soos 'n spons absorbeer sodat hy dit weer kan uitdeel aan ander. 'n Vleeshart is 'n mens wat waarlik omgee vir ander, sy emosies is sensitief en hy sal veg teen onregverdigheid en opstaan vir die wat platgeslaan word deur die onregverdige wêreld. 'n Vleeshart lewe, hy is aan die brand vanuit sy diepste wese, alles te danke aan die bloed van Jesus wat in en deur sy vleeshart pomp en versprei word deur sy hele wese.

*“Majesteit en luister STRAAL van Hom uit, krag en GLANS vul
Sy heiligdom.”*

Psalm 96:6 (AFR33/53)

Op 'n dag wys Abba Vader my net 'n titseltjie van Sy skynsel - Hy skyn soos die son - die goudste strale waaraan 'n mens kan dink wat 'n mens verblind - daarom kan die mens God nie sien nie - dit is regtig die goudste strale waaraan jy kan dink. Die woorde van Abba Vader is:

“Die goud in My strale is die heuning vir jou siel; dit is die kos vir jou gees; sonder dit sal jou siel en gees vergaan.”

Abba Vader verduidelik dat dit Sy hartsbegeerte is dat ons so naby aan Hom sal kniel sodat Sy goue strale ons kan binnedring. Soos Sy goue strale deur ons beweeg, verander dit ons en slaan ons harte aan die brand. Ons kliphart word bestraal deur die goue strale van God totdat dit aan skerwe spat en dit verander word na 'n vleeshart wat skyn met die Lewe van God. Kyk hoe mooi stel Job 33:30 dit:

“...om sy siel terug te bring na die kuil , sodat hy bestraal word met die Lig van die Lewe.” Job 33:30 (AFR33/53)

“Maar vir die van julle wat My liefhet en aan My gehoorsaam is, sal My verlossing soos die son wees. Wanneer dit opkom, jaag dit die donker weg en gee Lig. Daar waar die son se strale op 'n seerplek skyn, word dit vinnig gesond. So sal Ek die nuwe lewe oor julle laat kom.”

Maleagi 4:2 (DB)

Ons kan dus nie sonder die goue strale van God skitter en skyn soos sterre nie en dit beteken ons moet 'n baie hegte verhouding met Abba Vader hê sodat Sy strale direk op ons harte kan val. Dit laat my dink aan Jeremia 13 wat Abba Vader gegee het oor die skynende sterre. In daardie hoofstuk sê God ook ons moet so naby aan Hom leef soos 'n band wat om Sy lyf vasgemaak is. Dis die enigste manier hoe ons die goud in Abba Vader se goue strale kan absorbeer, want ons harte kan alleenlik aan die brand slaan deur die Vuur van God. Alles begin weereens met die hoeveelheid tyd wat ons in die Woord en gebed met God spandeer.

“This is the crisis we're in: God-light streamed into the world, but men and women everywhere ran for the darkness. They

went for the darkness, because they were not really interested in pleasing God. Everyone who makes a practice of doing evil, addicted to denial and illusion, hates God-light and won't come near it, fearing a painful exposure. But anyone working and living in truth and reality welcomes God-light so the work can be seen for the God-work it is."

John 3:19-21 (MSG)

Net soos die mensdom die Lig in Jesus probeer uitdoof het, sal die bose geslag die vuur in my en jou ook probeer uitdoof as die Vuur van God wel in ons brand. Hulle sal ons probeer stilmaak, want hulle hou nie van die Waarheid nie en hulle hou ook nie van lig wat hulle bose dade in die duisternis uitlig nie. Hulle gaan jou haat as jy hulle slegte dade aan die lig bring en hulle grootste wapen is ontkenning. Hulle sal volhou dat hulle reg is en dat jy verkeerd is, dat hulle dade reg is, dat hulle die heiliges is en dat jy die Fariseër is. Ongelukkig beweeg hulle in groot groepe en gaan hulle jou probeer intimideer. Jy gaan voel soos die een wat verkeerd is, maar gaan terug na die Woord en die voete van Abba Vader. Ek sê weer: Niks het verander van Jesus se tyd tot nou toe nie. Die groot groepe sal met 'n spul verskillende argumente, beledigings en opmerkings die wind uit jou seile probeer neem, maar dit is om hulle duistere dade te verbloem en jou soos die slegte een te laat voel. Hulle skroom nie om openlik te lieg en bedrieg nie. Hulle sal met alles in hulle probeer om die vuur binne ons te blus. Hulle probeer met ons koppe smokkel om ons te laat glo ons is van die pad af, maar ons moet sterk staan teen hulle en ons nie van stryk laat bring nie. Daarom is dit van uiterste belang dat ons soveel tyd as moontlik in die teenwoordigheid van Abba Vader spandeer waar ons Sy stem sal hoor en sal weet ons is nog op die regte pad. Hulle is 'n klomp wolwe wat in jou ore sal raas en blaas om die Vuur in jou te blus.

Die vlam in die hart van Jesus was beslis nie 'n klein kersvlammetjie nie, dit was 'n massiewe groot vlam en daarom kon niks en niemand Sy vlam uitdoof nie! Wanneer daar wind geblaas word op 'n klein kersvlammetjie, word dit baie maklik geblus en niks kan weer daardie kers se vlam aan die gang kry nie, alleenlik 'n bron van hitte. Wanneer daar 'n wind geblaas word op 'n groot vlam, gaan die vlam verseker nie geblus word nie - dit gaan eerder versprei! Kyk na 'n veldbrand - die grootste gevaar vir die verspreiding van 'n vuur is wanneer daar 'n sterk wind opsteek, dan hardloop daardie vlamme in alle rigtings! Dit is daardie massiewe vlam wat in ons hart moet brand! 'n Massiewe groot vlam wat geen wolf kan blus nie, maar wanneer die wolf kom met sy geraas en geblaas, sal hierdie vlam van ons hart eerder versprei na ander, sodat hulle ook die hitte van die vlam sal voel en die wolwe skaam en rooi in die gesig sal padgee! Dit is hierdie Vuur binne ons wat ons as sterretjies laat skyn in 'n donker en bese wêreld. Dan moet ons uitgaan om flou sterretjies se lig weer aan die gang te kry in 'n poging om hulle te help om helderder te skyn.

“...al bly julle tussen mense wat korrup en sonder gewete is... juis tussen hulle moet julle soos helder ligte in 'n donker wêreld skyn. Vir hierdie mense in die geestelike donker moet julle van Christus vertel sodat hulle ook die ware lewe kan kry.”

Filippense 2:15 (DB)

Afsluiting

Bly in die hart van God

“Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad.

BLY IN HIERDIE LIEFDE VAN MY!”

Johannes 15:9 (AFR33/53)

Onder gebed beleef ek ek staan op die strand langs Jesus waar Hy met Sy vinger 'n groot hart op die seesand rondom ons trek. Ek staan styf teen Hom in die middel van die hart en Hy sê ons moet altyd so na as moontlik aan Hom leef – binne-in die hart van God. Ons moet nooit 'n hunkering kry om buite die hart te funksioneer nie. Dan buk Jesus af om met Sy vinger op die sand iets in die hart te skryf en hierdie keer skryf Hy die volgende woorde onder mekaar: vrede, vreugde, vriendelikheid, sagmoedigheid, geduld en dan onder in hoofletters: LIEFDE! Hy sê:

“Die belangrikste is LIEFDE!”

Jesus wys my daarop dat ons altyd binne-in die hart van God moet staan. Die hart simboliseer liefde, want God is LIEFDE! Wanneer ons so in Liefde staan, staan ons so styf teen Jesus dat ons Sy hartklop kan hoor en sal ons hierdie eienskappe wat Jesus op die seesand neergeskryf het, deur Hom begin ontwikkel en in staat wees om dit te begin leef en uitdeel. As ons nie binne-in die hart van God genestel is nie, kan ons nie hierdie eienskappe deur Jesus ontwikkel nie...

Vir elkeen van ons het Jesus 'n spesiale hartklop en Jesus sê:

“Leef so na aan My dat jy die ritme van My hartklop vir jou en jou lewe sal leer ken.”

Elke persoon wat na aan God leef, sal God se plan vir sy lewe leer ken en dit begin leef, want God se hart klop vir elke persoon 'n ander ritme en dis elkeen se eie verantwoordelikheid om God se hartklop te hoor en te leer ken. Om Abba Vader se ritme van Sy hart vir jou te leer ken, moet jy baie styf en naby in Sy arms wees, anders gaan jy nie Sy hartklop vir jou kan hoor nie en gaan jy nie kan hoor wat God se plan vir jou lewe is nie. Later die oggend hoor ek 'n pragtige lied en kyk die bevestigende woorde:

“Hy dra my op Sy hande en Hy tel my op Sy skoot sodat ek my kop teen Sy bors kan lê en ek Sy hartklop kan hoor.”

Dit is Abba Vader se begeerte dat elkeen van ons so 'n verhouding met Hom sal hê dat jy in die Gees op Sy skoot kan klim, jou oor styf teen Sy bors vasdruk en Sy hartklop vir jou lewe kan hoor. Dit is moontlik, want waar God teenwoordig is, is niks onmoontlik nie.

God is Liefde en ons moet moet binne-in God bly, dan bly ons binne-in Liefde, binne-in die hart van God. Wanneer ons binne-in Liefde bly, kan die Goddelike eienskappe of vrugte wat Jesus binne-in die hart geskryf het, begin ontwikkel deur ons, maar die

“voorwaarde” is dat ons IN Liefde, dus IN God moet bly! Ons moenie God probeer “afbring” na ons toe nie, dis ons wat na God toe moet groei. Die Here gee vir my 1 Johannes 4 om te gaan lees. ’n Baie duidelike bevestiging is vers 16:

“GOD IS LIEFDE; EN HY WAT IN DIE LIEFDE BLY, BLY IN GOD, EN GOD IN HOM!”

1 Johannes 4:16 (AFR33/53)

Daar kom ’n tyd in elkeen se lewe wat God ons roep om in Sy hart te kom staan en God roep elkeen op ’n besondere manier. Soms roep God deur slegte omstandighede of ander kere stuur Hy iemand oor jou pad om ’n woord of saadjie in jou hart te plant. Op watter manier God jou ookal roep, op ’n sekere stadium in jou lewe, nooi God jou om in Sy hart te kom staan met jou oor styf teen Sy bors sodat jy Sy hartklop vir jou lewe kan hoor, sodat jy Sy wonderbaarlike liefde kan inneem en ervaar en jy Hom kan begin leer ken.

Mag jy deur hierdie 33 saadjies ook die hartklop van Abba Vader vir jou lewe leer ken...

“Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My!”

Johannes 15:9 (AFR33/53)

May the Lord bless you
and protect you.

May the Lord smile on you and be
gracious to you.

May the Lord show you His favour
and give you His peace.

Numeri 6:24-26

